

A.1 ROEPING EN IDENTITEIT

A.1.1 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: ROEPING EN IDENTITEIT

1. BESLUIE ALGEMENE SINODE 2004

1.1 ROEPINGSVERKLARING 2002/ 2004 (Besluiteregister F.2.1/21)

VIER KERNSAKE

1. Verbintenis aan God

Die Algemene Sinode versoek die ADL om in die volgende twee jaar verder te besin oor die vraag hoe ons ons verbintenis aan God in Roepingsverklaring 2002 en die uitdaging om Hom beter te leer ken, sinvol na binne en na buite (die NG Kerk) kan kommunikeer. In dié verband wys die Sinode op die volgende moontlikhede:

1.1 Dat die beoogde predikantekonferensie in algemene sinodale verband in 2005 'n geleentheid word waar die predikante van die NG Kerk saam voor die Here kom, na Hom en na mekaar luister met die gebed dat die Here ons saam 'n nuwe visie op God en op ons taak as kerk sal gee.

1.2 Dat die ADGB in oorleg met die ADL aan drie sake in die gemeentes aandag gee wat hierdie verbintenis met God kan versterk: volhardende gebed, lewende eredienste en 'n sterker klem op lering en goeie prediking.

1.3 Dat die Taakspan Media in oorleg met die ADL spoedig en indringend aandag gee aan die kommunikasiesisteem van ons kerk – na binne en na buite.

2. Groot kwessies

2.1 Dat die ADL saam met die betrokke kommissies/diensgroepe verder kyk na en studie doen oor die sogenaamde groot kwessies wat ons lande se toekoms bepaal (armoede, die ontwikkeling van mense, die impak van MIV en VIGS, misdaad en geweld, onderwys, moraliteit en die grondkwessie) en duidelikheid kry oor wat die sinvolste bydraes is wat ons as kerk op hierdie gebiede kan lewer.

2.2 Dat die ADL en hierdie kommissies/diensgroepe die stande van sake ten opsigte van hierdie kwessies monitor en toepaslike optrede oorweeg.

2.3 Dat Taakspan Leer en Aktuele Sake in oorleg met die ADL op die punt af studiestukke inisieer oor die groot morele, publieke en geloofskwessies van die dag. Hierdie studiestukke moet nie net 'n verantwoorde standpunt daarstel nie, maar ook riglyne bied wat ons lidmate en gemeentes kan help om as Christene sinvol en verantwoordelik oor hierdie sake te praat.

3. Ekumeniese verhoudinge

3.1 Dat die ADL bestaande ekumeniese verhoudinge met ander kerke op die terrein van die Algemene Sinode uitbou en mindere kerkvergaderings stimuleer om ook hulle rol op hulle spesifieke terreine te speel.

3.2 Dat die ADL, op grond van talle besluite van die Algemene Sinode, die herstel van een kerkverband in die NG Kerk-familie as 'n saak van die hoogste prioriteit hanteer.

4. Behoeftes van gemeente

4.1 Dat die ADGB met die steun van die ADL en in oorleg met die moderamina en/of betrokke kommissies of diensgroepe van sinodes dringend aandag gee aan die behoeftes van gemeentes.

4.2 Dat die Gemeentedienste-netwerk (GDN) ontwikkel word as 'n netwerk wat hierdie steun kan koördineer.

4.3 Dat gemeentes wat nie reeds daarmee besig is nie, aangemoedig word om deur 'n proses van roepingsonderskeiding te gaan. Die wesenlike elemente van so 'n proses is gebed, luister na die Woord en na mekaar, en 'n analise van die nood in die omgewing as 'n aanduiding van hierdie roeping.

4.4 Dat die ADGB binne sy opdrag en in samewerking met die moderamina en/of die betrokke sinodale kommissies of diensgroepe wat fokus op gemeentes, ook hieraan aandag gee.

21.2 Die Algemene Sinode herbevestig die Roepingsverklaring 2002 en vra alle kerkvergaderings en hulle diensgroepe /kommissies om in hulle besinning en werk hiermee rekening te hou.

21.3 Die Algemene Sinode verklaar:

1. dat die NG Kerk se roeping om die evangelie te bedien, nie ingeperk kan word tot 'n bepaalde geografiese streek of 'n enkele kulturele visie nie;

2. dat die NG Kerk se roeping tot diens aan die Here sal antwoord in enige wêrelddeel en binne enige wêreldkultuur binne die middele tot die kerk se beskikking;

3. dat die geografiese en kulturele gebondenheid van sinodes se roepingsverklarings as voorbeeld dien van die NG Kerk se verbintenis tot naasteliefde in enige wêrelddeel en binne enige kultuurgroep waarin die NG Kerk tot diens geroep word.

1.2 STRATEGIE (Besluiteregister F.2.1/22)

1. Die Algemene Sinode keur die skuif van 'n struktuur- na 'n roepingsgedrewe funksionering goed.

2. Die Sinode keur die optrede van die ASK soos vervat in die verslae oor die diensgroepe en die kantooropset goed.

3. Die Sinode gee opdrag aan die Leiersgroep om in samewerking met die ander diensgroepe verder na te dink oor die rol van die Algemene Sinode binne die verband van die NG Kerk. Spesifieke aandag moet gegee word aan die onderskeid tussen die rol van die Algemene Sinode en dié van die sinodes. Die

resultaat van dié nadenke moet getoets word by die onderskeie sinodes vir insette en uiteindelijke voorlegging aan die volgende Algemene Sinode.

4. Die Sinode besluit dat visioneringsprosesse hoog op die agenda van die breë verband van die NG Kerk is en moet wees. 'n Ad hoc-taakspan word aangewys, bestaande uit een persoon uit elke sinodale streek, wat die Leiersgroep tussen sinodesittings kan adviseer en bystaan in visioenêre prosesse, spesifiek ook die wyse waarop die prosesstasies in samewerking met al die sinodes gekoördineerd beplan kan word. (Punt 2.3.2 van dié verslag dien as raamwerk waarbinne die beplanning gedoen kan word.)

5. Die Sinode besluit dat teologiese nadenke 'n hoë prioriteit vir die hele verband is. Opdrag word gegee dat alle diensgroepe en taakgroepe aandag gee aan prosesse wat dit op hulle terrein kan stimuleer.

6. Die Sinode besluit op 'n taakgroep vir kerkhereniging wat die Leiersgroep kan help om saam met alle rolspelers die pad van kerkhereniging met wysheid en doelgerigtheid te loop. Die Leiersgroep besluit self op die grootte en personeel van die groep.

1.3 EIE AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES (Besluiteregister F.2.1/2)

Die Algemene Sinode herbevestig die belangrikheid van die eie aard en selfstandigheid op eie terrein van die 10 sinodes van die NGK.

2. DIE NG KERK SE VERSTAAN VAN HAAR ROEPING

2.1 Die Moderamen het by verskeie vergaderings hieroor besin en op meer as een manier aandag aan die saak gegee:

* Die besinning van die Moderamen oor die identiteit van die NG Kerk is deurgegee aan die ATLAS vir inkorporering in hulle stuk oor gereformeerde identiteit (vgl Dokumentebundel A.1.1 pt 11)

* 'n Persoonlike brief is in 2005 in die verband aan alle leraars gestuur.

* 'n Kort inligtingstuk oor die NG Kerk is gedruk.

2.2 Die Moderamen/ Moderatuur/ Algemene Sekretaris/ Direkteur van Kommunikasie het in alle kommunikasie oor en kontak ten bate van die NG Kerk die kerk se besondere roeping gestalte gegee.

2.3 AANBEVELING: VISIONERING EN ROEPINGSONTWIKKELING

Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om deurlopende visionering en roepingsontwikkeling vanuit die besluite van die Algemene Sinode, soos in die opdrag van die Moderamen vervat, 'n prioriteit in sy werksaamhede te laat wees.

3. SEISOEN VAN LUISTER

3.1 AGTERGROND

Die Seisoen van Luister is 'n projek wat voortgespruit het uit die Algemene Sinode van 2004. Die Moderamen van die Algemene Sinode het op sy vergadering van Mei 2005 besluit om 'n *Seisoen van Luister* te loods waartydens sinodes aangemoedig word om met nuwe toewyding na God, mede-gelowiges en die kontekste waarin ons ons bevind, te luister. Die moderamen het vervolgens 'n breë teologiese raamwerk goedgekeur wat as agtergrond en vertrekpunt dien vir die Seisoen van Luister.

3.2 STRUKTURE

'n Voorsitter, ds Nelis J van Rensburg, is aangewys asook 'n bestuur-, taak- en ontwerpspan om die Seisoen se werk te doen. Die bestuur bestaan tans uit 8 lede. Die taakspan bestaan uit 10 sinodale verteenwoordigers en die voorsitter. Die taakspan is verantwoordelik vir die bepaling van die beleid en inhoud van die Seisoen, asook die kommunikasie van Seisoen-aangeleenthede na gemeentes. Die taakspan het 'n bestuurspan aangestel om namens hom sy sake te bestuur. Die bestuurspan behartig die bestuur van publikasies, ooreenkomste, finansies en logistieke reëlings van die Seisoen.

3.3 DIE FOKUS VAN DIE SEISOEN VAN LUISTER

Die taakspan het op 13-14 September 2005 die fokus van die Seisoen beskryf as: *Die Seisoen van Luister is 'n ruimte waarbinne ons saam God se wil vir sy kerk hoor en leef.*

3.3.1 Visie vir die Seisoen van Luister:

'n Luisterende kerk wat voor God lewe (Sag 8:20 -23)

'n Ruimte waar mense:

* vreugde in die Woord van God vind (Ps 1:2-3)

* in liefde na mekaar luister (Kol 3:12-16)

* met deernis luister na die wêreld (Fil 1:9)

* met begrip doelgerig diensbaar leef in 'n veranderende wêreld (Luk 4:18-19)

3.3.2 Die taakspan het ook die volgende waardes geïdentifiseer as kernwaardes van 'n luisterende kerk:

* 'n **leerbare gesindheid**

* **vertroue**

* **deernis**

* **openheid**

3.4 DIE PROSES VAN DIE SEISOEN VAN LUISTER

Seisoen van Luister is prosesmatig aangepak en nie programmatig nie. Daar is deur die Moderamen besluit dat dit aan gemeentes en sinodes se eie inisiatief oorgelaat moet om die Seisoen in te rig na eie goeddunke en nie daarvoor voorskriftelik te wees nie. Die taakspan se opdrag is om hierdie prosesse te ondersteun met hulpmiddels en bemarking. Die volgende stappe is geneem:

3.4.1 Verantwoordelike Vernuwung

Daar is reeds in Augustus 2005 drie *Verantwoordelike Vernuwung Konferensies* gehou met die tema: *Luister*. Dit is gehou in die gemeentes van Stellenberg, Moreletapark en Port Elizabeth Hoogland. Hierdie konferensies is opgevolg deur twee verdere konferensies in 2006 nl in Windhoek, Bloemfontein.

3.4.2 Bestaande bronne

'n Lys van bestaande lektuur oor luister is deur Chris van Wyk (GDN) opgestel en aan alle gemeentes beskikbaar gestel.

3.4.3 Bemerkingsmateriaal

Bemerkingsmateriaal in die vorm van plakstate, baniere en plakkers is ontwerp en is beskikbaar gestel aan gemeentes.

3.4.4 Media

Die Media is ingespan om die Seisoen van Luister oral bekend te maak. Al die groot Afrikaanse dagblaai het al hieroor berig. Die Kerkbode het verskeie trefberigte oor die Seisoen geplaas asook 'n rubriek hiervoor beskikbaar gestel. RSG se godsdienstige radioprogramme is ook by verskeie geleenthede benut om die onderwerp van luister, asook die Seisoen se bestaansrede toe te lig.

3.4.5 Luistersiklus

Die ontwerpspan van die Seisoen het 'n hermeneutiese model daargestel wat luister bevorder. Dit het in die omgangstaal bekend geword as die *luistersiklus*, aangesien dit bestaan uit 'n sikliese beweging met 8 stasies. Hierdie luistersiklus is eers deur die taakspan verder verfyn. Daarna is dit landswyd in 100 loodsgemeentes beproef in kleingroepe en vergaderings. Omvattende terugvoer is van hierdie gemeentes ontvang en die positiewe kommentaar was inspirerend. Insette is verwerk en uiteindelik het Bybel Media die finale produk in Oktober 2006 die lig laat sien. Dit bestaan uit 'n klein boekie en 'n leiersgids. Gemeentes en kerklike strukture gebruik reeds hierdie produk op 'n uitgebreide basis. Intussen is honderde predikante en duisende lidmate bekend gestel aan die luistersiklus en word dit met groot vrug in die kerk benut.

3.4.6 Ander gedrukte produkte

Die volgende produkte van die Seisoen is tans iewers in die produksieproses:

3.4.6.1 'n Produk oor Luister na God in kerklike vergaderings. Die vergaderings van die eerste gemeentes waarvan Handeling berig, word in hierdie boek onder die loep geneem. Die luistersiklus word in die boek benut. Dr Frederick Marais het die boek geskryf;

3.4.6.2 'n Bybelstudieboek wat handel oor die Johannes Evangelie deur Dr Willem Nicol wat ook die luistersiklus benut, verskyn eersdaags;

3.4.6.3 'n Boek wat met behulp van die luistersiklus huisgesinne laat nadink oor 40 Bybelkarakters. Gesinne word uitgedaag om ten minste een maal per week hierdie produk te benut vir huisgodsdienste;

3.4.6.4 'n Boek wat aan die hand van die luistersiklus 'n aantal kontensieuse sake op kleingroepe se tafel plaas. Dr Chris Jones is die samesteller. Hy word gehelp deur 'n groot aantal medewerkers.

3.4.7 Elektroniese produkte

'n DVD waarin Prof Malan Nel met gemeentes praat oor hulle kerkbegrip en die rol wat hulle speel in die konteks waarin hulle bestaan, is deur Bybel Media uitgegee.

3.4.8 Gesinsdienste

Daar word weekliks 'n liturgiese voorstel vir gesinsdienste, gegrond op die Revised Common Lectionary se teksgedeelte vir die komende Sondag gratis elektronies beskikbaar gestel aan leraars. Die liturgiese voorstel maak gebruik van die luistersiklus. 'n Groep van vier predikante doen saam die ontwerpe en voorstelle en voorsien leraars van 'n "Powerpoint" produk en 'n verduidelikende "Word" produk. Aanduidings is dat meer as 300 leraars weekliks die produk aflaai.

3.4.9 Byeenkomste, vergaderings, sinodes

Die taakspanlede het in elke Sinode 'n verskeidenheid van soorte geleenthede gereël om predikante toe te lig en toe te rus vir die gebruik van die luistersiklus. Hoëveld Sinode het 'n luistersinode gehou. Elders is konferensies gereël om luister te bevorder.

3.4.10 Luistersondag

'n Luistersondag is gehou op 29 Oktober 2006. Hiervoor is daar aan alle gemeentes 'n DVD met 'n luisterlied gestuur. Die liedjie is gekomponeer deur Christa Steyn en geskryf deur Barry van Rensburg. Barry van Rensburg het ook die agtergrondfilm vervaardig. Daar is ook saam met die DVD 'n inligting CD aan die gemeentes gestuur met onder andere ook 'n preekskets geskryf deur dr Johan van der Merwe van Stellenbosch Moedergemeente. Bybel Media het die produk gefinansier, tegniese versorg en versprei.

3.4.11 Webruimte

Inligting oor die Seisoen is beskikbaar op die Algemene Sinode, asook GDN se webruimte. Hierdie inligting word voortdurend opgradeer. Ruimte is ook hier geskep vir terugvoer van gemeentes.

3.4.12 Vertaling van produkte

Die taakspan het besluit om die luistersiklus in Engels te vertaal. Daar is reeds hiermee begin. Die produk word ook vertaal in samewerking met lede van die VGK wat Afrikatale en konsepte gebruik sodat dit in die familiekerke ontvanklik kan wees.

3.4.13 Leesroosters

Beide Woordwyser en Buvton se leesrooster, geskoei op die Revised Common Lectionary, maak nou gebruik van die luistersiklus.

3.5 ONDERSTEUNINGSNETWERKE

Die Seisoen van Luister het uit die staanspoor ongekende ondersteuning geniet van kerklike instansies. Onder hulle tel Verantwoordelike Vernuwung, GDN, Excelsus, Shephard, Buvton, Kerkbode en Bybel Media. *Bybel Media* se ondersteuning verdien spesiale vermelding. Bybel Media (BM) het saam met Lux Verbi die bemarkingsbaniere en plakkaat van die Seisoen geborg. BM het die Malan Nel DVD gemaak en verkoop. BM het die luistersiklusboekies uitgegee en versprei. BM het ook in die vorige boekjaar R105 000 beskikbaar gestel vir produkontwikkeling. BM het die Luistersondag se produkkostes gefinansier en die tegniese versorging en verspreiding behartig. BM het ook vir die huidige boekjaar 'n bedrag beskikbaar gestel vir produkontwikkeling. BM versprei ook met sy kolporteurstelsel die Seisoen se produkte. Die bydrae van BM tot die Seisoen is gevolglik onberekenbaar groot.

3.6 SEISOEN VAN LUISTER: DIE PAD VORENTOE

Die taakspan evalueer van tyd tot tyd die verloop van die Seisoen. Die Taakspan is daarvan oortuig dat die Seisoen daadwerklik gemeentes en gelowiges help en inspireer om met toegespitste aandag te luister na God se stem in die tyd en kontekste waarin ons leef. In die lig van die terugvoer wat ontvang is, meen die taakspan dat:

3.6.1 'n Luisterbeweging oor grense

Daar nou ook sterk gefokus moet word op 'n luisterbeweging van gemeentes oor grense. Hoewel daar in die luistersiklus gefokus word op die luister na die Woord en mekaar en die konteks, is die Taakspan daarvan oortuig dat 'n luisterbeweging wat oor ekonomiese, taal, kulturele, generasie en talle ander grense strek, die waardes van die Seisoen beslis verder sal bevorder in die lewe van gelowiges.

3.6.2 Kerkhereniging

Die waardes van die luisterseisoen die kerkherenigingsproses moet onderlê. Daarom meen die Taakspan dat die Seisoen inderdaad van groot waarde kan wees in die herenigingsproses. Die bestuur is in gesprek met die lede van moderature van die familiekerke om die Seisoen aan hulle bekend te stel.

3.7 AANBEVELING: SEISOEN VAN LUISTER

Die Algemene Sinode besluit om die Seisoen van Luister heelhartig te ondersteun en sinodes aan te moedig om die geleentheid te benut om met nuwe toegespitsheid na God, mekaar en die wêreld waarin ons leef, te luister.

Lede van die bestuurspan:

Ferdi Clasen, Freddie Schoeman, Chris van Wyk, Gerhard van Tonder, Botha van Aarde, Ester Steyn en Nelis van Rensburg (Voorsitter)

4. ALGEMENE PREDIKANTEBYEENKOMS

4.1 Die Algemene Sinode 2004 het die volgende besluit geneem (Besluiteregister F.2.1/13): *Die Sinode versoek die ADL en die Diensgroep vir Gemeente-en-Bediening om in samewerking met die sinodes 'n kerkwye predikantevergadering byeen te roep vir alle dienende predikante van die NG Kerk. Die vergadering sal funksioneer as 'n uitgebreide ad hoc kommissie waar onder andere die volgende sake bespreek moet word:*

- * *Die roeping van die NG Kerk nou.*
- * *Die stand van sake in gemeentes en bedieningsprioriteite.*
- * *Die roeping en geestelike lewe van die leraars.*
- * *Die inhoud van predikantswerk (Art 9).*
- * *Verpligte voortgesette teologiese opleiding.*
- * *Die beroepstelsel en moontlike alternatiewe.*
- * *Dienskontrakte met gemeentes.*
- * *Onderlinge ondersteuning van mekaar en 'n moontlike kode van verbintenis aan mekaar.*
- * *Gereformeerde identiteit.*

Hierdie vergadering doen verslag aan die volgende Sinode.

Alle gelegitimeerdes van die NG Kerk word ook genooi om die vergadering by te woon.

4.2 Met die oog op die uitvoering van die opdrag het die Moderamen 'n *Algemene Predikantebyeenkoms* gereël vir 20-22 Junie 2005 op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat. 'n Taakspan olv dr Kobus Gerber (Algemene Sekretaris), verskeie werkspanne olv die Taakspan (spiritualiteit, logistiek, prosesse, steunspan), 'n span van drywers/ "jockeys" van alle sinodale gebiede asook die skribas/ saakgelastigdes van die verskillende sinodes kon met die hulp en die seën van die Here 'n geleentheid laat plaasvind wat nuwe roeping, visie, moed, energie en 'n belewenis van 'n korporatiewe gees vir ons dominees gee. Die tema van die geleentheid was *Ons vier ons roeping in verwondering voor die God wat ons roep*.

4.3 Die Moderamen het die *doel* van die Algemene Predikantebyeenkoms soos volg formuleer: By die Algemene Predikantebyeenkoms sal predikante die geleentheid kry om:-

- hulle *roeping* te vier
- hulle te verwonder oor God
- stil te word
- te luister en hulle voor die Here te verootmoedig
- te groei in die geestelike dissiplines
- God se plan vir die totale kerk met bekwame geroepenes raak te sien
- opnuut die NG Kerk se *identiteit* en *roeping* in Suidelike Afrika te ontdek.

4.4 Hiermee is beoog: geestelike groei, herontdekking van kernwaardes en versterking van die geloofsverhouding met God, om daagliks vanuit die *Coram Deo* (voor die aangesig van die Here) te gaan leef, om deur middel van identiteitsbelewenis gemotiveer te word tov die groot taak van die NG Kerk, die versterking van die verstaan van ons teologiese identiteit en kerkverband, om die hele NG Kerk - nie net predikante nie – op hierdie nuwe pad saam te neem. In die kommunikasie met die dominees is dit soos volg verwoord:

'n Geleentheid om jǒu roeping te vier! In verwondering voor God ...

'n Geleentheid vir ... Bedieningsverwondering

om in verwondering voor die God wat my geroep het te verskyn

'n Geleentheid vir ... Bedieningsvreugde

om by die herontdekking van my kernwaardes met vreugde in die Koninkryk te arbeid

'n Geleentheid vir ... Bedieningsprioritisering

om deur die groei in geestelike dissipline dinge wat eerste kom, eerste te plaas

'n Geleentheid vir ... Bedieningskreatiwiteit

om in my medegeroepenes se bedieningsverhale nuwe kreatiewe paaie te ontdek

'n Geleentheid vir ... Bedieningsvennootskappe

om my spesiale roeping in ons kerkverband op unieke wyse te herontdek

'n Geleentheid vir ... Bedieningsdrome

om deur ons unieke identiteitsbelewenis in Bloemfontein opnuut die groot roeping van die NG Kerk aan te pak.

'n Geleentheid vir ... Bedieningsvrede

om Coram Deo, in die vrede van God, my roeping te volvoer!

4.5 Die Algemene Predikantebyeenkoms was ook op lidmate en gemeentes gerig aangesien een van die uitgangspunte van die byeenkoms was dat hierdie byeenkoms 'n belegging van die gemeente in een van haar grootste bates is en die gemeente die dividende daarvan sou pluk.

4.6 Die opkoms na die geleentheid was baie goed. Dominees wat nie kon kom nie het baie goeie redes gehad - dit was 'n baie klein minderheid wat uit negatiewe oorwegings nie wou kom nie. Die tabel hieronder gee die opkoms weer:

SINODE	LERAARS IN SIONDALE GEBIEDE	LERAARS TEENWOORDIG	PERSENTASIE
WES-SUID-KAAP	380	307	81%
OOS-KAAP	135	89	66%
NOORD-KAAP	98	80	82%
NATAL	84	68	81%
OVS	219	173	79%
WES-TVL	204	173	85%
SUID-TVL	164	150	91%
NOORD-TVL	200	169	85%
OOS-TVL	183	122	67%
NAMIBIË	57	49	86%
TOTAAL	1724	1380	80%

4.7 Die Taakspan kon die boeke mooi laat klop: daar kon ook 'n bedrag aan elke sinode terugbetaal word vir aanwending volgens eie reëling:

Totale Uitgawes:	1,498,097.69
Totale Inkomste:	1,596,194.48
	20,000.00 Sinodale Bydrae
	30,664.48 Borgskappe
	1,545,530.00 Sinodes & Ander Inksrywings
Surplus / (Tekort)	98,096.79 (Verdeling 9,809.68 per Sinode)

4.8 Die Moderamen het baie moeite gedoen om die evalueringsvorme te hanteer, die skriftelike reaksies na te gaan asook te luister na die terugvoer uit die sinodale gebiede soos dit deur verteenwoordigers in die Moderamen verwoord is. Die oorgrote reaksie was positief met die versoek dat byeenkomste soos die van tyd tot tyd herhaal moet word. Uiteraard was daar ook negatiewe terugvoer- veral omdat die diversiteit van spiritualiteit hanteer moes word en omdat dit ook in die tyd was toe die hele debat oor die gereformeerde van die NG Kerk in die openbare pers aan die gang was. Die Moderamen het ook by 'n vergadering aandag gegee aan die publieke kritiek van dr Lourens Erasmus, destyds Moderator van die NG Kerk in die Vrystaat, oor die Algemene Predikantebyeenkoms.

4.9 Die terugvoering van die groepsgesprekke tydens die Algemene Predikantebyeenkoms is na alle Diensgroepe van die Algemene Sinode verwys. Die sake kry aandag en sal op die pad vorentoe aandag geniet.

4.10 Aan die einde van die Algemene Predikantebyeenkoms is die volgende getuienis deur die byeenkoms aanvaar:

Eenduisend vierhonderd predikante van die NG Kerk het die Algemene Predikantebyeenkoms van 20-22 Junie 2005 in Bloemfontein bygewoon. Ons het bymekaar gekom om ons roeping te vier en om nuut na God en mekaar te luister. Dié byeenkoms was 'n unieke geloofbelevens. Ons het ervaar dat die Here self ons hier byeengebring het en met ons gepraat het. Hiervan wil ons graag getuig.

Ons het hier eerlik verhoel gedeel oor sowel ons bedieningsvreugdes as ons broosheid. Ons kon met mekaar praat oor seerkry en heelword. Ons het teenoor mekaar getuig hoe die Here ons daardeur dra en help om ons roeping nuut te ontdek.

Ons het hier opnuut ontdek dat die belydeniskarakter van ons kerk vir ons almal kosbaar is. As predikante van 'n belydeniskerk wil ons daarom méér erns maak met ons belydenisskrifte én bly saamdink oor die behoefte aan 'n eietydse belydenis. Ons staan by die Bybel as die Woord van God.

Ons bely met oortuiging dat Jesus Christus die opgestane Here is en dat Hy deur sy Hellige Gees in ons woon en ons vernuwe tot lof van ons Vader.

Ons het onself hier opnuut verbind aan mekaar en aan die kerkverband. Ons wil saam die pad stap aan die hand van die volgende waardes:

** Ons identiteit as predikante is dat ons bedienaars van die Woord is.*

** Ons wil dien en nie heers nie.*

** Lidmate is saam met ons mede-geroepenes. Ons wil leer om hulle meer te vertrou met die bediening.*

** Die NG Kerk is die kerk vanwaar ons ons roeping uitleef.*

** Die kerk is veral die plek waar daar warmte is en genesing plaasvind.*

Ons het hier bewus geword van die volgende roepingsuitdagings op ons pad:

** Ons wil geloofwaardig wees deur dit wat ons leer ook te leef.*

** Ons wil 'n kerk wees wat diversiteit as verryking hanteer.*

** Ons is baie bewus dat die NG Kerk in 'n multi-kulturele omgewing is en 'n roeping teenoor almal in die gemeenskap het.*

** Ons wil erns bly maak met die proses van kerkhereniging en heeltyd sensitief wees om vir mekaar ruimte te skep en begrip te hê op hierdie pad.*

** Ons is diep bewus daarvan dat die nood en gebrokenheid in ons samelewing ook ons verantwoordelikheid is.*

Hierdie uitdagings vra dat ons nuwe vaardighede aanleer en ons is bereid om daarvoor toegerus te word.

Ons sien uit na die Seisoen van Luister waar ons dwarsdeur die kerk nuut na God, mekaar en die wêreld gaan luister.

Ons keer na ons gemeentes terug om met nuwe entoesiasme ons roeping saam met al ons lidmate te vier.

4.11 Die Moderamen is oortuig dat die Algemene Predikantebyeenkoms in sy doel geslaag het en dat dat daar met die genade van die Here meer bereik kon word as wat die Algemene Sinode in 2004 in voortuitsig gestel het.

4.12 AANBEVELINGS: ALGEMENE PREDIKANTEBYEENKOMS

4.12.1 Die Algemene Sinode dank die Here vir die geslaagde Algemene Predikantebyeenkoms en die vrug daarvan in die NG Kerk.

4.12.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om weer oorweging te gee aan die aanbod van 'n Algemene Predikantebyeenkoms vir die kerkverband.

5. FUNKSIONERING VAN DIE DIENSGROEPE ITV DIE ROEPINGSVERKLARING

5.1 Die Algemene Sekretaris het die besluite tov die Roepingsverklaring/ -verbintenis (Besluiteregister 2004 F.2.1/21) asook die feit dat die kerkverband van 'n struktuurgedrewe na 'n roepingsgedrewe funksionering geskuif het (Besluiteregister 2004 F.2.1/22), op kontinue wyse met Diensgroepe hanteer. Diensgroepe het die skuif gemaak en die Roepingsverklaring funksioneer konkreet in die werk waarmee hulle besig is.

5.2 Die sake in die besluite wat op Diensgroepe/ Taakspanne van toepassing is, is hanteer of in proses van hantering.

6. FUNKSIONERING VAN DIENSGROEPE ITV KO ART 43

6.1 Die Algemene Sinode het in 2002 en 2004 goeie beredenering voor hom gehad oor die werkterrein van die Algemene Sinode en Sinodes (vgl Agenda 2002 bl 289 ev en Agenda 2004 bl 181 ev). Daar is bepaalde besluite geneem oa ook oor die verfyning van Art 43 van die Kerkorde.

6.2 Al die Diensgroepe/ Taakspanne het itv die besluite van die Algemene Sinode moeite gedoen om met die interpretasie van Art 43 en die werklike taak van die Algemene Sinode en sy Diensgroepe te worstel. In baie opsigte was dit moeilik aangesien bepaalde werksaamhede van die Algemene Sinode ook in die proses bevrage teken sou kon word itv Art 43.

6.3 Die Moderamen het by verskeie geleenthede hieroor gepraat, 'n memorandum van prof Piet Strauss hieroor hanteer asook aandag gegee aan 'n voorlegging van die ATF oor finansiële bestuur en Art 43 van die Kerkorde (vgl ook Dokumentebundel A.6.4.4 pt 8).

6.4 Op grond van die voorlegging van die ATF aan die Moderamen het die Moderamen besluit om by die Algemene Sinode aan te beveel dat Art 43.2.2 gewysig word om dit in lyn te bring met Art 43.1.1. Die motivering is dat die voorgestelde wysiging die werk van die Algemene Sinode duideliker afbaken asook dat die funksies van die Diensgroepe van die Algemene Sinode duideliker te onderskei is van die van die sinodes.

6.5 AANBEVELINGS: KO ART 43 EN DIE TAAK VAN DIE ALGEMENE SINODE

6.5.1 Die Algemene Sinode besluit om Art 43.2.2 te wysig om te lui: **die koördinerings/ netwerk van sake wat voortvloei uit Art 43.1.1**

6.5.2 Die Algemene Sinode wys Sinodes asook die Diensgroepe/ Taakspanne van die Algemene Sinode op die beredenering oor die werk van die Algemene Sinode en Sinodes in die Agendas van 2002 en 2004.

7. VISIONÊRE TAAKSPAN

7.1 OPDRAG (Besluiteregister F.2.1/22 pt 4)

Die Sinode besluit dat visioneringsprosesse hoog op die agenda van die breë verband van die NG Kerk is en moet wees. 'n Ad hoc-taakspan word aangewys, bestaande uit een persoon uit elke sinodale streek, wat die Leiersgroep tussen sinodesittings kan adviseer en bystaan in visioenêre prosesse, spesifiek ook die wyse waarop die prosesstasies in samewerking met al die sinodes gekoördineerd beplan kan word. (Pt 2.3.2 van dié verslag dien as raamwerk waarbinne die beplanning gedoen kan word.)

7.2 UITVOERING

7.2.1 Die Taakspan het hulle werk in kontinue konsultasie met en rapport aan die Moderamen gedoen.

7.2.2 Die Moderamen het die volgende besluite geneem oor die funksionering van die Taakspan binne die gegewe begroting:

1. Die Visionêre Taakspan se dagbestuur/voorsitter woon elke Moderamenvergadering by ter wille van koördinasie en advies oor prosesse.

2. Die Visionêre Taakspan vergader 2 x 'n jaar om die onderskeie prosesstasies (vgl Algemene Sinode 2004 se Handeling punt 2.3.2 van die besluite oor die vorige Taakspan se verslag) van die Algemene Sinode/Moderamen met die prosesse in die sinodes te belyn.

3. Die Visionêre Taakspan se dagbestuur/voorsitter bedien die Algemene Sekretaris gereeld (telefoon-

/videogesprekke) met prosesmatige advies, soos by die Bosberaad 2004 besluit. Die nodige infrastruktuur moet deur die kantoor verskaf word.

4. Die Algemene Sekretaris, in oorleg met Chris van Wyk, Frederick Marais, Nico van Rensburg, Nelus Niemand en Willem Botha, ontwikkel die infrastruktuur en kapasiteit van die kantoor verder in ooreenstemming met die goedgekeurde verslag voor die Algemene Sinode om die uitsette van die goedgekeurde Kerkorde Artikel 43 te ondersteun.

7.2.3 Die Visionêre prosesse in die Algemene Sinode het sodanig ontwikkel dat ander ontwikkelende prosesse besig is om toenemend die rol van die Visionêre Taakspan oor te neem. Een hiervan is die vestiging van 'n *Koördineringsliggaam* wat gegroei het uit die besluite tov die koördinering van die werk van die sisteem. Die Moderamen het in hierdie verband besluit: *Die ASM skeep 'n formele liggaam wat jaarliks vergader om die bedieninge en prosesse binne die hele sisteem van die Algemene Sinode te koördineer, integreer, evalueer en implementeer in terme van die roepingsverklaring. Dit kan bestaan uit verteenwoordigers van die dagsbesture van die diensgroepe en steundienste. GDN hoort funksioneel hier.* Die Koördineringsliggaam het die eerste keer in Oktober 2006 vergader. Die ervaring was dat hierdie 'n kernfunksie in die Algemene Sinodale sisteem is aangesien alle werksaamhede hier op een punt en korporatief deur alle rolspelers itv die besluit van die Moderamen bestuur word.

7.2.4 Die waarneming oor ander sake waarmee die Taakspan besig was, is soos volg:

*1 Die voortdurende uitklaring van rolle en funksies op Algemene Sinode en sinodale vlakke gebeur tans redelik effektief en skeep 'n volhoubare spanverhouding in die **verband**.

*2 Die skeep van **identiteit** dmv liturgieë, kategeese en bronontwikkeling geskied steeds deurlopend deur die Diensgroepe en die onderskeie Taakspanne.

*3 Die skeep van (inter-)nasionale **netwerke** funksioneer steeds goed, onder andere deur GDN en die Koördineringsliggaam.

*4 Die **begrotingsproses** verg egter nog meer aandag. Verdere beredenering hieroor by A.6.1.

*5 Die **eenheidsproses** funksioneer tans besonder goed en ons is die Here baie dankbaar daarvoor. Verdere beredenering hieroor by A.5.2.

*6 Sekere sake rakende die kantooropset van die Algemene Sinode verg nog aandag. Verdere beredenering hieroor by A.6.1.

7.2.5 AANBEVELINGS: VISIONÊRE TAAKSPAN - PROSESSE

1. In die lig van die ontwikkelinge binne die prosesse van die algemene sinodale verband besluit die Algemene Sinode om nie weer 'n Visioenêre Taakspan te benoem nie.

2. Die Algemene Sinode dra die hantering van die visioenêre prosesse wat by die Taakspan tuisgehoort het aan die Moderamen op.

3. Die Algemene Sinode besluit om 'n Koördineringsliggaam te skeep wat jaarliks vergader om die bedieninge en prosesse binne die hele sisteem van die Algemene Sinode te koördineer, integreer, evalueer en implementeer in terme van die roepingsverklaring en besluite van die Algemene Sinode. Die liggaam bestaan uit verteenwoordigers van die dagsbesture van die diensgroepe en steundienste. GDN hoort funksioneel hier. Die Koördineringsliggaam rapporteer aan die Moderamen.

8. AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES

8.1 Die Moderatuur van die Sinode van Namibië het by twee geleenthede met die Moderatuur van die Algemene Sinode samesprekings gevoer oor hulle eiesoortige plek en behoefte binne die kerkverband asook die knelpunte wat hulle ervaar as 'n onafhanklike land met oa eiesoortige politieke omstandighede en eie ekumeniese behoeftes.

8.2 In ander sinodes is ook gesprek gevoer oor die aard/definiëring van die verband van die Algemene Sinode, al was dit oor ander sake wat as knelpunte beleef is.

8.3 'n Kommissie bestaande uit verteenwoordigers van Namibië en die Moderamen is benoem om die Moderamen met konkrete voorstelle te dien. Die lede het ooreengekom dat hulle nie anders sal kan as om ook na die breër probleem te kyk nie. Hulle verslag dien as 'n laatstuk by die sinode aangesien die volle kommissie eers 11-12 April 2007 in Namibië ontmoet.

8.4 Die Moderamen het die kommissie versoek dat, indien nodig, die Kerkorde so geskryf moet word dat 'n samestellende kerk/ sinode volle uitdrukking aan sy behoeftes moet kan gee en hom moet kan uitleef binne die verband sonder om uit die verband te tree.

8.5 Intussen is 'n advies oor die definiëring/interpretering van die verband van die Algemene Sinode van die ATR aangevra voortspruitend uit die gesprek oor Art 43 van die Kerkorde en die herskrywing van die Reglemente van die Diensgroepe.

8.6 AANBEVELINGS: AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES

Die Algemene Sinode ontvang die laatstuk in die verband.

9. VERSOEKSKRIF: STEMME TEEN ONSKRIFTUURLIKE PROSESSE

9.1 Hierdie versoekskrif is tydens die Sinode 2004 aan die Moderatuur te Hartenbos oorhandig. Die dokument, van 'n aantal lidmate, was nie ontvanklik by die Algemene Sinode nie.

9.2 Die Moderamen het by sy vergadering in November 2004 besluit om van die dokument kennis te neem en die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland te versoek om met die betrokke lidmate gesprek te voer met teruggaap aan die Moderamen. Die betrokke sinode het die gesprek met die lidmate gevoer.

10. TEOLOGIESE WOELINGE OOR DIE NG KERK SE GEREFORMEERDE KARAKTER

10.1 Gedurende 2005 en 2006 was daar verskeie nuusberigte oor en bewerings in die media tov die NG Kerk se gereformeerde karakter.

10.2 Die Moderamen het reageer soos nodig en meen dat sy optrede 'n mate van rustigheid kon bring. Ná die persberigte in Mei 2005 oor 'n moontlike skeuring in die NG Kerk het die Moderamen die volgende verklaring uitgereik:

Na aanleiding van persberigte oor 'n moontlike skeuring in die NG Kerk wil die Moderamen van die Algemene Sinode graag die volgende sake onder lidmate se aandag bring:

1. Ons is bewus daarvan dat daar wyd in ons kerk gesprek gevoer word oor 'n aantal belangrike kwessies soos byvoorbeeld ons gereformeerde identiteit, die rol en plek van ons Belydenisskrifte, asook Skrifgesag en Skrifhantering. Ons was nog altyd 'n kerk wat die reg van sulke **gesprekke** erken het en dit selfs aangemoedig het – in die verwagting dat dit op 'n Christelike wyse gedoen word en tot opbou van die kerk dien. Verdraagsaamheid en respek vir mense wat met jou verskil is van die basiese waardes wat deel is van ons Christelike tradisie waarsonder so 'n gesprek moeilik kan plaasvind.
2. Ons is egter verontrus deur uitsprake oor kerkskeuring. Kerkskeuring is 'n baie ingrypende en hartseer saak wat gewoonlik traumatiese gevolge het. Ons waarneming tans is dat ons lidmate gesprek en debat verwelkom, maar nie skeuring soek nie. Ons doen 'n beroep op predikante en lidmate om baie versigtig te wees in hulle uitlatings hieroor.
3. Hoewel baie van ons lidmate waarskynlik nie soveel belang het by die gesprekke nie en gewoon met hulle lewe as gelowiges wil aangaan, glo ons tog dat indringende gesprekke oor hierdie sake nou baie belangrik is. Ons wil dus gemeentes vra om die gesprek oor hierdie sake oop te maak en wil dit ook aanmoedig dat daar by kerkvergaderings en forums daarvoor gepraat word.
4. Ons is van die oortuiging dat gebrekkige informasie oor die wyer debat en die NG Kerk se werklike standpunte op die oomblik 'n probleem skep. Ons kyk na maniere waarop ons korrekte inligting oor die NG Kerk en oor ons standpunte in elke lidmaat se hand kan plaas.
5. Ons het reeds begin om gesprek te voer met mense wat bekommerd is oor huidige debatte in die NG Kerk. Ons sou verkies om hierdie gesprekke persoonlik te voer en nie deur die media nie. Ons wil vra dat gemeentes wat meer inligting verlang oor van die sake vrymoedigheid sal neem om met hulle onderskeie sinodale moderature te skakel.
6. As Moderamen wat deur die laaste Algemene Sinode aangewys is, wil ons ons lidmate verseker dat ons almal verbind is aan die Lewende Drie-enige God, die Bybel wat die Woord van God en die norm vir ons lewe is, en aan die Belydenisskrifte van ons kerk.
7. Al is die huidige gesprekke in die NG Kerk hoe belangrik, mag ons dit nooit uit die oog verloor dat ons 'n roeping in ons land het nie. Ons glo van harte dat ook ons kerk deur die Here geroep is om saam met ander kerke die evangelie in Afrika te verkondig en 'n verskil te maak in die samelewing. Mag die Here gee dat die gesprekke – en veral die manier waarop ons dit voer – ons nie so vashou dat ons nie by ons roeping uitkom nie.

10.3 AANBEVELINGS: NG KERK SE GEREFORMEERDE KARAKTER

10.3.1 Die Algemene Sinode wys leraars en kerkvergaderings daarop dat daar 'n *kerklike weg* is om besware en klagtes oor leersake te hanteer.

10.3.2 Die Algemene Sinode moedig die hele kerkverband aan om moeite te doen om geleenthede te skep vir en betrokke te raak by gesprekke oor sake wat die Skrif en ons belydenis raak.

11. ALGEMENE TAAKSPAN LEER EN AKTUELE SAKE: VERSLAE WAT DIE ROEPING EN TEOLOGIESE IDENTITEIT VAN DIE NG KERK RAAK

Die Taakspan het as Taakspan van die Moderamen funksioneer en daarom word hulle verslae hier geplaas. Die Taakspan se verslae is nie deur die Moderamen hanteer of modereer nie. Die volgende verslae word met hulle aanbevelings as **Bylaes 1-3** hierna weergegee.

11.1 GEREFORMEERDE IDENTITEIT (Bylaag 1)

11.2 DIE GEESTEWÊRELD EN BEVRYPING (Bylaag 2)

11.3 DIE BETEKENIS EN GEBRUIK VAN DIE DOOP (Bylaag 3)

GEREFORMEERDE IDENTITEIT

1. OPDRAG

Die **Algemene Sinode van 2004** het die volgende aanbevelings aanvaar, waarin die opdrag vir die Taakspan Leer en Aktuele Sake (ATLAS) vervat is:

1.1 Die Sinode erken dat daar ingrypende meningsverskil in die NG Kerk bestaan oor die gesag, inhoud en verstaan van die Gereformeerde belydenis en spiritualiteit.

1.2 Die Sinode versoek die Taakspan Leer en Aktuele Sake om beskrywingspunte van kerkrade, ringe en sinodes aan te vra met betrekking tot die gesag en vertolking van die Skrif, die inhoud en gesag van die Gereformeerde belydenis asook die begrip van die Gereformeerde kerkinrigting (erediens, liturgie, sakramente, spiritualiteit) en kerkreging (gesag van Algemene Sinode, verhouding Sinode/Algemene Sinode).

1.3 Die Sinode versoek die Taakspan Leer en Aktuele Sake om inklusiewe studiegroepe saam te stel na aanleiding van die ingekome beskrywingspunte met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

Die opdrag van die sinode aan die Taakspan Leer en Aktuele Sake fokus op gereformeerde belydenis en spiritualiteit. Dit het egter gou geblyk dat die opdrag (veral in punt 1.2) baie wyd en omvattend is en dat dit in der waarheid 'n onmoontlike taak is om in een opdrag te vervat en in een verslag opgeneem te word. Uiteindelik gaan dit oor die omvattend vraag na die aard van Gereformeerdeheid. Dit is 'n opdrag met 'n meer omvattende en oorsigtelike aard as om byvoorbeeld net oor die gereformeerde kerkbegrip te skryf. Die prosesopmerkings in die verslag beklemtoon die noodsaaklikheid van wye raadpleging en inklusiwiteit.

Teen hierdie agtergrond moet die verslag verstaan word as 'n poging om die eie aard van die lidmate van die NG Kerk te beskryf. Aan die een kant is dit 'n beskrywing van die werklikheid, maar andersyds is dit ook die formuleer van 'n ideaal. Ons is so, maar moet ook so wees en word. Dit is meer as 'n ekklesiologie juis omdat gereformeerdes die lewe voor God as meer as net 'n lewe in die kerk verstaan. Uiteraard word hierin ook heelwat oor die kerk geskryf en het alles 'n invloed op die kerkbegrip van die NG Kerk.

In 'n paar sinne moes groot en wydreikende waarhede onder woorde gebring word. Nie alles wat gesê kan word, is hiermee gesê nie, maar dit is 'n poging om die kern wat ons bymekaar hou, te beskryf.

2. WERKSWYSE

Die volgende werkswyse is gevolg :

2.1 Bestaande publikasies oor gereformeerde spiritualiteit van Suid-Afrikaanse teoloë is as basis gebruik. Verdere bydraes van teoloë wat nie deel is van ATLAS nie, is ook aangevra. Sover moontlik is sinodes se studiestukke oor die saak ook verreken.

2.2 Gesprekke is met ADGO (op hulle inisiatief) gevoer en die werksdokument van ATLAS is tot hulle beskikking gestel. Hulle kommentaar op die werksdokument is aangehoor en verwerk. Dit was vir ATLAS duidelik dat daar raakvlakke tussen die twee taakspanne se opdragte is, maar ook wesenlike verskille in fokus. Uiteindelik behoort beide verslae die saak waaroor dit gaan, te dien.

2.3 Die werksdokument is met 'n groep lidmate in vyf sessies deurgewerk en hulle kommentaar is daarin verreken.

2.4 ATLAS wou 'n bevatlike dokument opstel wat lidmate sou kon help. Eenvoud en woordekonomie is as vereistes aanvaar. Dit bring mee dat daar waarskynlik op verskeie punte te min gesê word.

2.5 Die uitgangspunt in die verslag is dat die gereformeerde aard van die NG kerk histories verstaan moet word. Ons het gaan kyk na ons wortels om te probeer beskryf hoe ons vandag onself as gelowiges uit die gereformeerde tradisie verstaan.

2.6 Daar is aanvanklik oorweeg om 'n verslag oor die doop as bylae by hierdie verslag aan te heg. In die lig daarvan dat die Algemene Sinode 'n baie spesifieke opdrag met betrekking tot die doop gegee het, word 'n aparte selfstandige verslag oor die saak uitgebring.

2.7 Verskeie teoloë het aan die verslag gewerk en insette is ook verkry van persone buite die aangewese lede van ATLAS. Veral die volgende persone kan, met groot dank aan hulle, hier genoem word: Proff PJ Naudé, DJ Smit, dr A Cilliers, JD Kirkpatrick, BJ du Toit (sameroeper) JJ Gerber, AL Bartlett, C Janse van Rensburg en WJ Botha (skriba).

3. AGTERGROND

Die afgelope paar jaar het die NG Kerk 'n proses deurgemaak waarin diversiteit as positiewe werklikheid leer ken is. Ons is nie meer 'n kerk waar alles orals dieselfde is nie. Eenvormigheid is nie die ding wat ons bymekaar hou nie. Wat nou belangrik is, is om te vra of daar binne hierdie werklikheid van diversiteit iewers 'n gemeenskaplike kern is. 'n Kern wat kan help dat die diversiteit tog nie sonder eenheid sal wees nie. Die

vraag is: Is daar 'n kampvuur waar rondom 'n diverse klomp mense kan hande vat en warm harte beleef? Ja, verseker! Wanneer die NG Kerk oor 'n kern-identiteit helderheid het, kan die diversiteit nie net verdra word nie, maar as deel van die kerk se rykdom gevier word! Dit maak die besinning oor die NG Kerk se Gereformeerde van deurslaggewende belang. Wat hierop volg, is 'n poging om so eenvoudig as moontlik die saambindende kern te beskryf. Ter wille van ons selfverstaan en ander se begrip vir wie ons is, moet ons probeer sê wie ons is. Die volgende uiteensetting probeer die konsensuspunte in die besinning oor ons identiteit weergee. Dit moet nie verstaan word as beskrywing van hoe ons beter as ander is nie, maar tog wel waarin ons identiteit geleë is. Dit staan dus nie teenoor ons verbintenis aan die breë ekumeniese kerk nie. Dit is moontlik om opgewonde te raak oor die tradisie waarin jy staan sonder om afbrekende stories oor ander tradisies te vertel.

3.1 WAAR PAS ONS IN DIE GROTER PRENTJIE?

Voordat ons kom by die beskrywing van ons kern-identiteit, net eers 'n paar opmerkings oor die onderskeie tradisies in die Christendom. Die Christelike geloof het in 'n hele paar tradisies ontwikkel - elk met sy eie kenmerke - terwyl basiese waarhede tog genoeg ooreenstem dat ons van een Christelike familie kan praat. Onderstaande omskrywings moet nie in 'n absolute sin verstaan word nie. Dit is byvoorbeeld nie die bedoeling om te sê dat dit slegs in die Protestantse tradisie is waar die Bybel belangrik is nie. Dit sou lei tot skewe voorstellings. Dit is 'n geval van aksente.

3.1.1 In die Katolieke en Ortodokse tradisies staan die sakramente sentraal, is die kerklike tradisie normatief, en word kerklike gesag hiërargies vergestalt.

3.1.2 In die Pentekostalistiese tradisie staan die vrye werking van die Gees sentraal, is profetiese insig in elke nuwe tyd normatief, en word kerkverband onderbeklemtoon ten gunste van vrye individuele gemeentes met sterk leiers.

3.1.3 In die Protestantse tradisie staan die Bybel sentraal, is belydenisskrifte omdat hulle met die Bybel ooreenstem normatief, en word kerklike gesag Christologies en binne kerkverband verstaan (Christus is die enigste hoof en kerkleierskap is posisies van diens en nie van heers nie). Wat nou volg, beskryf die Gereformeerde gesig van die kerk van Jesus Christus.

Dit is belangrik om te weet dat Gereformeerdes uit die breëre stroom van die Protestantisme stam met sy oorsprong in 16de eeuse Europa. As "protesteerders" teen die destydse afgewaterde evangelie in die Rooms-Katolieke Kerk, was dit 'n poging om die kerk van binne te hervorm ("reformeër"). Dit het deur 'n bittere geloofstryd en vervolging uiteindelik op die vorming van nuwe kerke uitgeloop: aanvanklik Lutheraanse en Gereformeerde kerke, en later vele meer, insluitende byvoorbeeld Presbiteriane en Metodiste. Langs die omweg van die Nederlande het die Gereformeerde geloof die suidpunt van Afrika bereik en mettertyd is 'n groot aantal inheemse kerke tot in Midde- en Oos-Afrika gevorm. Vandag is die Gereformeerde verstaan van die evangelie tuis in talle kontekste oor die hele wereld.

Die historiese perspektief is noodsaaklik. Ons moet weet waar ons vandaan kom en erken dat ons gereformeerde wortels ons verstaan van die Bybel tot vandag toe beïnvloed. Sonder hierdie wortels kan daar nie nuwe vrugte wees nie. Maar waar die wortels sterk is en diep lê, sal daar nuwe vrugte gedra word. Daarom moet gereformeerde wees beskryf word vir ons eie tyd en die taal van ons eie tyd. Gereformeerde werk nie met 'n gestolde waarheidsbegrip nie. Die gereformeerde vaders het as deel van die tradisie stemreg in die besluit oor gereformeerde, maar nie veto-reg nie. Eietydse besinning van teoloë moet ook gehoor word. Die boodskap van die Christelike geloof moet telkens weer nuut verstaan word teen die agtergrond van die eise van die tyd. Dit beteken egter nie noodwendig 'n gewilde boodskap nie. Die eis vir eietydse formulering het met verstaanbaarheid en relevansie te make en is nie 'n poging om die evangelie in gewilde bemarkingstaal te verpak nie. Hier moet die kerk seker maak dat die verbruikersmentaliteit, wat so maklik die spirituele karakter van die kerk en sy/haar boodskap kan bepaal, nie die laaste sê het nie.

3.2 DIT HOU ONS BYMEKAAR


Ons maak nie daarop aanspraak dat ons die volle waarheid by ons het nie. Maar oor die volgende sake voel ons regtig sterk en dit lê in die hart van ons verstaan van die evangelie. 'n Mens sou met 'n skets dit so kon voorstel:



DIE KERN VAN DIE KERN: 'N GERIGTHEID OP GOD.

Vir die gelowige gaan dit in die eerste plek oor 'n gerigtheid op God. Die eerste woord wanneer ons oor die NG Kerk se identiteit praat, kan nie "gereformeerde" wees nie. Ons is nie in die eerste plek "gereformeerdes" nie. In die eerste plek is ons "Christene", mense wat aan God behoort. Die strewe is nie allereers om "Gereformeerde" te wees nie, maar om Christelik te wees. Daarom praat Calvyn in sy Institusie nie van die Gereformeerde geloof nie, maar van die Christelike geloof. Calvyn sou in elk geval nie die begrip gereformeerde kon gebruik het nie. Die latynse frase *coram Deo* (voor God) beskryf in 'n neutedop dit waaroor dit vir gereformeerdes gaan. Die lewe van 'n Christen is 'n lewe voor God. 'n Lewe gerig op God. Die simbole by gereformeerde kerke gee aan hierdie oortuiging uitdrukking. Die kerktoering, die simbole van die sakramente, die kruissimbool en die oop Bybel op die kansel vertel almal dieselfde storie. Dit gaan oor God. Al die ander formuleringe met betrekking tot die gereformeerde identiteit wentel rondom hierdie kern.

3.2.1 Christus, Skrif, Genade en Geloof.



In die Gereformeerde teologie is daar oor die jare telkens teruggegryp na die boustone van die Reformasie en is die kernsake telkens nuut interpreteer. Een van die bondigste maniere om Gereformerdheid uit te druk, is *via* die vier "solas". Hierdie uitsprake moet telkens verstaan word as 'n reaksie teenoor standpunte waarmee die reformatore nie vrede gehad het nie.

3.2.1.1 Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie, en teenoor natuurlike kennis van God, staan *sola scriptura* (net die Skrif).

3.2.1.2 Teenoor bemiddeling deur die priesteramp, staan *solus Christus* (net Christus).

3.2.1.3 Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan *sola gratia* (genade alleen).

3.2.1.4 Teenoor enige vorm van goeie werke om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan *sola fide* (geloof alleen).

Oor elkeen van hierdie "solas" is daar met reg boeke vol geskryf. Hierdie *solas* kom uiteindelik vir gereformeerdes tuis onder die dak van *soli deo gloria* (aan God alleen die eer). Die "solas" was uiteraard aanvanklik teen die Rooms-Katolieke wanpraktyke van die 16de eeu gemik, maar word in nuwe tye altyd weer vanuit ander oorde onder druk geplaas. Hulle moet derhalwe telkens kontekstueel hersien word. Dit gee uitdrukking aan die leuse van die Reformasie dat ons altyd weer volgens die Skrifte moet reformeer (*semper reformanda*). 'n Verstokte Gereformeerde kerk is 'n kontradiksie in terme.

3.2.2 Die Heilige Gees.




Die feit dat Calvyn soveel klem op die werk van die Heilige Gees plaas, is tiperend van die teologie in gereformeerde konteks. Die lewe voor God is `n lewe in die kragveld van die Heilige Gees. Die sterk opkoms van kerke en groepe in die Pentekostalistiese tradisie in die laat 20ste eeu, vra vir 'n duideliker onderskeid tussen hierdie groepe en die Gereformeerde opvatting van die persoon en werk van die Heilige Gees. Natuurlik kan Gereformeerdes ook veel van hierdie broers en susters leer - oa hul sterk bewussyn van God se krag, hul gees van aanbidding, en hul ywer vir getuienis. Tog is daar klemverskille:

3.2.2.1 Betreffende die werking van die Heilige Gees, is daar vir Gereformeerdes 'n enger verbintenis tussen die Gees aan die een kant en God se bekendmaking in Jesus Christus en die Woord aan die ander kant. Gevolglik is daar minder ruimte vir "bonatuurlike visioene" en "vrye profesie" en val die klem op 'n soberder nadenke oor die Woord in elke nuwe konteks.

3.2.2.2 Betreffende die gawes van die Gees, verwerp Gereformeerdes die vooropstelling van een gawe (bv talespraak) as uitsluitlike teken van Geesvulling. Klem val daarop dat alle gawes (genesing, lering, ensovoorts) tot opbou van die gemeente sal wees, en dat die liefde die allerbeste gawe van almal is.

3.2.2.3 Betreffende die "doop met die Heilige Gees", aanvaar Gereformeerdes dat Christene die heiligmaking moet najaag, maar terselfdertyd dat niemand kan bely dat Jesus die Christus is sonder die Gees nie. Daar is dus nie mense wat "meer" en "minder" van die Gees het nie, omdat God se Gees self 'n Persoon en dus onverdeelbaar is. 'n "Doping met die Gees" as aparte tweede en derde ervaring naas die bekering word dus afgewys, hoewel ons onder leiding van die Gees leer hoe om te bid, en toeneem in wysheid en insig in die wil van die Here. Daar is in die tradisie van "gelyktydig sondaar en geregverdig" natuurlik verskille in gehoorsaamheid en 'n wandel in die Gees; en mense kan (soos die Bybel leer) die werking van die Gees inderdaad weerstaan en selfs uitblus om later tot 'n nuwe wandel in die Gees te kom.

3.2.3 Die kerk.



3.2.3.1 Die kerk speel `n groot en belangrike rol in die lewe van gereformeerde gelowiges. Die paar sinne wat nou hier volg, bedoel nie om 'n volledige uiteensetting van die leer oor die kerk te gee nie. Enkele opmerkings kan voldoende wees om die relatiewe belangrike rol van die kerk te beklemtoon. Daar word elders in hierdie dokumente weer oor die koninkryk gepraat, maar dit is ook hier nodig om iets oor kerk en koninkryk te sê. Dit is een van die kenmerke van gereformeerdes se kerkbegrip dat **die geloof nie volledig opgaan in kerkwees nie. Die koninkryk is groter as die kerk.** Die kerk kan met reg teken of gestalte van die koninkryk genoem word. **Lidmate strewe nie na die verkerklik van hulle lewens nie, maar na die verChristeliking daarvan.** Die konkreetheid en aardheid van geloof staan op die voorgrond. Wat in die kerk gebeur, moet lidmate met die lewe in die Koninkryk help.

3.2.3.2 Die kerk het sy bestaan aan God te danke en behoort nie aan ons nie. Ons behoort aan God. Dit is God se geskenk aan die wêreld waardeur Hy ter wille van die wêreld werk. Die roeping van die kerk kan as Gestuurdes van God omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees.

As instelling van God word dit gekenmerk deur `n verbintenis aan die Woord as identiteitsdokument, die viering van die genade in die bediening van die sakramente en die handhawing van die belydenis van die kerk. Wanneer oor gemeente-wees nagedink word, word twee sake in een asem genoem. Die gemeente is volledig kerk, maar is nie die hele kerk nie. Daarom verstaan Gereformeerdes die gemeente altyd as kerk-in-verband en is daar `n afwysende houding teenoor vorme van kerkplanting wat om welsprekende individue gebou en buite enige verband gestig word. Die eenheid van die verband en eenheid met die hele Christelike familie is van deurslaggewende belang omdat Christus net een bruid het.

3.2.3.3 Die ampsbeskouing is van so `n aard dat leierskap in die kerk altyd die dienskarakter moet vertoon. Die **gelykwaardigheid** van die ampte **sluit heerskappy en hiërargie uit.** Die gereformeerde stelsel van kerkregering is op hierdie ampsbeskouing gebou. Die besluite van kerkvergaderings moet deurentyd aan die Woord gemeet word en dit is Christus wat deur Woord en Gees die kerk regeer.

3.2.4 Sakramente



Die manier waarop gereformeerdes die sakramente verstaan, vloei logies voort uit die “genade alleen” en “geloof alleen” oortuigings. Hoe ontvang ons die genade van God? Deur die geloof. **Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. (NGB art 22).** Die leegheid van geloof word in gereformeerde kringe beklemtoon. Geloof is nie ‘n verskuilde poging om die mens weer aandadig aan sy verlossing te maak nie. In die geloof ontvang die sondaar wat die genadige God skenk. My geloof dra niks daartoe by dat God my genadig is nie. Dit is slegs die weg waarlangs ek ontvang. **Moet ek dus iets doen om gered te word? Ja, ek moet ontvang wat God skenk.** Ek moet rus in God se genade. Die uitgestrekte hand ontvang die nuwe hart wat God skenk (Esegiël). **Die uitgestrekte hand dien dan as simbool van geloof. Hierdie verstaan van wat geloof is, het ‘n duidelike invloed op die identiteit van die mense in gereformeerde kerke.** Wie Jesus met al sy verdienste in die geloof omhels, leef dan uit hierdie nuwe verhouding en verstaan die sakramente in dié lig.

Die waarheid van die evangelie maak vry. Vry soos die wind om gehoorsaam te wees. **God is nie voor ons nie. Hy is agter ons. Ons soek nie na God nie. Hy het ons gevind.** Uit hierdie vastigheid vloei daar die lewe van diens. Die mens wat bewus is van sy status voor God, se lewenstyl word deur dié status bepaal. Dit sou dus gesê kon word: Gereformeerdes is en behoort statusbewus te wees, want dit bring die styl van diensbaarheid in hulle tot stand. Die gelowige is bewus van sy status as bevryde mens. Dit sluit in dat hy ook bewus is van sy status as bediende (vgl *kneg van die Here-tema in Jes 40 -55*).

In die Gereformeerde tradisie word **die sakramente gesien as “tekens en seëls” waardeur God ons help om te verstaan dat Hy ons eerste liefgehad het.** Dit is middele waardeur die Heilige Gees in ons werk om ons geloof te versterk. Dit help ons om iets van die Here se genade te verstaan. Die waarheid van die sakramente lê daarom nie in die tekens self nie en ook nie in die manier waarop die gebruiker dit ervaar nie, maar in Jesus Christus. Beide sakramente wil dus nie die aandag op die tekens self vestig nie, of op die een of ander geestelike ervaring van die gebruiker nie, maar dit is “daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus as die enigste grond van ons saligheid te wys” (HK, Vr 67).

Die diepste verskil tussen die Gereformeerde doopbeskouing en die siening van voorstanders van die bekeringsdoop lê juis hier. Vir laasgenoemde dui die doop primêr op iets wat in die dopeling se eie lewe gebeur het. Dit is ‘n getuienis van die dopeling se bekering en geloof. Vir Gereformeerdes wys die doop en nagmaal ons weg van onself. Dit rig ons geloof op Christus se kruis en opstanding - sodat die sakramente gesien kan word as “sigbare evangelieverkondiging.”

‘n Ander manier om hierdie onderskeid te stel, is om te sê dat, vir Gereformeerdes, ons geloof op die sakramente rus en nie andersom nie. Die krag en betekenis van die sakramente berus nie op ons geloof (en geloofsbeleving) nie; ons geloof word gebou op en versterk deur die krag wat die sakramente in hulleself het as middele waardeur die Heilige Gees werk. Daarom is daar ook in die Gereformeerde sakramentsbediening ‘n sekere soberheid en ‘n bedagtheid daarop om doelbewuste emosionele beleving na te jaag. Aan die ander kant: Omdat Gereformeerdes ontken dat die krag van die tekens in hulleself lê, wys ons die gedagte dat die tekens “op sigself”, feitlik outomaties, sou kon werk af. Omdat die krag van die tekens buite hulleself in Christus lê, is hulle gerig daarop om ons op te wek tot geloof in Hom. Wie nie glo nie, ontvang daarom nie die betekenis van die tekens nie omdat so iemand nie deel het aan Christus nie (vgl NGB Art 35).

3.2.5 Liturgie



Liturgie is ‘n uitdrukking van hoe ‘n kerk die evangelie verstaan. Daar kan dus verwag word dat verskillende geloofstradisies hulle liturgie ook verskillend sal inklee. Dit word ook soms in die boustyl van hulle kerke gereflekteer.

Die Gereformeerde tradisie is ‘n “**hoor-tradisie**” en plaas groot klem op die lees en uitleg van die Bybel. ‘n Mens kan dus verwag **dat prediking** - kontekstuele Skrifuitleg - ‘n **sentrale moment** in die erediens sal wees.

Dis egter nie die enigste manier om die Bybel “aan die woord” te stel nie: Liedere, gebede en getuienisse versterk die rol van die Bybel. Die sakramente met tekens van water, brood en wyn is ook “sigbare Woord”. Die belydenisse en belydenisskrifte stem met die Woord ooreen, en behoort integraal deel van elke erediens te wees.

Weens ons oorsprong is Gereformeerdes effe huiwerig vir 'n oormatige fokus op rituele, simbole, en beelde. Waar sulke simbole (bv. kruise, kanselklede aangepas by die kerklike jaar) of rituele (salwing, uitsending) egter op visuele manier die Woord bevestig en versterk, pas dit in die groter geheel dat God hier met sy kinders op verskillende maniere praat.

Verantwoordelike liturgiese vernuwing – wat byvoorbeeld ander begeleidingsinstrumente en nuwe liedere in die idioom van die tyd betref – is wesenlik deel van die *semper reformanda* (voortgaande reformasie) en moet aangemoedig word sonder prysgawe van liturgiese middele wat die toets van die tyd deurstaan het.

Ter wille van 'n groter identiteit en eenheid, aanvaar Gereformeerdes dat die ontmoeting met God uit 'n paar kernelemente bestaan. Die lesing van die wet, skuldbelydenis, genadeverkondiging, voorbidding, lofprijsing (en ander dimensies) ontvang dus elk 'n gepaste plek in die erediens soos deur die Skriflesing vereis. Vaste formuliere en *credo's* is nie dwangbuisse nie, maar is juis daar om aan ons verband met mekaar en die groter ekumeniese kerk uitdrukking te gee.

Gereformeerdes plaas groot klem daarop dat die erediens God vereer. Hierdie ervaring met God moet ons aanspoor en versterk om elke dag in diens van die koninkryk te lewe.

3.2.6 Koninkryk



Gereformeerdes het altyd 'n oog gehad daarvoor dat die Koninkryk groter is as die kerk. God is nie 'n afdelingshoof nie. Hy regeer oor die kosmos. Selfs al is die realiteit van die gebroke wêreld deurgaans teenwoordig, is daar ook orals tekens van die voorsienigheid en sorg van God sigbaar. Gelowiges het die roeping om orals tekens van die Koninkryk op te rig en vanuit die heerskappy van God te leef. Daarom word die begrip roeping nie vir sogenaamde geestelikes gereserveer nie en word arbeid as sodanig as roeping gesien. Met hierdie perspektief in gedagte is die piekniek saam met die gesin nie minder geestelik of minder belangrik as huisgodsdienst nie. Die misverstand dat genade en natuur teenoor mekaar staan, is goed deur die gereformeerde teologie bestry. Die genade staan nie teenoor die natuur nie, maar teenoor die sonde. Dit beteken dat genade die menslike natuur bevry. God wil dus nie hê dat ons al geesteliker word om sodoende ons menswees te onderdruk nie. Deur God se genadige betrokkenheid by ons word ons weer in staat gestel om egte mense te wees. Die Gees bevry ons van selfsug en selfgesentreerdheid en help ons om weer mens tussen mense te wees.

Daar is daarom 'n aardsheid en 'n natuurlikheid wat tipies is van gereformeerde vroomheid. Dit sou tipies gereformeerde wees om jou op 'n verantwoordelike wyse in die genietinge van die lewe te verlustig. Dit kan enige iets wees van 'n piekniek by die dam tot 'n besoek aan die teater of dalk die worsteling om die waarheid by 'n Bybelstudiegroep. Piekniek én preke is nodig en deel van die lewe voor God.

Vir baie mense wat van buite na die gereformeerde tradisie kyk, mag dit voorkom of die klomp gereformeerdes te veel hulle verstand gebruik en te nugter oor die Christelike lewe dink. Dié nugter styl van Christenwees kan waarskynlik aan die beklemtoning van die genade alleen toegeskryf word. Die genade maak mense nie onverskillig nie. Ons verstaan dit dan ook so dat ons onself aan God gee as lewende offers op grond van sy ontferming oor ons. "Wat is meer gereformeerde as die hartstog vir die heerskappy van Christus oor elke duimbreedte van ons werklikheid?" (W Jonker). Paulus verduidelik dan ook vir die gemeentes in Klein-Asië dat die genadige herskeppingswerk van God in Christus beteken dat ons bedoel is om "ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het". Waar genade as genade verstaan word, rol mense die moue op om te werk.

3.2.7 Belydenisskrifte




In die NG Kerk word die standpunt gehandhaaf dat die erkende belydenisskrifte as gesagvolle uitdrukking van die gereformeerde geloofsoortuiging aanvaar moet word omdat (*quia*) hulle met die Woord van God ooreenstem. Hulle het gesag in die saak wat hulle volgens die Skrif wil bely. Die erkenning van die gesag

van die belydenisskrifte sluit nie hulle wysiging en/of aanvulling uit nie, mits dit langs die ordelike kerklike weg van 'n behoorlik getoetste gravamen geskied.

Die NG Kerk besef dat die belydenisskrifte historiese dokumente is wat op meer as een manier die merktekens van die tyd waarin hulle ontstaan het, vertoon. Dié feit kan vir sommige in die kerk 'n struikelblok wees om hulle in die huidige omstandighede heelhartig te onderskryf. Tog is die erkenning van die historiese aard van die belydenisskrifte nie iets wat die gesag daarvan ondermyn nie. Trouens, ons aanvaar dan dat dieselfde verstaanreël vir die Bybel geld. Hoe dan nou anders met die Belydenisskrifte. Juis omdat die kontekstuele verstaan van die Bybel so belangrik is, is die Gereformeerde tradisie die enigste een waarin belydenisskrifte voorkom. Dis kerklike dokumente wat die kernwaarheid van die evangelie op gegewe momente uitspreek om die Bybel so te beaam en versterk. Die *Drie Formuliere van Eenheid* kom uit die Nederlandse Gereformeerde wêreld en in Suid-Afrika is die *Belydenis van Belhar* in 1986 as vierde belydenisskrif van die destydse NGSK (nou die VGKSA) aanvaar. Daar is talle voorbeelde in ons geskiedenis van nuwe geloofsverklarings en belydenisse om dwalinge te bestry en die evangelie vars te laat klink in veranderde omstandighede.


3.2.8 Mensbeeld



'n Sobere lewensuitkyk sou tiperend van Gereformeerdes wees. Soms word dit met 'n sombere lewensuitkyk verwar. Veral die klem op die totale verdorwenheid van die mens word soms buite konteks verstaan as uiters negatiewe mensbeeld. Hierteenoor het gereformeerdes eintlik 'n baie positiewe en realistiese mensbeeld. Jy moet jouself sien soos God jou sien. Dit bring jou by 'n goeie en realistiese selfbeeld.

En wat is dan die inhoud van hierdie kennis van onself? Uit die kennis van God as 'n genadige, regverdige, liefdevolle God, word die gelowiges opgeroep tot die verwondering oor die genade van die verkiesende God. **Juis dit beteken dat ons nie meer aan onself behoort nie, maar aan God.** Daarom word die formulering "ons behoort nie aan onself nie" dikwels in die gereformeerde belydenisse aangetref (vgl ook die antwoord op vraag 1 van die Heidelbergse Kategismus: dat ons nie aan onself behoort nie, maar aan ons getroue Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus). Dit beteken dus verantwoordelikheid en dissipelskap. Dit beteken dat ons met ons nuwe status moet leef as mense wat ook lief het, genadig is en geregtigheid soek.

3.2.9 Verbond



Die begrip "verbond" was nog altyd 'n besonder belangrike en bruikbare konsep om kort en eenvoudig die aard van die verhouding tussen God en mens te beskryf. Die eensydige aard van die verbond as iets wat deur God ingestel is, is net nog 'n wyse om die "genade alleen" te beklemtoon. Die totstandkoming van 'n verhouding tussen God en mens is alleen op grond van sy vrye guns alleen. Die uitwerking wat hierdie verbintenis op die lewe van mense het, bring die aspek van gehoorsaamheid na vore. Daar is altyd twee nie-gelyke partye in die verbond betrokke. Die genadige God roep mense op tot gehoorsaamheid. Verbondsmense wat aan God verbind is, lewe vanuit hierdie verbondenheid 'n nuwe lewe.

4. AANBEVELINGS:GEREFORMEERDE IDENTITEIT

4.1 Die Algemene Sinode aanvaar bostaande uitgangspunte as riglyn vir ons beskouing oor ons Gereformeerde identiteit.

4.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om hierdie dokument deur te stuur na kerkrade vir oriëntasie van die plaaslike bediening.

DIE GEESTEWÊRELD EN BEVRYDING

1. OPDRAG

Besluit van die Algemene Sinode 2002:

Die Algemene Sinode gee opdrag aan AKLAS om 'n studie te maak van die relasie tussen teologie, geloof en tydsgees waarin aandag gegee word aan sowel die hermeneutiese aansluiting as die kritiese konfrontasie. Die implikasies wat dit inhou vir sake soos ons Godsbeeld, mensbeeld, demonologie en wonders, moet aangetoon word.

Die Algemene Sinode gee opdrag aan AKLAS om voort te gaan met die studie oor die bediening van bevryding.

2. DIE PROSES

Die gekose lede van ATLAS (deur die Algemene Sinode in 2004 benoem) het oor die afgelope drie jaar sedert die vorige sitting deurlopend aan hierdie saak gewerk, nadat daar tydens die sinode van 2002 die opdrag gegee is om voort te gaan met die studie oor *Bediening van Bevryding*. Kundiges uit ander dissiplines is daarby gekoöpteer (sielkunde, psigiatrie, mediese wetenskap, gesprekke met beoefenaars van “bevryding”), terwyl die verslag in die verskillende stadiums van vorming aan verskeie teoloë (afgesien van die op ATLAS) voorgelê is vir beoordeling en voorstelle. Ons het in die proses baie geleer by mekaar. Een van die mindere sake wat na vore gekom het (maar tog belangrik is vir verwysing), was die spelling van die verwysing na *geestewêreld* (sonder die tweede s). Ons het geleer dat *geestessteuring* (twee s'e) byvoorbeeld, taalkundig aanvaarbaar is, maar dat mens nie moet praat van *geesteswêreld* nie, maar dus van *geestewêreld*. Binne die terminologie van die psigiatrie is dit 'n belangrike saak.

Intussen is daar ook op Stellenbosch 'n navorsingsgroep op die been gebring om, na aanleiding van die spesifieke bediening van bevryding deur 'n aantal predikante van die NG Kerk in die Boland, te poog om tot groter helderheid te kom oor die saak. Hierdie groep het ook bestaan uit persone van ander dissiplines, wat saam oor 'n tydperk van meer as 'n jaar met mekaar in gesprek was. Konsepte van hierdie verslag van ATLAS – in die verskillende stadia van ontwikkeling – is ook aan hulle voorgelê vir reaksie en kommentaar. Die navorsingsgroep se voorlopige reaksie is ook in hierdie verslag verwerk. Aan die einde van hierdie verslag van ATLAS (sien punt 9) gee ons drie moontlike reaksies weer, wat mens te wagte kan wees as reaksie op die bevindinge van hierdie verslag.

Dit mag interessant wees om kennis te neem van die feit dat hierdie saak al sedert 1986 op die agenda van die Algemene Sinode is, maar tot nog toe nie hanteer kon word nie. Alhoewel die saak in 2002 voor die sinode gediens het, waaruit bogaande opdragte gespruit het, was daar as gevolg van beperking op tyd nie geleentheid om hieroor by die sinode van 2004 verslag te doen nie. Die persone wat as die Algemene Sinode se Taakspan vir Leer en Aktuele Sake hierdie verslag aan die sinode voorlê is die volgende:

Prof PJ Naudé

Prof SA Strauss (het intussen ge-emeriteer)

Dr A Cilliers

Dr JD Kirkpatrick

Dr BJ du Toit (sameroeper)

Dr JJ Gerber (ampshalwe)

Dr WJ Botha (sekretaris/skriba)

(Dr T Badenhorst was sekundus, maar het na Japan vertrek)

3. INLEIDING

3.1 SENSITIEWE AARD VAN DIE ONDERWERP

Wanneer oor die *geestewêreld en bevryding* gepraat word, het dit die potensiaal om uit te loop op 'n baie emosionele gesprek – deels die rede hoekom hierdie saak sedert 1986 nog nie bevredigend deur die sinode hanteer kon word nie. Die redes daarvoor is veelvuldig.

3.1.1 Waarskynlik die belangrikste rede hiervoor is die feit dat ons hier te make het met 'n saak wat **nie gemaklik volgens empiriese maatstawwe beoordeel en ontleed kan word nie** (Sien punt 2 hieronder). Dit het te doen met die “onsigbare domein” van geeste, demone, engele en magte “in die lug.” Dit het te doen met verskynsels en ervarings wat deur mense beskryf is/word as “wonderwerke” of “aanvegtinge” of “besetenheid” of “bindinge” of “demonisering.” Daarmee word dan bedoel dat dit iets is ('n verskynsel/fenomeen) wat as onmoontlik beskou word, indien 'n mens dit probeer waarneem of verstaan in terme van

bekende, rasonale, eksperimentele kategorieë. Soms is dit binne die kring van diegene wat hulle met so 'n bediening besig hou dan ook juis belangrik om dit te sien/verstaan as iets wat téénoor die moontlike natuurwetenskaplike waarneming en beskrywing verstaan behoort te word. Juis daarin (volgens sommige) lê die legitimiteit daarvan opgesluit. Die eeue-oue spanning tussen wetenskap en geloof speel hier 'n prominente rol. In sommige kringe sal 'n gebeurtenis (manifestasie/verskynsel/fenomeen) wat onbeskryfbaar is in terme van logiese, rasonale kategorieë, juis as 'n triomf gesien word vir geloof – vir God self – vir werklik outentieke spirituele ervarings. Dit sal dan met woorde beskryf word soos: onnatuurlik, bonatuurlik, onverklaarbaar, buitengewoon – en dus die eintlike saak waaroor dit in die kerk behoort te gaan. En, enige kritiese benadering hierteenoor, ontlok dan somtyds diep emosies.

3.1.2 Dit is verder sensitief van aard, omdat mens soveel **verwysings daarna in die Bybel** vind en hierdie gedeeltes verskillend interpreteer word. Heel dikwels word enige kritiese, ondersoekende houding daarteenoor gesien as kritiek teen die gesag van die Bybel self. Hier is dit natuurlik belangrik om te beseef dat die voorstelling en aard van die geestewêreld alles behalwe eenvormig oor die hele tydspan van die Bybel voorkom. 'n Mens sou kon aantoon dat daar ten minste tussen die tydperk van die vroeë geskiedenis van die Ou Testament en die latere geskiedenis van die OT in hierdie verband duidelike verskille is (sien die verdere teks hieroor). Die geestewêreld van die Nuwe Testament sluit wel weer nouer aan by dié van die later tydperk in die OT (en die tussen-testamentêre tydperk), maar verskil wel weer duidelik van die grootste gedeelte van die OT (sien ook die verdere teks hieroor). Maar, die feit bly staan: Die bestaan en aktiwiteite van die geestewêreld is onbetwisbaar deel van die teologie van die Bybel en enige kritiese beskouing hieroor word om daardie rede in baie kringe van die Christelike geloof as onbegryplik beskou – selfs as 'n aantasting van die integriteit van die Bybel. Terwyl dit dus, andersins, uiteindelik oor die tydperk van die afgelope drie eeue, geleidelik makliker is/was om die wêreldbeeld van die Bybel te vervang met die ontluikende wetenskaplike beskouing oor die heelal (en dus daarvoor die nodige hermeneutiese aanpassings gemaak kon word, sonder om ander gevalle die kern van die Christelike boodskap irrelevant te maak), is die invloed van die kennis van die natuur- en sosiale wetenskappe op die verstaan van die geestewêreld 'n baie moeiliker een om hermeneuties te verreken. Onderliggend aan hierdie saak is dus onontkombaar die kwessie van die gesag en aard van die Skrif.

3.1.3 Enige kritiese gesprek rondom die geestewêreld het verder ook die potensiaal tot hoë emosionele vlakke, omdat die verlossingswerk van Christus in terme van die Nuwe Testament nou verweef gesien word met die stryd teen die Bose (die duiwel en sy magte). Dit lei tot die **skynbare logiese gevolgtrekking dat hierdie geestewêreld noodsaaklik is vir die legitimiteit van die Christelike evangelie**. In die lig hiervan is dit net logies en verstaanbaar dat enige poging tot 'n teologiese heroriëntering ten opsigte van die geestewêreld (genoodsaak deur die beter verstaan van die bevindinge van die wetenskap?), groot emosionele reaksie en felle weerstand sal ontlok. Hier word dan nog boonop gereeld verwys na die manifestasies van die geestewêreld in sy goeie, sowel as negatiewe werkinge, wat tog duidelik (in terme van sommige) as realiteite ervaar word.

3.1.4 Nog 'n aspek wat hierdie saak meer gekompliseer maak, en tot diep emosionele reaksies lei, is die feit dat dit ook te doen het met die wyse waarop ons oor God dink: hoe ons Hom in ons gedagtes sien en wat ons van Hom glo. Vir 'n groot deel van die OT is dit vanselfsprekend dat God die al-oorsaak is van alles wat op aarde (en bokant en onderkant die aarde) gebeur. Die anti-gode is die afgode (werklik of vermeend), maar hulle het nie altyd werklik 'n bepalende invloed op die wel en weë van die mens, die gebeure in die skepping en heelal nie. Hulle is selfs onderdanig aan die God van Israel. Hy hou by tye met hulle vergadering (Ps 82) en raak met hulle in dispuut betrokke (Job 1). God stuur reën en droogte, bring voorspoed én teenspoed, gee lewe én dood, bring vrede/herstel én maak (beveel tot) oorlog. Sy motivering vir sy optrede word grootliks bepaal deur die gedrag van die gelowiges. Lewe hulle goed, word hulle geseën. Lewe hulle sleg, sondig, of ongehoorsaam, word hulle gestraf. As hulle gestraf word, en bid tot God en hulle verootmoedig, dan kan God weer hulle lot verander (2 Kronieke 7).

3.1.5 In die Nuwe Testament is dit egter duidelik anders: God is verantwoordelik vir goeie, terwyl die duiwel en bese die oorsaak is van die kwaad. God kan wel deur die kwaad die goeie laat te voorskyn kom (blindgebore jongman), maar Hy is nie die outeur van die kwaad nie. God is liefde. God is genadig. God wil die goeie. Daar is in baie gevalle geen reglynige verband tussen die gedrag van die mens en die lot wat hulle tref nie (vergelyk die eerste deel van Hebreërs 11 met die laaste deel van die hoofstuk). Alhoewel 'n mens dus vanuit die OT maklik tot 'n welvaarts-teologiese denke kan kom (2 Kronieke 7), is 'n triomfalistiese verstaan van die oorwinningswerk van God, wat sigbaar word in "dinge wat regkom, of beter word," minder moontlik in die Nuwe Testament (vergelyk Paulus se doring in die vlees). Uiteraard het hierdie onderskeiding implikasies vir die verstaan van gebed: wat is byvoorbeeld die beeld van God wat ons het wanneer ons met Hom praat? Hier is diepliggende verskille en daarom ook potensiele misverstande met gepaardgaande emosionele reaksie by gelowiges moontlik.

3.2 VERSKILLENDE BENADERINGS TOT DIE SAAK

3.2.1 'n Mens sou die onderwerp van die geestewêreld (en die sogenaamde bevrydingspraktyke) op meer as een manier kon benader. Dit sou 'n fenomenologiese aanpak kon hê, waarin die realiteit van die voorkoms daarvan bestudeer en ontleed word. Die vraag is dan, aan watter maatstaf of maatstawwe word

dit gemeet? Mens het hier met die moeilike saak te doen dat daar met die getuigenis van mense gewerk word wat bepaalde ervarings waarneem (of ervaar het) en dit interpreteer. Meet (beoordeel) 'n mens dit primêr, of slegs aan die hand van 'n direkte, letterlike lees van die Bybel, wat geskryf is voor die bevindinge van die wetenskap, of meet 'n mens dit (ook) aan die hand van die wetenskap (natuur- sowel as menswetenskaplike dissiplines), wat werk met algemeen aanvaarbare empiriese navorsingsmetodologie? Hierdie ontwikkeling het tog oor die algemeen op vele gebiede ook 'n invloed op ons vertolking van die Bybel. Geeste-ervarings en manifestasies kan nie na willekeur eksperimenteel geskep word binne 'n wetenskaplik gekontroleerde konteks nie. Dit bly dus tot 'n groot mate 'n subjektiewe aangeleentheid wat moeilik beoordeel kan word in terme van wetenskaplike norme. Sou so 'n fenomenologiese aanpak van die saak dus slegs gemeet word aan soortgelyke verskynsels in 'n voorwetenskaplike bron (as maatstaf), sou dit eintlik tot niks anders kon lei as 'n fundamentalistiese standpuntname nie. Daarmee kan nie werklik in gesprek getree word nie, omdat die voorveronderstellings waarop dit berus, aan die een kant, nie op die tafel gesit (kan) word nie, maar ook andersins, omdat dit op geen manier aan enige rasonale maatstaf toetsbaar is nie. In so 'n geval sal 'n mens onwillekeurig eindig by 'n posisie waar mense van mekaar verskil sonder dat daar enige moontlikheid van uitsluiting is.

3.2.2 Die benadering van hierdie verslag is dus anders, meer geskoei op 'n hermeneuties-teologiese vertolking van die Bybelse teks binne die konteks van die moderne tyd – in die lig van die totale spektrum van die moderne geestes- en natuurwetenskappe. Met ander woorde: die psigologie van godsdiens, die insigte van die psigiatrie, die invloed van kultuur en sosio-ekonomiese kontekste, sal in berekening gebring moet word indien 'n mens 'n verantwoorde beoordeling van die *bediening van bevryding* wil maak.

3.2.3 Dit is waarskynlik so dat daar in die jongste verlede in ons kerk se teologiese arbeid en nadenke oor spiritualiteit min aandag aan hierdie sake gegee was, en dat ons gebrek aan konsekwente teologies-hermeneutiese besinning oor die geestewêreld en die manifestasies van buitengewone gebeurtenisse (dikwels as wonders vertolk) in baie gevalle tot onbeholpenheid met die beoordeling daarvan gelei het. Mens sou selfs kon aantoon dat daar 'n mate van vermyding is van die onderwerp, doodeenvoudig omdat ons nie weet hoe om daarmee te maak nie. Hieruit blyk dit dan ook dat ons dikwels intussen self skuldig is aan die deurgee van dubbele boodskappe (ons is wel bevry, maar, pas op vir die duiwel wat van jou besit kan neem!) en daarom in die verleentheid is om mense met sodanige probleme (konsekwent) te help (later meer hieroor).

3.2.4 Dit is daarom aan die begin belangrik om dit duidelik te stel dat, wanneer hier vanuit 'n teologies-hermeneutiese aanpak gedink en geredeneer word (en die “stem” van die relevante wetenskaplike dissiplines daarmee in berekening gebring word), dit nie beteken dat fundamentele standpunte van die Christelike geloof opgeoffer, of gerelativeer word nie. Derhalwe moet dit duidelik gestel word dat daar in hierdie verslag

1. **nie** in enige opsig twyfel uitgespreek word oor die almag van God, en veral die feit dat, indien dit so in sy wil bestaan, by Hom niks onmoontlik is nie - intendeel;
2. **nie** op enige manier deur wat hier gestel word 'n verskraling van die evangelie tot gevolg het nie - intendeel;
3. **op geen manier** die werklikheid van boosheid en kwaad in die wêreld en veral in mense individueel en korporatief ontken word nie - intendeel;
4. **nie** 'n “nuwe soort” naturalisme bepleit word, asof God nie meer beheer het, of hoef te hê in die ontwikkeling van gebeure nie - dat die natuur sy gang volgens wetmatighede gaan sonder moontlike intervensie van God nie en Hy dus verder “oorbodig” is nie;
5. **nie** 'n nuwe soort van panteïsme bepleit word, asof God in die “dinge” herken en erken kan word en as sodanig aanbid kan word nie. Die “transendensie” van God, as sy wesensbestaan buite die heelal en beperkinge van ruimte en tyd, word in alle opsigte gelowig erken;
6. **nie** die gesag van die Bybel in enige opsig op die spel geplaas wil word nie (miskien wel 'n beskouing daarvan), intendeel;
7. **nie** 'n nuwe soort van “ont-mitologisering” van die Bybelse teks voorgestaan word nie, maar die aard en konteks van die teks juis ernstig opgeneem en eerbiedig word.

4. VOLLE SPEKTRUM VAN DIE WETENSKAP BETREK

4.1 In teenstelling/vergelyking met die gekose benadering hierbo gestel, kan dit duidelik aangetoon word dat die verrekening van die inligting en kennis van die **totale spektrum van die wetenskap** (die dissiplines van die *natuurwetenskap*, **sowel** as die *menswetenskappe* - filosofie, psigologie, sosiologie, antropologie en die volle spektrum van die mediese wetenskap) tot nog toe nie altyd konsekwent toegepas is met die vertolking van die Bybel in die kerk, as dit by hierdie saak van bevryding kom nie.

4.2 Daar is in die verlede, en tans, wel **gepoog** om die insigte van die wetenskap te verreken met die vertolking van die Bybel oor verskeie sake, soos byvoorbeeld die vrou en die hoed in die erediens, die vrou in die amp, kinders aan die Nagmaalstafel, aborsie en die huidige debat rondom homoseksualiteit. Maar

nie wanneer dit by sake kom soos die *geestewêreld*, *geestelike oorlogvoering*, en die daaruit voortvloeiende “bevryding” van die binding van bose magte en demone/duiwels nie.

4.3 Ons vertolk en verstaan verskynsels van liggaamlike- en geeste-siektes soos beskrywe in die tyd van die Bybel (toe dit moontlik gesien kon word as die gevolg van ‘n spirituele stryd en die uitwerking daarvan op mense, selfs somtyds as straf op sondes, of verkeerde keuses, of ongehoorsaamheid aan God) nou tog meestal anders, te danke aan die mediese navorsing, die psigologie en die psigiatrie. Daar is vir die meeste van hierdie verskynsels nou medisyne (soos aspirien vir pyn en antibiotika vir infeksies, antidepressante en medikasie wat chemiese wanbalans kan herstel in die geval van gedragafwykings en gedragsteurings) en terapeutiese prosesse, sowel as psigiatriese name vir hierdie kondisies.

4.4 Ons interpreteer vandag natuurverskynsels soos aardbewings, storms en rampe vanuit ons kennis van wat ons weet van aardkors-breuke, klimaatstoestande, weerstelsels – in terme van oorsaak en gevolg, en nie soos in die Bybelse tyd (natuurlik verskillend verstaan op verskillende stadiums in die ontstaansgeskiedenis van die Skrif) toe dit dikwels direk herlei is na God se dramatiese ingrype deur/in die natuur as straf op sonde, of die ongehoorsaamheid van sy volk nie (vergelyk Salomo se aangrypende gebed met die inwyding van die tempel 2 Kronieke 6 en 7).

4.5 Ook dieselfde vertolkings-prosesse behoort van toepassing te wees op die belydenisskrifte. Dit word dan ook juis gereflekteer in die besluite van die Algemene Sinode van 2002 en 2004 oor die interpretasie van belydenisskrifte, spesifiek met die verwysing na Art 36, waarin die Kerk en Staat verhouding vanuit die 16-17de eeuse Europa herinterpreteer word vir ons huidige konteks (later meer hieroor).

4.6 Om nou te illustreer hoe ons wetenskaplike kennis ons vertolking van die Bybel beïnvloed, neem ons as voorbeeld die vertolking van Josua 10:12-14. Daar versoek Josua God dat die son sal stilstaan in Gibeon en die maan in die laagte van Ajalon, sodat die stryd teen die Amoriete afgehandel kan word. Die vraag is nou of ons in hierdie Skrifgedeelte ‘n akkurate beskrywing het van ‘n natuur-wetenskaplike (soos ons dit vandag verstaan) gebeurtenis? Moet dit nie eerder verstaan word as ‘n oorvereenvoudigde en (vir ons vandag) simplistiese beskrywing deur ‘n mens van daardie tyd (binne die raamwerk van sy heelal-beskouing), om ‘n bepaalde werklike ervaring van God se betrokkenheid in die geskiedenis van sy volk te beskryf nie?

Vandag weet ons dat die son (ten opsigte van die aarde) in elk geval stilstaan. Dit is die aarde wat om die son wentel en om sy eie as draai (vir die ervaring van dag en nag). Om die ervaring te kon hê dat die son “stilstaan” sou dit ten minste moes beteken dat die aarde tot stilstand moes kom. Maar, hierdie kennis (van die draaiende aarde) het eers binne die Christelike geloof bekend geword in die tyd ná Copernicus en Galileo, aan die begin van die tydperk van die moderne natuurwetenskap, toe dit “ontdek” is. In Josua se tyd het hulle dit nog nie geweet nie. Om die son “te laat stilstaan” sou beteken dat die aarde moes ophou draai. Die aarde draai by die ewenaar teen ‘n spoed van 1600 kilometer per uur. Die gevolge van so ‘n stilstand, of selfs ‘n geleidelike ophou van die draaibeweging, sou tot gevolg hê dat die voorwerpe daarop soos missiele van die oppervlakte van die aarde in die draai-rigting sou aanhou beweeg, wat tot grootskaalse verwoesting sou lei. Om dit dus werklik te kon laat gebeur, sodat dit sou lyk asof die son stilstaan (besef ons vandag), sou die opheffing van ‘n enorme klomp bekende, baie ingewikkelde natuurwette en kragte verg, veral as dit nie tot ‘n totale katastrofiese ramp moes lei nie.

Gestel ons aanvaar dat dit tog wel vir God moontlik is om so iets te doen (dat dit beleef sou word dat die “son stilstaan”), is dit ‘n vraag oor hoe dit vandag op mense se ore sou val as (byvoorbeeld) die moderator van die Algemene Sinode ‘n dag sou uitroep waarop hy saam met en namens die hele kerk in gebed God se hulp oor ‘n bepaalde saak vra, en God dan versoek om die son vir ‘n uur te laat stilstaan as ‘n teken van sy guns oor ons. So ‘n oproep sal van alle intellektuele integriteit beroof wees en deur niemand as regdenkend ervaar word nie. Die vraag is dus nie of God as sodanig so iets **kan** doen nie, maar of Hy inderdaad dit sou doen.

Hoe ons dus oor hierdie beskrywing van Josua moet dink, sal bepaal word deur die toepassing van ‘n vertolkingsproses waarin ook met huidige kennis (komende uit die resultaat van inligting uit die wetenskap) rekening gehou sal word, om sodoende daarvandaan by die teologiese waarde van die betrokke Skrifgedeelte uit te kom.

Dit gaan hier dus nie oor ‘n teologiese relativering van die Bybel en sy gebruik nie. Die teks moet verstaan word teen die agtergrond van die wêreldbeeld waarin dit ontstaan het, terwyl die blywende teologiese betekenis van ‘n bepaalde gedeelte van die Bybelse geskiedenis bepaal word – maar dan deur ‘n langer en moeisamer vertolkingsproses as wat ons somtyds bereid is om aan te pak.

4.7 So moet die beskrywe ervaring van Josua (en die beriggewing daarvan) ernstig opgeneem word as ‘n (geloofs-) ervaring van God se (selfs kosmiese) betrokkenheid by die spesifieke lewenstryd van sy kinders.

Heel waarskynlik (trouens, hieroor is daar by min historiografe twyfel) is hierdie gebeurtenis opgeteken baie jare nadat hierdie oorlog plaasgevind het en het ons hier te doen met die op skrif stel van

oorleweringe. Ons kan egter nie agter die beriggewing van die teks gaan terugvra na die “ware” gebeurtenis nie, aangesien ons nie daartoe toegang het nie en dus nie oor daardie inligting beskik nie. Ons kan natuurlik probeer – en dit word dan ook deur die histories-kritiese ontledings gedoen – en met insette van die groeiende kennis van die antieke wêreld. Maar, soos in hierdie geval, is dit onwaarskynlik dat ons vanuit hierdie beskrywing ‘n natuurwetenskaplike gevolgtrekking kan maak.

4.8 Dit is egter interessant dat mense van ons tyd somtyds (dalk amper sonder uitsondering) sonder enige kritiese ingesteldheid hierdie gedeelte sal lees en dit letterlik net so aanvaar. Predikante sal byvoorbeeld in ‘n preek kritikeloos die Bybelse gegewens gebruik en daarmee hierdie letterlike persepsie en interpretasie bevestig.

4.9 Maar, by baie van ons mense skep so ‘n hantering van die Bybel probleme. Nie omdat hulle ongelowig is, of krities, of moedswillig nie. Ons wetenskaplike ingesteldheid en bewussyn vra egter om ‘n verklaring. ‘n Letterlike verstaan van die gegewens soos dit daar staan is doodeenvoudig nie logies aanvaarbaar nie. Nie omdat God onmagtig is nie, maar juis uit respek vir die wetmatighede wat God self (so glo ons tog) geskep het.

Tog, in ‘n geval soos hierdie kan ons ook nie ‘n bevredigende wetenskaplike verklaring gee nie, omdat die teks hom nie daartoe leen nie. Wat ons wel kan doen, is om dit te her-interpreteer vanuit ‘n geloofsvisie op hierdie bepaalde situasie, soos wat dit ervaar en beskryf is. Met ander woorde, dit maak nie die teologiese strekking van hierdie gedeelte as gevolg daarvan onwaar of onbruikbaar nie. Ook moet ons hierdie beskrywe ervaring nie simbolies probeer interpreteer nie. Ons moet die ervaring wat die Bybel beskryf ernstig opneem. **Die teks moet gerespekteer word.** In ons beoordeling en toepassing van Josua 10 sal ons vandag egter nie op ‘n parallelle wyse op presies soortgelyke kosmiese tekens wil staatmaak vir ‘n bepaalde militêre oorwinning nie. Dit neem egter niks weg van die feit dat ons God se betrokkenheid by ons wel en weë kan sien en ons daarvoor kan verwonder nie.

5. ‘N INGEWIKKELDE PROSES?

5.1 Sommige sal nou wil sê, maar hoe verduidelik ‘n mens hierdie ingewikkelde proses, om die Bybel te vertolk, aan lidmate? Dit is tog ‘n vermoeiende kognitiewe oefening. Of (sal sommige vra), is die Bybel dan nie ‘n eenvoudige boek, geskrywe vir kinders om te kan verstaan nie? Wat dan van die ou gereformeerde stelling oor die klaarheid (helderheid/verstaanbaarheid) en genoegsaamheid van die Skrif?

5.2 Op hierdie vrae moet natuurlik eerlik geantwoord word dat die Bybel wél ‘n moeilike “boek” is om te verstaan. Dit was nooit bedoel om vir kinders geskryf te wees nie. Daarteenoor is die goeie boodskap van Jesus se lewe (en tot ‘n groot mate, sy leringe) makliker verstaanbaar. In die eenvoud en duidelikheid van die verlossingswerk van Jesus Christus lê die *klaarheid* en *genoegsaamheid* van die Bybelboodskap opgesluit. Maar, die Bybel self (in sy geheel) is ‘n komplekse boek. Baie gedeeltes is heel eenvoudig verstaanbaar - juis geskryf in ‘n verhalende vorm, sodat dit deur middel van illustrasies duidelik verstaanbaar sal wees (vergelyk sommige van die gelykenisse van Jesus). Baie gedeeltes is egter nie maklik om te verstaan nie.

5.3 Ook hou die protes téén ‘n gekompliseerde hermeneutiese proses glad nie water wanneer mens in ag neem hoedat ons dit al jare lank wel ten opsigte van iets soos byvoorbeeld die ontwikkeling van die Sondag as die dag van die Here in plaas van die Sabbat, doen nie. Al vir jare lees ons sonder enige kommentaar die Sabbatsgebod uit Exodus 20 of Deuteronomium 5 aan die gemeente op Sondag voor en aanvaar sonder meer, of laat die suggestie in die gemeentelede se midde, dat hierdie lesing nou van toepassing is op die Sondag van vandag. Indien ‘n mens dit egter wil verduidelik verg dit werklik ‘n komplekse teologiese verklaring wat glad nie direk en duidelik in die Bybel self af te lees is nie.

5.4 Indien ons dus gevra sou word om dit te verduidelik, sou ons dit natuurlik aan die hand van ‘n teologies-hermeneutiese proses doen. Ons sal verduidelik dat die Sondag die eerste dag van die week is en dat dit waarskynlik terug herlei kan word na die viering van die opstanding van Jesus op die eerste dag van die week. En so sal die argument verder gevoer word met die komplikasies wat dit het vir Christene. Besef ons egter hoe gekompliseerd hierdie verduideliking is? Besef ons dat mense dan sou kon vra, maar hoekom dan nou hierdie lang en ingewikkelde verduideliking net om vir ons te sê dat die Sabbats-gebod nie meer so geldig is soos wat dit in die Ou Testamentiese tyd was nie (of nog steeds vir die godsdienstige Jode vandag), terwyl ons geen sodanige verduidelikings gee vir die ander geboie nie, soos byvoorbeeld die belofte van ‘n lang lewe indien mens jou ouers respekteer? Glo ons werklik dat ons ‘n langer lewe sal hê indien ons ons ouers respekteer (eer)?

5.5 Met ander woorde, ons is al van lankal af (tereg) besig om met baie ingewikkelde denkprosesse ons lidmate te probeer help met hermeneutiek ten opsigte van baie gedeeltes en gedagtes en uitsprake in die Bybel. Talle ander voorbeelde is moontlik, soos die dra van die hoed (hoofbedekking) van ‘n vrou in die erediens, die vrou in die amp, slawerny, ens. Wanneer hier dan nou om ‘n verdere konsekwente hantering van die hermeneutiese proses gevra word, mag ons nie vir die kompleksiteit daarvan wegskram nie.

6. VOOR-WETENSKAPLIKE KONTEKSTE JUIS ANDERS AS MODERNE, WETENSKAPLIKE KONTEKS

6.1 Mens hoor dikwels hoedat predikante vanuit die Ou Testament tereg met groot oortuiging die betekenis van die teks vir ons vertolk met inagneming van die groot afstand wat daar tussen ons (vandag) en die teks is (of die verskil tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament). Hierdie afstand (of kloof) het te doen met die verskil in kontekste wat verreken moet word. Dan sal die prediker egter ook somtyds verklaar: “Maar, nou kom ons by die Nuwe Testament, die tyd van die kerk: **Nou kom ons by ons.**”

6.2 In so ‘n geval sal die predikant dan, sonder om die 2000 jaar verskil tussen ons en die Nuwe Testament te verreken, voortgaan met die uitleg en toepassing van die Skrifgedeelte, asof Jesus in ons tyd geleef het – asof Hy in ‘n tyd geleef het toe daar oor sake van die dag op dieselfde manier as vandag gedink word, veral wat die geestewêreld aanbetref. Dit moet net logies volg dat hierdie soort van hantering van die Bybel by mense binne ‘n moderne konteks op die lang duur konflik sal skep ten opsigte van die konseptuele vorming van die realiteite van die lewe en die geloofwaardige hantering van die Bybel. Die een oomblik is die konteks belangrik, net om die volgende geval totaal geïgnoreer te word. Dit is daarom nodig dat ons mekaar voortdurend daaraan sal herinner dat die **hele Bybel** in ‘n andersoortige kultuurkleed na ons toe kom.

6.3 Intussen leef ons ook nog binne die konteks van Afrika waarin daar ‘n sterk tradisionele geloof bestaan in die spirituele wêreld van die geeste van die voorvaders, en ook van bese geeste wat ‘n invloed op die lewens van die Afrika-mense het. Wat die saak nog moeiliker maak, is die feit dat hierdie voor-wetenskaplike konteks van Afrika groot ooreenkomste toon met die pre-moderne (voor-wetenskaplike) konteks van die Bybel. Ons moet ons daarom nie verbaas dat dit vir mense wat sodanig kultureel-gekondisioneer is vanselfsprekend is om in hierdie werklikhede te glo – en direk (met ‘n direkte letterlike lesing daarvan) daarby aansluiting te vind nie. Dit is dan ook hoofsaaklik die konteks waarin die grootste groei in Christelike geloof vandag voorkom, in Afrika, Suid-Amerika en die Ooste. Vir die mense wat daar lewe is dit ‘n realiteit. Hulle beleef en sien dit elke dag.

6.4 Maar, terselfdertyd het dit daarom op enigiemand anders wat **nie daarin (voorvaders, bese geeste, tokkelos, ensovoorts) glo** nie, geen invloed nie, juis **omdat so ‘n persoon nie daarin glo** nie. Daarom sou sommige mense byvoorbeeld by ‘n tradisionele woning van ‘n Afrika-mens kan inloop, waarin daar geestebedrywighede aangemeld word, sonder dat dit enige effek op so iemand het. Dit is omdat hy/sy nie daarin grootgeword het nie, nie daar geleef het nie en dus nie daarin glo nie. Terwyl dit vir iemand uit daardie betrokke gemeenskap ‘n vreesaanjaende en traumatiese ervaring kan wees – en daar dan ook inderdaad bepaalde gedrags-manipulering by die mense opgemerk word, sou dit andersins op iemand vanuit ‘n ander (meer wetenskaplike) konteks geen effek hê nie.

6.5 Dit bied ‘n baie groot uitdaging aan die kerk om die inhoud van ons Christelike geloof op so ‘n wyse te verwoord, dat ons tegelykertyd die invloed van die wetenskaplike tyd op ons denke en kennis in berekening bring, terwyl ons ook die diepge wortelde spirituele geloofs-konteks van die Afrika-mens in ag neem.

6.6 Wat nou egter waar is van die Afrika-konteks (hierbo genoem) is eweneens waar van die konteks van baie tradisionele Christene: Ons laat ons in ‘n groot mate nog steeds in ons spirituele persepsie lei deur ‘n voorwetenskaplike kennis-raamwerk. Soos reeds gestel, word die groot afstand tussen die Nuwe Testamentiese tyd en ons tyd dan nie konsekwent in berekening gebring nie. Die kompleksiteit van die saak word nog verder onderstreep as ons in aanmerking neem dat ons in Suid-Afrika (soos ook in baie ander lande) leef in ‘n vermenging van kulturele en godsdienstige kontekste, asook tydvakke.

6.7 Dit sou dus ‘n fout wees om sonder meer aan te neem dat lidmate van kerke wat vanuit ‘n Europese geskiedenis kom (soos die meerderheid mense in die NG Kerk en ander hoofstroomkerke), nie ook pre-moderne geloofskonsepte het nie. Veral wat ons godsdienstige konsepte betref, is dit so dat dit nog tot ‘n groot mate beheers word deur ‘n voorwetenskaplike denkraamwerk (in kerk op Sondae), terwyl ons alreeds binne die konteks van die moderne en laat-moderne (sommige praat daarvan as postmoderne) tyd te doen het met die volle impak van die rasionalisme (buite die kerklike konteks).

6.8 In ‘n sekere sin bly dit dus vreemd (en bevat dit inherent die potensiaal tot verwarring en konsepsionele konflik) dat ons in hierdie diffuse tyd juis nie die volle impak van al die wetenskaplike dissiplines verdiskonteer in ons teologiese denke nie. In ‘n sekere sin is dit ook van ons waar dat ons ons kinders grootmaak met die konsep dat dit “die duivel agter hulle ore” is wat vir hulle die kwaad influister en tot ongehoorsaamheid en sonde aanhits. Juis hierin bestaan die gevaar dat ons hierdie gefikseerde aandag vir die rol van die bese as die spirituele vyand dikwels kan laat dien om ons eie verantwoordelikheid vir ons daade te ontduik. Soos iemand dit hierteenoor reguit gestel het: “Die duivel is ‘n *cop out*.” Die bese is veel subtieler, veel gevaarliker. En ons individuele, maar ook korporatiewe verantwoordelikheid daarvoor word maklik en gevaarlik afgeskaal na ‘n “kultiese figuur in die lug.” Eintlik negeer dit die werklike, ingrypende diepte van die bese en die mag wat dit oor ons het – en ons eie verantwoordelikheid om die gevolge daarvan konstruktief aan te spreek.

6.9 Dit is opvallend dat ons dikwels, wanneer ons “godsdienstig dink,” met ‘n sterk **onderskeid tussen natuur en bo-natuur** (*super natural*) werk. Ons sal praat van die **wêreld** teenoor **die kerk**, waarmee ons

dan die wêreld in 'n negatiewe verband aandui, terwyl die kerk te doen het met die bo-natuurlike, met God se dinge. Mense praat maklik van die **wêreldse as die duiwel se domein**, terwyl die **bo-natuurlike (hemelse) die woonplek van God** is.

6.10 Alhoewel dit in 'n sekere mate af te lei is uit die gegewens van die Nuwe Testament, is die onderskeid wat hier in die praktyk vandag getref word tussen **natuur(like) dinge** teenoor **spirituele dinge** nie meer houdbaar nie. Dit skep ongelukkig verwarring. Want die punt is: Indien ons die belydenis van God as Skepper van hemel en aarde (wat dus die hele heelal insluit) ernstig opneem, en dus daarmee bedoel dat God inderdaad die Skepper is van ook die magte en kragte wat die skepping in- en uitmekaar hou; dat God die totale werking (en ook die onderhouding daarvan) presies so geskep het soos dit bestaan – is die vraag nou: hoekom is die mens dan geneig om God juis te wil gaan soek (in sy openbaring) daar waar dinge gebeur wat téén die natuur ingaan (of bo die natuur uitgaan)? Hoekom (dus) word God gesien in verband met sg bo-natuurlike dinge en ervarings, terwyl ons skepties staan teenoor die moontlikheid van God se werking in die natuurlike? Het dit iets te doen met die teologiese *natuur versus genade* denkkonstruksie?

6.11 Om dit anders te stel: Indien God die natuurkragte gemaak het (waarvan die mens as deel van die energie-sisteme ook tog in ons samestelling deel is), hoekom sou Hy verkies om Hom net (of hoofsaaklik, of eintlik) te openbaar daar waar dit (oënskynlik) téén die natuur ingaan, of bo die natuur uitgaan? So word geloofsgenesing, byvoorbeeld, gesien as die eintlike goddelike manier van genesing, terwyl die ingrepe vanuit die geneeskunde en psigiatrie nie herken en erken word as net so 'n wonderbaarlike ingrepe (handeling) van God wat in die verloop van die menslike geskiedenis moontlik geword het nie.

6.12 Hierdeur bring ons dringende vrae na vore, soos: *Dink* ons nie God hierdeur te “klein” nie? Beperk ons Hom nie daardeur tot “slegs” die dinge wat ons (die mens) nie kan verstaan nie (natuurlik, kan mens logies vervolg: “tot tyd en wyl die mens dit ook verstaan en God dan daarin nie meer gesien hoef te word nie”)? Met ander woorde, ons beperk God tot die dinge van die onbekende. Maak ons nie daardeur sy almag te beperk nie? Maak ons nie juis daardeur God se alomteenwoordigheid problematies nie? Asof God nie oral in al hierdie magte en kragte teenwoordig is nie. Asof Hy, as die bron van energie, dus ook nie in die duisende energieveldte teenwoordig is wat ons elke oomblik omring nie?

6.13 Wat nou natuurlik **nie** beteken dat God nie ook méér as die natuurmagte en energieveldte is nie, of ook juis buite dit uniek in sy wese is nie. **Ons glo daarom ook dat die werklikheid meer is as wat die wetenskap in alle dissiplines weet.** Dit sal die wetenskap self ook erken. Dit is juis die kenmerk van geloofwaardige wetenskaplike uitsprake, dat dit voortdurend aan die toets van falsifikasie (vergelyk die bekende teorie van Karl Popper) onderworpe is. Ook vir die wetenskap is die totale werklikheid meer as wat op 'n gegewe stadium in 'n bepaalde teorie, of bevinding, verwoord kan word. So verstaan ons God ook as meer as die natuurwette en magte – as meer as energie self. Juis daarin is die uniekheid van God geleë.

6.14 Daarom kan ons God ook nie weer tot die natuurkragte soos ons dit vandag ken, beperk nie. Juis omdat ons deur die begrensing van ons kennis beperk word, beteken dit dat daar méér is as wat ons weet – daar is nog veel méér “anderkant” hierdie grense. Hier is dus nie sprake van 'n soort van panteïsme of beperking van God tot die natuurlike, tot bloot 'n bron van energie nie. **God is groter as al hierdie “dinge”, maar juis daarom ook nie téén hierdie “dinge” wat Hy gemaak het nie.** Miskien kan ons dit nou nog net nie altyd mooi insien nie, of verstaan ons (wetenskaplik gesproke - hier werklik die wetenskap in sy volle spektrum bedoel) realiteite, of verskynsels nog net nie mooi nie, weens ons beperkte kennis.

6.15 Intussen kan ons darem talle gevalle aandui waarin die ontdekkings en bevindinge van die wetenskap ons 'n **ander en nuwe insig** gegee het oor bepaalde sake, as die insigte wat ons voorheen gehad het op grond van ons voor-wetenskaplike kennis. Die vraag is juis of ons konsekwent handel met hierdie insigte en dit behoorlik integreer in ons hermeneutiese proses.

7. GEESTELIKE OORLOGVOERING EN DIE BELYDENISSKRIFTE

7.1 Dit is tog betekenisvol dat daar in geeneen van die ekumeniese geloofsbelydenisse (Twaalf Artikels, Geloofsbelydenis van Athanasius of die Geloofsbelydenis van Nicea), asook die langer belydenisskrifte van die Drie Formuliere van Enigheid (Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis of Dordtse Leerreëls) positiewe geloofsartikels is waarin dit gestel word dat ons in die duiwel glo nie. Ons glo wel in God (Drie-enig), aan die Kerk, aan die vergifnis van sonde, aan die Ewige Lewe, ens. Maar nêrens word dit gestel dat ons aan die Satan glo op dieselfde positiewe manier as dat ons in God glo nie.

7.2 Daar is Christelike kerke wat deesdae dit as 'n addisionele geloofsartikel in hulle belydenisse het dat hulle aan 'n persoonlike duiwel glo. In ons tradisie, maar ook in die ekumeniese Christelike kerk, is dit egter nie 'n positiewe punt van belydenis nie.

7.3 Dat daar wel in ons belydenisskrifte oor die bose gepraat word, is so. In die NGB art 12 word byvoorbeeld verklaar waar die bose magte vandaan kom. So word daar gestel:

Artikel 12: Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedge-dink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en

*Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien. Sommige van die engele het uit die verheuenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly. **Die duiwels en bese geeste het so ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is.** Soos moordenaars loer hulle op die kerk—ook op elke lidmaat—om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.*

En in die HK, wanneer daar oor die Onse Vader gehandel word, word dit soos volg verklaar (vraag 127): *En lei ons nie in die versoeking nie maar verlos ons van die Bese. Dit is: Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duivel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk sodat ons teen hulle sterk weerstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie totdat ons eindelijk die oorwinning ten volle behaal.*

7.4 Baie duidelik word hier dus ook uitgegaan van 'n aanvaarde konsep van 'n eksterne bese mag, bese gees of duivel, wat aanvalle op die mens maak in 'n poging om hom onder sy heerskappy en verdorwe invloed te kry. Hoe moet ons dit vertolk? Hierop moet ons twee belangrike aanmerkings maak.

7.4.1 In alle gevalle waarin die bese aangedui word, word dit (soos in die bybelse teks) aangedui in terme van die oorwinning van die verlossingswerk van Jesus Christus wat aan die kruis oor hierdie magte behaal is.

7.4.1.1 Daarom kan Paulus triomferend aankondig dat niks (ook geen bese magte) ons van die liefde van God in Christus skei nie (Rom 8:31-38). Weliswaar loop die duivel nog rond soos 'n brullende leeu om te kyk wie hy kan verslind (volgens 1 Petrus 5:9-11), maar die oorwinning is haalbaar deur God wat hulle sal oprig, moedig, sterk en standvastig maak. Kortom: In Christus se heilswerk word die bese vir ewig verslaan, die dood (as die finale greep van die bese oor die mens) word deur die opstanding oorwin en is alle gelowiges se toekomstige deel (Heb 2:14-15).

7.4.1.2 Omdat die oorwinning oor die bese voorop staan in ons Christelike tradisie (as 'n positiewe boodskap van hoop en bevryding) bely ons nie ons geloof aan 'n persoonlike duivel op die wyse waarop sommige Christelike kerke dit verstaan en in hulle credo's en belydenisskrifte doen nie. Die bese is egter 'n realiteit wat oral elke dag sigbaar is en ondervind word (later meer daaroor). Maar, dit is oorwin deur God. Dit is juis die goeie nuus (evangelie) van Jesus Christus. Uit genade word ons gered en verlos van die greep van die bese as die gewaarborgde eiendom van God.

7.4.2 Die konteks van die oorsprong van die belydenisskrifte is nog steeds die tydperk voor die invloed van die inligting en kennis van die moderne wetenskap.

7.4.2.1 In die (tyd van die) belydenisskrifte word, net soos in die tyd van die Nuwe Testament, steeds gewerk met die beskouing van die lewe wat sigself afspeel in 'n spirituele stryd tussen God en die duivel. In die Ou Testament is die stryd hoofsaaklik tussen God en die afgode (of God en die gode van die ander volke). Dit is eers in die Nuwe Testament (met sy konteks binne die Grieks-Romeinse wêreld – en beïnvloed deur die Persiese godsdienste in die ballingskap tydperk) dat die stryd aangedui word tussen God en Satan en sy bese magte. Hierdie konsep word om heel logiese en verstaanbare redes kritiekloos net so deur die belydenisse oorgeneem. Die Drie Formuliere van Enigheid (1618-19) word geformuleer in 'n tydperk toe die inligting van die opkomende wetenskaplike tyd nog nie algemeen bekend was nie (Galileo was deur die pous verbied om Copernicus en sy eie bevindinge oor die heelal bekend te maak tot met sy dood in 1642).

7.4.2.2 Daarom behoort ons ook ten opsigte van die belydenisskrifte verantwoordelike hermeneutiek toe te pas – net soos met die Bybelse geskrifte. Dit is uitermate betekenisvol dat die Algemene Sinode van 2002 alreeds vir ons die weg hierin aangewys het toe die volgende besluite aanvaar is:

12.2 BELYDENISSKRIFTE: ONDESKRYWING (551: 11.3) - die Algemene Sinode besluit dat punte 2.5.7.1-2.5.7.3 soos volg gewysig word:

- 1. Punt 2.5.7.1 lees nou: dat ons nie kan ver wag dat die opsteller van die NGB Art 4, destyds al die insig moes gehad het dat die Brief aan die Hebreërs nie deur Paulus geskryf is nie. Al weet ons nie presies wie Hebreërs geskryf het nie, doen dit geensins afbreuk aan ons gelowige aanvaarding van Hebreërs as 'n kanonieke boek nie**
- 2. Punt 2.5.7.2 lees nou: dat ons rekening moet hou met die destydse stand van teologiese kennis, wat in sommige opsigte van ons s'n kan verskil. Wanneer Bybeltekste dus soms, volgens huidige insig, buite verband aangehaal word, stel dit nie daarom die belydenisskrifte op losse skroewe nie. Die saak waarom dit in die belydenisskrifte gaan, is steeds in ooreenstemming met die boodskap van die Skrif as geheel**
- 3. Punt 2.5.7.3 lees nou: dat ons besef dat die NGB Art 36 in 'n totaal ander konteks met betrekking tot die verhouding tussen kerk en staat opgestel is. Tussen ons en die 16e eeu lê die Verligting wat meegebring het dat daar in die moderne tyd 'n onvermydelike skeiding tussen kerk en staat tot stand gekom het,**

waaragter ons nie terug kan gaan nie. Die kerk kan nie vandag meer van die staat verwag om op 'n direkte manier "die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder nie". Desnieteenstaande kan die kerk steeds, op grond van die Skrif, van die owerheid verwag om die publiekregtelike ruimte te skep vir die kerk, ten einde die kerk in staat te stel om die eer van God ook op staatkundige terrein te soek. Die saak waarom dit in Artikel 36 gaan, geld in elk geval vandag nog net soos destyds, naamlik dat alle owerhede onder die oppergesag van God staan.

7.4.2.3 Hieruit is dit dus duidelik dat ons nie kan verwag dat die formulerings van die belydenisskrifte anders kan as om met die kennis van hulle tyd en konteks oor hierdie saak te praat nie. Dieselfde argumente hierbo aangedui, oor hoekom ons vandag anders behoort te dink oor die "geestelike stryd" in die kerk as in die Bybelse tyd, geld ook nou hier ten opsigte van die konteks van die belydenisskrifte.

7.4.2.4 Dit is belangrik om dit duidelik te stel dat die Bybel en die belydenisskrifte daarom nie "verkeerd" of "foutief" is nie. So (byvoorbeeld) behoort die gegewens in die belydenisskrifte wat histories bepaal is (net soos met die Bybel) nie "reggemaak" te word wanneer dit in ons dag oorvertaal word in meer bevatlike Afrikaans nie. Dan word die teks nie eerbiedig nie. As art 4 van die NGB dit stel dat Hebreërs deur Paulus geskryf is en die Pentateug deur Moses, behoort daar nie met 'n vertaling gepoog te word om hierdie gegewens reg te stel in terme van ons latere kennis hieroor nie. Dit sou die teks van die dokumente geweld aandoen. Die konteks van hierdie geskrifte, as dokumente wat ontstaan het in 'n voor-wetenskaplike tyd moet egter net in die hermeneutiese proses eerbiedig en verantwoordelik verreken word. Daarom is dit nog steeds betroubare geskrifte, aangesien dit die skopus van die evangelie betroubaar verwoord en aan ons in ons tyd oordra. Dit stel die blywende, fundamentele belydenisse van die Christelike geloof bo enige twyfel, terwyl die historiese verpakking waarin ons dit ontvang het, verantwoordelik gehanteer behoort te word.

Wat dus wel belangrik is, is dat ons ten opsigte van hierdie geskrifte verantwoordelike hermeneutiek sal toepas, terwyl die teologiese betekenis daarvan bo twyfel gestel word.

8. BOOSHEID HIERDEUR NIE ONTKEN OF GERINGGESKAT NIE

8.1 Dikwels word hierdie kritiek gesien as 'n poging om die verskynsel van boosheid as sodanig te wil ontken. Dit is egter nie die geval nie. Intendeel. Wie kennis neem van die destruktiewe uitwerking van die boosheid in mense wat tot uiting kom in jaloesie, hebsug, magsug, psigopatie, woede en haat, wat weer op groter skaal kan lei tot geweld en anargie, tot allerhande bese egosentriese vergrype soos diefstal - korrupsie en die uitbuiting van mense, die aantasting van hulle menswaardigheid – kan vir geen oomblik die realiteit van die bese ontken nie. Dit is deel van die realiteit van menswees. Dit is die gevolge van 'n baie komplekse (en ook dikwels gekondisioneerde) netwerk van fisiese, psigiese, kulturele en religieuse faktore.

8.2 Dit is ook hier waar oorloë vandaan kom. Dit is waar geweld vandaan kom. Die gevolge van hebsug en magsug (en onderliggende vrese as gevolg daarvan) oor eeue heen, maar juis vandag in ons Suid-Afrikaanse gemeenskap, skep 'n destruktiewe konteks. Dit kweek individue en groepe gefokus op eiebelang. Dit het die komplekse gevolge van 'n samelewing wat 'n korporatiewe bese netwerk vorm waarin daar duisende slagoffers is. Die feit dat daar so 'n erge armoede in ons land is, te midde van soveel rykdom en voorspoed, het 'n negatiewe uitwerking op die selfbeeld van miljoene. Ook hierdie sosiale konteks skep die potensiaal tot geweld en misdaad. Dit is natuurlik nie net van armoede kulture waar nie, maar ook van alle gemeenskappe. Gedragsafwykings kom voor (veral onder tieners en jongmense) as gevolg van 'n kompleks van maatskaplike en sosiale misstande soos kinderverwaarlosing, gebrekkige kinderopvoeding, egskeidings, gesinsgeweld en molesterings. Dit is "mensgemaakte" dinge. Satanisme, as verskynsel, is as simptoom hiervan deel van die afwykende gedrag van individue en groepe, wat lei tot opstand teen gesag, tot kultiese rituele van dekadente en gewelddadige aard.

8.3 Dit is juis hiervan wat die evangelie van Jesus Christus ons (ook in ons dag, alhoewel dan miskien anders) wil bevry. Juis binne die Gereformeerde leer wil ons bely dat God se heerskappy oor alle fasette van die samelewing geproklameer behoort te word.

8.4 Daarom moet ons juis in ons dag die bevrydende woord (belofte) van die evangelie ernstig opneem. Die kerk moet versigtig wees vir die gee van dubbele boodskappe (met gepaardgaande verwarring) vir vandag se mense, juis omdat ons nie konsekwent en deurlopend die beginsels van die hermeneutiese proses toepas soos in die verslag oor Skrifgesag aan die 2002-sinode uiteengesit is en weer by die sinode van 2004 duidelik uitgespel is nie. Met dubbele boodskappe word hier bedoel dat ons, terwyl ons volhou dat die duiwel en sy magte (die Bese) in Christus oorwin is, ons tog nog in baie gevalle steeds mense (Christene) waarsku teen die volgehoue aanvalle van die duiwel wat op 'n mens 'n greep kan kry. Somtyds word die suggestie gelaat dat sondes wat nog nie bely is nie 'n "opening" kan laat vir die duiwel om 'n houvas (of binding) op 'n mens te kry.

8.5 Nou is dit sekerlik so dat die oorgrote meerderheid van Christene (en predikante) nie hierdie soort “teologie” bedryf nie. Maar, vir hulle is dit tog “veiliger” om in die gees en getuigenis van die Nuwe Testament, en in die verlengstuk van die Christelike tradisie, die geloof in die duiwel as ‘n teen-goddelike wese te handhaaf. Hier word gerekende Gereformeerde teoloë dan ook aangehaal ter ondersteuning van hierdie keuse. Dit (die duiwel as wese) bly meestal wel ‘n vae figuur wat, indien mens daarop sou aandring dat daar konseptuele gestalte aan gegee word, nie werklik beskryf kan word nie. Trouens, enige poging om te verwys na ‘n figuur met ‘n punt-ster en horings op die kop sou in baie gevalle met weersin en afwysing begroet word. Mens sou dan die vraag kon vra of hierdie konsep van die bose werklik verskil van die beginsel van die ge-internaliseerde boosheid in die mensdom soos hierbo beredeneer.

8.6 Maar, belangriker as dit, is die vraag hoe mens dan die baie langer geskiedenis van die Ou Testament sal verstaan waarin daar hoegenaamd geen figuur soos die Nuwe Testamentiese duiwel aangetref word nie. Die Ou Testamentiese gelowiges het sonder ‘n persoonlike duiwel klaargekom. Soos reeds beredeneer, was die anti-god gedurende die meer as 1000 jaar waarin die Ou Testament afspeel, die (af)gode van die volke buite Israel. Die slang van die paradysverhaal en die aanklaer van Job vertoon kennelik nie karaktertrekke van die Nuwe Testamentiese Satan nie. En die vraag bly staan of ons regtig hierdie kultiese karakter nodig het om die relevansie en diepte van die verlossingswerk van Christus te verstaan, terwyl die voortgaande verleiding van die boosheid in elkeen van ons, asook hoe dit korporatief in die gemeenskap na vore kom (en waarteen “gestry” moet word), so werklik soos die lewe self is?

8.7 Ons het dus grootliks vandag in die kerk (meestal onbedoeld) te doen met ‘n verwarrende boodskap van bevryding, opkomend uit ‘n inkonsekwente hermeneutiese hantering en gebruik van die Bybel. Die verwarring word vererger deur die gebrek aan onderskeiding van die verskillende kontekste wat hierin betrokke is. Daarmee help ons gelowiges nie werklik om in hulle leefwêreld vandag, aan die een kant, die werklike bedreiging van die bose vir die mensheid te erken en na waarde te skat nie, maar aan die ander kant, die bevrydende krag van die evangelie van Jesus Christus te verstaan en te beleef nie. ‘n Reuse element van vrees (en veral vrees vir straf) word hierdeur nog steeds by die Christene gelaat, sonder dat hulle die bevrydende boodskap van die evangelie van genade en verlossing beleef. Is dit dan nie juis hierdie element, naamlik die algenoegsame, radikale verlossingswerk van Christus, wat so deel is van ons Gereformeerde tradisie, wat ons teologies onderskei van die sogenaamde Charismatiese- en Pinkster-groepe in die Christelike kerk nie?

8.8 Verder het ons in ons besinning oor die *bediening van bevryding* nog nie werklik die **mag van suggestie** behoorlik verreken as oorsaak tot die manipulering van menslike gedrag en menslike denke nie. Hier behoort gekyk te word na navorsing uit die psigologie, die sosiologie en die antropologie oor hierdie aspek van menslike gedrag. Daar het al talle gesaghebbende navorsing in die psigologie hieroor verskyn, maar dit is nog nie na behore in kerklike konteks verreken nie. In **dieselfde mate as** waarin ons die meer eksakte natuurwetenskap in al sy fasette integreer en in ons hermeneutiek in berekening bring, moet ons ook die werk en navorsing van die sogenaamde *mens-wetenskappe* in ons beoordeling van die realiteite in die skepping ernstig opneem.

8.9 Tydens navorsing vir hierdie verslag het meer as een psigiater/sielkundige daarop gewys dat dit tog vreemd is dat die kerk in die hantering van hierdie saak (spesifiek die *bediening van bevryding*) nog nooit (sover ons kennis strek) die vraag gevra het oor die psigologiese profiel van diegene wat hierdie bediening beoefen nie. Tot dusver word nog hoofsaaklik gefokus op die mense op wie hierdie *bediening van bevryding* toegepas word – dit gaan hoofsaaklik hier oor die objekte van die bediening, hulle vrese, behoeftes en ervarings. Van die subjekte van die bediening (dit wil sê diegene wat die bediening beoefen) word weinig gesê. Die mening is uitgespreek dat ‘n verslag oor *demonologie* en die *bediening van bevryding* onvolledig sou wees as die psigologiese profiel van predikante (pastore en geestelike werkers) wat hierdie bediening toepas (vir wie dit belangrik is, wie dit as hulle roeping beskou om hierop te fokus), nie ook in aanmerking geneem word nie. Mens moet beseft dat die kennis van die onbekende, van die lewe na die dood, van die sensitiwiteit vir herkenning van geeste en duiwels, van die vermoë om hulle te laat manifesteer, maar ook dan te beveel en te besweer, geweldige groot aantrekkingskrag inhou vir sommige mense, veral geestelike/spirituele leiers. En hier speel die mag van suggestie ‘n deurslaggewende rol.

8.10 Trouens, die volgende aanhaling van ‘n sielkundige, wat geskool is in die psigiatrie – en ook ‘n geordende predikant van die NG Kerk is – is hier van toepassing. “Die komplekse en emosionele aard van hierdie saak veroorsaak dat predikante wat ‘n *bediening van bevryding* bedryf maklik bedreig voel wanneer daar na hulle persoonlikheidsamestelling en geestesgesondheid gevra word – hierdie vraag behoort natuurlik aan enige ander predikant gestel te kan word. Dit is van kardinale belang dat predikante nie op hulleself – en eie dieper psigologiese behoeftes gerig behoort te wees nie.

8.11 Op dieselfde wyse is dit moeilik om die persoonlikheidsprofile en die geestesgesondheid van die objekte vir die bediening van bevryding te evalueer, omdat moontlike psigopatologie as bydraende faktor vir hulle gedrag en behoeftes nie in daardie konteks aanvaar word nie. Daar word van die hipotese uitgegaan dat die gedrag nie vanuit psigopatologie sou spruit nie, maar vanuit die een of ander binding. In terme van die bedienaars van hierdie soort bedieninge word eweneens gewoonlik teruggeval op die verskeidenheid van geestesgawes wat aan gelowiges gegee word (vergelyk 1 Korintiërs 12). Dit word dus onaantasbaar beskou deur kritiese beoordeling. So lei enige poging tot beoordeling hiervan tot ‘n posisie van skaakmat.

8.12 Dit word in psigiatrie aanvaar dat persone met sekere persoonlikheidssteurings, of selfs net trekke van sodanige steuring (vergelyk diagnoses volgens DSM IV), menslike gedrag rig. Die spesifieke wyses waarop mense reageer op stimuli word ook hierdeur bepaal. Sommige persone sou baie meer dramaties reageer op enige spanning of emosionele situasies. Andere weer is baie suggereerbaar en nog ander weer meer kontrolerend van aard.

8.13 Waarom sommige predikante dit dus nodig vind om soveel mag te kan uitoefen, selfs oor sogenaamde bo-natuurlike verskynsels, sal interessante studiemateriaal voorsien. Die vraag is dus of daar vanuit die persoonlikheid by sommige predikante 'n aantrekking tot hierdie soort bediening is. Die bogenoemde dwing die kerk om uiters omsigtig om te gaan met die probleem en nie toe te laat dat predikante se eie behoeftes veroorsaak dat brose mense benadeel word nie."

9. REAKSIE VAN NAVORSINGSGROEP OP HIERDIE VERSLAG

Onder die lede van die genoemde navorsingsgroep van Stellenbosch (sien inleidende opmerkings hieroor by punt 2, *Proses*) was daar groot verskil van mening oor hierdie voorafgaande verslag van ATLAS. Daar was 'n groot omsigtigheid by lede om nie ge-etiket te word nie, maar tog was dit duidelik dat daar drie soorte reaksies was, wat ons waarskynlik deur die kerk kan verwag. Hulle was die volgende:

9.1 DIEGENE WAT DIE VERSLAG HEELHARTIG ONDESKRYWE.

Hulle wys 'n bediening van bevryding in die sterkste taal af. Hulle wys telkens op die gevaar wat die persoon loop wat bevryding beoefen. Hoewel goed bedoel, mag verkeerde diagnoses gedoen word met katastrofale gevolge vir beide die "gedemoniseerde pasiënt" en pastor. Die groot gevaar van suggestie tydens bevrydingssessies is ook 'n bron van kommer vir hierdie lede. Diegene oordeel dat predikante in hulle opleiding baie beter oor die aard van geestesturnisse onderrig moet word. Hulle stem saam met die hermeneutiese roete wat die verslag volg. Hulle steun in hulle beoordeling van manifestasies tydens 'n bediening van bevryding sterk op die lig wat die mediese wetenskap en sielkunde op sodanige verskynsels werp. Hulle gee 'n ander verklaring/diagnose vir die verskynsel van demonisering as diegene by punt 9.3 hieronder. Hulle ontken nie die bestaan van boosheid nie en bevestig dat hulle die Skrif ernstig opneem. Hulle laat hoor telkens die waarskuwing dat boosheid nie vereng moet word tot 'n verskynsel wat hoofsaaklik tydens bevrydingssessies manifesteer nie. Boosheid is somtyds baie subtiel, andersyds waaier dit wyd uit in vele ander gestaltes.

9.2 DIEGENE WAT TOT 'N GROOT MATE SAAMSTEM MET DIE VERSLAG

Hulle gaan tot 'n groot mate met die verslag saam, veral met die klem wat gelê word op die verlossingswerk van Christus en die implikasies daarvan vir 'n bediening van bevryding. Lede van hierdie groep is van mening dat duidelike vlaggies vir die veld vir 'n bediening van bevryding uitgeplaas moet word tesame met Bybelse riglyne (spelreëls) wat sodanige bediening binne grense behoort te hou. Hierdie groep stem saam met bogenoemde groep oor die gevare vir beide pastor en gedemoniseerde wanneer verkeerde diagnoses gemaak word en verskil met die siening van die Bose as synde slegs "'n beginsel van ge-internaliseerde boosheid." Hierdie groep oordeel dat die bose 'n onpersoonlike mag kan wees, maar sluit nie die moontlikheid van 'n eksterne bose gees, duivel of demone, wat aanvalle op die mens wil maak, uit nie. Lede van die groep het tog 'n besorgdheid oor die volle gang van die interpretasie/hermeneuse van die belydenisskrifte oor die wese van die duivel en bose geeste.

9.3 DIEGENE WAT BAIE STERK VAN OORTUIGING IS DAT GEHOU MOET WORD BY 'N ONTIESE VERSTAAN VAN DIE DUIWEL MET SY RYK VAN DEMONE WAT 'N INVLOED OP MENSE KAN UITOEFEN.

By hierdie groep het die duivel en demone 'n wye beweegruimte – ook in die lewe van Christene. 'n Bediening van bevryding is onder andere God se oorwinningsantwoord vir almal wat gedemoniseer is. Diegene stem met 'n baie groot deel van die verslag nie saam nie, trouens is baie ontsteld oor die konklusie waartoe gekom word. Hulle oordeel dat 'n groot korpus van Bybelse materiaal oor die duivel en demone se bestaan en werking as tydgebonde wêreldbeeld afgemaak word. Die resultaat hiervan is dat die duivel en demone wegverklaar word tot slegs 'n beginsel van boosheid iewers in die sondige DNA van die mens. Hulle vra: "Waar sou sodanige verklaring vandaan kom?" Hulle oordeel dat die manifestasies van demone tydens bevryding nog nie genoegsaam ondersoek en getoets is nie. Hulle wys nie mediese en sielkundige diagnoses af nie, maar vra die aandag vir dié kategorie van mense wat nie sielkundige of psigiatrisiese sturnisse het nie - diegene by wie tydens geestelike gesprekke/bevrydingssessies manifestasies van demone voorkom sonder dat dit deur suggestie ontlok is.

9.4 GEVOLGTREKKING

9.4.1 Ook hierdie verslag sal nie almal tot dieselfde mate oortuig nie. Die konsekwente vertolking van die Bybel in sy verskillende kontekste, asook die verrekening daarvan binne ons (so totaal ander) konteks, wat onherroeplik gestempel is deur die opkoms die wetenskap – en spesifiek die navorsing en bevindinge van al die diverse wetenskaplike dissiplines – bly steeds 'n groot uitdaging vir die kerk. In baie gevalle word dit selfs as 'n bedreiging gesien vir die voortbestaan van die Christelike geloof. In terme van hierdie onderwerp word daar gemeen dat daar te veel van die transendente dimensie van geloof prysgegee word. Baie sien dit as 'n deel van die gevaar van die invloed van moderniteit op die lewe van gelowiges.

9.4.2 Dit bly steeds 'n dringende vraag (en 'n groot uitdaging) oor hoe die kerk die waarde en sin van 'n geloof in die evangeliese waarheid van die Christelike boodskap relevant moet maak in 'n ver-sekulariseerde konteks waarin ons lidmate hulle vandag bevind. Vir hulle kan die tyd tog nie teruggedraai word nie. Mens kan tog nie van mense verwag om in die mag van bese geeste en demone te glo, as so iets op geen manier binne hulle verwysingsraamwerk bestaan nie. Mens hoef tog sekerlik nie eers daarin te glo voordat 'n geloof in God moontlik is nie. Die verlossingswerk van Christus is tog sekerlik nie afhanklik van die geloof in/aan bese geeste en demone nie.

9.4.3 Aan die ander kant kan dit op geen manier ontken word dat daar 'n groot massa mense in die wêreld is wat binne bepaalde kontekste lewe waarin dit vir hulle 'n absolute realiteit is om in hierdie magte te glo en dit te ervaar. Dit sou onvanpas wees om te meen dat mens bloot deur middel van rasionele oortuiging hulle kan "bevry" van hierdie denke en bedreigings. Ook vir diegene moet daar op 'n wyse wat getrou is aan die radikale verlossingsboodskap van Christus, die bevryding van hierdie magte deur die bediening van die kerk moontlik gemaak word. Dit is daarom belangrik dat die aanbevelings van hierdie verslag hierdie diverse kontekste waarin die kerk die evangelie bedien, sal verdiskonteer (sien in hierdie verband veral aanbeveling 11.8 hieronder)

10. SLOTOPMERKINGS: DIE EVANGELIE NIE "VERSKRAAL" NIE

Wie hierdie verslag in sy geheel dus sien as 'n verskraling van die evangelie, asof daar nou maar "min oorbly van die Bybelse boodskap," begryp juis dalk nie die dramatiese boodskap van die evangelie van Jesus Christus as die openbaring van God aan hierdie wêreld (nou) nie. Ons geloof in God en die evangelie kan tog nie afhang van ons geloof in/aan 'n persoonlike duiwel of bese magte nie. Die "nie-verskraalde" evangelie wil juis die bevryding van die mag van die bese radikaal stel – in watter konteks dit ook al geskied: Dit gaan hier nie net om die bevryding van 'n eksterne mag nie, maar ook die bevryding van die ge-internaliseerde boosheid wat in die hart van elke mens skuil. Ten spyte van die feit dat ons aan God in Jesus behoort, ervaar ons steeds die stryd in onself om, vanuit 'n diep selfgesentreerde ego, aan die verleiding van allerhande faktore in ons leefwêreld toe te gee en so ons fokus op God en sy genade te versteur. Die toppunt van hierdie verleiding manifesteer sigself in die liefdeloosheid (gebrek aan goddelike liefde) juis binne die kerk. Die grootste gevaar wat die kerk vandag bedreig, is (soos altyd) liefdeloosheid, gebrek aan vergifnis en versoening. Hieruit volg al die booshede in ons gemeenskappe, morele verval, armoede, aantastings van menswaardigheid, geweld en korrupsie.

Daarom bly dit steeds 'n stryd waarvoor gebid en gewaak moet word, tot ons eendag God van aangesig tot aangesig sal sien in die Ewige Lewe, waar ons lewe met Hom voortduur.

11. AANBEVELINGS : GEESTEWÊRELD EN BEVRYDING

Die Algemene Sinode aanvaar die volgende aanbevelings:

11.1 Die Algemene Sinode bely met blydschap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van bese magte, boosheid en kwaad in (die lang geskiedenis van) die mensdom.

11.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat hierdie oorwinning in baie gevalle nog nie ten volle sigbaar is nie, dat ons dikwels oorweldig is deur hierdie boosheid wat groter is as onself, ook juis weens die swakheid van die mens en die verleiding van die sonde.

11.3 Die Algemene Sinode aanvaar daarom dat ons as kinders van God nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die boosheid in al sy manifestasies in die wêreld, maar veral die kwaad wat in elke mens skuil.

11.4 Die Algemene Sinode moedig daarom alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees (in die gees van die oorwinning van Jesus) hierdie boosheid die stryd aan te sê, deur spesifiek te fokus op die genadige verlossingswerk van Christus, sodat die kerk die ware kenmerke van evangeliese gehoorsaamheid (liefde, genade, vergifnis en versoening) sal vertoon.

11.5 Die Algemene Sinode is bewus van praktyke in die NG Kerk wat daarop dui dat aan die mag van eksterne, sowel as interne kragte, prominensie verleen word wat vreemd is aan die belydenis van verlossing en oorwinning in Jesus Christus.

11.6 Die Algemene Sinode het ernstige bedenkinge dat dit wat na ons mening in sommige vorms van geestelike oorlogvoering, bevrydingsrituele en eksorsisme aangebied word, die algenoegsaamheid van die werk van Christus kan bedreig en daarmee die Gereformeerde belydenis van die volkome verlossingswerk van die genadige God in Jesus op die spel geplaas word.

11.7 Die Algemene Sinode distansieer hom van die volgende: die magiese kragte wat aan beelde en ander voorwerpe toegeskryf word; die lang konfronterende gesprekke met bese magte en afgestorwenes, asook die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele en skouspelagtige byeenkomste van *bevryding*.

11.8 Die Algemene Sinode besef dat die verskillende kulture in ons land ons duideliker bewus gemaak het van die veelfasettige aard van die siening oor die bese; dat daar kontekste is waarin daar 'n werklike vrees vir eksterne bese magte is wat baie mense se lewens oorheers en dat hierdie

lewenservaring ernstig opgeneem behoort te word. Die sinode moedig daarom sy eie ampsdraers en lidmate aan, wat in sulke kontekste werk, om op verantwoorde wyse besondere aandag hieraan te gee, met die doel om die radikale verlossingswerk van Christus met oorgawe te verkondig.

DIE BETEKENIS EN GEBRUIK VAN DIE DOOP

1. OPDRAG

In 2004 het die Algemene Sinode die volgende opdrag gegee:

10. DOOPVIERING

10.1 Die Sinode verwys die saak van die viering van die sakrament met 'n rituele wassing na Taakspan Leer en Aktuele Sake vir besinning en verslag aan die Algemene Sinode.

10.2 Die Sinode versoek Taakspan Leer en Aktuele Sake om in sy verslag hieroor NGB 25, waarin Christus die seremonies van die wet afskaf, te verreken.

10.3 Die Sinode versoek dat Taakspan Leer en Aktuele Sake en Taakspan Erediens hierin met mekaar oorleg pleeg.

ATLAS het aanvanklik met 'n werksdokument van die sinode van Wes- en Suid-Kaap, wat tydens 'n werkswinkel in 2005 geformuleer is, begin. In die proses waarin die dokument verder hanteer is, het verskeie teoloë (sistematiese teoloë, Ou Testamentici en Nuwe Testamentici) verder bydraes gemaak om uiteindelik hierdie verslag aan ATLAS te lewer, waarby al die lede van ATLAS hulle goedkeuring betuig het. Op 'n stadium is gemeen dat hierdie verslag as 'n bylae deel sou vorm van die verslag oor Gereformeerde Identiteit. Uiteindelik is besluit ten gunste van 'n afsonderlike voorlegging.

Die versoek van 10.2 hierbo, dat NGB 25 ook in berekening gebring sal word, "waarin Christus die seremonies van die wet afskaf." Die vraag het na vore gekom, hoekom hierdie artikel van die NGB hierby betrek word, aangesien dit in artikel 25 duidelik daarvoor gaan om die **Ou Testamentiese** seremonies in verhouding tot die verlossingswerk van Jesus te beskou. Dit is onduidelik hoedat die sakrament van die doop – en dan veral doopviering – in verband gebring moet word met hierdie artikel. Daar is dus nie verder daarvoor bespiegel en daarop ingegaan nie.

Intussen is saam met Taakspan Erediens deelgeneem aan 'n werkswinkel oor die praktiese implikasies, spesifiek oor die liturgiese moontlikhede betreffende die viering van die nagmaal. Die resultate hiervan word aan die orde gestel in die verslag van ADGO.

2. INLEIDING

Die boodskap van die doop is 'n wonderlike genade-boodskap. En die gesprekke wat deesdae weer so intens oor hierdie kosbare sakrament gevoer word, skep 'n gulde geleentheid om ons weer van die wonder daarvan te vergewis, om te herontdek hoe ons die evangelie binne die gereformeerde tradisie verstaan.

Die beredenering hiervan word in drie dele aangebied.

Deel 1 beskryf die konteks waarin hierdie gesprek nou plaasvind. Alhoewel vrae rondom die doop telkens in die geskiedenis van die kerk sedert die Hervorming plaasgevind het, vind dit nou plaas in 'n unieke tyd en in 'n unieke land. Om die vraag na die betekenis van die doop dus nou te verstaan - sodat mens na 'n konteksuele antwoord kan gaan soek – is dit belangrik om 'n kort beskrywing van die konteks te gee.

Deel 2 gee aan ons 'n leerstellige (dogmatiese) uiteensetting van die siening van die doop binne die gereformeerde kerke. Dit kyk ook na moontlike gevolge van die idee van herdoop, asook die moontlikheid van en belangrikheid van die viering van die doop.

Deel 3 is die woordelike besluite van die Sinode van 1998 oor die hantering van mense en predikante wat hulleself laat herdoop het, en herdoop as sodanig voorstaan (en bedien).

2.1. DIE KONTEKS VAN DIE GESPREK

Buiten die krisis rondom die "grootdoop teenoor kinderdoop", wat homself siklies deur die gang van die geskiedenis in die kerk herhaal, is daar in ons tyd sekere faktore wat die gesprek oor doop nog meer dringend en meer kompleks maak. Die konteks waarbinne ons vandag leef (veral in Suid-Afrika) het werklik nog nie voorheen bestaan nie. Dit is 'n unieke tydsgewrig waarin ons lewe, gepaardgaande met 'n nuwe staatkundige bedeling, wat ons nie kan vergelyk met enige tydperk voor ons nie. Ons kyk na die belangrikste faktore wat ons tyd kenmerk, en aanleiding gee tot vraagtekens oor die kerk se lering en standpunte:

2.1.1 Blootstelling aan verskillende Christelike en ander godsdienstige kontekste

Tot sowat 15 jaar gelede het die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (deur middel van die belange van hulle lidmate) indirek (en soms direk) beheer oor die media gehad. Ons kon bepaal wat in die media gelees (gedrukte media), gehoor (radio) en gesien word (TV). Met die aanvaarding van ons nuwe Grondwet (1996)

waarin die Handves vir Menseregte opgeneem is, word godsdiensvryheid en gelyke regte vir alle mense gewaarborg. Die openbare media moet hierdie regte eerbiedig en reflekteer. Ons word dus sedertdien blootgestel aan 'n uiteenlopende spektrum van Christelike en ander godsdiensige tradisies. Die vraag van ons tyd is dikwels nie meer "Wat is die waarheid?" nie, maar "Wie se waarheid is waar?"

2.1.2 Verbruikersgees

Ons mense het gewoon geraak aan 'n feitlik onbeperkte verskeidenheid verbruikersitems om van kies – van ontbyt tot vermaak tot 'n kerk! Die gevolg is dat lojaliteit aan 'n bepaalde saak of produk nie meer vanselfsprekend is nie. Die subtiele invloed van hierdie verbruikersgees word ook in die wêreld van godsdiens sigbaar. Mense is nie meer vanselfsprekend lojaal aan die NG Kerk nie. Hulle behou hulle die reg voor om rond te "shop" vir 'n gemeente na hulle keuse. Hulle gaan aanbid waar hulle voel dat hulle behoeftes die beste gedien word.

Die NG Kerk se Algemene Sinode se besluit ten gunste van stippellyngrense vir gemeentes is juis onder meer om ruimte te maak vir hierdie diverse behoeftes van lidmate. Dit word immers nou as mense se reg beskou om te aanbid binne die spirituele konteks van hul keuse. As iemand dus nie van 'n gemeente, die leraar of die aanbiddingstyl hou nie, gaan hulle na 'n ander gemeente of selfs 'n ander kerk, sonder om daarvoor skuldig te voel.

2.1.3 Destruktiwe teologiese invloede

Die gereformeerde verstaan van die Bybel word maklik verdraai deur blootstelling aan 'n (veral Amerikaans-gebaseerde) fundamentalistiese Skrifgebruik – waarin die Bybel direk (en op die klank van die woord af) op ons in ons tyd van toepassing gemaak word, sonder om die verskil tussen die konteks van die Bybel en ons tyd te verreken.

Videos en boeke wat 'n verdienstelike leer propageer (en herinner aan die ou Armenianisme), met 'n stywe dosis (waarskynlik onbedoeld en naïef gemotiveerd) welvaartsteologie is volop in omloop – en word heel dikwels ook deel van ons lidmate se teologie. Voorbeelde hiervan is die "Gebed van Jabes" wat wyd inslag gekry het onder baie van ons lidmate, asook 'n gedeelte soos 2 Kronieke 6 en 7 wat populêr gebruik word om hierdie lering te ondersteun. Hierin word rampe en teëspoed ongekompliseerd direk gesien as die gevolge van sonde. Wanneer die sonde bely word en bekering plaasvind, word vergifnis en nuwe seën (in die vorm van konkrete voorspoed) belowe.

Hierdie soort lering binne die NG Kerk beïnvloed veral ons verstaan van die verlossingsboodskap van Jesus Christus. Alhoewel dit Ou Testamentiese teologie is, is dit nie Christelike teologie nie. Hierdie soort lering het die gevolg om 'n "Christelike" leer te propageer wat vreemd is aan ons tradisie – en ons nie help om die radikale onverdienstelike genade-boodskap van die doop helder te sien nie.

2.1.4 Soeke na warmte en aanvaarding

Daar word dikwels gesê dat die groei van die Charismatiese- en Pinkster-kerke op die rekening van die NG Kerk is, omdat ons nie vir lidmate 'n veilige, warm tuiste bied nie. Die perspektief bestaan, reg of verkeerd, dat die Gereformeerde kerke veroordelende, eksklusiewe gemeenskappe is, waarin daar 'n gebrek aan lewe, vernuwing, opwinding en vreugde is. Daarom soek mense dit elders en vind dit in hierdie ander groepe, waar entoesiastiese eredienste beleef word, hulle welkom en geag voel, in nood bygestaan word, persoonlike aandag ontvang en voor gebid word - waar hulle dus die teenwoordigheid van die Here op hierdie manier ervaar.

Mense gaan nie noodwendig omrede die doop (of ander teologiese verskille) oor na ander kerke toe nie. Trouens, mense gaan selde oor na ander kerke as gevolg van leerstellige sake. Hulle neem hierdie besluit heel dikwels omdat hulle oor 'n bepaalde saak in die NG Kerk ongelukkig is. Hulle gaan dus ook weg omdat dit vir hulle op 'n ander plek aangenamer is. Die reeds genoemde maklike denkskema van sonde-teenspoed-bekering-gehoorsaamheid-seën is 'n baie aantreklike boodskap vir mense wat swaar kry weens werkloosheid, verarming, ontmagting, kinder- en huweliksprobleme en konflik.

Aan die ander kant van die munt is die eis van naasteliefde in 'n rasse-gepolariseerde gemeenskap ('n sterk tema in die NG Kerk wat amptelik worstel met kerk-hereniging en die Belydenis van Belhar) nie gewild nie. Daar is 'n weerstand teen die werklike moeilike, veeleisende uitdagings van naasteliefde. Daarom bevredig hierdie (ander) kerke en selfs teologiese sienings binne die NG Kerk dikwels 'n sterk behoefte aan werklikheids-ontvlugting. Dis dus ook te verstane dat selfs iets soos die leer van die wegraping vir baie mense uiters aantreklik klink: Dit "verkoop" maklik. Dit stel die vooruitsig dat gelowiges die onafwendbare toekomstige ellende sal vryspring.

Die NG Kerk moet hieruit ernstige lesse leer en maniere vind om mense die teenwoordigheid van God te laat beleef, sonder om op te gaan in 'n ander soort spiritualiteit en gepaardgaande ander teologie, wat net nog meer verwarring en onsekerheid op die lang duur veroorsaak.

2.1.5 Gebrekkige kennis van ons Gereformeerde belydenisskrifte

Daar is waarskynlik min mense wat nie sal erken dat ons lidmate teologies verarm het nie. Die gebrek aan basiese Bybelkennis is elke jaar 'n verontrustende verskynsel wanneer nuwe lidmate belydenis van geloof moet aflê – om nie eers te praat van 'n gebrek aan kennis van die Belydenisskrifte nie. Die toetsing van studente tydens die jaarlikse inname by teologiese fakulteite, getuig dikwels op 'n ontstellende wyse hiervan. Daarby ontbreek dit predikante somtyds aan die vaardigheid om op 'n verantwoordelike wyse vertolking ten opsigte van die Bybel en die belydenisskrifte toe te pas (hermeneutiek). Gemeentelede leef dus baie maal in onsekerheid. Hulle beleef die kerkleiding ook as onseker oor baie (meestal etiese) sake, maar ook oor selfs, wat as fundamentele teologiese geloofsoortuigings beskou word, Jesus se opstanding, maagdelike geboorte en hemelvaart – en oor (veral) die sakrament van die doop.

Daar is 'n groot behoefte aan lering in die kerk. Dit is dan ironies dat lidmate, wat binne die NG Kerk moeilik betrokke raak by Bybelstudies en kursusse, wat lering uit die belydenisskrifte vervelig en te “teologies” en intellektueel vind, dikwels die kerk verlaat, en dan baie betrokke raak by lering in Christelike groepe buite die kerk. Hierin lê 'n groot uitdaging vir ons predikante opgesluit. Hierin lê 'n groter uitdaging en verantwoordelikheid vir ons teologiese fakulteite opgesluit. Hoe prominent is die vertolking van die belydenisskrifte in teologiese opleiding?

Hierdie uitdagings dwing ons om weer betrokke te raak by teologiese gesprekke, om te vra na die herkoms van ons teologiese standpunte. En daardeur opnuut die gereformeerde tradisie te herwaardeer. Die krisis rondom die doop is dus nie net negatief nie, maar juis 'n geleentheid wat ons opgewonde behoort te maak - 'n geleentheid wat ons behoort aan te gryp.

2.1.6 Die kerk se oppervlakkige hantering van die doop

Hierdie punt sluit eintlik nou aan by al die vorige punte. Die integriteits- en geloofwaardigheidskrisis waarin die NG Kerk homself tot 'n groot mate bevind, dra daartoe by dat talle lidmate voel dat dit wat hulle van die kerk ontvang het (soos die doop toe hulle kinders was – en nog nie self kon kies nie) aan geloofwaardigheid en integriteit ontbreek. Mense wat so in 'n krisis rondom die geldigheid van hulle doop verkeer, is hoofsaaklik diegene wat met groot erns hulle geloof in God wil uitleef en aan Hom gehoorsaam wil wees. Mens sou werklik 'n fout maak om te beweer dat sulke lidmate om kwaadwillige redes iets soos hulle doop se geldigheid bevraagteken. Die vroeëre tughantering van die kerk rondom mense wat hulle laat herdoop het, waarin dit van sodanige lidmate verwag was om hulle skuld aan dwaling en ongehoorsaamheid eers te bely, voordat hulle weer volwaardig as lidmate in die kerk opgeneem kan word, het groot skade berokken aan toegewyde kinders van die Here. Meestal het hulle werklik gemeen dat hulle maar net aan God gehoorsaam wil wees – veral as dit gepaard gegaan het met die belewing van een of ander krisis in hulle lewens, of as hulle tot 'n nuwe toewyding en geestelike verdieping in hulle lewens geraak het.

Dit is vir hulle onmoontlik om die “sonde” in so 'n beskouing en handeling te bely, as hulle opreg glo dat hulle reg doen – en as hulle met die nuwe erns van hulle geloofslewe wat die herdoop voorafgegaan het, sonder skroom 'n positiewe getuigenis wil lewer van dit wat God in hulle lewens gedoen het.

Dit word dan onafwendbaar deel van die vraagstelling of die kerk in baie gevalle nie heeltemal te oppervlakkig met die doop (en sakramente as sodanig) in en buite die erediens omgegaan het nie. In baie gemeentes kry mens nog die idee dat die doop eintlik 'n ietwat lastige noodwendigheid is wat so gou as moontlik met so min as moontlik ongerief vir die gemeentelede (veral wat tydsverloop van die erediens aanbetref) afgehandel moet word. Die persepsie wat dit by lidmate skep is dat die doop vir die NG Kerk nie regtig belangrik is nie. As dit nog gepaard gaan met onbeholpe (of totale afwesigheid van) lering van die liturg oor die ingrypende teologiese en geestelike betekenis daarvan – om die onuitspreeklik genade van God aan mense visueel te kommunikeer – dan moet dit ons nie verbaas dat entoesiastiese gelowiges vraagtekens skryf oor die integriteit van hulle eie kinderdoop nie. Kry sulke lidmate dan ook te doen met die simplistiese aanhaal van sekere tekste om hulle te oortuig dat hulle eintlik aan God ongehoorsaam is indien hulle nie die ware (geloofs- of bekerings-) doop ontvang nie, dan is dit vanselfsprekend dat die kerk se verstaan van die doop hulle baie moeilik sal oortuig.

2.2 WAT LEER ONS KERK OOR DIE DOOP? KORTLIKS DIE VOLGENDE:

2.2.1 Die kerk is ten gunste van beide die groot- en kleindoop

Dit is 'n valse voorstelling om te sê dat die NG Kerk teen die grootdoop is. Baie mense word in die NG Kerk as jongmense en volwassenes gedoop. Dit kom feitlik elke jaar voor met belydenis-aflegging. In sendingsituasies (soos die Nuwe Testamentiese tyd inderdaad ook was) word mense vandag in ons kerk groot gedoop nadat hulle die evangelie gehoor en die verlossingswerk van die Here aanvaar het. Wat egter ten sterkste afgewys word, is enige vorm van herdoop (later meer hieroor). In die breër Christelike kerk is hieroor 'n intensiewe ekumeniese gesprek sedert die jare '60 aan die gang – spesifiek binne die Wêreldraad van Kerke (WRK). Dit is tog belangrik dat ons nie in ons klein hoekie alleen oor hierdie saak

van die doop sal dink nie, maar ernstig sal kennis neem van wat die groter Christelike gemeenskap amptelik oor die saak sê.

‘n Uiteenlopende groep Christelike kerke (waaronder ook Pentekostalistiese Kerke) het reeds in 1983 hulle in die sogenaamde BEM-dokument (Baptism, Eucharist and Ministry) van *Faith and Order* afdeling van die WRK verbind tot die weerhouding van die her-doop van mense, omdat enige sodanige handeling die integriteit van die sakrament self as ‘n teken van God se genadige verbintenis aan iemand in sy wese aantast. Dat plaaslike Baptiste en ander Pentekostalistiese kerke hulle nie hieraan verbonde voel nie, is te verstane uit hoofde van hulle independentistiese beskouing oor kerkverband in die algemeen in die Christelike kerk, asook in die ekumeniese beweging in die wêreld. Tog word hiermee ‘n belangrike teologiese vertrekpunt gestel wat instemmend is met die klassieke Christelike geloof en ons kan dit nie maar net ignoreer wanneer ons ons wil vergewis van ‘n standpunt oor die saak in die kerk nie.

2.2.2 Die verstaan van die doop in die Gereformeerde kerke hang ten nouste saam met die verstaan van verlossing

Ons kerke word vandag juis wat dit betref sterk beïnvloed deur die siening en lering en prediking van die Pinkster-kerke. Vir hulle kom geloof voor doop (soos by ons met ongedoopte volwassenes), en hulle sien dit as ‘n daad van gehoorsaamheid, van aanvaarding van hul kant af van die genade van God. Trouens, vir hulle is die doop nie geldig as dit nie persoonlik deur die dopeling aanvaar word nie. Daarom herdoop hulle sonder meer mense wat reeds gedoop is. Vir sommige Pinkstergroepe is die kinderdoop selfs ‘n onaanvaarbare dooppraktyk wat nie “Bybels” is nie en pleeg ouers wat hul kinders laat doop, sonde.

Die Gereformeerde kerke glo egter dat die geldigheid van die doop nie van ons aanvaarding daarvan afhang nie, maar dat dit berus in God self: die grond van ons geregtigheid is alleen in God te vind. Dit is God se teken van sy verbintenis aan ons. Ons kan dit nooit waardig wees nie. As die geldigheid daarvan van ons sou afgehang het, sou ons altyd in onsekerheid geleef het.

Want, wanneer weet ‘n mens nou genoeg; wanneer glo jy genoeg? Mettertyd besef ‘n gelowige dat jy gegroei het in kennis en jou geloof beter as voorheen verstaan. Beteken dit dat jy dan weer gedoop moet word omdat jy nou in die lig van jou “beter verstaan” die behoefte het om jou van jou kant af opnuut te verbind? Nee. Daarom praat ons van die onverdiende genade van God wat ons red.

Mense verstaan die woord “genade” vandag ook moeilik. Ons leer van kleins af dat ‘n mens niks verniet kry nie – jy moet hard werk vir jou besittings en voorregte. Ons verstaan dus moeilik dat ons iets uit genade kan ontvang. Die doop is eintlik ‘n uitstekende illustrasie van genade – wanneer God homself byvoorbeeld aan ‘n kindjie (wat nog nie kan kies of weet hoe om te glo nie – en dit daarom op geen manier kan verdien nie) verbind. Wanneer God sy belofte aan ‘n kindjie toesê, verstaan ons dat dit onverdiende genade is.

Soos reeds in Deel I gestel is, word daar al te gemaklik gewerk met ‘n denk-konstruksie (veral uit die Ou Testament) wat leer dat die sleg wat jou oorkom die gevolg is van jou sonde. As jy jou egter bekeer, om vergifnis vra, van jou verkeerde weë afskeid neem en reg leef, sal God jou vergewe en jou seën met voorspoed (natuurlik die hemel eendag, maar ook ‘n geseënde lewe hier op aarde).

Binne ons geloofstradisie glo ons egter dat ons nie goeie werke doen om gered te word nie, maar ons doen goeie werke uit dankbaarheid, omdat ons alreeds gered is. God en sy genade, is eerste daar. Slegte dinge wat jou oorkom, soos rampe, siektes of lyding, is nie die direkte gevolge van sonde nie. Droogte vind nie plaas as gevolg van mense se sonde nie – hoewel iets soos hongersnood natuurlik indirek die gevolg van byvoorbeeld die onverantwoordelike omgaan met die natuur kan wees. En misdaad en geweld (sonde) lei natuurlik tot dood en lyding en selfs verarming. Maar, daar is nie ‘n simplistiese direkte verband tussen sonde en rampe nie.

Trouens, omgekeerd glo ons ook dat as ‘n mens as ‘n opregte kind van die Here binne sy wil probeer leef, en die regte dinge doen deur mense lief te hê en te vergewe, dit nie noodwendig ‘n geseënde, voorspoedige lewe sal verseker nie. Die teendeel is dikwels waar, wanneer uitermate toegewyde mense die een ramp na die ander beleef. Lees maar Hebreërs 11, waarin na twee groepe geloofshelde verwys word – diegene wie se geloof vir hulle voorspoed en seën gebring het, maar dan van vers 36 af die naamloses wat, ten spyte van hul geloof, nie die belofte sien waarheid word nie, gely het en dikwels vreeslike dode gesterf het.

2.2.3 Ons leer om die genade van God te verstaan deur die hele Bybel in berekening te bring

Gereformeerdes glo nie in ‘n skerpskutter-aanslag op die Bybel nie. Ons haal nie verse uit en bou ‘n dogma daarom nie. Ons doen dit ook nie met hele geskrifte nie, en selfs nie eens met die Ou of Nuwe Testament op hul eie nie. Ons glo die hele Bybel moet in sy volle verband gelees word om die hele prentjie te kry van die genadige God wat ons aanbid en hoe Hy homself deur die geskiedenis telkens as sodanig openbaar het.

Daarom moet 'n mens gedurig die groter lyne wat deur die Bybel loop, raaksien en die fyner besonderhede in die lig daarvan verstaan. Doen 'n mens dit nie, kan 'n mens 'n drogbeeld van die God van die Bybel oprig.

God het oral tekens opgerig om die verstaan van Hom as 'n genadige God te versterk. Een van die eerste tekens van genade, was die teken aan Kain. Dit word soms verkeerdelik in ons volksmond as 'n negatiewe teken, die teken van 'n moordenaar, beskou. Maar as ons mooi lees, sien ons dis 'n genadeteke (Gen 4:15) – die teken wat God aan Kain gegee het sodat niemand hom mag doodgemaak het nadat hy sy broer vermoor het nie! God het Kain uit genade beskerm.

Die verbondsluiting het heelwat later plaasgevind (Gen 17) en die teken van genade (besnydenis) is aan Abraham gegee – aan hom en almal in sy huis, tot die seuntjies van 8 dae en ouer. Diegene wat deel van hierdie verbond wou word, moes eers in die God van Abraham glo (Hom aanbid), voordat hy besny is. Dit was nie 'n eksklusiewe teken nie – God se opdrag aan Abraham was eintlik dat hy moes sorg dat al die nasies van die aarde deur hom geseën word. Die teken aan baba-seuntjies het God se onverdiende genade deur sy verbintenis aan hulle bewys – daarom is dit 'n genadeverbond genoem.

God het telkens sy volk uit genade gered en weer van vooraf met hulle begin. Tog het hulle dit nie verstaan of waardeer nie. Dit is hierdie magteloosheid van die mens om God te behaag wat Hom uiteindelik tot 'n finale stap van genade laat oorgaan het. In Hebreërs (1:1) lees ons dat God, nadat Hy in die verlede (OT) baie met die voorvaders deur die profete gepraat het, in hierdie (laaste) dae deur sy Seun, Jesus, kom praat het. En na Jesus se kruisiging en opstanding het Hy sy dissipels beveel om dissipels van al die nasies te maak en hulle te doop in die naam van die Drie-enige God. Dit is (terloops) nie die doop van Johannes nie (sien hieronder) – dit is die doop as inlywing in die liggaam van Christus (soos Paulus dit sou beskryf).

En in Handeling 15 lees ons dan hoedat uiteindelik finaal van die besnydenis in die Christelike kerk afskeid geneem is, terwyl Paulus in Gal 3:26-29 verduidelik dat as ons in Christus gedoop is, ons die nageslag van Abraham en erfgename van die beloftes van God is. Dit maak nie saak of jy Jood of Griek, man of vrou is nie. Hier is weliswaar 'n nuwe verbond, maar terselfdertyd 'n bevestiging van die oue. Dis 'n genadige verbintenis van God aan mense wat in die verlossing van Christus glo – maar daarom ook, soos van ouds, aan hul huisgesinne as geseëndes deur dieselfde genade. Daarom lees ons (vanselfsprekend) van gesinne wat gedoop is (bv 1 Kor 1:16 en Hand 16:33-34), en verstaan 'n mens met nuwe verrassing nog beter Jesus se optrede (Matt 18 en 19) toe Hy die kindertjies, as die geringstes in die samelewing, tot die vernaamstes in sy koninkryk verklaar het. Dit is onverdiende genade.

Wie behoefte het aan die (voortdurende) viering van hierdie genadige verbintenis van God, word opgeroep om die nagmaal te gebruik as 'n versterking van hul geloof. Die Pasga was die gereelde viering van die verlossing van die volk van God uit slawerny. Die gereelde viering van ons verlossing as Christene moet daarom aangemoedig word – veral vir diegene vir wie dit belangrik is om van hul kant af hierdie verbintenis te vier noudat hulle beter weet en meer verstaan. Die sakramente word te dikwels in die NG Kerk haastig afgehandel en nie gebruik om met verbeelding en oortuiging die gemeente te herinner aan God se genadige verbintenis aan hulle nie, asook ons antwoord daarop deur dankbare toewyding.

2.2.4 Die bekerings-doop/getuienis-doop/herdoop: Kan dit?

Vanuit verskeie oorde kom daar vandag die aandrag tot die toelating van 'n tipe herdoop-praktyk in die NG Kerk. Dit moet onderskei word van 'n doopviering waar dit gaan oor 'n tipe van herdenking van die eenmalige doop van 'n lidmaat. In onderskeiding hiervan word hierdie "herdoop" by verskillende name genoem. Sommige praat van 'n bekeringsdoop. Ander van 'n getuienis-doop. Hoe 'n mens ookal daarna kyk, is dit net logies onmoontlik dat dit nie op een of ander manier as 'n her-doop, of tweede doop verstaan sal word nie. In die inleiding hierbo is verduidelik hoekom hierdie behoefte by baie mense in die NG Kerk vandag so 'n wesenlike een is. Kom ons kyk na die verskillende sake wat hier ter sprake is:

2.2.4.1 Die bekeringsdoop: Dit is effe onverstaanbaar dat mense vir die doel van onderskeiding hierdie her-doop as bekeringsdoop wil tipeer. Die doop as verbondsdoop is nog nooit anders gesien is as 'n bekeringsdoop nie. Die gereformeerde verstaan van die doop is dat dit juis alles te doen het met bekering, dat dit God is wat Homself aan die dopeling verbind en dat daarmee die dopeling opgeroep word tot 'n lewe van bekering.

Aan die ander kant, indien 'n persoon eers as volwassene die evangelie hoor en aanvaar, volg die doop op hierdie persoon se aanvaarding van sondevergifnis deur Jesus Christus – dus as reaksie op sy/haar geloofsbelydenis dat Jesus sy/haar Verlosser is. Wanneer iemand as kind gedoop word, is God se verbintenis aan hom/haar daarop gerig dat hierdie kind, wanneer hy/sy tot verstand gekom het (met ander woorde tot kennis en insig van die evangelie van Jesus Christus gekom het), hulle dan tot God sal bekeer –

juis op grond van sy beloftes en trou dat hulle uit genade gered word. Dit sou dus nie werk om hierdie tweede doop onderskeidend 'n bekeringsdoop te noem nie.

2.2.4.2 Die getuienis-doop: Hierdie naam vir hierdie doopgeleentheid het skynbaar die bedoeling dat mense voel hulle te jonk was toe hulle gedoop is en dat hulle daarom daarin nie 'n keuse gehad nie – selfs dat hulle ouers se lewe en begrip van die doop toe nie op 'n “aanvaarbare geestelike peil” was nie. By baie is daar egter nie eers 'n vraagteken of hulle doop geldig is of nie. Al wat hulle nou voel is dat hulle die behoefte het om 'n getuienis te lewer daarvan dat hulle die doop (beloftes van God) aanvaar. Gehoorsaamheid dien ook hier as 'n baie belangrike motief: Hulle wil aan God gehoorsaam wees deurdat hulle die tekste in die Bybel so verstaan dat hulle eers moet glo en dan gedoop word. Dit moet dus dien as 'n teken van die feit dat hulle van hulle kant af 'n aksie uitvoer op grond van 'n Bybelse verpligting of opdrag.

Nou beweer baie voorstanders van hierdie argument dat so 'n doophandeling nie die verbondsdoop verwerp, of in die plek daarvan kom nie. Hulle meen dat hulle gelyktydig die verbondsdoop sowel as die getuienisdoop kan aanvaar. Maar, dit is tog duidelik dat hulle met laasgenoemde iets meer wil doen/hê as die verbondsdoop, sodat hulle gerus sal wees dat hulle die regte ding gedoen het.

Vraag is: Hoe kan so'n standpunt eerlik voorgee dat hierdie doop-aksie nie 'n negatiewe siening van die kinderdoop veronderstel, of dan ten minste tot gevolg gaan hê nie? Dit is moeilik om te verstaan hoedat diegene wat hierdie argument aanvoer, naamlik dat so 'n herdoop nie die verbondsdoop vervang, of in 'n minderwaardige lig stel nie, met alle eerlikheid hierdie soort standpunt kan handhaaf. Dit kan geen twyfel laat nie, dat indien die NG Kerk hierdie soort doopgebruik aanvaar, dit op die lang duur die einde sal beteken van die (kinder-) verbondsdoop. Teologies is hierdie standpunt dus net nie eerlik en logies houdbaar nie.

2.2.5 Herdoop is on-Bybels

In die argumente teen die doopbeskouing van die NG Kerk, word baie staat gemaak op direkte verwysings (tekste) in die Bybel na die geloofsdoop of grootdoop. Dan word gesê dat 'n mens nie die doop van kinders in die Bybel aantref nie. Die punt is egter dat, indien 'n mens in die Bybel sou wou gaan soek na tekens van 'n herdoop, sou ook dit verniet wees. Die Nuwe Testament ken nie so iets soos 'n herdoop nie. Trouens, die blote moontlikheid van herdoop is onmoontlik op Bybelse grondslag.

Dikwels word in hierdie verband verwys na Hand 19:1-6 waar ons lees van 'n klompie “gelowiges” wat Paulus in Efese aantref. Hulle het egter nog nooit van die Heilige Gees gehoor nie, en was nog net gedoop met die doop van Johannes (die Doper – wat ook vir Jesus gedoop het). Daarop is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus, waarna hulle die hande opgelê is om die Heilige Gees te ontvang.

Ten minste twee vrae dring hulle aan 'n mens op hieroor:

1 As die bevel was, doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees soos wat ons tot vandag oral doen, is dit interessant dat hulle hier gedoop is net in die Naam van die Here Jesus. Daarna is die Heilige Gees aan hulle gegee met die oplê van hande. Daar was dus aanvanklik, net soos met die nagmaal, nie absolute eenvormigheid rondom die bediening van die doop nie, asook die beskouing daaroor nie.

2 Die feit dat hulle weer gedoop is, was 'n duidelike teken daarvan dat die eerste doop nie as geldig, of as toereikend beskou was nie. Die Johannese doop was dan ook nie dieselfde as die Christelike doop nie – ten minste om twee redes: Eerstens was dit 'n bekeringsdoop, en tweedens kon dit nie 'n teken van verlossing wees nie, aangesien Jesus ten tyde van Johannes se lewe nog nie aan die kruis gesterf het nie.

Hier is dus wel sprake van 'n “herdoop”, maar dan juis met die veronderstelling dat die eerste doop ontoereikend, ongeldig was. Hier is hoegenaamd nie sprake van die oordoen van die Christelike doop nie.

Die gereformeerde doop-beskouing moet verder ook verstaan word in sy historiese konteks waar dit geformuleer is teenoor die sakramentsbeskouing van die Rooms-Katolieke kerk. Vir die reformasie was dit belangrik om enige moontlike meganiese sakramentsbeskouing af te wys. Dit was hulle interpretasie van die Roomse sakramentsbeskouing – dat mens outomaties gered word deur die gebruik van die sakrament, wanneer die genade dan ingestort word deur die tekens. Hierteenoor wou die reformatore die doop nuut verstaan as 'n genadedaad van God. Hierdie genadedaad van God word so deur die reformatore die groeiende en voortdurende toe-eiening van hierdie beloftes in die mens werksaam deur die geloof, insluitende bekering, konfirmasie, belydenis en daad van dankbare gehoorsaamheid en toewyding. Daarom ook die belangrikheid van die openbare aflegging van belydenis deur die dopeling. Maar, nêrens het die reformatore, wat oorspronklik katolieke was, hulle eie doop in die Naam van die Drie-Enige God bevraagteken in die sin dat hulle hulleself laat herdoop het nie. Die doop as handeling van God het hulle aanvaar, selfs al het hulle die betekenis van die teken as waarborg en seël van God se verbintenis anders verstaan as binne die Roomse Kerk.

Op 'n praktiese en pastorale vlak is gemeentes soms met reg besorg oor die suigrag van die kerke wat herdoop – en oor die moontlikheid dat hulle lidmate, dikwels juis toegewyde, ernstige en vrome lidmate, sal verwar en van hulle eie gemeente en tradisie, insluitende die wonderlike genade van Gods troue verbond teenoor ons, sal vervreem. Dit is so dat van ons lidmate hulle in Charismatiese- en pinksterkerke laat herdoop en dan weer terugkom na die NG Kerk. Nou word die vraag gevra: behoort ons nie daarom daaraan te dink om hierdie behoefte aan te spreek met ons eie herdoop-geleentheid nie? Moet ons nie dalk daaraan dink om op hierdie wyse lidmate te behou deur aan hierdie behoefte toe te gee nie? Dit gaan mos nie vir hulle oor die verwerping van hulle kinderdoop nie? word dan dikwels gesê.

Soos reeds gesê, is dit egter 'n onhoudbare argument. Lidmate wat hulle laat herdoop het, meen verniet dat die kerke wat hulle tot grootdoop oortuig het, dit sal aanvaar as hulle nog die betekenis van hulle kleindoop handhaaf. Dit impliseer tog juis dat die kerke wat mense herdoop daarmee sê dat die kleindoop nie reg is nie. Mens kan dit nie anders sien nie, as 'n verwerping van die kinderdoop as geldige doop. En enige poging van die NG Kerk om 'n tweede doop (al noem mens dit ook wat) toe te laat, sal hierdie standpunt eenvoudig bevestig.

Maar, meer as dit: So 'n gebruik sal die identiteitskrisis in die NG Kerk net nog 'n stap verder voer, met die gevolg dat mense dan nog meer onseker sal raak oor die kerk en die kerk juis daardeur nog meer lidmate verloor. Die instelling van 'n ander simboliese doopgeleentheid sal homself op die NG Kerk as sodanig wreek.

2.2.6 Is her-doop 'n sonde?

Dit is baie belangrik om daarop te let dat wat ookal hierbo geskryf staan nie beteken dat ons iemand wat hom/haar laat herdoop het beskou as iemand wat daarmee 'n sonde gepleeg het nie. In deel 3, wat die besluite van die Algemene Sinode reflekteer, word die herdoop (sien punt 19.2) dan ook duidelik beskryf as 'n "dwaling binne die Christenskap."

Anders as vroeër in die kerk se geskiedenis, is die huidige standpunt van die kerk nie meer dat herdoopte lidmate hulle dwaling moet bely alvorens hulle weer as on-getugte lidmate aanvaar word nie. Die klem val nou op die pastorale hantering, waarin gepoog word om die lidmaat tot hernude aanvaarding van die genadige verlossing van God te oortuig.

Soos vanuit die besluite in deel 3 duidelik blyk, word daar nie op dieselfde manier gehandel met predikante van die kerk nie, van wie 'n mens sal verwag dat hulle die sakramentsbeskouing van die kerk onderskryf. Dit gaan hier daarom dat dit 'n fundamentele leerstuk van die kerk is, nl die verstaan van die genade en verlossing van God as 'n daad van God self wat op sy inisiatief geskied en van wie die geldigheid daarvan afhang.

2.2.7 Doopvierings in die kerk as oplossing

In die NG Kerk word, oor die algemeen, te min gemaak van doopgeleentheid. En by aflegging van belydenis kry die doop heel dikwels nie die prominente plek wat dit verdien nie. In 'n baie definitiewe sin is die belydenisaflegging die openbare erkenning van die doop van die lidmate, as sigbare uitdrukking van die aanvaarding van God se genade en liefde.

In 2004 het die Algemene Sinode oor die viering van die doop as volg besluit:

1. DOOPVIERING

1.1 Die Algemene Sinode besluit om sinodes en kerkrade weer eens dringend aan te moedig om groot erns te maak met die verantwoordelike vertolking van die doop en nagmaal soos ons dit verstaan binne die Gereformeerde verstaan van die evangelie van die genade.

1.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om gesamentlike doopvierings in die erediens verder te ontwikkel en uit te bou.

1.3 Die Sinode versoek gemeentes om nie met hierdie viering die suggestie van 'n herdoop te laat posvat nie.

1.4 Die Sinode moedig kerkrade ook aan om die moontlikheid van individuele doopvierings in die erediens en in kleiner groepe in die gemeente te ontwikkel.

Die *Aktuaris* wys daarop dat Doopviering as **viering** van die doop verstaan moet word en nie as doop**bediening** nie.

Dit is verblydend om te sien hoedat daar in al meer gemeentes van die NG Kerk werklik moeite gemaak word om die wonderlike boodskap van die doop aan lidmate meer verbeeldingryk aan te bied. Dit (kan) gebeur by ten minste drie geleentheid.

2.2.7.1 Doop self: Met die doopbediening self behoort die hele diens met al die liturgiese momente beplan te word rondom die betekenis van die doop. Daar is werklik verbeeldingryke voorbeelde hiervan op te merk in die kerk. Dit is altyd benouend en ontstellend as mens hoor dat met die beplanning van die

erediens die doop gou-gou afgehandel sal word, sodat met die eintlike diens voortgegaan kan word. Ook het die verbeeldinglose lees van 'n lang doopformulier in die verlede ook groter kwaad as goed gedoen om die betekenis en sin van die doopbediening tuis te bring.

2.2.7.2 Belydenisaflegging: Daar is gemeentes waar die water as teken weer 'n rol speel by belydenisaflegging, soos die steek van 'n hand in die doopvont as herinnering aan die lidmaat se eie doop van jare gelede, of die aansteek van 'n kers, of die prominente rol van ouers in die seremonie as die interim draers van die boodskap van genade teenoor hulle kinders. Dit is belangrik om hierdie geleentheid te sien as 'n konfirmasie (confirmation) van die doop, soos wat dit nog altyd binne die klassieke teologie verstaan is.

2.2.7.3 Toewydingsgeleenthede (die nagmaal en ander simboliese geleenthede): Daar is 'n groeiende behoefte aan lidmate om na jare weer deel te hê aan 'n openbare toewydingsgeleentheid. Afgesien van die nagmaal, wat tog die mees waarskynlike sigbare deelnemende liturgiese handeling is, wat as toewydingsgeleentheid as sodanig ingerig kan word, kan daar ook ander liturgiese elemente geskep word om hierdie behoefte aan te spreek.

2.2.8 Ten slotte: Die eenvoud van die evangelie beteken nie die eenvoud van die Bybel nie. Daar word beweer dat geen mens wat die Bybel "rou" lees, soos 'n prominente kerkleier dit graag stel (maw, vir die eerste maal sonder kennis van die Christelike leer), die kinderdoop in die Bybel sal raaklees nie. Daarteenoor, word gesê, is daar egter baie tekste wat die grootdoop beskryf. Dan word daarby gevoeg dat die kerk sy leer van die kinderdoop uit die tradisie kry en nie uit die Bybel nie.

Dit is vanselfsprekend dat daar in die Bybel verwysings na die doop van volwassenes is. Dit was tog die begin van die Christelike kerk, die eerste geslag Christene. Dit is vandag nog vanselfsprekend so dat, oral waar kerke geplant word, volwassenes gedoop word nadat hulle tot geloof kom. Daar was ook aanvanklik geen dispuut oor die doop van kinders nie. Daarom is daarvoor nie geskryf nie, buiten met 'n gemaklike terloopsheid (sien verwysings hierbo).

Paulus en die ander skrywers het wel aan gemeentes geskryf oor die dinge waaroor daar probleme of meningsverskille was (soos aan die Korintiërs oor die verdeeldheid as gevolg van die leierskap en geestesgawes; aan die Galasiërs oor hul terugkeer tot wettiese godsdiens, ens). Maar nêrens is geskryf oor die hoe van die doop of die nagmaal nie. Van die nagmaal gepraat: Daar word uitermate min oor die nagmaal geskryf. Maar, indien dit gevier moes word op grond van die laaste Pasga, is dit tog interessant dat Lukas se weergawe niemand nog laat wonder het hoekom ons nie twee maal wyn drink nie (Luk 22:17-20).

En as 'n mens "rou" die Bybel lees, sou jy ook nêrens die Sondag aantref nie. Die Sabbatdag, ja, dikwels. Maar nêrens word verduidelik hoe dit gekom het dat die Sondag, en nie meer die Sabbatdag nie, die Dag van die Here geword het nie. Die opstandingsdag is eers in 313 nC deur Keiser Konstantyn die Grote tot openbare rusdag verklaar. Dit staan nie in die Bybel nie en tog hou ons die Sondag vandag as die Dag van die Here sonder enige gevaar van teenspraak.

Dit is dus duidelik dat dit juis eie is aan die gereformeerde tradisie om met die vertolking van bepaalde sake, nie alleen rekening te hou met verantwoordelike vertolking van die Skrif, waarin met die hele Bybel as die Woord van God gewerk word nie, maar ook met die lig wat die tradisie en belydenisskrifte daarop werp – met ander woorde, ook met wat na die tyd van die Bybel met die Christelike kerk gebeur het. Daarom is ons 'n belydeniskerk. Die betekenis van die Hervorming is immers aan die een kant die bevryding van die Bybel uit die dwanggreep van die Pouslike tradisie, maar aan die ander kant die ernstig opneem van tradisie wat die Bybelse boodskap van verlossing uit genade alleen (*sola scriptura; sola gratia*) sentraal stel. Dit is wat ons gereformeerde maak.

Natuurlik is die evangelie so eenvoudig dat 'n kind (!) dit kan verstaan. Maar die Bybel is nie vir kinders geskryf nie, daarom is dit ook belangrik dat kundige mense, wat deeglik daarvoor opgelei is, vir lidmate toerus en lei in hul lees en verstaan van die Bybel.

As die krisis rondom die doop ons kan uitbring by konstruktiewe teologiese gesprek, 'n herwaardering van die betekenis van die doop en 'n herwinning van ons gereformeerde siening van die Evangelie van genade - dan is dit iets waarvoor ons diep dankbaar en opgewonde behoort te wees!

2.3 DIE ALGMENE SINODE VAN 1998 OOR DIE HANTERING VAN DIE HERDOOP

Die standpunt van die NG Kerk oor die doop – en na aanleiding daarvan die riglyne waarvolgens die saak van herdoop prakties hanteer behoort te word – lui soos volg:

Doop - oordoop/herdoop

1 Die Algemene Sinode herbevestig die Gereformeerde geloofsoortuiging oor die Genadeverbond en oor die doop wat in die vorm van die grootdoop (as sendingdoop) mense buite die kerk wat tot geloof kom, in die genadeverbond inlyf, en in die vorm van die kinderdoop kinders van gelowige ouers in dieselfde verbond inlyf.

2 Die Algemene Sinode is oortuig dat die herdoop van lidmate die eenmalige betekenis van die doop geweld aandoen. In beginsel moet dit egter as 'n dwaling binne die Christenskap gesien word en daarom pastoraal gehanteer word.

3 Hierdie eiendommlike pastoraat sluit 'n algemene en 'n persoonlike faset in:

3.1 as algemene pastoraat moet die betekenis van die Genadeverbond en die doop in albei sy vorme as teken en seël van die verbond op alle beskikbare maniere in die kerk in die al-gemeen, en ook in besonder in elke gemeente, behandel en verduidelik word sodat die pro-bleme wat die herdoop skep, deeglik onder die aandag kan kom.

3.2 In die persoonlike pastoraat behoort individuele aandag gegee te word aan alle lidmate wat hulle laat oordoop het en, as voorsorgmaatreël, ook aan lidmate wat besondere vrae in die verband het.

4 Oorgedoopte lidmate moet in beginsel behandel word soos alle ander lidmate wat probleme het met een of ander aspek van die leer of praktyk van die kerk. Enersyds moet hulle met hartlikheid behandel word as mense wat deel is van die gemeente, en moet daar baie noukeurig ingegaan word op elkeen se spesifieke probleme en omstandighede. Daar moet ten alle koste vermy word om met stereotipes te werk en voorafuitgewerkte antwoorde te bied wat nie regtig die probleme van die spesifieke lidmaat hanteer nie. Andersyds moet hierdie lidmate egter onder die besef gebring word dat die kerk nie hulle optrede goedkeur nie en sy/haar bes sal doen om hulle tot beter insigte te bring.

5 In die persoonlike pastoraat aan oorgedooptes moet in gedagte gehou word dat hulle meestal hul oordoop as 'n positiewe ervaring beleef het, en dit gewoonlik direk met die wil van God (veral met die leiding van die Gees) in verband bring. In sulke gevalle sal dit waarskynlik nie pas om te probeer om hulle binne 'n kwessie van weke of maande tot beter insigte te probeer bring nie. Dit sou eerder gepas wees om oor 'n tydperk heen hul vertroue te probeer behou of terug te wen sodat hulle geleidelik gelei kan word tot 'n beter insig in die verbond en die doop – wat heel waarskynlik ook beteken 'n beter insig in die evangelie as sodanig. Intussen moet kerkrade nie vergeet dat baie ander gemeentelede waarskynlik net so 'n behoefte het aan 'n beter insig in die evangelie as geheel.

6 Indien dit tydens enige fase van die persoonlike pastoraat duidelik word dat die oorgedoopte, en trouens enige ander lidmaat, oortuigings het wat die wese van die evangelie aantast, behoort verder met die kerklike tug teen so iemand opgetree te word, wat uiteindelik ook op die uiterste stap van afsnyding kan uitloop.

7 Die Algemene Sinode besluit dat daar teenoor ampsdraers wat in hierdie opsig dwaal, strenger opgetree moet word as teenoor gemeentelede en dat hulle voorlopig in die amp gestuit word totdat die saak ondersoek en opgelos is.

8 Die Algemene Sinode besluit dat 10.5.6 sodanig verstaan word dat persone wat hulle laat oordoop soos trouens enige ander lidmaat wel aan verdere kerklike tug onderworpe is, alhoewel nie sondermeer omdat hulle hulle laat oordoop het nie (Handelinge, Algemene Sinode, 1998: 417 en 469-470).

3. AMPTELIKE BESLUIE OOR DOOPVIERING

3.1 HUIDIGE BESLUIE

Dit is duidelik dat die aanbevelings oor die viering van die doop tydens die sinode van 2004 ten doel gehad het om die karakter van die doop te ondersteun wat in hierdie verslag beredeneer word. Toe het die sinode soos volg besluit:

3.1.1 *Die Algemene Sinode besluit om sinodes en kerkrade weer eens dringend aan te moedig om groter erns te maak met die verantwoordelike vertolking van die doop en nagmaal soos ons dit verstaan binne die Gereformeerde verstaan van die evangelie van die genade.*

3.1.2 *Die Sinode moedig kerkrade aan om gesamentlike doopvierings in die erediens verder te ontwikkel en uit te bou.*

3.1.3 *Die Sinode versoek gemeentes om nie met hierdie viering die suggestie van 'n herdoop te laat posvat nie.*

3.1.4 *Die Sinode moedig kerkrade ook aan om die moontlikheid van individuele doopvierings in die erediens en in kleiner groepe in die gemeente te ontwikkel.*

3.2 AANBEVELING : VERSLAG OOR BETEKENIS EN GEBRUIK VAN DIE DOOP

Die Algemene Sinode aanvaar hierdie verslag as uitdrukking van die NG Kerk se verstaan van die Christelike doop en versoek leraars en kerkrade om toe te sien dat die doop so gevier word.

A.1.2 VERSLAG VAN ALGEMENE DIENSGROEP VIR GEMEENTE - ONTWIKKELING : ROEPING EN IDENTITEIT

ALLE AANBEVELINGS MOET ASSEBLIEF SAAM MET DIE TOEPASLIKE WERKS-DOKUMENT/BYLAE, SOOS AANGEDUI, GELEES WORD. DIT DIEN AS BELANGRIKE AGTERGROND VIR DIE AANBEVELINGS. HIERDIE VERSLAG BIED SLEGS OPSOMMENDE OPMERKINGS.

1. `N AFGEBAKENDE EN PRAKTIESE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE (Vgl ADGO Bylaag 1)

1.1 AGTERGROND EN OPDRAG

Tydens die 2004 AS is die volgende opdrag aan ADGB (nou ADGO) gegee: AS 2004 p370: "Die AS gee 'n verdere opdrag aan die ADGB om aan die hand van die studiestuk (AS 2002, p 115-120) te werk aan die formulering van 'n meer afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie. Hierdie nuwe studiestuk sou kon dien as die basis vir 'n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige kerkorde oor gemeentes en bedieningsverwante sake gepraat behoort te word.

1.2 WERKSWYSE

Die volgende werkswyse is gevolg:

1.2.1 Die *bestaande studiestuk soos opgestel deur Prof Malan Nel en Dr Coenie Burger is bestudeer en geëvalueer*. Dit is belangrik om te verstaan dat die bestaande studiestuk steeds as vertrekpunt geneem word. Die wiel behoort nie nuut ontwerp te word nie. Beide ons tradisie, asook werk wat die afgelope jare reeds gedoen is, skep 'n stewige basis wat nou na gelang van die eise van die dag verder gekonkretiseer kan word.

1.2.2 Gesprekke is met ATLAS gevoer om die opdrag wat aan hulle gegee is – 'n studiestuk rakende *gereformeerde identiteit* – te probeer bely n met bostaande opdrag.

1.2.3 In diepte gesprekke is *binne ADGO* gevoer om die wesenlike *uitdagings en tendense* binne die kerk te probeer vasstel.

1.2.4 Gesprekke is met 'n kerngroep van *verteenwoordigers van verskeie diensgroepe* binne die NG Kerk gehou ten einde so 'n holisties as moontlike raamwerk daar te stel. Die groep het uit die volgende persone bestaan: Braam Hanekom (ADGO - sameroeper), Piet Meiring (ADD), Nelus Niemandt (ATR), Nelis van Rensburg (ATLAS), Coenie Burger (Moderamen), Malan Nel (VTO), Frederick Marais (GDN), Anriette de Ridder en Natie Stander (28 November 2006).

1.2.5 Kennis is ook geneem van werk wat in dié verband in die Oos-Kaap onder leiding van Chris van Wyk gedoen is.

1.2.6 Met dit as agtergrond het die *dagbestuur van ADGO* verantwoordelikheid geneem vir die finale samevoeging en redigering van insette.

1.3 AANBEVELINGS: EKKLESIOLOGIE

1.3.1 Die Algemene Sinode keur bostaande dokument as 'n *gespreksdokument* goed.

1.3.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en kerkrade om die dokument op gepaste wyse te hanteer.

1.3.3 Die Algemene Sinode versoek al die relevante diensgroepe om die saak so holisties as moontlik te hanteer en rig daarom ook 'n spesifieke versoek aan die koördineringsforum van diensgroepe om hieraan aandag te gee.

1.3.4 Die Algemene Sinode versoek ATR om in samewerking met ADGO te kyk na moontlike KO implikasies en die sinode met toepaslike aanbevelings te bedien.

1.3.5 Die Algemene Sinode versoek ADGO om in samewerking met BM gepaste moontlikhede te ondersoek om die saak onder bespreking op die tafel van gemeentes te bring. Dit sluit onder andere DVD's, publikasies en konferensies in.

2. ARMINIANISME: KONSEKWENSIES VIR DIE BEDIENING (Vgl ADGO Bylaag 2)

2.1 Die Algemene Sinode verwys die verslag (AS 2002; Agenda p 187-190; § A.12.D1) oor die Arminianisme na die ADGO (en ADDG) om, met verslag aan die Algemene Sinode, te besin oor die implikasies van die verslag vir die bediening van die gemeente in die samelewing."

2.2 AANBEVELING: ARMENIANISME- KONSEKWENSIES VIR DIE BEDIENING

2.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die werksdokument en beskou die opdrag as voorlopig afgehandel.

2.2.2 Die AS versoek die ADGO om in die ontwikkeling van gemeentes deurlopend, wat betref die saak onder bespreking, as gereformeerde gewete op te tree.

3. EREDIENS

3.1 KERKMUSIEK (FLAM)

(Vgl ADGO Bylaag 3A)

3.1.1 Flam is voortdurend besig om nuwe liedere te versamel en vergader drie keer per jaar om nuwe liedere teologies, musikaal en taalkundig te keur en gereed te kry vir Flam se webwerf. Daar is reeds 'n somtotaal van 187 liedere gekeur en soos wat die kopiereg uitgeklaar word, en die notering van die bladmusiek gedoen word, verskyn dit op Flam se webbladsy op www.jeugfokus.co.za.

3.1.1.1 AANBEVELING:MUSIEK

Die Algemene Sinode ondersteun die werkwyse van Flam en moedig gemeentes aan om gebruik te maak van hierdie teologies en musikaal-gekeurde eietydse liedere.

3.1.2 'n Aantal liedere (met tekste uit verskillende inheemse tale) vir interkulturele byeenkomste sal ook mettertyd op Flam se webblad beskikbaar wees. Die bekende ekumeniese liedere waardeur verskillende strofes in verskillende inheemse tale gesing kan word, kan baie sinvol by interkulturele en multikulturele dienste gebruik word. 'n Proses is ook aan die gang tussen NG Kerk-familie om liedere met dieselfde melodieë in die verskillende tale beskikbaar te stel. Dit sal egter nog 'n tyd neem voordat dit beskikbaar is.

3.1.2.1 AANBEVELING:LIEDERE IN ANDER TALE

Die Algemene Sinode neem met dank kennis dat tekste van liedere in ander tale, waarvan die melodieë in die Liedboek opgeneem is, op die kerk se webblad beskikbaar is.

3.1.3 FLAM het geoordeel dat die mees sinvolle en koste-effektiewe manier waar kontemporêre musici oor die land heen opgelei kan word, sou wees deur middel van 'n professionele opleidings-DVD. Intussen het FLAM kennis geneem dat die bekende gospelmusikant, Louis Brittz, beoog om gedurende 2007 'n soortgelyke DVD die lig te laat sien. FLAM het geoordeel dat daar eerder insette aan Louis Brittz gelewer kan word en met sy projek saamgewerk kan word, as om dieselfde projek met so 'n groot finansiële uitset te dupliseer. FLAM kan dan eerder hierdie opleidings-DVD van Louis Brittz vir gebruik in gemeentes akkrediteer.

3.1.3.1 AANBEVELING:SAMEWERKING MET VENNOTE

Die Algemene Sinode gee opdrag aan ADGO dat daar met geskikte vennote saamgewerk moet word in die daarstelling van 'n professionele opleidings-DVD vir kontemporêre musici.

3.1.4 Daar bestaan tans 'n leemte ten opsigte van die bevordering van meer formele/klassieke kerkmusiek. Daar is 'n nypende tekort aan orreliste en orrelstudente is baie minder. Die taakspan sal in samewerking met die SA Kerkorrelistevereniging sake soos die tekort aan opgeleide orreliste, opleidingskursusse vir orreliste, moontlike indiensopleiding van orreliste, aanspreek.

3.1.4.1 AANBEVELING:BEVORDERING VAN KLASSIEKE MUSIEK

Die Algemene Sinode gee erkenning aan die behoefte met betrekking tot die bevordering van formele kerkmusiek en gee opdrag aan ADGO en sy Projekspan vir Musiek om werksaamhede in die verband voort te sit.

3.1.5 Aangesien daar so 'n groot tekort aan opgeleide orreliste dwarsoor die land bestaan en gemeentes werklik sukkel om orreliste te vind wat die gemeentesang dinamies kan begelei, wil ADGO Projekspan-Musiek gemeentes graag wys op die lofwaardige poging van die SKE, NG Kerk in die OVS wat 'n volledige stel Begeleidings-CD's van die Liedboek in samewerking met Bybel-Media saamgestel het. Die hersiene pakket van die Begeleidings-CD's van die Liedboek, bestaande uit 14 CD's is beskikbaar teen R350,00 en kan bestel word by Bybel-Media: **0860 231 231** of direkte bestelling: bestel@bmedia.co.za of E-aankope: www.bmedia.co.za

3.1.5.1 AANBEVELING: BEGELEIDINGS-CD

Die Algemene Sinode moedig gemeentes, wat sukkel om geskikte orreliste te vind, aan om alternatiewelik van die hulp van die Begeleidings-CD-pakket gebruik te maak.

3.2 PREDIKING

3.2.1 Die taakspan gee jaarliks drie Prediking-nuusbriefe uit met kreatiewe wenke vir predikers, asook aktuele sake rondom prediking. Die nuusbriewe is op die webblad van die kerk beskikbaar.

(www.ngkerk.org.za - ADGO)

3.3 LITURGIE / HANDBOEK VIR DIE EREDIENS (Vgl ADGO Bylaag 3B)

3.3.1 Hierdie taakspan het die Liturgiese Handboek vir die Erediens saamgestel deur bestaande materiaal te evalueer asook nuwe materiaal beskikbaar te stel. Die inhoud dek die volgende areas:

- a. **Die Erediens:** In hierdie afdeling word die aard en die verloop van die erediens beskryf, die verskillende elemente van die erediens word bespreek, en 'n aantal voorbeelde word bygevoeg. Daar sal ook riglyne wees oor hoe om self die elemente te skep.
- b. **Ander dienste:** In hierdie afdeling word die volgende dienste bespreek aan die hand van hulle herkoms, aard, en inkleding – weereens saam met 'n aantal voorbeelde: huweliksdienste, begrafnisdiens, verrassingsdiens, sangdiens, meditatiewe dienste, genesingsdiens, versoeningsdiens, omgewingsdiens, ekumeniese dienste, getygebede, toewydingsdiens, missionêre dienste, jeugdiens en kinderdienste.
- c. **Die kerklike jaar:** In hierdie afdeling word die verskillende seisoene van die kerkjaar bespreek, en 'n voorbeeld van die betrokke liturgie word bygevoeg. Daar sal ook inligting gegee word oor relevante sake soos die gebruike, kleure en simbole van die seisoene in die kerkjaar.

3.3.1.1 AANBEVELINGS: HANDBOEK VIR EREDIENS

1. Die AS word versoek om die Handboek vir die Erediens as liturgiese proefbundel goed te keur.
2. Die AS versoek verder dat ADGO in die reses die opdrag kry om 'n deeglike evaluering van die bundel te doen met aanbevelings vir goedkeuring by die volgende sinode.
3. Dit word gedoen in die lig van die feit dat die liturgiese ontwikkeling as voortgaande proses gesien word en genoemde bundel nie as 'n afgeslote bundel gesien moet word nie.

4. BEDIENING AAN KERKLOS-LIDMATE EN EVANGELISASIE (Vgl ADGO Bylaag 4)

4.1 AGTERGROND

Die ADGO het in Mei 2006 'n klein taakgroep byeengebring om te besin oor die stand en toekoms van evangelisasie binne die NGK. Dit is onder meer om die volgende redes gedoen:

- 4.1.1 Die ervaring op gemeentelike vlak dat al meer en meer lidmate kerklos word en van die gemeentes wegdryf.
- 4.1.2 Die ervaring dat die *gesprek oor evangelisasie al meer en meer tot 'n stilstand gekom het*. Dit geld vir gemeentelike-, rings- en sinodale vlak en ook binne die teologiese fakulteite.
- 4.1.3 Hiermee saam het *evangelisasie as aktiwiteit ook feitlik tot 'n halt gekom*. Erkenning word onmiddellik gegee aan klein groepies gelowiges, wat wel evangelisasieprogramme in stand gehou het, dikwels op die rand van die gemeentelike lewe.
- 4.1.4 Die ervaring dat daar dikwels so gestry word oor wat "evangelisasie" nou eintlik is en behoort te wees, dat dit sinvolle bediening in die verband ook gekniehalter het.
- 4.1.5 Die ervaring dat die sigbare getalle van gemeentes dramaties daal, maar dat daar oor 'n twintig jaar periode feitlik geen nuwe lidmate tot die NG Kerk toegevoeg is, anders as deur geboorte nie. Ons dank aan FIM \ Engelstalige gemeentes wat dikwels onder groot negatiewe druk, juis dit moontlik gemaak het.
- 4.1.6 Die ervaring dat daar binne die NGK verskillende teologiese strominge ontstaan het wat nie alleen op belydenisvlak onsekerheid gebring het nie, maar noodwendig op bedieningsvlak (soos bv. die saak onder bespreking) begin impakteer het.

Met dit as agtergrond het die taakgroep vergader om oor die saak vanuit verskillende invalshoeke te besin. Die gesprek in Mei 2006 is opgevolg met 'n gesprek in Oktober 2006, waar die voorsitter van ADD (Prof. Piet Meiring) ook waardevolle insette gelewer het – ook oor die pad vorentoe wat noodwendig samewerking met ADD moet insluit.

4.2 AANBEVELINGS : BEDIENING AAN KERKLOS LIDMATE EN EVANGELISASIE

- 4.2.1 Die Algemene Sinode keur hierdie studiestuk as gespreksdokument goed en gee opdrag aan ADGO en ADD om seker te maak dat navorsing en gesprek in die verband voortgaan.
- 4.2.2 Die Algemene Sinode keur goed dat die Seisoen van Luister in 2010 verder gevoer word deur 'n *Seisoen van Evangelisasie* uit te roep. Nie alleen moet daar dan met soveel as moontlik vennote saamgewerk word om 2010 jaar 'n besondere jaar in ons land se geskiedenis en die Koninkryk van God te maak nie, maar behoort daar ook byvoorbeeld materiaal ontwikkel te word wat na 2010 goed gebruik kan word.
- 4.2.3. Die AS keur goed dat die spesifieke naamgewing vir die seisoen later gedoen word.
- 4.2.4 Die AS wys vir die doel 'n uitgebreide taakgroep aan wat soos volg saamgestel kan word:
Verteenwoordiging van ADGO
Verteenwoordiging van ADD

Verteenwoordiging van die VGKSA, RCA en NGKA in Afrika

Verteenwoordiging van FIM

Verteenwoordiging van relevante mobiliseringsorganisasies soos SAVGG en Kingfisher

Verteenwoordiging van die teologiese fakulteite en VTO's

Ander ekumeniese verteenwoordiging

4.2.5 NEK word as sameroeper aangewys

4.2.6 Die AS dra dit aan die dagbesture van ADGO en ADD op om begrotings- en ander logistieke detail uit te klaar.

4.2.7 Die AS versoek die moderamen om aan hierdie verslag aandag te gee.

5. NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING

(Vgl ADGO Bylaag 5)

5.1 AANBEVELINGS: NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING

5.1.1 Die AS neem kennis van die bylae.

5.1.2 Die AS versoek kerkrade om ernstig oor die implikasies van NGO binne hul eie konteks te besin en nuwe gemeentestigting as doelgerigte metode vir kerkgroei te oorweeg.

5.1.3 Die AS versoek sinodes om verantwoordelikheid te neem dat relevante uitdagings in hul sinodale gebied sinvol aangespreek word.

5.1.4 Die AS versoek AKTO om toe te sien dat die saak die nodige aandag in die kurrikula van die verskillende teologiese fakulteite kry.

5.1.5 Die AS keur die Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van gemeentes goed. (Bylae 2)

5.1.6 Die AS versoek die ATR om in oorleg met ADGO aandag te gee aan die moontlikheid dat gemeentestigting uit meer as een kerkverband kan geskied.

6. REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES

(Vgl ADGO Bylaag 6)

6.1 AANBEVELING: REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES

6.1.1 Verwys na A.6.4 Hersiening van reglemente.

’N AFGEBAKENDE EN PRAKTIESE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE

1. AGTERGROND EN OPDRAG

Tydens die 2004 AS is die volgende opdrag aan ADGB (nou ADGO) gegee: AS 2004 p370: “Die AS gee ’n verdere opdrag aan die ADGB om aan die hand van die studiestuk (AS 2002, p 115-120) te werk aan die formulering van ’n meer afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie. Hierdie nuwe studiestuk sou kon dien as die basis vir ’n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige kerkorde oor gemeentes en bedieningsverwante sake gepraat behoort te word.

2. WERKSWYSE

Die volgende werkswyse is gevolg:

2.1 Die bestaande studiestuk soos opgestel deur Prof. Malan Nel en Dr Coenie Burger is bestudeer en geëvalueer. Dit is belangrik om te verstaan dat die bestaande studiestuk steeds as vertrekpunt geneem word. Die wiel behoort nie nuut ontwerp te word nie. Beide ons tradisie, asook werk wat die afgelope jare reeds gedoen is, skep ’n stewige basis wat nou na gelang van die eise van die dag verder gekonkretiseer kan word.

2.2 Gesprekke is met ATLAS gevoer om die opdrag wat aan hulle gegee is – ’n studiestuk rakende *gereformeerde identiteit* – te probeer bely n met bostaande opdrag.

2.3 In diepte gesprekke is *binne ADGO* gevoer om die wesenlike *uitdagings en tendense* binne die kerk te probeer vasstel.

2.4 Gesprekke is met ’n kerngroep van *verteenwoordigers van verskeie diensgroepe* binne die NG Kerk gehou ten einde so ’n holisties raamwerk daar te stel. Die groep het uit die volgende persone bestaan: Braam Hanekom (ADGO - sameroeper), Piet Meiring (ADD), Nelus Niemandt (ATR), Nelis van Rensburg (ATLAS), Coenie Burger (Moderamen), Malan Nel (VTO), Frederick Marais (GDN), Anriette de Ridder, Natie Stander (28 November 2006).

2.5 Kennis is ook geneem van werk wat in dié verband in die Oos-Kaap onder leiding van Chris van Wyk gedoen is.

2.6 Met dit as agtergrond het die *dagbestuur van ADGO* verantwoordelikheid geneem vir die finale samevoeging en redigering van insette.

3. WAT IS AAN DIE GEBEUR IN DIE KERK?

’n Gesonde ekklesiologie wil met realisme en nugterheid die werklikhede van die konteks dooernstig neem en terselfdertyd op kritiese wyse die rykdom van die dogmatiese en kerklike tradisie herwin. Presies dit wil hierdie gespreksdokument doen. Eerstens word die volgende moontlikhede genoem as rigtingwysers, ten einde die huidige konteks (2007) van die NG Kerk te probeer definieer:

3.1 Al meer en meer stemme gaan op wat die mening uitspreek dat die kerk inderdaad op die vooraand van ’n *nuwe reformasie* staan. In hierdie reformasie gaan dit egter oor veel meer as dit waarvoor die sg “Nuwe Reformasie” staan. Inderdaad gaan dit oor die herontdekking van “ou” waardes en insigte en die aanbied daarvan op toepaslike wyse binne ’n nuwe konteks. Sommige druk dit selfs sterker uit en praat van ’n “stil revolusie” wat aan die gang is (Sien Barna, G, *Revolution*, CUM, Vereeniging, 2006.) Die kerk sal sekerlik op verantwoordelike wyse hiervan moet kennis neem.

3.2 Dit blyk dat die kerk met ’n nuwe geslag gekonfronteer word wat anders dink oor konsepte soos “*belydenis*” en “*waarheid*”. Dit is ’n generasie wat nie in die eerste plek omgee oor belydenis in ’n suiwer dogmatiese sin van die woord nie, maar veel eerder “reg wil doen” as wat hulle “reg wil glo”. Hierdie nuwe generasie voel min vir baie dinge waaroor ’n ouer geslag ernstig voel. Van die kritiek wat byvoorbeeld op die belydenisskrifte uitgespreek word, is dat mense baie styf daaraan vashou, maar eintlik nie meer weet wat daarin staan nie, en dat dit dus eintlik glad nie meer funksioneer nie.

3.3 In samehang hiermee, vind ons dat daar ’n besliste *dekonstruksie van die sisteem en strukture* aan die gang is. Ons lewe in ’n anti-institusionele tyd. Para-kerklike sisteme is meer en meer aan die ontwikkel en so ook assosiasies en nuwe kerklike verbande. Dit hou ingrypende gevolge in vir die kerkverband soos ons dit leer ken het.

3.4 Die kerk bevind haarself 13 jaar na 1994! Die eiesoortige problematiek van ’n *jong demokrasie* impakteer noodwendig op die sosiaal-maatskaplike konteks waarbinne die kerk funksioneer en ook die gepaardgaande emosionele uitwerking wat dit op lidmate het. Verhoogde rassisme, bitterheid en rou is nie ongewoon nie. Terselfdertyd word die versoeking aan ontvlugting in die materiële al groter.

3.5 Die voortgaande dinamika en ewige *verandering in die profiel van verskillende generasies* is duidelik sigbaar. Die nuwe geslag “millenials” openbaar definitief ’n terugkeer na ou waardes en onverskrokke verbintenis aan die Evangelie. Terselfdertyd word die kloof tussen nie-kerklikes en buite-kerklikes (gelowiges-ongelowiges) by die dag groter. Die “Boomers” samel steeds geld in, terwyl die “Busters” op

uitreike gaan. Wat al duideliker word, is dat verskillende generasies in feite al moeiliker met mekaar kommunikeer, omdat hulle al meer en meer met verskillende begrippe en begripsinhoudes werk.

3.6 Daar is tans 'n ongestruktureerde gesprek oor ekklesiologie aan die gang. Daar is 'n dinamiese ontwikkeling in denke oor ekklesiologie aan die gang. Gesprekke rondom die "Emerging Church" en "missionêre gemeente-wees" is maar enkele voorbeelde hiervan.

3.7 Die NGK is in gesprek met die res van NGK-familie oor onder andere kerkeenheid. Dit is duidelik dat die verskillende kerke tans binne verskillende kerklike paradigmas funksioneer. Die gesprek en moontlike eenheid sal noodwendige gevolge op almal betrokke hê.

3.8 Die NGK het vir baie jare weens apartheid hoofsaaklik binne 'n wit konteks funksioneer. Dit het egter dramaties verander. Die kerk is nou deel van 'n derde-wêreld konteks en moet in die besonder haarself herposisioneer om binne *derde-wêreld stede* te opereer.

3.9 Vir meer en meer mense geld die slagspreuk: "*The church is dead... Christianity not!*"

3.10 Meer mense begin die kerk sien as 'n *beweging van dissipels*. Vir hulle maak 'n rigiede, ordelike struktuur/instituut nie meer sin nie en behoort dit gedekonstrueer te word. In lyn met vroeëre gereformeerde sieninge is 'n minimalistiese kerkbegrip aan die ontwikkel, wat die kerk as 'n ondergeskikte onderdeel van God se Koninkryk gesien word. Daar bestaan 'n behoefte aan 'n *kerk wat my voorberei vir die kerk van die lewe...*

3.11 Die samelewing het 'n paradoksale mengsel van *pre-moderne, moderne en post-moderne denke* en sienswyses geword. Ons vind dit ook in die kerk. Diversiteit het die norm geword. Homogeniteit word op min plekke gevind. Ook nie meer in gemeentes nie.

3.12 *Mag* het nog altyd 'n rol in die kerk gespeel. Die gestaltes wat dit aangeneem het, het deur die eeue van gedaante verander. So byvoorbeeld was daar institusionele mag en intellektuele mag wat 'n rol gespeel het. Soms was dit mag wat in samehang met politieke mag gefunksioneer het. Die vraag sou wees in welke opsig die ekklesiologiese posisies wat ingeneem word, hierdie werklikhede op subtiel en intuïtiewe wyse verstaan, kondoneer of teenstaan.

3.13 Die moderne geskiedenis sou moontlik onder andere in drie tydvakke opgedeel kon word, te wete, die tyd van die kerk, die tyd van die staat/politiek en die tyd van die ekonomie /mark. Laasgenoemde is tans met ons met werklikhede soos materialisme en verbruikersmentaliteit, wat hoogty vier. In Suid-Afrika vind ons dat die staat en die mark tans ongemaklik vermeng word. Dit lewer 'n eiesoortige problematiek en uitdagings.

3.14 Wanneer ons spesifiek na die **kerklike demografie** kyk, tree die volgende prentjie na vore:

3.14.1 Die NG Kerk is tans midde in een van die heel grootste *demografiese veranderings* in haar geskiedenis. Dit raak veral 2 aspekte: Eerstens, die dramatiese swaai na multikulturele omgewings waarin sommige gemeentes hulself bevind ná die opheffing van die groepsgebiede wette. Tweedens, die verskynsel dat soos wat ons dit in die land in die breë aantref, daar nou ook "ryk" en "arm" gemeentes *binne* in die NG Kerk is. Ten spyte van die veranderinge wat in die land plaasgevind het, moet kennis geneem word van die groot verskil tussen die huishoudelike inkomste van VGK-lidmate en NGK-lidmate wat steeds bestaan. Gemiddeld is die huishoudelike inkomste van NG huishoudings, tien keer meer as dié van die VGK.

3.14.2 *Verstedeliking*, met al die implikasies vir kerkwees en gemeentelike modelle, neem steeds toe. Dit word weer bevestig dat voortgaande besinning oor effektiewe kerkwees *in die stad* een van die sinode se grootste prioriteite behoort te wees.

3.14.3 Die *kwynende kapasiteit in leierskap* (veral in die predikantekorps), word 'n al groter probleem.

3.14.4 Daar bestaan steeds *uitbreidingsmoontlikhede* vir die NGK in enkele stadsgebiede en groter plattelandse sentra. Die groot vraag is wie hiervoor verantwoordelikheid neem.

3.14.5 Die vraag moet gevra word of *historiese gemeentegrense* nog binne 'n hedendaagse konteks werkbaar is? Al meer en meer lidmate beskou gemeentegrense as irrelevant.

3.14.6 Daar bestaan nog groter *uitdagings in sg swart en bruin gebiede* en die vraag is of die ander lidkerke van die NGK-familie oor genoegsame kapasiteit beskik om hieraan aandag te gee?

3.14.7 Daar bestaan reuse *missionêre uitdagings vir NG Gemeentes*. Dit geld vir die stad (veral middestadsgemeentes) en plattelandse gemeentes. Daar bestaan egter 'n vraag of die gemeentes midde in die uitdaging oor genoeg kapasiteit (holisties gesien) beskik om effektief daaraan aandag te gee. 'n Groot verantwoordelikheid rus dus op dié verband om vennootskappe te help oprig, wat dit wel moontlik sal maak.

3.14.8 Kommerwekkend is die feit dat daar meer en meer *ringe* is wat as ring onder geweldige druk is, omdat feitlik al die gemeentes in die ring onder finansiële druk verkeer. Hier is dus nie net 'n strategiese herbeplanning van enkele individuele gemeentes op die tafel nie, maar eintlik die hele ring. Drie kategorieë bestaan: i) Ringe waar feitlik al die gemeentes in 'n bestaanskrisis verkeer. ii) Ringe waar onsekerheid bestaan oor of die meerderheid van gemeentes nog selfstandig en kragtig funksioneer. iii) Ringe waar die minderheid gemeentes sukkel en daar genoegsame kapasiteit binne die ring bestaan om die probleme aan te spreek.

4. NUWE TESTAMENTIESE INSIGTE OOR DIE KERK

Die Kerk van Christus word meermale beskryf as die volk van God (Sien onder andere 1 Pet 2:9,10). Hierdie volk deurbreek grense, lewe met 'n nuwe identiteit en word gesien as 'n wesenslike instrument in die vestiging van Gods koninkryk op aarde.

Die hartklop van die kerk word aangrypend saamgevat in Petrus se belydenis in Matteus 16:16 dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. Jesus reageer hierop deur te sê dat Hy sy *ekklesia*, sy kerk, op hierdie rotsbelydenis bou (Matt 16:17-18). Kortom, die wesensaard van die kerk is geleë in 'n geloofs- en lewensverbintenis aan Jesus. Hy is die oorsprong, gestaltegewer, lewensinhoud en instandhouer van almal wat Petrus se belydenis agterna sê en van harte uitleef.

Die kerk is Christologies begrond. Anders gestel, die kerk anker altyd in Christus se Persoon en Werk. Paulus is dit eens hiermee as hy in Kol 1:15-20 Christus jubelend besing as die Hoof of Kop van sy aardse liggaam, te wete, die kerk. Uit Jesus spruit die kerk volgens die apostel volledig voort. Sonder sy reddende optrede, en besonderlik sy sterwe en opstanding, kan daar geen sprake van 'n kerk wees nie.

Die kerk bestaan altyd en op alle plekke uit mense wat geloofsgemeenskap of *koinonia* met mekaar beleef. So min as twee of drie wat in die Naam van Jesus vergader, reflekteer alreeds die wesensaard, die DNS, van kerkwees. In die woorde van Matteus 18:20 is Jesus telkens reddend in hulle midde aanwesig. Kerkwees is deurentyd in nuwe verhoudings met mekaar in die teenwoordigheid van die opgestane Christus. Hierdie verhoudings word gekenmerk deur *agape*, oftewel, onvoorwaardelike lojaliteit aan mekaar as lede van die aardse familie van Christus (1 Kor 13). Op praktiese vlak word hierdie liefde sigbaar in konkrete aktiwiteite van omgee, gasvryheid, materiële hulp, gebed, vergifnis en die wedersydse versorging van mekaar en ander.

Die wese van die nuwe geloofsgemeenskap wat tussen volgelinge van Jesus bestaan, word binne die Nuwe Testament veral aan die hand van oorkoepelende familiebeelde verstaan en verwoord. Families was die primêre instelling binne die wêreld van die eerste eeu. Nogtans is bestaande familieverhoudings nie slaafs binne die vroegste kerk gedupliseer nie. Inteendeel, die kerk is 'n splinternuwe familie met God as Vader. Hy is die Een wat lewe gee aan almal wat deur geloof in Christus aan Hom verbonde is. God verander alle gelowiges se status vanaf sondaars na kinders (1 Johannes 3:1). Sodoende is elke gelowige 'n deelgenoot van die volle heilswerk van Christus. In die taal van Romeine 5-8 sluit dit in die aanwesigheid van God se vrede, asook Christus se voortdurende voorbidding en die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Die Gees is op sy beurt aan die kerk van Christus gegee as eerste offer van die feesvreugde wat op gelowiges wag in die banketsaal van ons Hemelse Vader.

Dit is veral die werk van die Heilige Gees om die opgestane Christus teenwoordig te stel deur die kerk gedurig gelowig te herinner aan sy leringe en om hulle in die volle waarheid te lei. Hiervoor gebruik Hy mense in die kerk aan wie Hy uiteenlopende gawes of *charismata* gee (Rom 12; 1 Kor 12-14; Ef 4; 1 Pet 4). Hierdie gawes word gegee sodat die kerk opgebou kan word in hul geloof en sodat God verheerlik word. Die verskeidenheid van gawes, wat deur een Gees aan alle gelowiges individueel uitgedeel word soos en wanneer Hy wil, stel hulle in staat om mekaar te dien, te versterk en geestelik te laat groei. In die besonder is dit die roeping van geestelike leiers (Rom 12:6-8) om die liggaam van Christus toe te rus met die regte kennis vanuit die Skrif sodat hulle hul plek as dissipels van Christus in die wêreld kan volstaan.

Alle gelowiges, as volwaardige lede van die nuwe huishouding van God, geniet gelyke status met mekaar in die teenwoordigheid van God. Daar bestaan geen hiërargiese skeiding tussen sogenaamde "gewone lidmate" en die ampte nie, soos wat Jesus in Matt 23 duidelik maak. Alle gelowiges vind voortdurend hul outentieke identiteit in 'n leefwyse van nederigheid en selfverloëning voor hul Heer. Hulle verkies derhalwe om in die Heer se teenwoordigheid kinders te wees eerder as grootmense, en om slawe en knegte te wees eerder as base en heersers (Mrk 9:34-37; 10:42-45).

Jesus se roeping tot navolging van Hom (Matt 16:24-26) veronderstel dat alle gelowiges voltydse dissipels is. In die praktyk vra dit gehoorsaamheid aan al sy beginsels en reëls. Navolgers van Christus word gekenmerk deur hul lojaliteit aan Christus en sy plan om die koninkryk van God wêreldwyd te laat seëvier. Alle gelowiges is sodoende sendelinge. Missie is nie die roeping van 'n uitgesoekte groepie gelowiges wat iewers in die wêreld die evangelie voltydse uitdra nie. Alle gelowiges is sendelinge op alle plekke in die samelewing waar hulle hulself telkens bevind.

Aangesien die hartklop van die Nuwe Testamentiese kerk sentreer rondom die belydenis van Christus as Heer, en ook gedra word deur onderlinge *koinonia*, mag die kerk nooit verstaan word vanuit haar formele strukture, ampte, geboue, ordes of amptelike aktiwiteite nie. Die kerk is na haar wese 'n beweging, nie 'n instelling nie. Die kerk is 'n familie van nuutgemaakte mense voor Christus, nie 'n geykte institusie nie.

Derhalwe moet die Nuwe Testamentiese siening van gelowiges as tempels van die Heilige Gees (1 Kor 3:16; 6:19) opnuut prakties ontgin word teenoor skeefgetrekte sienings rondom kerkgeboue as “die huis van God.” Eweneens moet die foutiewe skeiding tussen heilige ruimtes en sekulêre ruimtes opgehef word. Hierdie idees spruit voort uit die verheffing van kerkgeboue, tesame met die amptelike aktiwiteite wat daar plaasvind, tot “eksklusiewe kerklike aktiwiteite,” terwyl normale aktiwiteite van gelowiges elders in die wêreld nie noodwendig as “kerklike aktiwiteite” gesien word nie. Vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief is alle gelowiges voltydse verteenwoordigers van Christus op elke plek waar hulle hulself bevind. Kerkwees gebeur daarom binne elke lewensfeer. Formele kerklike byeenkomste is inoefen-geleenthede om God gesamentlik te eer en om toegerus te word om Christus se voltydse getuies te wees.

5. HISTORIESE / DOGMATIESE INSIGTE

Dit is nie die doel van hierdie dokument om 'n volledige dogmatiese perspektief op die kerk te gee nie, maar poog wel om 'n eenvoudige begrippe-raamwerk daar te stel wat as basis vir 'n gesonde ekklesiologie sou kon dien. Met dit as uitgangspunt sou die volgende begrippe as gespreksbasis kon dien:

5.1 'n Gesonde ekklesiologie en 'n *helder Godsbegrip* behoort onlosmaaklik van mekaar gesien te word.

Die kerk is 'n skepping van God, gebou op die fondament wat Christus gelê het en konkrete gestalte aangeneem het deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

5.2 'n Gesonde ekklesiologie sal dus altyd met 'n helder *trinitariese Godsbegrip* werk, maar terselfdertyd bly vashou aan die ondeurgrondelike en misterieuse karakter van God en sy werksaamhede.

5.3 Binne die gereformeerde tradisie is daar altyd met 'n *minimalistiese kerkgrip* gewerk. Dit beteken gewoon dat die *kerk nooit belangriker as die Koninkryk* is nie en dat die relatiewe plek en posisie van die kerk in die samelewing altyd verdiskonteer behoort te word. 'n Kerk wat te belangrik word, ontwikkel spoedig 'n probleem. Dit mag vir die kerk daarom nooit in die eerste plek gaan om die uitbou van die kerk, tradisie of denominasie nie, maar wel om die uitbou en koms van die Koninkryk. Die implikasie hiervan is dat 'n kerk/gemeente ook sou kon sterf, sonder dat dit die einde van die Koninkryk beteken.

5.4 Die “*gemeente*” is nog altyd gesien as die draer en die beskermer van die Waarheid. Die vraag is egter hoe hierdie waarheid in ons dag gedefinieer behoort te word. Hoe moet dit omskryf word en wat is waarheidsbegrip waarmee ons werk?

5.5 Die fokus en roeping van die kerk sou op velerlei maniere beskryf kon word. Bo alles glo ons dat die essensie en wese van die kerk in die *Missio Dei* omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees. Die Kerk bestaan nie ter wille van haarself of haar lidmate nie. **(Sien ook die verslag van ADD in die verband)**

5.6 Ten einde hierdie opdrag na behore uit te voer, is dit van kardinale belang dat die kerk die grootste moontlike erns met die *inkarnasie-begrip* sal maak. Dit het verrykende teologiese-, maar ook praktiese- en konkrete implikasies vir ons dag se bedieningspraktyk.

5.7 Ten slotte het die “belydenis” (sien bylae) nog altyd 'n groot rol binne 'n gereformeerde ekklesiologie gespeel. Dit hoef nie te verander nie. Die vraag wat wel dringend gevra word, is na die formaat en spesifieke inhoud van die belydenisse wat ons vandag behoort te rig. 'n Eietydse uitklaring van belydenis na vorm en inhoud blyk nou 'n onafwendbare noodwendigheid te wees, wat nie vir 'n onbepaalde tyd uitgestel kan word nie. Daar moet egter verstaan word, dat belydenisse nie in die eerste plek in raadsale en studeerkamers geskryf word nie, maar in die konteks gebaar word en meestal gepaardgaan met diep emosie en selfs bloed. Dit wys die geskiedenis duidelik. Laat ons daarom nie vinnig en oppervlakkig met die saak omgaan nie.

6. IDENTITEIT

Ten einde ons identiteit te verstaan, moet ons terug kyk en vorentoe kyk. Ons moet tegelykertyd die wortels van ons tradisie verstaan en terselfdertyd die *roeping* wat ons vir die toekoms het. Ons identiteit word dus nie net in teologiese formuleringe gevind nie, maar ook in dit waartoe ons *geroep* word in Suid-Afrika en Afrika. Identiteit is dus nie iets staties nie, maar iets dinamies. Dit word gevind en geformuleer in die dinamiese dialektiek tussen teks en konteks, tradisie en roeping, verlede en toekoms, teologie en missiologie. Ons ware identiteit word steeds gevorm terwyl ons met die Ewige, Drie-enige, God op pad is.

Vir 'n meer volledige bespreking van die saak **sien dié verslag van ATLAS in die verband.**

7. WAARDES

7.1 DIE BELANGRIKHEID VAN WAARDES

Gereformeerdes is dit eens dat die belang van “goeie waardes” nog altyd binne dié tradisie belangrik was. Tog maak 'n nadere refleksie oor die saak, dit duidelik dat “waardes” veel eerder in terme van “moraliteit” in die enger sin van die woord gedefinieer is, as synde 'n stel gedragskodes wat werklik die DNS-struktuur van die tradisie bepaal. Meer resente definiëring van “waardes” sien dit as 'n stel *gedragskodes*, wat werklik die optrede van lede van 'n groep bepaal, veral wanneer daar moeilike situasies en konflik ontstaan.

Dit kan ook omskryf word as die eintlike (ongeg wat in die groep se belydenisse staan), bepalende faktor wat die gedrag en funksionering van individue en 'n groep sal bepaal.

Al meer en meer stemme gaan dus vandag op wat vra na die voortdurende refleksie oor, uitklaring van, en die vestiging van waardes wat gedrag binne enige organisasie behoort te rig. Die werklikheid is dat alle organisasies met 'n bepaalde stel waardes funksioneer, soms bewustelik en soms onbewustelik. Die probleem is dat dit meestal onbewustelik en kritiekloos funksioneer en nie altyd 'n positiewe bydrae lewer nie.

Binne 'n Bybelse tradisie is die *saligsprekinge* (Matt 5) waarskynlik een van die heel beste voorbeelde van hoe 'n stel waardes aan die orde kan kom om eintlik die lewe van mense en groepe se ganse bestaan te rig, volgens dit wat God in gedagte het. Indien 'n nuwe geslag vir ons sê, dat dit net so belangrik is om reg te doen, as om reg te glo (belydenis), dan raak die uitklaring van waardes oppad na 'n gesonde ekklesiologie onverhandelbaar.

7.2 MOONTLIKE WAARDES WAT DIE NGK-FAMILIE BEHOORT TE RIG

Die Luisterseisoen, wat tans hoë profiel in die NGK geniet, het die volgende waardes op die tafel geplaas:

- ♦ Leerbaarheid
- ♦ Deernis
- ♦ Vertroue
- ♦ Openheid

Indien ons na die geskiedenis kyk, maar ook na die uitdagings wat die huidige konteks ons bied, is die taakspan van oordeel dat die volgende waardes en die vestiging daarvan ook ernstige oorweging behoort te geniet:

- ♦ 'n Lewe voor die aangesig van God – coram Deo
- ♦ 'n Voortdurende oriëntering en gerigtheid op die Skrif
- ♦ 'n Strewe na groter geestelike dissipline en 'n lewe vervul met gebed
- ♦ 'n Strewe na kontekstuele relevansie
- ♦ 'n Strewe na egtheid en eenvoud
- ♦ 'n Strewe na groter respek vir alle mense in ons land
- ♦ 'n Strewe na groter diensbaarheid
- ♦ 'n Strewe na groter leerbaarheid, wysheid en onderskeidingsvermoë
- ♦ 'n Strewe na groter liefde en eenheid
- ♦ 'n Strewe na vroomheid, reinheid en integriteit
- ♦ 'n Strewe na gehoorsaamheid en getrouheid
- ♦ Die aanvaarding van diversiteit en die waardige hantering van diversiteit en konflik

8. 'N AFGEBAKENDE EN PRAKTIESE GEMEENTE-EKKLESIOLOGIE

Met voorafgaande as agtergrond en basisteorie, kan daar nou oorgegaan word na die verdere uitwerk van 'n meer praktiese en omlynde gemeente-eklesiologie. Soos reeds aangedui, word die stellings wat in AS 2002 (p 115-120) goedgekeur is, nou verder gekonkretiseer. Enkele van die stellings is saamgevoeg wat die aanvanklike 20 stellings verminder na 15.

8.1 IDENTITEIT

Dit word weer bevestig dat die NG Kerk se diepste identiteit gevind behoort te word in haar oortuiging dat sy deur Christus Jesus aan God behoort. Ons eerste identiteit behoort nie in menslike kulturele uitdrukkingsvorme gevind te word nie, maar *in radikale navolgingskap (dissipelskap) van Jesus Christus*. Ons identiteit sal dus nie in die eerste plek beskerm word deur kerkordes wat uiterlike kulturele gestaltes beskerm nie, maar in 'n vaste belydenis dat ons aan God behoort en meer en meer die gestalte van Christus behoort aan te neem. Ons identiteit behoort dus gehandhaaf en beskerm te word deur 'n diepe nadenke vanuit die Woord oor die praktiese en konkrete implikasies van dissipelskap. Indien elke gemeente in die kerk op een of ander manier, hetsy deur die prediking of 'n uitgewerkte kursus kon fokus op dissipelskap, sou dit vir die kerk baie beteken.

8.2 ROEPING

Die sinode het haarself die afgelope dekade herhaaldelik oor die belangrikheid van roeping uitgespreek. In die roepingsverklaring is daar ook 'n breë raamwerk gegee oor hoe die buitelyne van so 'n roeping vir die kerk sou kon lyk. Die groot vraag vir individuele gemeentes is of ons werklik weet wat die konkrete Godgegewe opdragte is waarop ons moet fokus. As ons nie weet nie, is die eerste taak, belangriker as enige iets anders, seker om te gaan uitvind. Dit is van kardinale belang dat gemeentes *regtig met die regte goed besig sal wees*. Dis die groot uitdaging. Ons moet sien en verstaan. Ons moet met wysheid en insig leef. Elke gemeente behoort *'n diep geestelike proses te ondergaan, ten einde te kan onderskei waar hulle tyd, energie en bronne gebruik behoort te word*, om as die Here wil, 'n beskeie bydrae te lewer tot die positiewe herskryf van die geskiedenis van ons land en kerk. Dit word al duideliker dat ons nie van die

wêreld 'n beter plek gaan maak deur gelyktydig met te veel goed te probeer besig wees nie. Ons sal moet fokus, maar weet ons op wat?

Niemand hoef meer te wonder oor die kompleksiteit en broosheid van die tye waarin ons leef nie.

Ons wêreld, land en plaaslike gemeenskappe is so kwesbaar soos lank te vore. Tog is dit 'n vreemde kwesbaarheid, want in dieselfde asem sou ons oneerlik wees as ons nie sou wys op die ongelooflike voorregte en geleenthede wat ons het nie. Ons bestaan is 'n intense paradoks. Aan die een kant geniet die meeste van ons, gesien binne 'n ruimer konteks, steeds besonderse welvaart en aan die ander kant is misdaad besig om ernstige duike in die psige van ons mense te slaan. Die feit van die saak is dat misdaad maar een van die uitdagings van ons dag is, en waarskynlik 'n simptoom is van iets diepers.

Die groot vraag is hoe ons dit gaan hanteer? Hoe gaan ons besluit hoe en wat om te doen? Onthou dat alle oplossings vir alle probleme in die eerste plek daar begin waar 'n kerngroep mense volle verantwoordelikheid aanvaar, dit regkry om die eintlike probleem in sy kern te definieer en dan genoeg mense mobiliseer om iets konkreet daaraan te doen.

Met dit as agtergrond, kom ons kyk na 'n paar praktiese voorstelle:

8.2.1 Die *Seisoen van Luister* behoort met die nodige erns hanteer te word. Die seisoen behoort egter nie as net nog 'n program van die kerk hanteer te word nie, maar behoort 'n nuwe kultuur in die kerk te word.

Dit behoort deel van die wesenstruktuur van die kerk te word, 'n waarde, 'n grondhouding.

8.2.2 Laat gebeurtenisse soos Week van Gebed, Pinkster en kerkraadvergaderings vir ten minste vir 'n deel fokus op verootmoediging, waar die Here se wil vir die gemeente en ook individue opreg gesoek word.

8.2.3 Skep 'n sensitiwiteit by gemeentelêde om werklik hul stiltetyd as 'n ruimte te gebruik, waar daar eerlik na die wil van God gesoek word.

Maak seker dat oral waar ons werk en tyd spandeer, die vraag na waarmee ons nou eintlik besig is, op die tafel kom. Dit help as ander saam met jou dink.

8.2.4 Vertrou die Here, dat indien die behoefte eerlik uitgespreek is, Hy sekerlik ons op sy pad sal wil lei.

8.2.5 Dink 'n bietjie na oor die sogenaamde 80/20 beginsel (Die Pareto-beginsel). Volgens hierdie beginsel wat al dekades wêreldwyd erkenning geniet, word 80% van die werklike verskil in die lewe deur 20% se insette en energie veroorsaak. Dit is egter die belangrike en die regte 20% wat die verskil maak.

8.2.6 Moenie die saak krampagtig hanteer nie en mag ons bo alles nie ons eie belang soek nie. Vra eerlik veral twee vrae.

8.2.6.1 Die eerste is: Watter een of twee uiters belangrike dinge moet ons doen om God te eer?

8.2.6.2 Die tweede is: Watter een of twee uiters belangrike dinge kan en moet ons doen om van my land, kerk en gemeenskap 'n beter plek te maak?

8.3 GEMEENTES

Gemeentes wêreldwyd is aan die groei en sterf. Sommige groei om kunsmatige redes, maar dit is ons oortuiging dat daar, te midde van al die sterwende gemeentes, ook gemeentes is wat veral deur 'n basiese terugkeer na God en die herontdekking van wat kerkwees in 'n tyd soos hierdie behoort te wees, opnuut groei. Dit is reeds uitgewys dat daar nie 'n eensydige en oormatige klem op gemeentes binne die gereformeerde tradisie geplaas behoort te word nie. Tog kan dit nooit misken word dat gemeentes sedert die uitstorting van die Heilige Gees 'n uiters belangrike voertuig was om Gods Koninkryk op aarde gestalte te laat aanneem.

Wat wel beslis waar is, is dat 'n *oormatige verampteliking en institusionalisering* van gemeentes beslis gemeentes as *lewende en dinamiese organismes en skeppinge van die Heilige Gees* 'n knou toegedien het. Algaande het daar ook heelwat miskonsepsies ontstaan oor wat die wese van gemeentewees is en behoort te wees. So, om maar 'n enkele voorbeeld te noem, sien te veel lidmate 'n gemeente as 'n entiteit wat gekonstitueer word deur 'n kerkraad wat in staat is om 'n leraar te kan betaal. Bybelsgesproke kan dit nooit waar wees nie. Die Nuwe Testament leer ons dat dit in die eerste plek 'n geloofsgemeenskap is wat gekonstitueer word onder leiding van die Heilige Gees en opgebou word deur die gawes wat die Gees self gee. Dit sluit natuurlik nie die meer veramptelike gawes soos leraars uit nie, maar kan nie al wees nie. Hierdie kursoriese opmerkings het egter konkrete bedieningsimplikasies. Tans is daar heelwat vrae oor byvoorbeeld sake soos lidmaatskap en belydenisaflegging. Verskillende gemeentes dink verskillend hieroor en handhaaf verskillende praktyke in die verband. Die prinsipiële vraag bly egter: *Wat konstitueer 'n geloofsgemeenskap en hoe word die "grense" daarvan bepaal?* Verdere gesprek in die verband is beslis nodig.

8.4 GEMEENTES EN HOOP

Vanuit ons hoop op God en dit wat Jesus Christus gedoen het, is een van die belangrikste wyses waarop gemeentes sigbare tekens van die Koninkryk is, die feit dat hulle *draers van hoop* behoort te wees. Prakties gesproke beteken dit egter dat ons nie net oor hoop kan praat nie, maar ook *konkrete gestalte* daaraan moet gee. 'n Mens moet opgewonde raak oor die nuwe visies en drome wat oraloor vir die NGK en gemeentes gebore word. Ook die roepingsverklaring van die Algemene Sinode is hiervan 'n goeie voorbeeld. Die vraag bly egter staan oor die vermoë en onvermoë van kerklike leierskap om drome in praktyk te verander. Ons het dikwels die regte antwoorde, maar sukkel om dit konkrete gestalte te gee. Die volgende praktiese riglyne mag help om ons gedagtes oor die saak aan die gang te sit:

8.4.1 Maak seker dat die visie wat die gemeente het, so geformuleer word dat dit 'n *konkrete en duidelike prentjie* in jou eie gedagtes en dié van jou mede-spanlede aanneem. 'n Visie is veel meer as 'n slagspreuk of 'n teorie. Jy moet iets sien! Bly werk met die visie tot jy seker is dat dit die geval is.

8.4.2 Maak seker dat jy 'n *span om jou het waarin daar ook goeie "bestuurders" is*. Visioenêre leiers wat ook goeie kommunikeerders van die visie is, is nie altyd goeie implementeerders nie. Dit hou dikwels verband met die persoonlikheidsprofiel van die leiers.

8.4.3 Daar word deesdae al meer en meer oor die belang van fokus geskryf. Ons maak geen konkrete impak nie, omdat ons met te veel goed besig is. In aansluiting hierby, is dit daarom baie noodsaaklik dat leierskap die *bedieninge en spanlede se aksies sal belyn*. Wie saam in dieselfde rigting trek, sal 'n verskil maak. 'n Span individue kan baie hard werk, maar in verskillende rigtings en so eintlik teen mekaar werk. Dit is egter nie net belangrik dat aksies belyn sal word nie, maar ook die emosionele energie en passies van die gemeente.

8.4.4 *Goeie beplanning* is onverhandelbaar.

8.4.5 Die formulering van *konkrete doelwitte* is nie iets wat net vir die bestuurswêreld bedoel is nie. Helder doelwitte bring jou in beweging. Dit help jou met jou evaluering. Boweal help dit jou om jou gebedslys te formuleer.

8.4.6 *Dissipline* is 'n deug wat elke duimbreedte van geestelike leierskap se leefwêreld behoort te deursuur. Dit geld vir die geestelike dissiplines waarmee ons leef, maar ook die konkrete aksies waarmee ons binne God se Koninkryk werk.

8.4.7 Dit is reeds gesê, maar moet weer beklemtoon word. Dit is ontsaglik belangrik dat ons met die nodige geloofsonderskeiding sal seker maak dat ons met die *regte goed besig* is. Dit is ongelukkig waar, maar projekte wat regtig binne die wil van God is, het nogal die manier om eerder 'n werklikheid te word as wat dit die geval is met die plannetjies wat ons self maak.

8.4.8 Daarom is dit van kritiese belang dat ons regtig *ons planne en programme met gebedsaksies sal ondersteun*. Dit doen ons om twee redes. Die eerste is, omdat ons meermale in die Koninkryk met drome besig behoort te wees wat menslik gesproke onmoontlik is. Ons kan tog nie net besig wees met die instandhouding van dit wat alreeds staangemaak is nie. Ons kan dit dus nie alleen doen nie en het die bonatuurlike krag van God nodig om hierdie drome waar te maak. Terselfdertyd is 'n visie altyd iets dinamies, wat voortdurend ontwikkel en selfs van vorm kan verander. Gebed is dus nie net iets waarmee ons God vra om ons planne waar te maak nie, maar ook 'n manier waarop ons voortdurend na God luister om te hoor of daar nie belangrike koersaanpassings op die pad na konkretisering gemaak moet word nie.

8.5 'N GEREFORMEERDE KERK MET VERSKILLENDE SPIRITUALITEITSTYLE

8.5.1 Baie vroeë spanning het die afgelope jare ontstaan oor welke tipe spiritualiteit binne die NG kerk behoort te funksioneer. Ten einde die vraag na behore te kan beantwoord, behoort die volgende in gedagte gehou word:

8.5.1.1 Die NG Kerk kan die groterwordende werklikheid van *diversiteit* binne die breëre samelewing en in ons eie midde nie ontglip nie.

8.5.1.2 Binne die gereformeerde tradisie is dit egter nie vreemd om ruimte te laat vir die bestaan van *meerdere moraliteite* binne die tradisie nie. Gereformeerdeheid beteken nie in die eerste plek dat almal orals presies dieselfde sal doen en lyk nie.

8.5.1.3 Van groot belang is egter om die *waardes* wat ons tradisie rig in gedagte te hou wanneer daar ook uitsprake en beslissings oor spiritualiteit gemaak word.

8.5.2 Met dit as agtergrond kan die volgende riglyne moontlik geld, as dit kom by die hantering van diversiteit:

8.5.2.1 Aanvaar die *werklikheid van verskille* ook in ons midde.

8.5.2.2 Dit beteken nie dat ons opgee om te *soek na die waarheid* nie. Dit beteken ook nie dat jy die *waarheid of jou eie standpunt moet relativeer* nie. Ons sê nie hiermee "*anything goes*" nie.

8.5.2.3 Dit vra egter dat ons ons *verhouding met Christus en die Gees van Christus* dooernstig neem, want dit is waar die diepste waarheid gevind word.

8.5.2.4 Wees in die hele proses versigtig *vir 'n paar groot leuens* :

- ♦ Jy is net vir my lief as jy met my saamstem.
- ♦ As jy waag om te verskil, is jy liefdeloos en selfs dom.
- ♦ As jy met my verskil, is jy sondermeer onchristelik en onbybels.

8.5.2.5 Koester die woorde *kompleksiteit, gelyktydigheid en wysheid*. Onthou wysheid is anders as slimigheid, wat net kopkennis is. Wysheid is 'n kombinasie van kopkennis, maar ook die verligting van die Gees. Moenie die twee uitmekaar haal nie. Openbaring kom ook in baie vorme. Soms kom dit soos 'n bliksemstraal wat alles in 'n oomblik verlig, maar meestal is dit soos 'n groot legkaart wat moeisaam, stukkie vir stukkie gepak word.

8.5.2.6 Ontwikkel 'n *wysheid oor geloofsgenote met wie jy verskil*. Abraham Lincoln het gesê: "*Ek hou nie van die man nie... ek sal hom dus beter moet leer ken.*" Onthou ons sien in ons twisgesprekke met ander maar die punt van die (emosionele) ysberg en onthou: Elke "irrasionele" optrede het 'n rasonale verklaring!

8.5.2.7 *Ontwikkel en verdiep 'n waardesisteem van liefde en diensbaarheid, selfverloëning, begrip, geduld en selfs humor.*

8.5.2.8 *Bly God se leiding soek in Woord en Gees.*

8.5.2.9 *Wie diversiteit sonder die kragtige leiding van die Heilige Gees probeer hanteer, is gedoem tot mislukking. Wie ophou probeer om dit te hanteer, sal agterkom dat sy of haar groep in 'n diverse wêreld al kleiner en kleiner word, omdat daar elke keer maar net nog 'n groepie is wat afstig en afstig en weer afstig....*

8.5.3 *Die vraag bly egter of daar vanuit ons tradisie bepaalde uitgangspunte is wat 'n breë raamwerk daar kan stel wat ons spiritualiteit behoort te rig. Die volgende behoort oorweeg te word:*

8.5.3.1 *'n Spiritualiteit wat waarlik in die eerste plek coram Deo, gerig op God en met 'n ernstige soeke na die aangesig van God leef.*

8.5.3.2 *'n Spiritualiteit wat met uiterse deernis teenoor ander leef. Dit sluit veral die gemarginaliseerdes, armes, siekes, eensames en getraumatiseerdes in.*

8.5.3.3 *'n Spiritualiteit wat die heiligheid en andersheid van God ernstig neem, maar terselfdertyd eietyds en kontekstueel kan funksioneer.*

8.5.3.4 *'n Spiritualiteit wat die volgende waardes omarm: Eenvoud, Egtheid, Verstaanbaarheid, Leerbaarheid en Studie, Diensbaarheid, Vroomheid, Integriteit, Moraliteit, Reinheid, Eenheid, Gemeenskap, Verhoudinge, Mededeelsaamheid, Betroubaarheid en Getrouheid.*

8.5.4 *Gemeentes wat dit regkry om bogenoemde binne hul gemeenskap te laat konkretiseer, sal ander maatstawwe begin gebruik om sensitiewe aangeleenthede soos aanbiddingstyle, gebedsaksies en vorme, asook liturgie te beoordeel.*

8.5.5 *Dit is ons diepe versugting dat die NG Kerkfamilie in die jare wat voorlê meer en meer 'n biddende kerk sal word. Oor die vraag hoe dit moet lyk en gebeur, word die antwoord dalk ten beste gevind in die eenvoudige opmerking van Henri Nouwen: "There is only one way to pray and that is to pray. There is only one way to pray well and that is to pray much!"*

8.6 EREDIENSTE

Die samekoms van gelowiges was sedert die vroegste Bybelse tye van die belangrikste momente waarom die geloofslewe van die volgelinge van Christus gedraai het. Binne die gereformeerde tradisie het dit veral uitdrukking gevind in wat ons "eredienste" noem. Die meer-dimensionele karakter van die erediens is binne ons tradisie reeds omvattend bespreek (sien byvoorbeeld Van Ruler: *Waarom zou ik naar de kerk gaan?*) Die erediens is binne die gereformeerde tradisie veel meer as 'n preek. Tog word aanvaar dat die erediens 'n bepaalde swaartepunt vind in veral twee gebeure. Die *ontmoetingsgebeure* met God en die *Woordverkondiging* deur die prediking. Waar dit ontbreek, word 'n ernstige gemis ervaar. Die vraag bly of daar gegewe die uitdagings wat ons konteks tot ons rig, spesifieke rigtinggewende opmerkings oor die inrigting van eredienste binne ons tradisie gemaak kan word?

Die volgende vrae en opmerkings mag help:

8.6.1 *Daar is 'n duidelike nuwe behoefte na Skrifgetroue en Skrifverankerde prediking.*

8.6.2 *Meer en meer stemme vra na 'n deeglike wetenskaplike Skrifbenadering wat al die resultate rakende navorsing met betrekking tot eksegetiese en hermeneutiek ernstig neem. Terselfdertyd is daar 'n diepe versugting om werklik die ervaring te hê dat God aan die woord is. Daarom word daar ernstig gepleit vir 'n pneumatologiese hermeneutiek wat beide behoeftes eerlik sal aanspreek.*

8.6.3 *Die gereformeerde tradisie staan afwysend teenoor enige persoonsverheerliking en in die besonder 'n oorspanne klem wat op die charismatiese kant van die prediker geplaas word. Die ironie is egter dat waar die liturgie ten koste van die prediking onderspeel word, die prediker dikwels "alleen staan" en meermale alleen op grond van sy of haar "charismatiese gawes" beoordeel word. Die ontwikkeling van 'n kontekstuele, volronde liturgie wat ook die musiek insluit, bly een van ons grootste uitdagings. Daarsonder sal die tendens voortduur waar gemeentelede van die een gemeente na die ander reis, opsoek na 'n goeie "prediker".*

8.6.4 *Harde werk lê op musikale gebied voor. Die kerk het baie lank die meer "klassieke" kerklike musiek ondersteun en uitgebou. Dit is weerspieël in die keuring van liedere en die opleiding van orreliste. Die werklikheid van 'n nuwe musikale idioom kan nie langer ontken word nie. Sinodes en gemeentes sal eenvoudig 'n groter positiewe begeleidingsrol moet speel. Ook musikante wat in 'n meer moderne idioom kan begelei, sal opgelei moet word en ruimtes sal daarvoor geskep moet word. Terselfdertyd mag ons nie toelaat dat daar 'n "klassieke vakuum" ontstaan nie. Gemeentes behoort toe te sien dat volle musikale diversiteit op verantwoordelike wyse in die gemeente gestalte aanneem.*

8.6.5 *In 'n samelewing waar geraas, oormatige aktiwiteit en oorstimulasie aan die orde van die dag is, moet die vraag gevra word of die kerk nie meer moet werk aan 'n "korreksie" ook as dit kom by eredienste nie. Waardes soos eenvoud, soberheid, stilte, egtheid en heldere verstaanbaarheid behoort in ons eredienste gekoester te word.*

8.6.6 *Terselfdertyd kan die werklikheid van die moderne media en tegnologie nie ontken word nie. Soos die reformasie die boekdrukkuns omarm het, behoort die kerk ook die winste wat moderne tegnologie gebring het, te gebruik. Dit behoort egter steeds krities reflekerend gedoen te word.*

8.6.7 Oor die optimale grootte van eredienste bestaan daar baie menings en vrae. Hoe groot of klein behoort die ideale erediens te wees? Kan 'n erediens te groot wees? Is daar nog plek binne ons tydsgewrig vir klein gemeentes? Geen enkelvoudige antwoorde kan hierop gegee word nie. Verskillende mense sal ook beslis verskillende behoeftes in dié verband hê. Uiteens belangrik is egter die *maatstawwe wat ons aanlê, wanneer ons die grootte van eredienste beoordeel* en veral waarom ons die keuses vir 'n bepaalde grootte maak. Te veel keer word ons eie subjektiewe behoeftes, voorkeure en afkeure tot normatiewe verhef.

8.6.8 Indien ons ernstig is as ons sê dat die kerk in wese missionêr behoort te wees, behoort dit ook konkrete implikasies vir die eredienste te hê. Die vraag is hoe ons in ons eredienste, prediking en liturgie, 'n konstante gerigtheid op die wêreld ontwikkel? Dit het ook noodwendige implikasies vir ons kerkmusiek.

8.6.9 Ten slotte moet herhaal word wat oor *diversiteit* gesê is. Dit is net noodwendig dat diversiteit ook binne die gestaltes wat eredienste aanneem, weerspieël behoort te word. 'n Krampagtige vasklou aan 'n eendimensionele gestalte van erediens gaan die dood in die pot vir die kerk wees. Alhoewel dit ook nie die totale dimensie van kerkwees omspan nie, het nuwe ontwikkeling wat binne die sogenaamde "*emerging church*" beweging plaasgevind het, duidelik aangetoon hoe kleurvol en kreatief 'n kerk ook binne 'n nuwe tyd kan wees, sonder om die hart van die Evangelie verby te gaan. Die hart van die Evangelie word juis dikwels in hierdie nuwe kreatiewe vorme van aanbidding gevind. Wie enigsins die roeping van die kerk in Afrika ernstig wil neem, sal die woord diversiteit, ook wat erediensvorme betref, baie ernstig moet neem.

8.7 DIE BEMAGTIGING EN TOERUSTING VAN LIDMATE

Die Skrifkennis, kerkbegrip en breë prakties-teologiese insig van ons lidmate sal verruim moet word. Dit kan alleen deur behoorlike toerusting geskied. Vir te lank is kategeese vir die jeug en eredienste vir volwassenes as die enigste weë gesien waarlangs dit behoort te geskied.

Gemeentes behoort ernstig na te dink oor 'n omvattende, holistiese en voortgaande onderrigmodel vir alle lidmate. Programme vir nuwe lidmate, volwasse kategeese, Bybelskole, sistematiese kurrikulums vir Bybelstudiegroepe en kleingroepe, asook 'n deeglike beplande strategie vir huisbesoek kan hieraan meewerk. Dit gaan egter nie net oor die uitwerk van nuwe programme en projekte nie, maar oor die *vestiging van 'n leer- en leeskuiluur*. Die mate waarin gemeentes onlangse programme soos bv. die "*Purpose driven life*" (Rick Warren) aangegryp het, het bevestig dat daar 'n besliste behoefte by lidmate aan relevante toerusting en lering is.

8.8 DIE UITBOU VAN DIE GEMEENTE AS VOLWAARDIGE LIGGAAM VAN CHRISTUS.

(Sien ook verslag rakende die bemagtiging en toerusting van lidmate)

Een van die heel grootste misverstande wat binne die kerk ontstaan het, is dat die sogenaamde *liggaamsmodel* en iets soos huisbesoek (Herder-kudde-model) noodwendig teenoor mekaar staan. Wat wel waar is, is dat 'n bedieningsmodel wat die kerk en gemeente as liggaam van Christus werklik ernstig neem, die sleutel hou tot die ontsluiting van die grootste onontginde bronne binne die kerk, naamlik die gewone lidmaat.

'n Paar uitgangspunte moet hier in gedagte gehou word:

8.8.1 Daar is nie meer genoeg geld en genoeg opgeleide predikante om die kerk se roeping tot uitvoering te bring met hoogsopgeleide, voltydse predikante alleen nie. Meer en meer gemeentes gaan in 'n posisie kom waar hulle nie gou, indien ooit weer, 'n volwaardige predikant sal kan bekostig nie. Indien lidmate nie toegelaat en bemagtig word om self op verskeie vlakke leiding in die gemeente te neem nie, gaan menigte gemeente gewoon sterf.

8.8.2 'n Kerk wat alleen deur predikante en 'n paar kerkradslede in stand gehou word, was nog nooit 'n Bybelse visie vir die kerk nie.

8.8.3 Die kerk het die potensiaal en geleentheid wat die liggaamsmodel bied vir baie jare verwaarloos en predikante het die wil en vaardigheid verloor om lidmate na behore te help, om hulle gawes te ontdek én Godgegewe plek in die gemeente te vervul.

8.8.4 Die liggaamsmodel vra 'n andersoortige siening op die rol en taak van die predikant.

8.8.5 Dit vra andersoortige vaardighede van die predikant.

8.8.6 Dit vra dat die gemeente ander verwagtinge sal koester oor die rol van die predikant.

8.8.7 Dit vra 'n volwasse kerkbegrip.

8.8.8 Dit hou egter die sleutel tot eksponensiële en organiese groei vir die kerk.

8.8.9 Dit is een van dié aksies wat meewerk tot werklik volwasse lidmaatskap.

8.8.10 Dringende evaluering rakende huidige teologiese opleiding en die vraag of genoegsame aandag aan hierdie uiters belangrike praktiese teologiese realiteit gegee word, is nou nodig.

8.8.11 Indien die volle konsekwensies van hierdie teologiese waarheid (Sien Efesiërs 4, 1 Kor. 12 en Rom. 12) werklik ernstig geneem word, is dit net vanselfsprekend dat dit ingrypende konsekwensie vir die bemagtiging van 'n verskeidenheid van groepe in die kerk het, wat vir lank nie ten volle hul gawes kon uitleef nie. Hier dink ons onmiddellik aan vroue, kinders en gestremdes.

8.9 EVANGELISASIE EN NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING

8.9.1 Die NG Kerk was vir baie jare 'n volkskerk wat bloot gegroei het, deur die geboorte van kinders. 'n Nuwe konteks het egter die situasie verander en die kerk geforseer om van nuwe werklikhede kennis te neem:

- 8.9.1.1** Die ervaring op gemeentelike vlak dat al meer en meer lidmate kerklos word en van die gemeentes wegdryf.
- 8.9.1.2** Die ervaring dat die gesprek oor evangelisasie al meer en meer tot 'n stilstand gekom het. Dit geld vir gemeentelike-, rings- en sinodale vlak en ook binne die teologiese fakulteite.
- 8.9.1.3** Hiermee saam het evangelisasie as aktiwiteit ook feitlik tot 'n halt gekom. Erkenning word onmiddellik gegee aan klein groepies gelowiges wat wel evangelisasieprogramme in stand gehou het, dikwels op die rand van die gemeentelike lewe.
- 8.9.1.4** Die ervaring dat daar dikwels so gestry word oor wat "evangelisasie" nou eintlik is en behoort te wees, dat dit sinvolle bediening in die verband ook gekniehalter het.
- 8.9.1.5** Die ervaring dat die sigbare getalle van gemeentes dramaties daal, maar dat daar oor 'n twintig jaar periode feitlik geen nuwe lidmate tot die NG Kerk toegevoeg is, anders as deur geboorte nie.
- 8.9.1.6** Die ervaring dat daar binne die NGK verskillende teologiese strominge ontstaan het. Dit het nie net op belydenisvlak onsekerheid gebring het nie, maar noodwendig op bedieningsvlak en in die besonder ons evangelisasie praktyk begin impakteer.
- 8.9.2** Vir 'n volledige bespreking van nuwe uitdagings rondom evangelisasie, sien ook die **Verlag rakende bediening aan kerklos lidmate, evangelisasie en nuwe gemeente-ontwikkeling.**
- 8.10 GEMEENTES SE PUBLIEKE GETUIENIS IN 'N NUWE SITUASIE**
- 8.10.1** Gemeentes is altyd in die tyd en in die konteks veranker. Die Christendom is in sy wese 'n geïnkarnearde geloof wat juis tot uitdrukking kom tot dié mate waarin diegene wat daartoe behoort in volgelingskap van Christus, God se Koninkryk in die wêreld laat kom. Christene is inderdaad geroep om sout en lig vir die wêreld te wees. Dit roep Christene altyd om hulle getuïenis in die wêreld te laat hoor rakende sake wat die welwese van die mens en skepping bedreig. Na gelang van omstandighede sal die agenda verander.
- 8.10.2** Vir die oomblik behoort die volgende sake altyd in die oog en op die agenda van gemeentes te wees:
- 8.10.2.1** *Armoede:* Werkloosheid is as gevolg van 'n verskeidenheid van faktore 'n groeiende werklikheid. Gemeentes behoort alle moontlike pogings aan te wend, om op kreatiewe wyse die probleem aan te spreek en ook die slagoffers van werkloosheid by te staan. Armoede is egter ook 'n komplekse sistemiese probleem. Hiervan is die wêreldwye groeiende gaping tussen dié wat het en dié wat nie het nie, 'n sprekende voorbeeld. Gemeentes behoort die denke van kreatiewe denkers te stimuleer om saam te dink, te skryf en te praat oor moontlike oplossings. 'n Klakkelose aanvaarding van die situasie is nie aanvaarbaar nie.
- 8.10.2.2** *Misdaad:* Niemand hoef meer te wonder oor die kompleksiteit en broosheid van die tye waarin ons leef nie. Ons wêreld, land en plaaslike gemeenskappe is so kwesbaar soos lank te vore. Tog is dit 'n vreemde kwesbaarheid, want in dieselfde asem sou ons oneerlik wees as ons nie sou wys op die ongelooflike voorregte en geleenthede wat ons het nie. Ons bestaan is 'n intense paradoks. Aan die een kant geniet die meeste van ons, gesien binne 'n ruimer konteks, steeds besonderse welvaart en aan die ander kant is misdaad besig om ernstige duike in die psige van ons mense te slaan. Al sê die regering dat statistieke wys dat misdaad aan die verminder is, is dit duidelik dat gemeenskappe 'n emosionele versadigingspunt begin bereik. Al daal die insidente (volgens amptelike statistiek), kom daar 'n punt waar net een gewelddadige misdaad vir mense op emosionele vlak te veel word. Dit word die spreekwoordelike laaste strooi wat die kameel se rug knak. Dit kan nooit maar net nog 'n stukkie statistiek wees nie, maar wel 'n intense emosionele ervaring teen die agtergrond van honderde ander insidente wat reeds diep in die onderbewuste weggebêre is. Die groot vraag is hoe ons dit gaan hanteer? Onthou dat alle oplossings vir alle probleme in die eerste plek daar begin waar 'n kerngroep mense volle verantwoordelikheid aanvaar, dit regkry om die eintlike probleem in sy kern te definieer, en dan genoeg mense mobiliseer om iets konkreet daaraan te doen.
- 8.10.2.3** *Onderwys:* Binne die gereformeerde tradisie was daar nog altyd 'n baie noue band tussen opvoeding, geletterdheid, geloofsvorming, deugdevorming en moraliteitsvorming. In kort het gereformeerdes nog altyd 'n hart vir die onderwys gehad, maar terselfdertyd geglo dat onderwys en opvoeding juis sy dieptedimensie bereik wanneer dit binne die dampkring van die Christelike geloof kom staan. Dit was een van die redes waarom Martin Luther gepleit het dat daar by elke universiteit ook 'n teologiese kweekskool moet wees. Suid-Afrika het wat elke faset van die onderwys betref, enorme uitdagings. Die kerk sal moet besef dat 'n nuwe Suid-Afrika nie haar roeping tot die onderwys beëindig het nie. Gemeentes sal op konkrete wyse betrokke moet bly by die skole van hul omgewing, al voel hulle nie meer in alle opsigte ewe welkom nie.
- 8.10.2.4** *Gesondheid:* Wanneer armoede en ongeletterdheid hoogty vier, ly mense se gesondheid daaronder. Nie alleen het SA van die hoogste VIGS-statistiek ter wêreld nie, maar gedy ander verwante siektes soos TB by die dag. Sou die infrastruktuur van ons gemeentes, sale ens. nie gebruik kon word om sentrums van hoop daar te stel waar mense op groot skaal in liefde versorg kan word nie?
- 8.10.2.5** *Versoening:* Die euforie van 1994 is lank reeds verby en Suid-Afrika worstel steeds intens daarmee om werklik 'n regverdige en nie-rassige samelewing daar te stel. Verskeie sosio-politiese faktore dra ook daartoe by dat vervreemding aan die orde van die dag is en ware versoening steeds 'n droom is. In

die opsig moet die kerk die hartklop van die evangelie helder en duidelik laat hoor. `n Kerk wat opgee op versoening gee op op van die kernopdragte in die evangelie. Kerkrade behoort konstant en konkreet die vraag te vra oor hoe hulle op plaaslike vlak hieraan kan meewerk.

8.11 GROTER SENSITIWITEIT VIR DIE LEEFWÊRELD VAN ONS LIDMATE

8.11.1 Die leefwêreld van ons lidmate het dramaties verander. Mense dink en leef vandag dramaties anders as 'n dekade of wat gelede. Die kerk sal doodeenvoudig hiervan moet kennis neem en 'n sensitiwiteit vir hierdie leefwêreld ontwikkel, ten einde steeds 'n taal te kan praat, wat vir die wêreld hoorbaar en verstaanbaar is. Dit beteken geensins dat die kerk die leefwêreld van die lidmate klakkeloos moet napraat nie, maar die kerk sal met die agendas waarmee sy haar besig hou, die manier waarop sy uitsprake maak, die styl waarop sy optree en die woordkeuses wat sy gebruik, ten minste moet wys dat sy verstaan. Dit word meer en meer gesê dat daar binne die kerk vandag meer as een taal gepraat word. Die lidmate praat almal Afrikaans, maar verstaan mekaar glad nie. Die vraag is hoe dit kan verander?

8.11.2 Daar is in teologiese taal reeds gewys op die belang van inkarnasie. In gewone taal sou ons kon sê dat die kerk groter moeite sal moet doen om kontak te maak met die leefwêreld van die lidmate. Die kerk sal moet moeite doen om "daar te wees". Daar is tans 'n *mengelmoes van emosies* aan die ontwikkel in die harte van lidmate. Dit word veral gedryf deur twee kontekstuele kragte. Aan die een kant bring die tempo van verandering in die land en die gepaardgaande verlies, misdaad en geweld, emosies van verwarring, bitterheid, seer, woede en 'n nuwe rassisme na vore. Aan die ander kant ontken 'n wêreld van materialisme, verwronge en onversadigde begeerte by lidmate. Al hierdie emosies, en veel meer, sal verstaan en op verantwoordbare wyse hanteer moet word.

8.11.3 Die leefwêreld van lidmate is egter ook propvol. Dis propvol stimulasie, uitdagings en spanning. Dit is egter ook 'n wêreld van *massale disintegrasie van tradisionele gemeenskappe*. Dit geld vir gesinne en ruimer gemeenskappe. Hierdie gemeenskappe was histories die dampkring en ruimte waarbinne geloofsoordrag plaasgevind het. Die vraag is waar dit nou gaan geskied? Hierdie is maar enkele dimensies van 'n nuwe Suid-Afrika. Die lys is veel langer. Die vraag bly egter wat gemeentes gaan doen, om seker te maak dat hulle baie fyn ingestel is, om die vibrasies van 'n nuwe wêreld, ook in hulle eie midde waar te neem en reg daarop te reageer.

8.11.4 Goeie praktiese teoloë het 'n besondere aanvoeling vir die konteks. Hulle is altyd veranker in die konteks en tyd om van daaruit op kritiese wyse die skatte van die tradisie te herwin. Indien hulle uit die konteks ontwortel word, raak hulle bekwame meesters wat irrelevant antwoorde gee vir vrae wat in 'n gans anderse tyd aan die orde van die dag was. Gemeentes kan in dieselfde gat trap, in die proses alles "reg" doen en steeds kwyn.

8.12 DIE ONTWIKKELING VAN LEIERSKAP

8.12.1 Leierskap is 'n woord wat met groot omsigtigheid binne die gereformeerde wêreld gebruik word. In sommige kringe word selfs beweer dat die begrip onbybels is en liefers nie gebruik behoort te word nie. Na ons mening kan geen organisasie (ook kerklik) sonder behoorlike leierskap na behore funksioneer nie. Die feit dat dit soms binne die gereformeerde wêreld ontken word, plaas die tradisie in 'n baie moeilike posisie. Wie ernstig kennis neem van die werk, lewe en strewes van iemand soos Calvyn, sal gou agterkom dat ons hier met iemand te make gehad het wat met ywer van die stad Genève 'n beter plek wou maak. Dit is egter nie net met vroom waarhede vermag nie, maar ook met goeie leierskap en bestuursvaardighede wat geskoei was op 'n gesonde Bybelse leer.

8.12.2 Na ons mening is die kerk die mees intense leierskaporganisasie wat bestaan. Omdat dit 'n "vrywilligerorganisasie" is, wat nie met markkragte werk nie (jy kan mense nie betaal of met mag dwing om vir jou take uit te voer nie), word naas die werking van die Heilige Gees, sake soos invloed, integriteit, spanwerk, erkenning, aanvoeling en nog veel meer, basiese konsepte waarmee kerklike leierskap behoort te werk. Omdat ons vir baie jare dit ontken het en eintlik verval het in 'n vorm van institusionele, hiërgiesse leierskap (biskop, predikant, moderator, voorsitter, leraar, hoogleraar) is 'n gesonde vorm van geestelike leierskap nie goed ontwikkel nie. Die kerk betaal daarvoor 'n duur prys.

8.12.3 Gemeentes sal eenvoudig veel groter aandag moet gee aan die evaluering van bestaande leierskap en leierskapskonsepte wat tans in die gemeente funksioneer. Laat niemand hulself mislei nie. Leierskap kom, weliswaar soms onbeholpe, in alle gemeentes voor. Die vraag is net of die gestalte wat dit aanneem, wenslik is en die saak na behore dien. In die tweede plek sal gemeentes veel groter aandag moet gee aan die ontwikkeling van leierskap en die bemagtiging van onontdekte dormante leierskap in die gemeente.

8.12.4 Met dit as kort agtergrond, kan die volgende ook in gedagte gehou word:

8.12.4.1 Natuurlik word die finale leierskap binne die kerk gesien as gesetel in Jesus Christus self, wat sy kerk deur Woord en Gees regeer.

8.12.4.2 God gebruik egter ook mense om sy kerk te bestuur en te lei. Meer en meer stemme gaan op wat aan die konsep "spanleierskap" die voorrang wil gee.

8.12.4.3 Dit beteken egter veral twee dinge. Verlaers sal moet leer dat die terme "ondergeskiktheid" en "diensbaarheid", ook aan 'n medekollega, juis Bybels is. Die probleem is dat opleiding vir jare lank eintlik 'n sisteem van een-persoon (predikant) gemeentes veronderstel het en dat leraars nooit behoorlik toegerus is vir die werklikheid en implikasies van medeleraarskap nie. Voeg hierby 'n onderontwikkelde begrip van die "Liggaamsmodel" en woorde soos leierskap en verlaers "leierleraar" word 'n massiewe bedreiging. In die

tweede plek beteken spanleierskap nie dat woorde soos “rekenskap” en “finale verantwoordelikheid” verdwyn nie.

8.12.4.4 Die volgende vrae behoort ook nou deeglike aandag te kry:

1. Wat het van ons geestelike leiers geword?
2. Is daar 'n verskil tussen leierskap en geestelike leierskap en wat is die verskil?
3. Is leierskap 'n Bybelse konsep en hoe sien die Bybel dit?
4. Watter rol behoort roeping te speel?

8.12.4.5 Die volgende stellings kan ook in gedagte gehou word:

1. Geestelike leiers word gedryf deur liefde. Hulle plaas 'n buitengewone hoë premie op verhoudinge.
2. Geestelike leiers verstaan die belang van heiligmaking. Hulle leef met geestelike dissiplines.
3. Geestelike leiers word geseën met 'n visie. Hulle passie, gawes en nood van die wêreld leef in sinergie met mekaar.
4. Geestelike leiers kan die werklikheid definieer. Hulle sien dinge in perspektief en verstaan die werklike nood van die wêreld.
5. Geestelike leiers was konstant voete. Hulle hanteer mag anders en koester diens.
6. Geestelike leiers leef uit en met genade. Hulle leef met deernis en sensitiwiteit.
7. Geestelike leiers verstaan waar hulle krag vandaan kom. Hulle put uit 'n onuitputbare Bron van wysheid en krag.
8. Geestelike leiers wandel met God. Hulle hele wese is konstant op God gerig. Hulle het God bo alles lief.
9. Geestelike leiers bid. Hulle verstaan die krag en dinamika van gebed.
10. Geestelike leiers dink, eet en slaap dissipelskap. Hulle is konstant besig om ander leiers op te lei en voel nie bedreig nie.
11. Geestelike leierskap veg teen aanvegtinge. Hulle bestuur hul eie emosies met geestelike en innerlike krag.
12. Geestelike leiers koester hul integriteit. Hulle weerstaan versoekinge en koester karakter en waardes.
13. Geestelike leiers verstaan hoe belangrik en heilig hul liggame is. Hulle beskerm die tempel van God – onderhou die Sabbat.
14. Geestelike leiers lei en rig vergaderings op 'n spesiale manier in. Hulle skep geestelike ruimtes waar mense anders praat en dink.
15. Geestelike leiers verstaan die belang van goeie bestuur. Hulle is verantwoordelik en verantwoordbaar.
16. Geestelike leiers dink strategies. Hulle is versigtig soos slange en opreg soos duiwe.
17. Geestelike leiers kan verandering bestuur. Hulle verstaan die kompleksiteit en reëls van veranderingbestuur en is nie onwillig om die uitdaging te aanvaar nie.
18. Geestelike leiers is vredemakers en brugbouers. Hulle bestuur konflik en diversiteit.
19. Hulle leef *coram Deo* en kan God “sien” (*visio Dei*).
20. Hulle vind rus in God.
21. Hulle vertrou God en leef met innerlike selfvertroue en krag.
22. Hulle maak 'n konkrete verskil, omdat hulle toelaat dat God deur hulle werk.

8.13 DIE BOU VAN GEMEENSKAP

8.13.1 Handeling 2:42 wys daarop dat die “*onderlinge verbondenheid*” een van die basiese boustene was waarop die vroeë gemeente gerus het. Dit behoort vandag nie anders te wees nie. Daar is reeds verwys na die massale disintegrasie van gemeenskappe wat tans aan die gang is. Dit raak elke duimbreedte van ons bestaan. Terselfdertyd is ons nie meer goed geskool in die bou en uitbou van gesonde gemeenskap nie. Die feit dat gemeenskappe disintegreer, beteken nie dat mense nie meer soek na gemeenskap nie. Hulle soek vandag juis daarna en vind dit op ander plekke en in ander vorme, sommige meer wenslik as ander. Die hartseer is dat die Bybel baie duidelik is dat onderlinge gemeenskap een van die heel belangrikste imperatiewe is wat ooit aan die volgelinge van Christus gegee is. Die vraag is hoe die gemeente weer 'n plek van ware en warm gemeenskap kan word.

8.13.2 Die volgende moontlikhede bestaan:

1. Dink baie ernstig na oor wat in die eredienste gebeur en hoe en wat gekommunikeer word.
2. Maak seker dat die leierskap in die gemeente dit modelleer.
3. Kleingroepe – in verskillende vorme – is nie net 'n nuwe gier nie. Dit behoort 'n basiese dissipline van onderlinge sorg en dienslewering te wees. 'n Interessante tendens is dat kleingroepe al meer en meer uitgedaag word om binne die geografiese area van waaruit die meeste lede kom, 'n verskil te maak. Dit raak die uitreik na en ondersteuning van mense in die omgewing, maar ook konkrete aksies soos evangelisasie. Dit is nie 'n onkritiese terugbring van die ou wykstelsel nie, maar gee tog erkenning aan van die winste van die ou stelsel.
4. Gesamentlike dienslewering, ook buite die gemeente, is 'n kragtige manier waarop interne koinonia gebou word.
5. Sien gemeentefunksies, soos 'n basaar byvoorbeeld, nie in die eerste plek as fondsinsameling nie, maar veral as 'n geleentheid om gemeenskap te bou.
6. Hanteer enige konflik met groot omsigtigheid. Moenie wag dat dit weggaan nie, maar gaan dit tegemoet en hanteer dit vroegtydig en op Bybelse wyse.

7. Bring die tug terug. Onthou ons tug nie lidmate om gemeentes te suiwer en gesond te maak nie. 'n Gesonde gemeente tug! Dit leer ons belydenisskrifte ons. Ons bewaar nie gemeenskap deur 'n oppervlakkige vrede oor die kwaad te smeer nie.

8. Neem die liefdesgebod veel ernstiger op as wat ons dit tans neem en preek en leer daaroor.

8.14 AANPASBARE STRUKTURE

8.14.1 Een van die basiese stellings van die reformasie was die stelling: *semper reformanda*. 'n Ware gereformeerde kerk reformeer voortdurend. Ten einde dit te kan doen, behoort daar nie 'n krampagtige vashou aan instellings en strukture te wees nie. Die gereformeerde teoloog, John Leith, het dit goed verwoord, toe hy gesê het: "*Traditionalism is the dead faith of the living. Tradition is the living faith of the dead.*" Lewende, dinamiese struktuurverandering hoef nie teenoor die tradisie te staan nie. Intendeel, is dit juis nodig om die tradisie lewend te hou.

8.14.2 Dit het 'n hele paar konkrete implikasies. Slegs enkele word hier genoem:

1. Die grootte en vorm van kerklike vergaderings
2. Die funksie en samestelling van kerkverbande
3. Gemeentegrense.

8.14.3 Al hierdie genoemde sake is tans spontaan aan die verander en verdien verdere kerkordelike aandag. Kortliks net enkele opmerkings oor die sensitiewe saak van *gemeentegrense*.

8.14.4 Na ons mening werk gemeentegrense goed in 'n pionierstyd, waar die kerk sistematies oor 'n nuwe gebied moet versprei en die kerk daarby 'n relatiewe homogene karakter dra. Dit het in ons dag dramaties verander. Waar gemeentegrense eens bedoel was om die uitbreiding en groei van die kerk te bevorder, het dit nou 'n hindernis in die groei van 'n kerk met 'n nuwe gestalte binne 'n nuwe konteks geword. Iets soos nuwe gemeente-ontwikkeling wat wêreldwyd as vanselfsprekende prioriteit vir enige kerk, ook binne die gereformeerde tradisie gesien word, word binne ons konteks haas onmoontlik omdat elke duimbreedte van die land reeds "gedek" is. Die realiteit is dat die werklikheid van *diversiteit* pleit om nuwe vorme en gestaltes van kerkwees, maar dat dit net moontlik is om aan nuwe gestaltes uitdrukking te gee as die denominasie verlaat word om iets te gaan stig, waar daar geen grense is nie. Dit is hartseer en werk nie net verlamend in op nuwe groei nie, maar ontnem die kerk die krag van nuwe energie en dinamika wat altyd met die stigting van nuwe gemeentes gepaardgaan. 'n Aantal jare gelede het hierdie dinamika gekom deur afstigting. In 'n kwynende tyd bring "terugstigting" dit ongelukkig nie. 'n Dringende hersiening van die hele beleid rondom gemeentegrense word dus voorgestel.

8.15 DIE HERSTEL VAN EKUMENIESE BANDE EN KERKEENHEID

8.15.1 'n Plaaslike gemeente is altyd volledig kerk en terselfdertyd onvolledig kerk. 'n Plaaslike gemeente wat in isolasie leef, gaan dood. Dit het altyd die kontak met ander geloofsgemeenskappe, binne en buite die denominasie nodig. (Sien oa Ef. 3:18,19) Gesonde ekumeniese bande, ook op plaaslike vlak en kerkeenheid, is nie "polities korrekte terme" wat gebruik behoort te word nie. Dit is deel van die gereformeerde belydenis. Dit is deel van ons wese en behoort daarom met nuwe ywer nagejaag te word.

9. KERKORDELIKE IMPLIKASIES

Uiteraard het bogenoemde heelwat kerkregtelike implikasies. Die AS het reeds wysigings in die NG Kerk se Kerkorde en toepaslike reglemente aangebring en die Kerkorde sal, in die lig van voortdurende ontwikkelings en groei in insig, aangepas word. Die aanpassing volg na aanleiding van besluite van die Algemene Sinode.

10. DIE PAD VORENTOE

10.1 Die vraag is watter toekomstige waarde hierdie dokument kan hê en hoe daar verseker kan word dat dit nie maar net nog 'n verslag is wat êrens stof vergader nie.

10.2 Die voorstelle soos vervat in A.1.2 word dus ter tafel gelê wat die voorgaande gesprek en dinamika rondom die verslag kan moontlik maak.

ARMINIANISME: KONSEKWENSIES VIR DIE BEDIENING

1. OPDRAG

1.1 [AS 1998, p 466, § C.3.4: 2 en AS 2004, Deel IV, p 370, § A.7: 4.7]. “Die opdrag word herhaal: Die Algemene Sinode verwys die verslag (AS 2002; Agenda p 187-190; § A.12.D1) oor die Arminianisme na die ADGO (en ADDG) om, met verslag aan die Algemene Sinode, te besin oor die implikasies van die verslag vir die bediening van die gemeente in die samelewing.”

2. VERLOOP

2.1 Die ADGB het in 2003 die versoek na dr ACJ (André) van Niekerk (in samespreking met prof Malan Nel) verwys. Hierdie opdrag kon nie vir die Algemene Sinode van 2004 uitgevoer word nie. Ek het op 12 April en 30 Mei 2005 'n gesprek met dr Van Niekerk oor die opdrag gevoer. Vanweë 'n baie vol program en ander opdragte kon dr Van Niekerk so onlangs soos Augustus 2005 enkele gedagtes aan my deurgee. Wat hieronder volg, sluit gedeeltelik by dr Van Niekerk se opmerkings aan.

3. GEVOLGE VIR DIE BEDIENING

3.1 Die verslag self maak melding van die moeilike opgaaf om so te formuleer dat ons in die bediening uitdrukking gee aan dit wat die Gereformeerde leer van die Arminianisme onderskei. Volgens die verslag kom die verskil ten diepste daarop neer dat Arminius nie kon bely dat God Sy kinders uit vrye guns alleen verkies het nie (1.3.2 en WD Jonker, *Uit vrye guns alleen*, p 33). “God se genade is nodig om ons gebrekkige geloof aan te vul... Ons verlossing kom dus nie suiwer uit God se vrye guns nie, maar ons geloof speel 'n bydraende rol” (Verslag 1.3.2, Agenda p 187). “Die hart van die gereformeerde leer is daarop gemik om steeds weer werksame woorde te vind wat al die eer aan die genade gee en sodoende die geloof leeg maak, nie in die sin dat dit geen inhoud het nie, maar in die sin dat dit geen bydrae lewer nie” (1.3.3, Agenda p 188).

3.2 Dit is, volgens die verslag (Agenda p 188-190), veral die “taalwêreld” van die NG Kerk waar die probleem lê. 'n Nie-gereformeerde taalwêreld kenmerk meermale die preektaal, die evangelisasietaal, die kategesetaal, die kamptaal van die NG Kerk. “Ons ken almal die regsinnige formules en praat saam dat 'n mens nie deur jou werke gered word nie, maar as ons onder druk kom om “effektief” te kommunikeer, sluip die eie bydrae soms weer in vermomde vorm terug” (1.4.4, Agenda p 189). Enkele voorbeelde word dan genoem:

3.2.1 Ons onnadenkende gebruik van die woord *bekering* as dit wat ‘jy moet doen om gered te word’ (1.4.5, p 189), eerder as *bekeer jou, want God het reeds in Sy genade na jou gedraai*.

3.2.2 Ons onnadenkende gebruik van die uitdrukking *gee jou hart vir Jesus*, dikwels verstaan as 'n baie duur prys wat vir verlossing betaal moet word (1.4.5, p 189) eerder as *gee jou lewe vir God, want Hy het reeds Sy lewe vir jou gegee*.

3.2.3 'n Kategese handboek se verduideliking van geloof as vertrou en *doen* (1.4.5, p 189).

3.2.4 Die *weg van saligheid* “met die bedoeling dat ons die stappe van die pad kan verduidelik” (1.4.5, p 189).

3.2.5 Mense (baie) sien *geloof* dan as iets wat hulle moet *doen* om gered te word.

Tereg sê die verslag ten opsigte van ons gebrekkige en soms meer doelbewuste verkeerde formulering: “Die evangelie vertel jou van alles wat God uit genade vir jou gedoen het, en nou moet jy net een ding doen om dit deelagtig te word: jy moet glo. Hy staan en klop aan die deur, maar daar is nie 'n knop aan die buitekant nie en daarom moet jy van binne oopmaak. Hy staan voor jou deur met al Sy gawes (magteloos - M Nel), maar jy moet Hom eers innooi. Jy moet jou deel doen.

As ons so praat, kan ons mense kwalik neem wat verstaan dat hulle hulle verlossing aan hulleself te danke het, naamlik van hulle eie vermoë en gewilligheid om te glo (1.4.6, p 189). Geen wonder dat die verbondsdooop as teken en seël van God se genadige handeling dan geen of min betekenis het nie.

Die indruk word dan meermale geskep dat ons in 'n verkeerde sin *deur ons geloof* gered word. “Ons kan sê dat ons nie deur ons *geloof* gered word nie, maar deur *Christus*. (*Nie geloofsdade nie, maar geloofsinhoud* - A van Niekerk en M Nel) Ons heil is buite ons vir ons bewerk en word aan ons toegereken. Die aanvaarding hiervan is die doodsvonniss oor die ou mens wat sy deel wil bydra. Hier is die verkeerde verstaan van die geloof dan die grootste gevaar, want as ons dan nou moet aanvaar dat ons niks kan bydra nie, wil ons nog steeds daaraan vashou dat ons deur ons geloof 'n bydrae maak. *Ons besef dan nie dat ons aan geloof die teenoorgestelde rol toeken as wat dit in die evangelie het waar die ophou-bydra, ophou-probeer beteken nie. Daarom is die geloof 'n leë hand wat die heil uit God se vrye guns alleen ontvang*” (Verslag 1.3.5, p 188. Kursivering van laaste twee sinne M Nel).

3.2.6 Sonde-besef en sonde-belydenis word meermale voorgestel as 'voorwaarde' vir die heil, terwyl ook dit deel is van die genadegawe van God (1.4.7, p 189).

3.2.7 Lidmate begin dan vir hulle sekerheid binne in hulleself en die vervulling van voorwaardes soek. "Hulle doen selfondersoek en wonder of hulle berou, hulle geloof, hulle gebede sterk genoeg is om God te oortuig" (p 189).

3.2.8 Lidmate se dankbaarheid word dan ook dikwels deel van die doen van hulle deel vir hulle verlossing. "Regverdigmaking en heiligmaking is uit genade alleen. Dit is beide God se werk" (ACJ van Niekerk). "Waarskynlik is daar baie mense in ons kerk wat meer afhanklik van God voel vir hulle regverdigmaking as vir hulle heiliging" (Verslag, p 190).

3.3 Dit is nie moeilik om van die konsekwensies van hierdie bekende soort benadering en formulering te onderskei nie.

Die byna voortdurende stroom van lidmate wat nie net met die belydenis doop worstel nie, maar die NG Kerk verlaat en hulle lidmaatskap elders uitleef, is 'n sodanige voorbeeld. In meer as een opsig is die doop van kinders 'n diep uitdrukking van die gereformeerde verstaan van God en Sy genade.

Nog so 'n gevolg is die soms opvallende gebrek aan ywer en innerlike motivering in die soek van die Koninkryk by lidmate. Wat jy moet *bydra* (van geloof tot dankbaarheid) kan net solank motiveer. Inspanning bring net nooit langtermyn volharding nie. Wanneer dit met 'n bepaalde vorm van 'vrees om weer verlore te gaan' gemeng word, lyk dit of dit langer motiveer. Genade motiveer onberoulik en vir altyd. 'Kerke wat geloof as 'ons bydrae' beskou, is dikwels ywerig met evangelisering besig, terwyl kerke wat redding as uit genade beskou, sonder ywer vir die evangelie is' (Thomas Long in 'n huisgesprek, 1993). Hieroor moet gereformeerdes met skaamte hulle hoof buig.

Dit mag selfs wees dat die byna onoorstigtelike teologiese diversiteit binne die Ned Geref gestalte van die gereformeerde tradisie teruggevoer kan word tot hierdie verskuilde Arminianisme binne die tradisie van die NG Kerk. Wanneer jy ten diepste oor 'uit genade alleen' verskil, word diversiteit uiteindelik verdeeldheid. Die Arminianisme en die Gereformeerde verstaan van *redding uit genade alleen*, is uiteindelik nie versoenbaar nie. Self nie die beroep op *evangelies wees*, oorbrug dan meer die kloof nie.

4. SUGGESTIES VIR WEG VORENTOE (OF SOOS DIE VERSLAG DIT STEL: OP PAD NA DIE HELDER FONTEIN)

Die saak waaroor dit hier gaan, is nie maar 'n gereformeerde liefhebberij of 'n liefhebberij in die gereformeerde tradisie nie. Dit is hoe ons die Skrif verstaan.

Wanneer ons die imperatiewe uit die bedding van die indikatiewe haal, verlei en mislei ons geloofs-gemeenskappe tot nuwe vorme van wettisisme en fariseïsme. Aan die ander kant noop die imperatiewe wat vanuit die indikatief vloei ons tot ywer en passie vir die evangelie en die koms van die Koninkryk. Die 11 hoofstukke van Romeine wat die indikatief verkondig, word eers in Romeine 12: 2 tot imperatief, maar dan met die motivering en gesag van die evangelie. Ons durf nie die sake omdraai nie. Ons sou daarmee toegee dat ons vir 'n andersoortige hantering van die Skrif gekies het.

4.1 Leraars en ander gemeentelidmers word opgeroep om ernstig na te dink en self ondersoek te doen oor hoe hulle oproepe tot *geloof, bekering, heiliging*, ens formuleer. Op alle moontlike maniere moet ons mekaar help om hieroor sensitief te wees. Ons moet mekaar help om bewus te word en wees van die gevolge vir lidmate wat langs die weg van enige moontlike suggestie van 'n eie bydrae tot navolging van Christus uitgenooi word.

4.2 Leraars en ander leiers word opgeroep en deur opleiding en begeleiding motiveer om met erns en ywer gelowiges en ongelowiges tot navolging van Christus te begelei. Ons moet mekaar help om te bely dat genade motiveer om met ywer elke dag te bely dat ons uit genade gered is. Ons bely dat God aan die werk is. Sy werk maak nie alleen ons werk moontlik nie, maar sluit dit in. "Wanneer ons so beleef en praat oor die regverdiging, het ons 'n stewige basis om die heilige vuur ook in ons heiliging te laat brand" (p 190). Omdat ons harte brand van dankbaarheid, daarom is ons gehoorsaam. Hier ontmoet die Bybelse indikatief en imperatief mekaar as beide die werk van God.

4.3 Leraars en leiers word ernstig versoek om in die keuse van materiaal vir die toerusting van gelowiges seker te maak dat hulle materiaal kies wat oor die breë spektrum van die bediening die gereformeerde verstaan van genade-redding verstaan en handhaaf.

4.4 Leraars en leiers word ernstig versoek om te onthou dat *ons sing wat ons glo en bely*. Populêre liedere behoort telkens weer in gereformeerde taal vertaal te word. Anders glo ons later wat ons sing in die woorde van liedere wat nie altyd uit gereformeerde verstaan van die Skrif gebore is nie. Hier word veral gepleit vir liedere waar die eer aan die Here, aan sy liefde en genade alleen gegee word. Digtters word uitgedaag om binne 'n gereformeerde verstaan van die Skrif te dig vir komponiste om te toonset.

4.5 'n Verstaan van die Skrif binne hierdie tradisie bring mee dat ons anders bid. Baie gebed-praktyke is aantreklik. Dit sluit aan by die natuurlike godsdienstige drang om by te dra en daarvoor beloon te word. Leraars en leiers word aangemoedig om gemeentes binne ons van verstaan van God en die Skrif te leer bid. Die keuse van materiaal geld ook hier.

KERKMUSIEK

1. EIETJDSE EN INHEEMSE MUSIEK

1.1 OPDRAG

[AS 2002, BR 6.7.4; AS 2004, Deel II, p 84, § A.5: 14 en Deel IV, p 368, § A.5: 14.3]

Die Algemene Sinode versoek die ADGB om die saak van nuwe liedere as prioriteit te beskou en voort te gaan met die besluit van 2002, naamlik "om, in oorleg met die AJK, 'n meganisme te skep waarvolgens nuwe, inheemse en eietydse liedere deurlopend in die kerk opgeneem kan word en om die nodige riglyne vir die skep van nuwe liedere daar te stel."

1.2 FLAM

1.2.1 'n Subkommissie van lede uit die ou AKE en AJK was reeds saamgestel na die sinode van 2002 en het na die sinode van 2004 die ADGO Projekspan vir Musiek geword (alias Flam – Funky Liedere vir 'n Aan-die-brand Musiek-bediening).

1.2.2 Die projekspan bestaan tans uit die volgende lede:

Ds Jacques Louw (voorsitter - OVS)

Ds Faani Engelbrecht (ondervoorsitter - Wes-Kaap)

Dr Louis Dressel (skriba – Noordelike Sinode)

Dr Breda Ludik (Wes-Kaap)

Ds Elmarie Wiesner (Wes-Kaap)

Ds Ben Klut (Hoëveld)

Ds Johan Engelbrecht (Wes-Kaap)

en Ronel Meylahn (Noordelike Sinode)

1.2.3 Dr Johan Cilliers en me Gerda Engelbrecht help ook onderskeidelik as Flam se teologiese en taalkundige adviseurs. Me Anita Erasmus (Maranatha Platemaatskappy) woon ook die Flam-vergaderings as gekoöpteerde by.

1.3 VERLOOP

1.3.1 Flam het eerstens gepoog om die nodige riglyne vir die skep van nuwe liedere op te stel. Hierdie riglyne is via *Die Kerkbode* aan gemeentes gekommunikeer en deur middel van Flam se webbladsy.

1.3.2 Flam se werkswyse is soos volg:

1. Liedere word deur Flam versamel: individue, gemeentes, kunstenaars word op voortdurende basis uitgenooi om eietydse liedere aan Flam deur te stuur.

2. Liedere word deur Flam gemeet aan bepaalde teologiese, musikale en taalkundige vereistes: Bestaande kontemporêre liedere, waarvan die meeste reeds op CD's opgeneem is, word ook vanaf hierdie CD-opnames beoordeel.

3. Toestemming word van die komponiste/lirieskrywers verkry, sodat die gekeurde liedere op die Flam-webbladsy geplaas mag word.

4. Die bladmusiek en volledige tekste is dan op die webwerf (www.jeugfokus.co.za) beskikbaar vir gemeentes wat met die MRL en breë lisensie by CCLI geregistreer is: Enige iemand kan die webbladsy besoek en die titellys van nuwe liedere sien, maar kan slegs die bladmusiek en Flam-liedtekste van die web aflaai, indien hulle hulle breë CCLI registrasienommer invoer. Die kopiereg en tantième-uitbetalings word dus deur CCLI gehanteer, aangesien Flam nie die personeel en infrastruktuur daarvoor het nie.

5. 'n Aantal liedere (met tekste uit verskillende inheemse tale) vir interkulturele byeenkomste sal ook mettertyd op Flam se webblad beskikbaar wees. Die bekende ekumeniese liedere waardeur verskillende strofes in verskillende inheemse tale gesing kan word, kan baie sinvol by interkulturele en multikulturele dienste gebruik word. 'n Proses is ook aan die gang tussen NG Kerk familie om liedere met dieselfde melodieë in die verskillende tale beskikbaar te stel. Dit sal egter nog 'n tyd neem voordat dit beskikbaar is.

1.3.3 Flam is dus voortdurend besig om nuwe liedere te versamel en vergader drie keer per jaar om nuwe liedere teologies, musikaal en taalkundig te keur en gereed te kry vir Flam se webwerf. Daar is reeds 'n somtotaal van 187 liedere gekeur en soos wat die kopiereg uitgeklaar word, en die notering van die bladmusiek gedoen word, verskyn dit op Flam se webbladsy op www.jeugfokus.co.za.

1.3.3.1 Hierdie 187 gekeurde liedere bestaan onder andere uit:

- ♦ 56 vars, nuwe kontemporêre liedere
- ♦ 82 nuwe eietydse liedere vir gemeentesang
- ♦ 5 nuwe kinderliedere
- ♦ 2 nuwe spesifieke tienerliedere
- ♦ 8 liedere uit die vorige Jeugsangbundels
- ♦ 2 multikulturele liedere

1.3.3.2 Hierdie liedere verteenwoordig reeds 'n wye spektrum van liedere met betrekking tot:

1. Liturgiese momente:

Toetrede; Votum; Lof; Verwondering; Wet; Skuldbelydenis; Verootmoediging; Epiklese; Woord van God; Lering; Geloofsbelydenis; Gebede; Nagmaal; Toewyding; Klag en Afhanklikheid.

2. Die kerklike jaar:

Kersfees; Epifanie; Lydenstyd; Paasfees; Opstanding; Pinkster; Koninkrykstyding; Wederkoms; Drie-Eenheid en God se liefde.

3. Die erediens van die lewe:

Heerskappy van God; Die Kerk; Geloof en Vertroue; Dankbaarheid; Diens en Getuienis; Ekumene; Hoop en Voleinding.

1.4 PAD VORENTOE

1.4.1 Flam beoog om op hierdie wyse voortdurend nuwe inheemse en eietydse liedere aan gemeente te voorsien.

2. ENGELSE LIEDERE IN DIE LIEDBUNDEL

2.1 OPDRAG

[AS 2004, Deel II, p 78, § A.5: 3 en Deel IV, p 367, § A.5: 3.3]

Die Algemene Sinode versoek die ADGO: Taakspan Erediens om sover moontlik – hangende kopiereg – benewens die twintigtal Engelse tekste wat opgeneem is in die Liedboek van die Kerk ook al die ander Engelse tekste – en indien moontlik ook dié van inheemse tale – waarvan die melodieë in die Liedboek opgeneem is, in die volgende uitgawe van die Liedboek op te neem.

2.2 VERLOOP

2.2.1 Die ADGO Projekspan vir Musiek het weer na die opdrag van die sinode gekyk en weereens bevind dat hierdie opdrag onprakties, onuitvoerbaar en nie koste-effektief sal wees nie

2.2.2 Redes waarom die ADGO Projekspan vir Musiek (alias FLAM) oordeel dat die opdrag steeds onprakties en onuitvoerbaar bly:

2.2.2.1 Na alle waarskynlikheid daar nie weer 'n formele Liedboek ("in hard covers") in die toekoms verskyn nie

2.2.2.2 Die verkryging en koste-aspek verbonde aan die kopiereg bemoeilik die uitvoering van hierdie opdrag

2.2.2.3 Die bundel sal dan onhanteerbaar lywig wees

2.2.2.4 Dit sal die eenheidskoste van die bundel onbekostigbaar vir lidmate maak

2.2.2.5 Dit sou die deur oopmaak vir allerlei ongekeurde tekste vanuit ander tale

3. OPLEIDING VAN KONTEMPORÊRE MUSICI

3.1 OPDRAG

[AS 2002, BR 6.8; AS 2004, Deel II, p 84-85, § A.5: 15 en Deel IV, p 368, § A.5: 15.3]

AS 2002 BR 6.8: Die Sinode versoek die AKE om in samewerking met die AJK ondersoek in te stel na wyses waarop die opleiding en toerusting van kerkmusici ook in 'n meer kontemporêre idioom sal kan geskied.

AS 2004, p 368: Die Algemene Sinode verwys die besluit van 2002 na die ADGO vir verdere aandag.

3.2 TERUGVOER

3.2.1 Die ADGO Projekspan vir Musiek (FLAM) het geoordeel dat die mees sinvolle en koste-effektiewe manier waar kontemporêre musici oor die land heen opgelei kan word, sou wees deur middel van 'n professionele opleidings-DVD. Die moontlikheid is ondersoek en die koste van so 'n DVD sou rondom R60 000,00 beloop. Intussen het FLAM kennis geneem dat die bekende gospelmusikant, Louis Brittz, beoog om gedurende 2007 'n soortgelyke DVD die lig te laat sien. Louis Brittz is volgens FLAM uitstekend toegerus (talentgewys, logistiekgewys, en goeie begrip van die liturgie) om hierdie projek te dryf, sodat kontemporêre kerkmusici sal baat vind by hierdie opleidings-DVD. FLAM het geoordeel dat daar eerder insette aan Louis Brittz gelewer kan word en met sy projek saamgewerk kan word, as om dieselfde projek met so 'n groot finansiële uitset te dupliseer. FLAM kan dan eerder hierdie opleidings-DVD van Louis Brittz vir gebruik in gemeentes akkrediteer.

4. WERKGROEPE VIR KLASSIEKE MUSIEK

4.1 INLIGTING

4.1.1 Nadat ADGO Projekspan Musiek die opdrag van die Sinode met betrekking tot inheemse en eietydse liedere deur middel van FLAM en sy werksaamhede laat realiseer het, het die Projekspan vir Musiek ook bewus geword van die leemte wat ontstaan het ook ten opsigte van bevordering van meer formele/klassieke kerkmusiek.

4.1.2 Die projekspan het onder andere kennis geneem van die nypende tekort aan orreliste dwarsoor die land en die groot dalende getalle van orrelstudente landswyd.

4.1.3 Om hierdie probleme die hoof te bied, is ADGO versoek om dit goed te keur dat 'n werkgroep binne die ADGO Projekspan Musiek gestig word, vir die bevordering van meer formele kerkmusiek.

4.1.4 'n Uitnodiging is oa aan die SA Kerkorrelistevereniging gerig om 'n verteenwoordiger te benoem om deel van hierdie werkgroep te word. Sake soos die tekort aan opgeleide orreliste, opleidingskursusse vir orreliste en moontlike indiensopleiding van orreliste sal dringende aandag by hierdie werkgroep geniet.

5. BEGELEIDINGS CD'S VAN DIE LIEDBOEK

5.1 INLIGTING

5.1.1 Aangesien daar so 'n groot tekort aan opgeleide orreliste dwarsoor die land bestaan en gemeentes werklik sukkel om orreliste te vind wat die gemeentesang dinamies kan begelei, wil ADGO Projekspan Musiek gemeentes graag wys op die lofwaardige poging van die SKE, NG Kerk in die OVS wat 'n volledige stel Begeleidings-CD's van die Liedboek in samewerking met Bybel-Media saamgestel het.

5.1.2 Hierdie stel CD's met orrelbegeleiding van die Liedboek-liedere, maak dit vir gemeentes wat sukkel om geskikte orreliste te kry, moontlik om tydens eredienste, begrafnisse, huwelike en ander spesiale dienste met hierdie CD-begeleiding te kan saamsing. Nadat die eerste oplaag van die Begeleiding-CD's uitverkoop is, is die hele pakket weer hersien en noodsaaklike tempo-wysigings is aangebring. Die hersiene pakket van die Begeleidings-CD's van die Liedboek, bestaande uit 14 CD's is beskikbaar teen R350,00 en kan bestel word by Bybel-Media: **0860 231 231** of direkte bestelling: **bestel@bmedia.co.za** of E-aankope: **www.bmedia.co.za**.

EREDIENS

1. LITURGIE/HANDBOEK VIR DIE EREDIENS

1.1 OPDRAG

[AS 2002, BR 6.1.1; AS 2004, Deel II, p 83-84, § A.5: 10 en Deel IV, p 367, § A.5: 10.3]

Die Algemene Sinode besluit dat die opdrag van 2002 na die nuwe Algemene Diensgroep vir Gemeente- en Bedieninge as prioriteitsaak verwys word, naamlik:

1.1.1 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ADGO om 'n hersiene uitgawe van die Handboek vir die Erediens vir publikasie voor te berei. Oorweging moet geskenk word aan die moontlikheid dat die publikasie in so 'n formaat beskikbaar gestel word dat nuwe materiaal voortdurend bygevoeg kan word (bv alternatiewe diensordes en formuliere).

1.1.2. Die Algemene Sinode keur goed dat die volgende in die Handboek vir die Erediens opgeneem word:

1.1.2.1 Die basiese struktuur van die oggend- en aanddiens (nie 'n volledige diensorde nie) met daarby 'n aanduiding van wat as vaste elemente en wat as wisselende elemente beskou word.

1.1.2.2 'n Kort beskrywing van die verskillende (vaste en wisselende) elemente van die erediens met 'n aanduiding hoedat elkeen in die erediens gebruik kan word.

1.1.2.3 Voorgestelde diensordes vir die volgende besondere dienste: Bevestiging van ampsdraers, Doopdiens, Belydenis van geloof, Nagmaalsdiens, Huweliksdien, Begrafnis- en verassingsdiens.

1.1.2.4 Basisformuliere soos in die huidige Handboek vir die Erediens met moontlike alternatiewe - veral vir die bediening van die sakramente.

1.1.2.5 'n Erediensbesluiteregister (Die AS besluit dat slegs die kernbesluite in 'n Erediensbesluiteregister opgeneem word. Sien AS 2002, BR 6.1.2).

1.1.2.6 Die Revised Common Lectionary met moontlike aanvullende materiaal uit ander beskikbare leesroosters.

1.1.3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ADGO om te reël vir die hersiening van die huidige formuliere vir opname in die hersiene uitgawe van die Handboek vir die Erediens.

1.1.4. Leesrooster in die liturgie – die Algemene Sinode keur die voorgestelde werkswyse ten opsigte van 'n leesrooster in die liturgie goed en dra dit aan die ADGO op om praktiese gestalte hieraan te gee.

1.1.5. Nuwe formuliere – SKE's word aangemoedig om voortdurend nuwe formuliere te skryf en te versamel en aan die ADGO deur te gee vir evaluering. Die ADGO stel voortdurend nuwe liturgiese tekste en formuliere beskikbaar.

1.1.6. Engelse Formuliere – die Algemene Sinode (1) erken die behoefte aan liturgiese formuliere in Engels ten einde die vestiging van nuwe bedieninge oor kulturele grense heen te fasiliteer; (2) neem kennis van bestaande vertalings wat deur die Conference for multi-cultural and multi-lingual ministries of the DRC gedoen is; (3) en versoek die ADGO om die vertalings goed te keur en om verdere liturgiese ontwikkelinge se vertaling en publikasie te fasiliteer.

1.2 UITVOERING

Volume 1 van die Handleiding vir die Erediens sal beskikbaar wees by die sitting van die Algemene Sinode. Volume 2, wat aanvullende materiaal sal bevat, sal binne die volgende jaar voltooi word.

1.3 AANBEVELING:

1.3.1 Die AS word versoek om die Handleiding vir die Erediens as liturgiese proefbundel goed te keur.

1.3.2 Die AS versoek verder dat ADGO in die reses die opdrag kry om 'n deeglike evaluering van die handleiding te doen met aanbevelings vir goedkeuring by die volgende sinode.

1.3.3. Dit word gedoen in die lig van die feit dat die liturgiese ontwikkeling as voortgaande proses en genoemde bundel nie as 'n afgeslote bundel gesien moet word nie.

2. RITUEEL EN SIMBOOL

2.1 OPDRAG

AS 2002, BR 6.17: Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n studiestuk op te stel oor ritueel en simbool rondom die totale liturgie van die erediens.

AS 2004, p 367: Die studiestuk is terugverwys na ADGO: Taakspan Erediens om enkele sake by te werk: onderskeid tussen sakramente en simbole, seremonies wat deur Christus afgeskaf is, ens.

2.2 UITVOERING

Daar is 'n verslag voorberei. (Sien Bylae 1)

2.3 AANBEVELING

Die sinode keur die studiestuk 'Ritueel en Simbool' as riglyn goed vir gebruik deur gemeentes.

3. KINDERVRIENDELIKE NAGMAAL

3.1 OPDRAG

[AS 2002, BR 6.2.13.2; AS 2004, Deel II, p 77-78, § A.5: 2; Deel IV, p 295, § C.5.1: 2.3 en p 367, § A.5: 2.3]

Die kindervriendelike nagmaalsformulier is terugverwys na ADGO: Taakspan Erediens om aandag te gee aan verskeie voorgestelde herformulerings.

3.2 UITVOERING

Die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens.

4. DOOP

4.1 OPDRAG

4.1.1 Doopviering

Die saak van die viering van die sakrament met 'n rituele wassing is na die Taakspan Leer en Aktuele Sake verwys. (Vgl. Verslag ATLAS : Die betekenis en gebruik van die doop)

4.2 UITVOERING

Die liturgiese momente van die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens

5. GEBEDE BY EREDIENS

5.1 OPDRAG

[AS 2002, BR 6.3.2; AS 2004, Deel II, p 84, § A.5: 12 en Deel IV, p 367-368, § A.5: 12.3]

AS 2002, BR 6.3.2: Die Algemene Sinode keur die voorgelegde gebede vir eucharistie en die liturgiese seisoene goed vir gebruik deur die gemeentes en gee opdrag aan die AKE om voort te gaan met die opstel van verdere gebede vir eucharistie en die basiese liturgiese seisoene.

AS 2004, p 367-368: Die Algemene Sinode verwys die besluit van 2002 na die ADGO vir verdere aandag.

5.2 UITVOERING

Die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens.

6. HUWELIKSFOMULIER

6.1 OPDRAG

[AS 2002, BR 6.2.9 en BR 6.2.10; AS 2004, Deel II, p 84, § A.5: 11 en Deel IV, p 367, § A.5: 11.3]

AS 2002, BR 6.2.9: Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om die bestaande huweliksformulier te hersien, met spesifieke aandag ook aan die hertrou van egpare wat kinders uit vorige huwelik(e) het.

AS 2002, BR 6.2.10: Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n eietydse Engelse huweliksformulier op te stel.

AS 2004, p 367: Die Algemene Sinode verwys die besluite van 2002 ten opsigte van huweliksformuliere na die ADGO vir verdere aandag.

6.2 UITVOERING

Die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens.

7. BEGRAFNISLITURGIEË

7.1 OPDRAG

[AS 2004, Deel II, p 70-77, § A.5: 1; Deel IV, p 295, § C.5.1: 1.3 en Deel IV, p 366, § A.5: 1.3]

Die Algemene Sinode beveel die begrafnisliturgieë aan vir gebruik tydens begrafnisse, verassingsdienste en plasing van as, en gee opdrag aan die ADGO om dit in die nuwe Handboek vir die Erediens op te neem.

7.2 UITVOERING

Die opdrag is opgeneem in die Handleiding vir die Erediens.

BYLAE 1 STUDIESTUK: RITUEEL EN SIMBOOL

1. OPDRAG

[AS 2002, BR 6.17; AS 2004, Deel II, p 78-80, § A.5: 5; Deel IV, p 295, § C.5.1: 5.2 en Deel IV, p 367, § A.5: 5.3]

AS 2002, BR 6.17: Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n studiestuk op te stel oor ritueel en simbool rondom die totale liturgie van die erediens.

AS 2004, p 367: Die studiestuk is terugverwys na ADGO: Taakspan Erediens om enkele sake by te werk: onderskeid tussen sakramente en simbole, seremonies wat deur Christus afgeskaf is, ens.

2. INLEIDING

Vir die doel van hierdie studie word die uitgangspunt gehandhaaf dat 'n ritueel normaalweg kan bestaan uit 'n simbool, 'n simboolhandeling en simbooltaal (Lukken). Oor die presiese betekenis van hierdie begrippe is daar weinig eenstemmigheid. Die betekenis van hierdie begrippe het ook dramaties verander deur die eeue, sodat ons sou kon vermoed dat die Reformatoriese verstaan van die begripteke nader is aan ons (sien hieronder) verstaan van die begrip simbool, eerder as ons omskrywing van die begrip teken.

2.1 Simbool

2.1.1 'n Simbool is iets anders en meer as 'n teken. 'n Teken is 'n dooie metafoor. 'n Verkeersteken dra byvoorbeeld 'n duidelike boodskap waarop ag geslaan behoort te word. Dit is veronderstel om geen ruimte vir onduidelikheid of alternatiewe interpretasiemoontlikhede te laat nie.

2.1.2 'n Simbool daarenteen kan woorde, handeling of objekte wees wat 'n brugfunksie vervul na 'n ander, ruimer, dieper, groter werklikheid (Lukken). Anders as met 'n teken, stimuleer 'n simbool juis verbeelding om reg te laat geskied aan die misterieuse en verborge karakter van die tweede werklikheid. Goethe se definisie van 'n simbool is betekenisvol vir die liturgie, naamlik dat 'n simbool die ding is sonder om die ding te wees en tog die ding is. Die simbool het dus 'n brugfunksie, maar is self ook (ten dele) die brug, en verwys nie net na die ruimer werklikheid daaragter nie, maar bewerk ook alreeds (ten dele) deelname aan die werklikheid. Hier is dus 'n *sumballein*, 'n samevoeging van verskillende werklikhede, aan die werk, wat 'n nuwe realiteit tot stand bring. Die werkwoord *sumballuso* word in Lukas 2:19 ten opsigte van Maria gebruik, waar sy al die wonderlike dinge (engele, herders ens.) saamgebring het om sin daaruit te maak.

2.1.3 In die liturgie sou byvoorbeeld die water by die ritueel van die doop as simbool dien – gewone water neem ons as't ware na 'n ander werklikheid en roep 'n hele reeks betekenis en assosiasies by ons op. Die water is dus polisemanties deurdat dit kan verwys na, onder meer reiniging, sterf met Christus en ook Ou Testamentiese verhale soos die van die sondvloed.

2.2 Simboolhandeling

Dit gebeur dikwels dat 'n simbool vergesel word van 'n simboolhandeling. Die handeling is dan veronderstel om die betekeniswaarde van die simbool te ondersteun of sigbaar te maak. Om weer die doop as voorbeeld te gebruik: die simbool (water) word deur middel van 'n handeling opgeskep en oor die dopeling se kop gesprinkel of gegiet. Deur hierdie handeling word die *simboliese* waarde van die water beklemtoon.

2.3 Simbooltaal

2.3.1 In aansluiting by die simbool en die simboolhandeling, kan 'n bepaalde ritueel ook bestaan uit sekere taalbegrippe wat veronderstel is om die ritueel tot betekenis te bring. Dit kan soms selfs die vorm van 'n formule aanneem, soos wanneer die doop bedien word *in die Naam van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees*.

2.4 Ritueel

In die lig van bogenoemde sou 'n ritueel dus beskryf kon word as 'n (verkieklik herhalende) handeling wat die gebruik van simboliese voorwerpe, taal en handeling kan insluit.

2.4.1 Herhaling is 'n belangrike kenmerk van ritueel, want daar sit onder andere die gemeenskapsdimensie en tradisie in opgesluit. 'n Ritueel laat sigself nie sommer net maak nie, maar maak eerder diegene wat daaraan deelneem. 'n Ritueel is 'n simboliese handeling wat deur die roetine en herhaling vastigheid en identiteit verskaf en ook die huidige deelnemers koppel aan die groter gemeenskap en geslagte wat voor hulle aan die ritueel deelgeneem het. Tog is elke uitvoering van die ritueel nuut, met nuwe waardes wat geïntegreer word om sodoende die ritueel te heraktualiseer vir elke nuwe geslag en situasie.

2.4.2 'n Tweede belangrike kenmerk is die verhouding tussen die ritueel en die verhaal, of soos dit dikwels getipeer word, tussen die rite en die mite. Hier is 'n fyn spanning wat gehandhaaf moet word, aangesien 'n oormatige klem op die een of die ander 'n negatiewe werking kan hê. So kan oormatige klem op die ritueel lei tot 'n ritualisme en magie, 'n soort *ex opera operato*, en oormatige klem op die verhaal kan lei tot intellektualisme en 'n verskraling van die vieringskarakter van die erediens.

3. 'N NUWE BELANGSTELLING IN SIMBOLE EN RITUELE

3.1 Vanweë verskeie redes (byvoorbeeld die rasionalisme) is die waarde van simbole en rituele vir baie lank onderskat. Tog verskaf die gereformeerde liturgie 'n raamwerk en onderbou (bv Skriflesing, doop, nagmaal) waarbinne 'n verdiepte verstaan en praktyk van simbole en rituele uiters sinvol kan bydra tot verantwoordelike liturgiese vernouing.

3.2 Verder kan die hernude belangstelling in hierdie saak waarskynlik (ook) verklaar word in terme van die kommunikasie-era waarin ons onself op die oomblik bevind. Veral die werke van Pierre Babin help ons om iets hiervan te verstaan.

3.3 Oorvereenvoudig sou ons kon sê dat simboliese taal 'n groot rol gespeel het in 'n pre-moderne era wat gekenmerk is deur oorwegend mondelinge kommunikasie. Daarna was *konseptuele* taal kenmerkend van 'n moderne era waarin gedrukte kommunikasie dominant was. Die post-moderne era word al hoe meer gesteun deur elektroniese kommunikasie. In hierdie era gaan kommunikasie selfs gepaard met meer as net simbole sodat ons waarskynlik kan praat van 'n veelsintuiglike of multi-sensoriese ervaring.

3.4 Kommunikasie wat sonder 'n omhaal van woorde verwondering wek, aangryp en verbeelding stimuleer, is aan die orde van die dag. Dit is ook waar van die erediens. Daarom sal die kerk heel tereg nie anders kan nie as om opnuut aandag te gee aan die rol en funksie van simbole en rituele – veral ten opsigte van die erediens.

3.5 'n Ander belangrike rede vir die hernude nadenke oor simbole en rituele lê op 'n antropologiese vlak. Rituele word naamlik as een van die hoofinstrumente gesien aan die hand waarvan 'n gemeenskap of 'n samelewing *waardes* tot uitdrukking bring en haar identiteit vorm en aangee na volgende geslagte. Indien dit waar is, spreek dit vanself dat die inwoners van ons land hierdie instrument dringend nodig het.

3.6 Ten slotte is dit belangrik om hierdie nuwe belangstelling in simbole en rituele te kwalifiseer, naamlik dat dit nie iets nuuts en vreemds is wat in die erediens ingebring word nie. Om te praat van die gebruik van simbole en rituele in die erediens kan misleidend wees. Die hele erediens is opgebou uit simbole en rituele. In die lig van bogenoemde definisies van simbole en rituele, en gegewe die konteks van die erediens, is alles wat in die erediens gebeur (woorde en handeling) simbolies en die meeste daarvan ook rituele. Gevolglik is die sakramente ook rituele. Hier is dit egter belangrik om te onderskei, want alhoewel albei sakramente wel rituele is, is alle rituele nie sakramente nie. Dit sou dus nodig wees om verder in te gaan op die onderskeid tussen die begrippe sakrament en ritueel. Só 'n verduideliking is noodsaaklik, aangesien die begrip ritueel dikwels vreemd op die oor val vir sommige Protestante. Dikwels word 'n ritueel gesien as iets anders, iets vreemd, soms selfs as primitief en dan ook as iets wat addisioneel en bykomend is tot die 'gewone' erediens. Rituele word dan gesien as iets wat ingebring word in die bestaande erediens en nie (ook) dit (alles) wat alreeds daar in die erediens is nie. Oor die onderskeid tussen simbool en sakrament word later meer gesê.

4. BYBELSE PERSPEKTIEWE

4.1 In die Ou Testament is God se Woord-bekendmaking dikwels met tekens, simbole en rituele ondersteun. Daarom pas die teken telkens by die Woord, soos 'n klein seleksie van voorbeelde duidelik illustreer:

1. 'n Reënboog om die beloftewoord aan Noag en die verbond met die aarde te ondersteun
2. 'n Brandende doringbos, kiere en melaatse hand om God se Woord aan Moses (en later Farao) te ondersteun
3. 'n Wolk- en vuurkolom om God se teenwoordigheid in die woestyn te ondersteun
4. 'n Beskrewe tafel met wette om duidelike verbondsreëls aan die volk te gee
5. 'n Ark met heilige voorwerpe, priesters met eiesoortige kleredrag en leefstyl, en 'n uitgebreide offerdiens om die verhouding met God uit te beeld
6. 'n Ontugtige huwelik sodat Hosea die ongehoorsame volk simbolies kan konfronteer
7. 'n Hout- en ysterjuk op Jeremia se skouers om God se oordeelwoord oor Jerusalem te ondersteun.

4.2 In die Nuwe Testament word hierdie patroon voortgesit, maar op 'n totaal nuwe wyse. Jesus se geboorte word aan die skaapwagters self 'n "teken" genoem, en as Seun van God is Hy die vleesgeworde Woord. In Jesus het ons dus die volmaakte "teken" van God! In sy bediening word die patroon van betekening voortgesit – vergelyk die genesings, wonders, gelykenisse, ens.

4.3 Met die stigting van die Nuwe Testamentiese kerk is daar 'n opeenvolging van gebeure waar die Godswoord met tekens bevestig word: vuurtong, wind, spreek in tale (juis ter wille van die Woord!).

5. DIMENSIES VAN SIMBOLE EN RITUELE

5.1 Bewaring en hervorming

Een van die belangrikste dimensies van rituele is enersyds om te bewaar en andersyds om te hervorm. Indien die bewarende dimensie voorop staan, herbevestig rituele gewoonlik die bestaande orde en help dit mense om hulleself te anker in hulle waardes. Terselfdertyd dien dit dan as 'n bevestiging van identiteit. In hierdie sin word rituele meer dikwels gebruik in 'n statiese, stabiele, gestruktureerde (*societas*) tyd. Daarenteen kan rituele ook 'n samelewing help om sinvol te hervorm. In 'n dinamiese (*communitas*) tyd

waarin verandering en transformasie aan die orde van die dag is, kan rituele help om nuwe waardes toe te eien of 'n oorgang na nuwe lewensfasies te bewerkstellig (Turner). Uit die aard van die saak kan hierdie dimensie met groot vrug in die liturgie verreken word. Die liturgie wil immers gelowiges help om voortdurend te ontdek wie hulle is, maar ook wie hulle kan wees.

5.2 Groepsidentiteit

'n Verdere dimensie van rituele is dat dit mense nie net fisies bymekaarbring nie, maar hulle ook emosioneel verbind (Driver). Dikwels vind groepskohesie plaas gewoon deur die kenmerkende uniekheid van 'n geloofsgemeenskap se ritueel wat hom identiteit gee en uitlig teenoor ander gemeenskappe. Dit beteken dat rituele nie net 'n uitdrukking van identiteit is nie, maar ook help om identiteit te vorm. Hierdie dimensie is nou verbonde aan die eersgenoemde dimensie, aangesien rituele ook groepsidentiteit en -kohesie en die spesifieke aard daarvan kan uitdaag.

5.3 Benewens hierdie bogenoemde dimensies van rituele kan enkele ander dimensies in kort ook saamgevat word. So byvoorbeeld is daar 'n formaliserende dimensie wat daarop neerkom dat rituele op 'n ekonomiese wyse ingewikkelde sosiaal-kulturele boodskappe kan kommunikeer. Met die verdigtende dimensie word bedoel dat iets spesifiek geaksentueer word sodat die perspektief daarop kan verspring, byvoorbeeld 'n klein hoeveelheid brood en wyn waarby stilgestaan word en 'n ander perspektief op gekry word. Verder beskik rituele ook oor 'n kanalisierende dimensie, soos byvoorbeeld 'n begrafnisdiens wat emosies op 'n sinvolle wyse kanaliseer en nie ignoreer of onderdruk nie. Nou verbonde aan hierdie kanalisierende dimensie is die terapeutiese dimensie wat beoog om te heel en te genees deur die mens terug te bring na die wortels van haar bestaan. Rituele help ons ook om iets van onself tot uitdrukking te bring, dus 'n soort ekspressiewe dimensie. Soms wil rituele ook besweer of op 'n manier die alledaagse werklikheid beïnvloed (eksorsierende dimensie), soos byvoorbeeld met 'n biddag vir reën. Verder bestaan daar 'n koppeling tussen liturgie en lewe, tussen ritueel en etiek, deurdat dit wat gesimboliseer word ook die lewe deurdring. Waardes word in en deur die ritueel vasgelê, geïntegreer en vernuwe. Rituele stel ook soms mag in werking en bevorder die mag van instansies soos die staat. Hierdie dimensie kan die politieke dimensie genoem word. (Lukken).

5.4 Ten slotte kan hier genoem word dat elke dimensie ook potensieel 'n gevaarlike kant het. Die sosiale dimensie kan byvoorbeeld eksklusiewe groeppvorming bewerk of die eksorsierende dimensie kan magiese kwaliteite kry. Verder word hier doelbewus gekies vir die begrip 'dimensies' eerder as 'funksies', aangesien by laasgenoemde begrip die gevaar van funksionalisme in die liturgie in die kiem lê. Rituele / die liturgie kan waardes vorm en emosies kanaliseer, maar ten diepste hoef dit niks te doen nie. Die liturgie is gewoon maar 'n spel, 'n heilige ernstige en gevaarlike spel waar God en mens mekaar ontmoet en die mens haar hoogste doel verwesenlik, naamlik om God te eer en Hom vir ewig te geniet.

6. KENMERKE VAN 'N GOEIE RITUEEL

6.1 Gemeentes behoort aangemoedig te word om self rituele te ontwikkel en in stand te hou. Liturgies sou dit moontlik wees om byna enige element of onderdeel van die erediens ritueel te ondersteun, aangesien die hele liturgie opgebou is uit simbole en rituele.

6.2 Gestel 'n gemeente sou rondom die wegsending 'n ritueel wou ontwerp aan die hand van die genoemde onderdele. Dan sou daar gesoek kon word na 'n *simbool* wat God se teenwoordigheid in die wêreld (waarheen die gemeente gestuur word) verbeeld. Rondom hierdie simbool sou 'n bepaalde *handeling* uitgevoer kon word aan die hand waarvan die gemeente die wêreld ingestuur word. Dit alles sou natuurlik met sekere woorde of *simbooltaal* gepaard kon gaan.

6.3 Die volgende kenmerke van rituele kan in ag geneem word wanneer gemeentes self rituele ontwerp:

1. Daar moet 'n bewuste keuse wees vir klem op struktuur of anti-struktuur, bewaar of hervorm (Die bevestiging van kerkraadslede se klem sou tipies op struktuur val en 'n helingsdiens se klem op anti-struktuur).
2. Daar moet verkieslik 'n stadige tempo wees; hoe stadiger, hoe meer dramaties.
3. Daar moet genoeg tyd wees vir stilte.
4. Rituele moet gekenmerk word deur eenvoud.
5. Die goue reël hier is 'minder is meer', hoe meer ekonomies die ritueel en minder verduideliking nodig is, hoe kragtiger die polisemantiese en polivalentiese werking van die ritueel.
6. Hoe meer sintuiglik die ritueel aangebied word, hoe beter. Hierin speel liggaamlikheid 'n belangrike rol deurdat die mens deur middel van al sy/haar sintuie in en deur die ritueel betrek moet word.
7. Daar moet 'n sinvolle en effektiewe keuse van simbole, simboolhandelinge en simbooltaal wees, aangesien die liturgie 'n totale taalhandeling ("*speech act*") is wat uit woorde en handelinge bestaan.
8. Begin die beplanning met alle moontlikhede en werk dan in die rigting van vereenvoudiging.
9. Betrek deelnemers in die beplanning van 'n ritueel.
10. Beperk toeskouers by die uitvoering van 'n ritueel.
11. Doen moeite met die keuse van musiek.
12. Maak seker dat die sentrale fokus van die ritueel God se heilsdade in Jesus Christus is en deelnemers se harte na Hom verhef.

13. Laat die rituele en simbole sover moontlik aansluit by die bestaande orde van die erediens in 'n spesifieke gemeente, eerder as om totaal nuwe en vreemde dinge in te voer. Aansluiting by die tradisie met 'n fyn balans tussen kontinuïteit en diskontinuïteit is bevorderlik vir die toe-eiening van die rituele deur deelnemers.

7. RITUEEL EN SAKRAMENT

7.1 'n Redelik nuwe en wyd aanvaarde benadering is om die hele erediens as opgebou uit simbole en rituele te sien. So byvoorbeeld noem die Nederlandse Gereformeerde liturgis, Marcel Barnard, Liturgiek die wetenskap van Christelike rituele en simbole. In hierdie studiestuk word die volgende werksdefinisie van rituele gebruik: (meestal herhalende) handeling wat die gebruik van simboliese voorwerpe, taal en handeling insluit. Al hierdie aspekte wat in die definisie voorkom, kry ons ook in die sakramente, naamlik herhalende handeling waarin simboliese voorwerpe, taal en handeling voorkom. Die spesifieke onderskeid is geleë in die adjektief 'simboliese' en dan in besonder die spesifieke aard van die simboliek. Berkouwer benader die problematiek vanuit 'n onderskeid tussen die Rooms Katolieke transsubstansiasieleer en die Gereformeerde leer van teken en seël, 'n onderskeid wat hy aandui met die begrippe 'realisme' en 'simbolisme'. Volgens die 'realisme' is die ware Christus in die Nagmaal teenwoordig en nie net 'n illustrasie, 'n beeld of simbool van Christus se lyding en sterwe nie. Hierdie siening van die 'simbolisme' ontnem egter die Nagmaal van alle realiteit, behalwe die psigologiese realiteit van onthou en die realiteit van die teken (Berkouwer). Sakrament teenoor simbool is dan ook veel meer as simbool, dit bewerk iets, doen iets, doen ook dit wat dit simboliseer. Hierdie is dus teologies gesproke 'n pneumatologiese onderskeid, naamlik dat die sakrament ook dit doen waarna dit verwys, terwyl God altyd die handelende subjek is wat die mens as aanbidende objek betrek in sy genadebeloftes. Alhoewel Christelike simbole en rituele wat nie sakramente is nie (byvoorbeeld die skuldbelydenis en genadeverkondiging of die Geloofsbelydenis), die aanbidder ook op 'n besondere wyse kan betrek in die heilsdade van God en God self ook daar die handelende subjek is, word dit duidelik dat hierdie pneumatologiese verklaring nie genoegsaam is nie.

7.2 Barnard (2004) bespreek Van der Leeuw se sakramentsbeskouing en wys op die belangrikheid van die adjektiewe representatief en presentatief wat saamgaan met die begrip simbool. Met ander woorde representeer die simbool op 'n afstand God se heilshandeling, of stel die simbool presentatief die heilshandeling van God teenwoordig in en deur die simbool? Hier stuit mens op 'n spanning, want die geneigdheid is om te wil sê: "Beide". In die Gereformeerde verstaan van die sakramente word die sakramente eerder as representatiewe simbole verstaan, met ander woorde simbole wat op afspraak, op grond van konvensies, verwys. Met ander woorde tekens, eerder as simbole, om Lukken ('n Rooms Katolieke teoloog) se verstaan by te trek. Die sakramente is dus ondersteunend tot die Woordverkondiging, 'n soort visuele verwysing wat die ouditiewe kommunikasie gewoon ondersteun.

7.3 Hier is dus duidelik 'n teologiese probleemarea. Om Lukken, Barnard of Van der Leeuw se omvattende verstaan van die liturgie as simbole en rituele te neem, asook die sterk pneumatologiese verstaan van Berkouwer se realisme met betrekking tot die sakramente, is bitter moeilik versoenbaar met 'n tradisionele Gereformeerde sakramentsleer van slegs teken en seël. Die grootste probleem hier lê op die vlak van die dinamiese ontwikkeling van die verstaan van begrippe soos teken en simbool en die toepassing daarop op die begrip sakrament.

7.4 Die keuse van die twee sakramente, Doop en Nagmaal, in die Protestantse tradisie in onderskeid van ander liturgiese handeling, is verstaanbaar vanuit die aard van die verwysing van die spesifieke handeling. Die twee sakramente verwys op omvattende wyse na die kern van God se heilswaarhede soos ons dit in die Woord kry. Dít terwyl die bykomende vyf sakramente (belydenis, boete, bevestiging, huwelik en siekesalwing) van die Rooms Katolieke tradisie ook na kernwaarhede verwys, maar nie noodwendig altyd algemeen geldend is vir alle gelowiges wat uit genade gered is en op 'n omvattende wyse al God se heilsdade opsom en toesê aan die deelnemer nie.

7.5 Alles in ag genome – ontwikkelinge op die terrein van die simboolfilosofie soos geïntegreer in die Liturgiek; die dinamiek van betekenisgewing rakende sekere begrippe oor die verloop van jare soos teken en seël; Gereformeerde teoloë wêreldwyd wat tans werk oor die onderskeid tussen simbool/ritueel en sakrament; gewoon die moeilikheidsgraad van die spesifieke onderwerp – sou 'n opvolg-studiestuk wat spesifiek oor die Gereformeerde sakramenteleer handel baie welkom wees.

BEDIENING AAN KERKLOS-LIDMATE EN EVANGELISASIE

1. AGTERGROND

Die ADGO het in Mei 2006 'n klein taakgroep byeengebring om te besin oor die stand van en toekoms van evangelisasie binne die NGK. Dit is onder meer om die volgende redes gedoen:

- 1.1 Die ervaring op gemeentelike vlak dat al meer en meer lidmate kerklos word en van die gemeentes wegdryf.
- 1.2 Die ervaring dat die *gesprek oor evangelisasie al meer en meer tot 'n stilstand gekom het*. Dit geld vir gemeentelike-, rings- en sinodale vlak en ook binne die teologiese fakulteite.
- 1.3 Hiermee saam het *evangelisasie as aktiwiteit ook feitlik tot 'n halt gekom*. Erkenning word onmiddellik gegee aan klein groepies gelowiges, wat wel evangelisasie programme in stand gehou het, dikwels op die rand van die gemeentelike lewe.
- 1.4 Die ervaring dat daar dikwels so gestry word oor wat “evangelisasie” nou eintlik is en behoort te wees, dat dit sinvolle bediening in die verband ook gekniehalter het.
- 1.5 Die ervaring dat die sigbare getalle van gemeentes dramaties daal, maar dat daar oor 'n twintig jaar periode feitlik geen nuwe lidmate tot die NG Kerk toegevoeg is nie, anders as deur geboorte nie. Ons dank aan FIM \ Engelstalige gemeentes wat dikwels onder groot negatiewe druk, juis dit moontlik gemaak het.
- 1.6 Die ervaring dat daar binne die NGK verskillende teologiese strominge ontstaan het, wat nie alleen op belydenisvlak onsekerheid gebring het nie, maar noodwendig op bedieningsvlak (soos bv. die saak onder bespreking) begin impakteer het.

Met dit as agtergrond het die taakgroep vergader om oor die saak vanuit verskillende invalshoeke te besin. Die gesprek in Mei 2006 is opgevolg met 'n gesprek in Oktober 2006, waar die voorsitter van ADD (Prof. Piet Meiring) ook waardevolle insette gelewer het – ook oor die pad vorentoe wat noodwendig samewerking met ADD moet insluit.

Die volgende voorlopige kursoriese opmerkings reflekteer van die belangrikste opmerkings wat gemaak is en vrae wat in die werkgroep gemaak is.

2. TEOLOGIESE FUNDERING

Konsensus bestaan dat geen vinnige kortpad antwoorde nou moontlik is nie en dat die saak nie sonder deeglike Skrifuurlike en teologiese fundering reggestel sal kan word nie.

2.1 SKRIFVERWYSINGS

2.1.1 Hermeneutiese vertrekpunt:

Die vergadering het 'n hele aantal tekste onder bespreking geneem. Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie tekste nie hier aangegee word as finale normatiewe fundering vir 'n bepaalde model of strategie nie. Dit word wel gedoen ten einde te illustreer hoe ryk en omvangryk die Skrif oor die saak onder bespreking praat. Die Skrif praat in totaliteit oor die Missio Dei en is nie maar net nog 'n bron waaruit 'n paar rigtingwysers “gemyn” kan word nie. Die tekste word egter aangehaal ten einde verdere gesprek, prediking en navorsing rondom die saak te stimuleer.

2.1.2 Die volgende tekste is onder bespreking geneem

- ♦ Gen. 1:26, 27. Die opdrag om as God se verteenwoordigers in die wêreld te leef. Beelddraers wat die beeld van God bekendmaak.
- ♦ Gen. 3:9. God is 'n opsoekende God.
- ♦ Gen. 12: 1-3. “In jou sal al die nasies van die aarde geseën wees.”
- ♦ Lev. 19: 33. Die opdrag om vreemdelinge te ontvang en lief te hê.
- ♦ 2 Kon. 6, 7. Die verkondiging van die “goeie nuus deur die melaatses”.
- ♦ Jes. 61. Die vrymaking van gevangenes.
- ♦ Jer. 18. Die herstel en vernuwing van dit wat misluk het en dood is.
- ♦ Jer. 29. Bevorder die belange van die stad waarheen ek julle weggevoer het...
- ♦ Eseg. 36/37. Die herstel en vernuwing van dit wat misluk het en dood is.
- ♦ Jona 1-4. 'n God wat werklik besorg is oor mense en diere... die welsyn van 'n stad..., maar ook die weg tot herstel aandui.
- ♦ Joël 2. Die opdrag tot radikale inkeer. “Skeur julle harte en nie julle klere nie...”
- ♦ Sag. 1:1 - 8: 23. Die opdrag om heropbou van die tempel as weg tot herstel van die stad.
- ♦ Matt. 4:18-23. Roeping van die eerste dissipels en daarmee die opdrag aan en gerigtheid van Jesus se dissipels en die latere visie van die kerk.
- ♦ Matt. 5: 13 ev. Die opdrag om sout en lig vir die wêreld te wees. Hoe lyk 'n stad sonder 'n kerk? (Sien ook Matt 5: Die stad op die berg).

- ♦ Matt. 6. Die opdrag om ons te beywer vir die koms van die Koninkryk.
- ♦ Matt. 9:17. Die opdrag om nie nuwe wyn in ou sakke te probeer gooi nie.
- ♦ Matt. 9: 35 ev. Die oes is groot maar die arbeiders min – Die oproep om en gebed vir arbeiders!
- ♦ Matt. 10:16 ev. Gestuurde getuies deur die Gees onderrig en versterk.
- ♦ Matt. 24: 13,14. Die Boodskap is oor die hele wêreld gehoor.
- ♦ Matt. 28. Die groot opdrag. “Gaan na die wêreld en maak die mense my dissipels...”
- ♦ Luk. 4: 18-19. Die *vrylating* van gevangenes.
- ♦ Luk. 10 Die uitstuur van die twee en sewentig
- ♦ Luk. 14: 25 ev. Eise van dissipelskap.
- ♦ Luk. 15. Die verlore skaap, muntstuk en seun – Die tema van verlorenheid.
- ♦ Joh. 10:10 en Kol 3:23. ’n Lewe van passiewolle oorvloedige lewe.
- ♦ Joh. 17. Die oproep om eenheid ter wille van ons getuienis.
- ♦ Hand. 1:8. Die groot opdrag en belofte van die Gees.
- ♦ Hand. 4. Die onwrikbare gehoorsaamheid aan die opdrag – Petrus en Johannes voor die Joodse Raad.
- ♦ Hand. 10. Petrus se roeping en opdrag om met ander oë na die heidene te kyk.
- ♦ Hand. 16. Lidia se bekering.
- ♦ Hand. 16. Die tronkbewaarder en bekering.
- ♦ Rom. 1-8. ’n Uiters belangrike teologiese raamwerk wat die verband tussen sonde, vergifnis en vrymaking op grond van God se genade verduidelik.
- ♦ Rom. 15. Op watter fondament bou ons?
- ♦ 1 Kor. 3:9. Hoe bou ons en op wat bou ons?
- ♦ 1 Kor. 9:16. “Ek verkondig die Evangelie omdat ek moet...” - Paulus
- ♦ 1 Kor. 9: 22. “Vir almal het ek alles geword...” Inkarnasie?
- ♦ 2 Kor. 3:8. Die Here, wat die Gees is, verander ons al meer na die beeld van Christus.
- ♦ 2 Kor. 5: 11 ev. Liefde wat hulle dring aan wie die bediening van versoening toevertrou is.
- ♦ Ef. 4. Gawes wat aan die kerk gegee is en spesifiek *apostels en evangeliste* .
- ♦ Fil. 2:1 ev. Die gesindheid van Christus.
- ♦ Jak. 1: 27. Die opdrag om die weeskinders en weduwees te versorg .
- ♦ Openbaring 5. ’n Beeld van die nuwe Jerusalem waar daar uit alle volke, tale en nasies, mense teenwoordig sal wees.

2.2 TEOLOGIESE TEMAS WAT BETREKKING HET OP EVANGELISASIE EN WAT VERDERE BESPREKING EN BESINNING VERDIEN.

2.2.1. Dit is van kardinale belang om die gesonde wisselwerking tussen teologie en missiologie te verstaan. Missiologie is nie maar net ’n klein onderdeel van teologie nie. Gesonde teologie is in wese altyd missiologie. Nêrens sien ons dit duideliker geïllustreer as in die lewe en werk van Paulus nie. Teologie wat nie bedryf word vanuit ’n noue kontak met missionêre aktiwiteit nie, loop altyd die gevaar om rigied te word en te stagneer. Dit raak irrelevant en betekenisloos. Soos water wat gaan staan kan dit selfs ’n slegte reuk ontwikkel.

Na die oordeel van die taakgroep verdien die volgende **temas** verdere bespreking, omdat dit moontlike sleutelbegrippe kan wees om “evangelisasie” as begrip helder te omskryf, maar ook die pad vorentoe aan te dui

(Sien ook verslag van ADD in die verband)

- ♦ Liefde en geloof as diepste motivering vir evangelisasie
- ♦ Missio Dei
- ♦ Inkarnasie
- ♦ Koninkryk
- ♦ Christologie
- ♦ Pneumatologie
- ♦ Apostoliese gerigtheid
- ♦ Die Triniteit
- ♦ Verlossing en heiligmaking
- ♦ ’n Teologiese verstaan van die kwaad (“evil”)
- ♦ Apologie en Rede - ’n Nuwe waardering vir die rede – verlig deur die Gees vs. ’n droë intellektualisme
- ♦ Die oproep na buite EN na binne. Evangelisasie het gestel omdat die geloof van gelowiges, asook die ervaring van ’n persoonlike verhouding met God, aan die kwyn is. Evangelisasie begin met bekering na binne en die herstel van ’n persoonlike verhouding met God.
- ♦ Die herontdekking van intimiteit met God en geestelike dissiplines
- ♦ Die gawes van gewone gelowiges/lidmate
- ♦ Liminaliteit en die implikasies vir waar die kerk en gelowiges hul tans bevind. Ook die krag en geleentheid wat liminaliteit bied (Sien byvoorbeeld Job en Prediker).
- ♦ Geregtigheid

- ♦ Versoening
- ♦ Herstel
- ♦ Bevryding: geestelik, emosioneel en fisies.
- ♦ Eenheid
- ♦ *Tug* binne 'n nuwe kerklike konteks. Ons belydenisskrifte bely dat een van die gestaltes wat uitdrukking gee aan die "ware" kerk, die toepassing van die tug is. Gebeur dit nog en indien wel, in welke vorm? Dit is binne ons tradisie altyd gesien as 'n instrument om die afvallige gelowige terug te wen tot die kerk en die Koninkryk. Die relevansie vir die onderwerp onder bespreking behoort vanselfsprekend te wees.
- ♦ *Verbond*. Hoe moet ons 'n verbondsl eer hanteer binne 'n konteks waar verbondsgesinne en 'n verbondsoevoeding gedisintegreer het. Geld die gereformeerde beginsels wat ons praktiese teologie vanuit 'n verbondsraamwerk rig dan nog?
- ♦ 'n Dringende herbesinning oor met welke *eskatologiese verwagting* die kerk tans leef.

2.2.2 Hoekom doen ons Evangelisasie of nie? - Motiewe

'n Wesenlike belangrike vraag bly die vraag oor hoekom ons evangelisasie doen of dit nie doen nie? Sekerlik kan die "redding" van die NGK nie die diepste dryfveer wees nie. Die volgende verskillende motiewe het mense al gemotiveer :

2.2.2.1 Etiese motief

Volgens Gen. 1:26,27 het God die mens geskep na sy beeld en is ons menswaardigheid ten diepste verweef met ons gelykheid voor God. Diskriminasie en ongeregtheid beroof samelewings van menswaardigheid aangesien die beeld van God versplinter word en gemarginaliseerdes uitgebuit word. Die profetiese tradisie in die Ou Testament fokus op die herstel van menswaardigheid waarin God profete stuur om Israel en die ander koninkryke (Jesaja) te waarsku oor die onreg wat gepleeg word in die onderskeie gemeenskappe. Jesus het hierdie tradisie voorgesit in terme van die onreg wat gepleeg word in die naam van Judaïsme (vergelyk die verhaal van die arm weduwee, die genesing van die melaatse man, ensovoorts). Die kerk het daarom 'n roeping om hierdie woord van menswaardigheid, gelykheid en geregtigheid te laat hoor in solidariteit met gemarginaliseerdes.

2.2.2.2 Holistiese motief

Daar word geglo dat God se Gees in ons en in alle mense is. Nie almal beseft dit nie. Evangelisasie is die proses wat mense help om God\Christus weer in ons te ontdek. (Vergelyk Kol. 1:27) Dit het ingrypende implikasies vir hoe die Pneumatologie in verskillende tradisies verstaan word. Binne 'n gereformeerde tradisie word die Gees van binne ontdek, terwyl daar binne 'n charismatiese tradisie veel eerder geglo word dat die Gees "van buite" in ons ingestort moet word.

2.2.2.3 Daar word geglo dat daar werklik 'n hemel en 'n hel is en dat mense van 'n helse bestaan in die hiernamaals verlos moet word.

'n Bepaalde eskatologiese begrip word dus die vernaamste dryfveer. (Sien bv. Titus 1-3)

2.2.2.4 Daar word geglo dat die onmiddellike fisiese wêreld in Christus anders kan lyk.

Transformasie van mense wat in 'n nuwe verhouding tot Christus staan, kan die wêreld anders laat lyk.

2.2.2.5 Daar word geglo dat dit gewoon 'n opdrag van God is, wat gehoorsaam moet word.

2.2.2.6 Daar word geglo dat as jy lief genoeg is vir iemand, jy die Goeie Nuus met hom of haar sal deel.

'n Gebrek aan evangeliese ywer is gewoon 'n gebrek aan liefde en 'n teken van gemak en selfsug.

2.2.2.7 Dit is van kardinale belang dat klaarheid oor ons diepste motiewe verkry sal word.

Hieroor is verdere gesprek beslis nodig.

3. KONTEKS

Vir 'n omvattende bespreking van die skuiwe in kerklike konteks en die implikasies daarvan vir missiologie sien Klaas, Alan C, *In search of the unchurched*. The Alban Institute, 1996.

Evangelisasie vind nie binne 'n vakuum plaas nie. Beide die draer van die Boodskap sowel as die persoon (groep) met wie daar in "gesprek" getree word oor die Boodskap, is op holistiese wyse kontekstueel gevorm en beïnvloed. Dit is daarom krities noodsaaklik om 'n greep of ten minste insig te probeer kry, op van die verskillende kontekste waarbinne toekomstige evangelisasie sal geskied. Die volgende opmerkings verdien na ons mening verdere bespreking:

3.1 DIE KONTEKS IS DIVERS

Die NG Kerk bevind haarself nie meer in 'n homogene bedieningsituasie nie. Die verskil in dinamika tussen 'n middestadsgemeente en 'n gemeente op die "diep" platteland, is maar 'n enkele voorbeeld van diversiteit. Terselfdertyd kan die samelewing in drie breë kategorieë verdeel word, te wete: *pre-modern, modern en post-modern*. Dit beïnvloed ons op 'n makro-, meso- en mikro-vlak. Enige bedieningspraktyk wat nie hierdie werklikheid verreken nie, gaan sukkel.

3.2 'N TOTALE MASSALE DISINTEGRASIE VAN TRADISIONELE GEMEENSAPPE VIND TANS PLAAS.

Dit geld vir gesinne tot ruimer gemeenskappe.

Hierdie gemeenskappe was histories die dampkring en ruimte waarbinne geloofsoordrag plaasgevind het. Die vraag is waar dit nou gaan geskied? Ander dimensies van die werklikheid wat op tradisionele bedieningspatrone impakteer, is die volgende:

- ♦ Diskonneksie en fragmentering
- ♦ Rassisme
- ♦ Verlies aan identiteit en die soeke na identiteit
- ♦ Die ontstaan van kosmopolitaanse “gemeenskappe”

3.3 SEKULARISASIE

Eenvoudig kan ons dit definieer as 'n tydsgees wat gedra word deur die idealistiese “geloof” dat ons met ekonomie, die regte politieke bestel of ideologie en tegniek 'n utopie sal vestig wat vryheid, herstel en heling en lewenskwaliteit vir *alle* mense sal bring. Die hartseer werklikheid is dat dit groter vervreemding van onself, ons medemens en God in die hand gewerk het. Ander dimensies van hierdie werklikheid is :

- ♦ Individualisasie
- ♦ Massafikasje
- ♦ Verhoogde mobiliteit
- ♦ Ook dit impakteer dramaties op tradisionele bedieningspatrone

3.4 GLOBALISASIE EN EKONOMIESE INVLOEDE

Materialisme en ekonomiese strukture wat mense “gevang” neem, dreig om geloof, hoop en liefde soos ons dit binne die Christelike tradisie leer ken het, te versmoor.

Ekonomiese welvaart het enersyds 'n gemaksgug onder lidmate geskep, wat dit al moeiliker en meer ondenkbaar vir lidmate maak, om uit die gemaksonne te ontsnap. Hierdie is waarskynlik een van die heel belangrikste redes waarom die evangeliese ywer van 'n vroeë kerk doodgeloop het. Daarmee saam impakteer dit dramaties op die individuele geloofslawe van lidmate. Laat ons nooit vergeet dat Christus dit baie duidelik en onomwonde gestel het, dat ons nie God en Mammon gelyktydig KAN dien nie. (Matt 6:24)

3.5 KOLLEKTIEWE PSIGE

Êrens lang die pad het al die mense van ons land diep seergekry, wat 'n kollektiewe psige geskep het wat ernstig geknou is. Verkragting en geweldsmoorde op bejaardes is maar enkele voorbeelde hiervan. Die kerk funksioneer en werk binne 'n veel broser milieu as wat ons waarskynlik besef en sal wil erken. Daar sal goeie navorsing gedoen moet word oor wat die mense se seer is en HOE die kerk hierdie mense op relevante manier kan bedien. Hierdie kan 'n baie belangrike invalshoek vir evangelisasie word, maar terselfdertyd ook 'n remmende faktor as daar nie genoegsaam mee rekening gehou word nie.

3.6 DIE WERKLIKHEID VAN SISTEEMDENKE (ARMOUR & BROWNING)

Die Goeie Nuus van Jesus en sy koninkryk op aarde moet aan mense gekommunikeer word daar waar hulle is. Hierdie mense is almal egter deel van verskillende kontekste en denksisteme. 'n Groter sensitiwiteit vir hierdie sisteme is noodwendig nodig vir effektiewe evangelisasie.

- ♦ Vir Sisteem Een (S1) mense sal dit gaan oor oorlewing en hoe om net van uur tot uur kop bo water te hou en fisies te kan asem haal en te eet.
- ♦ Vir S2 mense sal dit gaan oor samesyn met ander wat soos hulle is, en waar bekende stories en rituele almal aan mekaar bind.
- ♦ Vir S3 mense moet die evangelie mag gee oor die bese en ander bedreigings, asook hulle help met die identiteitsvorming. Wie is ek in Christus? Wat is my posisie in Christus?
- ♦ Vir S4 mense moet die evangelie verlos van sonde en skuld wat ten diepste ongehoorsaamheid aan God se wet is. Daar moet orde en vrede in die kerk en die samelewing wees.
- ♦ Vir S5 mense gaan dit oor die bereiking van my volle potensiaal as mens en voortuitgang in die lewe... 'n suksesvolle lewe.
- ♦ Vir S6 gaan dit oor assosiering met die onderdrukte en mense in nood, en die evangelie is om hulp te verleen saam met ander.
- ♦ Vir S7 gaan die evangelie oor die vorming van netwerke met soveel moontlik kerke en ander instansies, sodat sinergisme kan plaasvind en daar eenheid in diversiteit kan wees.
- ♦ Vir S8 gaan dit oor die verlossing van die aarde as geheel en oor die kerk se betrokkenheid by ekologiese kwessies.

Die kerk moet multi-sistemies dink in haar aanpak van eredienste en uitreike na die wêreld.

3.7 KERK BINNE DIE KONTEKS VAN AFRIKA

Die werklikheid is dat die NGK soos talle ander hoofstroomkerke in die land, eintlik in wese 'n “setlaarskerk” was, en is, wat kultureel baie sterk uit Wes-Europa beïnvloed is. Anders as die meeste ander hoofstroomkerke in die land, het die NGK om 'n verskeidenheid van redes veel stadiger met hierdie werklikheid gehandel. Dit is waarskynlik ook realisties om te sê dat hierdie 350 jaar tradisie en werklikheid nie oornag sal verander nie.

Terselfdertyd kan dit nooit ontken word dat die kerk midde in Afrika funksioneer nie. Sedert 1994 het “Afrika” ook veel nader aan ons gekom, die gevolg dat talle gemeentes gesluit het, omdat die oorgang na multi- en interkulturele bedienings nie gemaak kon word nie.

Evangelisasie is per definisie onmoontlik waar die kerk steeds besig is om in die woorde van Alan Klaas “onsigbare” mure op te rig, wat die kerk in dele van die buitewêreld afsny.

3.8 STATISTIEK

Die statistiek vertel die klipharde verhaal van ons konteks. Slegs enkele voorbeelde word aangehaal: Binne die ringpad, wat om die kern van Johannesburg loop, woon daar meer as 2,4 miljoen mense. Onlangse navorsing het getoon dat ongeveer 800 000 kerklik betrokke is, maar slegs 6 000 aan die NGK behoort. 800 000 het nie 'n probleem met geloof nie, wil graag betrokke wees, maar sukkel om 'n geestelike heenkome te vind, waar hulle kan tuiskom. 800 000 het geen kerklike betrokkenheid nie. (Navorsing gedoen deur Ring van Johannesburg)

In die suidelike voorstede van Kaapstad woon meer as 500 000 mense waarvan minder as 5 000 nog aan die NGK behoort. (Navorsing gedoen deur GO-kantoor)

Die dramatiese daling in jong predikante en teologiese studente voorspel ook niks goeds vir die toekoms nie. (Sien Kerkspieël).

4. EVANGELISASIE

Wanneer daar spesifiek oor evangelisasie besin word, kom twee vrae onmiddellik na vore, naamlik: *Wat is "evangelisasie"?* Wat bedoel ons òf wat het ons in gedagte wanneer ons die term gebruik? en *Wat is die metodiek van evangelisasie?*

Hierdie gesprek is natuurlik nie nuut nie. Vele definisies is al gegee waarvan die bekendste waarskynlik dié is van die Aartsbiskoppe Komitee van 1918 (Watson, D. *I believe in Evangelism*, 1976, p. 25) *To evangelize is so to present Christ Jesus in the power of the Holy Spirit, that men shall come to put their trust in God through him, to accept him as Saviour, and serve him as their King in the fellowship of the church.*"

Latere perspektiewe op evangelisasie weerspieël 'n meer "nederige" grondhouding wanneer dit kom by evangelisasie. Eddie Gibbs, (Church Next, 2000, p. 35 *"The response of a Christian witness to a person enmeshed in postmodern categories must be that of a fellow-traveller (eie kurs.)... The church of the postmodern era must be prepared to witness with vulnerability and humility from the margins of society, much as it did the first two centuries of its existence"*).

Dalk sou die volgende ook oorweeg kan word: *"Evangelisasie as die entoesiastiese liefdevolle vertel / getuienis van dit wat Christus in jou lewe gedoen het. (Teenoor 'n ou styl van "prediking" oor dit wat die "ander" behoort te glo of te doen.)"*

Die werkgroep sou graag die volgende definisie wou voorstel: **"Evangelisasie kan gesien word as die konkrete gebeure waardeur mense gehelp word om tot die bewustelike ontdekking te kom van die genadige werking van Jesus Christus in hulle lewe en die gepaste verandering in hul lewe(ensstyl) aan te bring."**

Volledigheidshalwe kan kennis geneem word van die lang gesprek wat al in die kerk gevoer is oor wat ons as "sending" moet verstaan en wat ons as "evangelisasie" moet verstaan. Samevattend kan dit soos volg opgesom word.

- ♦ Sending is daar ver - Evangelisasie is hier naby.
- ♦ Sending is vir hulle wat nog nie glo nie - Evangelisasie is vir hulle wat nie meer glo nie.
- ♦ Sending is vir hulle wat nog nie gedoop is nie - Evangelisasie is vir hulle wat reeds gedoop is.
- ♦ Binne ou apartheidsdenke: Sending is gerig op swart mense - Evangelisasie is gerig op wit mense.
- ♦ Sending is OMVATTEND en sluit diens en barmhartigheid in. Evangelisasie raak die fokus – is 'n gerigte bediening - Om mense tot geloof in Christus te bring.

Uit die aard van die saak is van die formuleringe problematies en word volstaan met die definisie soos wat die werkgroep dit voorstel. Ten einde die definisie te konkretiseer word, daar nou verder aan 'n paar praktiese vrae aandag gegee.

4.1 WAT DEEL ONS?

Op die vraag wat die "inhoud" van evangelisasie behoort te wees, kan soos volg geantwoord word. Ons deel nie in die eerste plek objektiewe, "afgehandelde" kliniese dogmatiese waarhede nie, maar ten diepste Jesus Christus as BELIGGAAMDE WAARHEID! Ons vertel die verhaal van die *Vleesgeworde Woord* (Joh.1) – die waardes, gesindhede en betekenis van sy lewe, sterwe en opstanding. Ons deel die werklikheid van die *beliggaamde historiese Jesus as ware enigste Seun van die Drie-Enige God* en hoe Hy Goeie Nuus is vir spesifieke mense in spesifieke omstandighede.

Noodwendig sal die vraag ontstaan na met watter waarheidsbeginsel daar gewerk behoort te word.

Voorlopige kantaantekeninge kan gemaak word:

- ♦ Inderdaad word daar anders met die waarheid in pre-moderne, moderne en post-moderne samelewings gehandel.
- ♦ Binne 'n post-moderne sameleving (wat maar 'n klein deeltjie van die Afrika konteks uitmaak) word 'n objektivistiese waarheidsbeginsel byvoorbeeld met agterdog bejeën.
- ♦ Waarheid word veel eerder gesien as iets wat saam ontdek word. Vir Evangelisasie het dit die volgende implikasie– Ek deel dus iets vanuit my *ervaringswêreld* – my persoonlike (subjektiewe) getuienis aangaande dit wat Christus in my lewe gedoen het. Daaroor tree ek in gesprek met iemand anders in 'n poging om juis aan te toon hoe die Evangelie by sy of haar ervaringswêreld aansluit.

4.2 SAAM MET WIE DEEL ONS DIT?

Binne 'n kosmopolitaanse, globaliserende wêreld word dit al hoe belangriker vir die kerk om haar getuienistaak nie alleen te probeer doen nie. 'n Getuienis wat vanuit eenheid gelewer word, sal soveel meer integriteit hê. Die ekumene raak dus al hoe belangriker.

Die vraag is dus nie net HOE doen ons dit nie, maar ook SAAM MET WIE ons dit doen?

Ons moet aanvaar dat ons in die NGK met 'n geloofwaardigheidsprobleem sit. Die persepsie daarbuite is dat die boodskap wat die kerk bring moeilik geglo kan word solank die kleed van apartheid om ons hang. Die vraag bly dus: Wie is ons vennote?

4.3 HOE DEEL ONS DIT?

Daar is nie 'n "one-size fits all"- metodiek nie!

Kontekste verskil en verander. Een belangrike vraag bly egter staan vir elke tyd en konteks: Wat is die *prakties-teologiese tregter* waardeur die Evangelie by die wêreld uitkom – vir 'n spesifieke konteks. Wat is die bedieningspraktyk wat nou aandag behoort te kry? Wat is ons invalshoek? Waar begin ons? Wat is ons aansluitingspunt?

5. MOONTLIKE BEDIENINGSAKSIES

5.1. BETROKKENHEID

Die sleutelwoord bly die woord "ENGAGEMENT" - werklike betrokkenheid!

- ♦ Dit behoort op kulturele vlak te gebeur.
- ♦ Ons sal mense in die kerk moet leer om hande te vat met die "ander", die "vreemdeling", die "outsider".
- ♦ In die koloniale tyd is sendingwerk wat "van bo af" gedoen. Vandag sal ons eers moet hande vat en verhoudinge bou.
- ♦ Die onmiddellike emosionele en fisiese behoeftes, waarvoor mense bereid is om openlik te deel, sal ernstig geneem moet word.
- ♦ Dit kan enigiets wees van eensaamheid tot geweld en honger.
- ♦ Ons is oortuig dat die SEER van mense op die stadium van die belangrikste behoeftes is wat aangespreek behoort te word. Eers as aansluiting hierby gevind word en die vertroue van die persoon gewen is, kan verduidelik word hoe 'n transformerende verhouding met Jesus Christus kan help.

5.2 GEMEENTEPGRAMME

Gemeentes behoort hulself eerlik af te vra watter hoeveelheid tyd en energie na binne en na buite spandeer word. Lys byvoorbeeld alle aksies en deel dit dan in in programme aan en vir lidmate, aksies wat die struktuur in stand hou en aksies wat spesifiek gerig is op kerklos en kerkloos lidmate. Terselfdertyd is daar ook bedieninge wat tradisioneel eintlik net maar op die bestaande lidmate gefokus het en tog ook aangewend kan word om die saak onder bespreking te ondersteun. Ons dink hier aan die volgende:

- ♦ Die erediens. Stemme gaan meer en meer op wat sê dat lidmate van krummels leef en nie meer behoorlik gevoed word nie. Daarom het hulle niks om oor te getuig nie.
- ♦ Pastorale gesprekke: Doopkategorie, Huwelikskategorie en Krisisberaad
- ♦ Kinderbediening en Tienerbediening en Na-skoolse jeug
- ♦ Musiekbediening
- ♦ Nuwe Gemeente-ontwikkeling (Sien Bylaag 5)
- ♦ Die ontwikkeling van die gawes van lidmate in die kerk om hulle om te help te verstaan dat evangelisasie op meer as een manier kan geskied.

5.3 GETUIENIS TEENOR PERSONE VAN ANDER GELOWE:

Leslie Newbigin (*Honest Religion for Secular Man*, SCM Press, 1966) gee die volgende belangrike beginsels wanneer dit kom by ons gesprek met en persone van ander gelowe.

- ♦ Aanvaar dat almal kinders / skepsels van God is.
- ♦ Bou 'n verhouding.
- ♦ Werk saam waar jy kan.
- ♦ Skep dialoog.
- ♦ In 'n finale fase kan jy getuig dat jy God, wat almal se God is, se Seun ken en ontmoet het.

5.4 "PRAYER EVANGELISM"

Ed Silvano het in biddende afhanklikheid van die Here hierdie strategie ontwikkel met die oog op die transformasie van die samelewing, wat baie suksesvol in stede van Argentinië is (vgl. sy boeke "That none should perish" en "Prayer evangelism"). Die strategie behels die bemagtiging van gelowiges om waar hulle woon, 'n verskil vir die Here te maak. Met Lukas 10 en 1 Timoteus 2:1 - 4 as basis, word gelowiges aangemoedig om gereeld vir hulle bure te begin bid; na hulle toe uit te reik en 'n verhouding met hulle te bou; hulle te dien deur hulle "felt needs" aan te spreek en soos wat die geleentheid hom voordoen, met die persoon te deel vanuit 'n persoonlike verhouding met God. Hierdie strategie word aangevul met inisiatiewe vir sakemanne, opvoeding en onderwys en ook die beskermingsdienste.

Om die volgende redes kan dit raadsaam wees om nader ondersoek in te stel na hierdie strategie.

Eerstens, kan dit ons help met een van die grootste uitdagings vir die kerk in ons tyd en dit is fragmentasie en diskonneksie. Gelowiges word bemagtig daar waar hulle woon. Dit is interessant dat Willow Creek-

gemeente (Chicago, VSA) juis agv bg uitdaging besig is om groot klem te laat val op die ontwikkeling van sg “buurtgroepe”, wat die basis vir die herstel van gemeenskap en uitreik na ander is. Tweedens, help dit ons met werklike betrokkenheid (“engagement”) by mense deur die vestiging van langtermyn verhoudings daar waar mense woon. Evangelisasie-veldtogte en –uitreike het sy waarde, maar ons soek sekerlik ook na ‘n benadering wat ons samelewing op blywende manier kan transformeer. Derdens, kan hierdie benadering ons help in ons soeke na vennote. Ed Silvano se internasionale organisasie, Harvest Evangelism, is deur hulle plaaslike kantoor in die RSA betrokke by SACLA, die “Transformations”-beweging, die organisering van die jaarlikse “Global day of Prayer” en by talle NG Kerk-gemeentes en ook gemeentes van ander denominasies. Die netwerk wat deur hierdie organisasie gevestig is, kan van groot hulp wees, byvoorbeeld met die reëling van ‘n omvattende “Seisoen van Evangelisasie”, aangesien dit onder die naam van “L-10-T” (“Luke 10 Transformation”) deel vorm van die wyd aanvaarde nasionale gebedstrategie van Transformasie Afrika en Jerigo Mure. Vierdens is hierdie strategie eenvoudig en kan dit met minimum toerusting selfs vir jong kinders aangeleer word, sodat gesinne saam deel kan wees van so ‘n strategie. Vyfdens, kan hierdie strategie ons help om in ‘n geografiese area (ons wyke?), medegelowiges uit te nooi om hande te vat om saam in daardie geografiese area ‘n verskil vir die Koninkryk te maak.

5.5 ANDER MODELLE WAT MOONTLIK AANDAG VERDIEN:

- ♦ Getroue getuies
- ♦ EE III
- ♦ *Just walk across the room* – Bill Hybels & Ashley Wiersma, Zondervan, 2006
- ♦ *Becoming a contagious christian* – Mark Mittelberg, Lee Stroebel, Bill Hybels, WCA resources/Zondervan, 1995.
- ♦ Verbondsevangelisasie – maar ook en veral die benutting van die uitgebreide gesin.
- ♦ *Friendship Evangelism* (vergelyk ook Joseph C. Aldrich, *Life-Style Evangelism*, Multnomah Press, 1981)
- ♦ Service Evangelism

6. BEMAGTIGING EN ENERGERING VAN LIDMATE

Die bestuurskundige Peter Drucker het by geleentheid opgemerk dat enige organisasie wat afstand doen van sy kernmissie, spoedig in die moeilikheid beland. Hy meen dat dit presies die geval met die kerk is. Die vraag bly dus: Wat sal maak dat ‘n gewone lidmaat na sy of haar buurman/vrou gaan, werklik betrokke raak en op ‘n geloofsreis met hom of haar gaan? Die vraag bly hoe steek ons die “vuur” weer in gemeentes en lidmate aan? In kort vra dit dat lidmate bemagtig sal moet word met ‘n duidelike evangeliese visie en konkrete toerusting. Dit sluit die ontdekking van gawes in om hulle te help verstaan oor waar hulle binne ‘n gemeentelike strategie vir evangelisasie kan inpas. ‘n Verskeidenheid van toerustingsprogramme bestaan. Gemeentes sal in die toekoms hieroor geadviseer behoort te word.

NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING

'n Hele klompie water het al in die see geloop sedert die NG kerk 'n jaar of wat gelede ernstig begin aandag gee het aan die hele saak van nuwe gemeente-ontwikkeling of te wel ook kerkplanting, soos dit in ander tradisies genoem word. Heelwat het met die tyd vir ons duidelik geword en 'n hele paar lesse is geleer. In kort kan dit soos volg saamgevat word.

1. DEMOGRAFIESE SKUIWE

Die NG Kerk gaan ongetwyfeld deur een van die *grootste demografiese skuiwe in haar geskiedenis*. Dit raak feitlik alle gemeentes. Die NG Kerk word hiermee gekonfronteer met een van die heel grootste uitdagings in haar geskiedenis. Navorsing het gewys dat waar die demografie in en om gemeentes dramaties verander die volgende statistiek ter sprake kom: 80% gemeentes verdwyn, 10% verplant hulself na 'n area wat weer eie is aan hul identiteit, kultuur en karakter en net 10% transformeer hulself om weer relevant binne die nuwe konteks te wees.

2. NAVORSING

Navorsing uit die gereformeerde wêreld oorsee, het onder meer die volgende aan die lig gebring (Volgens Prof. Stan Wood : Tot onlangs Direkteur van die Instituut vir NGO en Evangelisasie aan die Columbia Theological Seminary in Atlanta. Tans professor in Gemeenteleierskap en Evangelisasie by die San Francisco Teologiese fakulteit.)

- 2.1 Gemeentes sal weer diep moet gaan besin oor die *teologiese vertrekpunte* waarop hulle ekklesiologie werklik gebou is. Die sogenaamde *Missio Dei* het nog altyd in die hart van ons tradisie gestaan, maar ons sukkel om dit sinvol uit te leef in ons *onmiddellike omgewing*.
- 2.2 Nuwe denke oor die saak het veral na vore getree die dag toe kerklike vergaderings bv. Amerika amptelik as “nuwe sendingveld” geproklameer het.
- 2.3 Die hoofstroomkerke het hulle kundigheid en passie vir evangelisasie verloor.
- 2.4 Studies het getoon dat een van die vernaamste redes vir die afname in getalle in die presbiteriaanse kerk waarskynlik gevind moet word in die feit dat kweekskole opgehou het om aan die saak te doseer op so 'n vlak dat dit die uitdagings van ons konteks aanspreek.
- 2.5 Die enkele grootste “menslike” faktor in suksesvolle NGO bly die leierskap wat aangewys word. Uitstekende navorsing is hieroor gedoen en profiele is daargestel. Sake soos entrepreneurskap, werklike diep gelowige, geesvervulde leiers en visie het heel bo aan die lys geeëndig.
- 2.6 NGO word tans wêreldwyd beskou as een van die mees geskikte instrumente om evangelisasie mee te doen.
- 2.7 Die hele saak van gemeentegrense is verstaanbaar, maar is 'n kompliserende faktor in die hele proses. Gemeentegrense werk goed in 'n sogenaamde vestigingsfase van 'n denominasie, waar die groep relatief homogeen is en die dominante kultuur relatief Christelik georiënteer is. Hierdie scenario het dramaties vir die kerk verander.
- 2.8 Die kerk sal dringend 'n omvattende strategie vir NGO moet daarstel. As dit werklik deel uitmaak van ons missionêre visie en teologie, sal dit ook in ons doelwitte en begrotings moet reflekteer.
- 2.9 Strategies moet daar onderskei word tussen prosesse wat bestaande gemeentes wil help om nuwe lewe te kry (die herontwikkeling van gemeentes) en nuwe gemeente-ontwikkeling wat op 'n radikale nuwe manier die uitdagings en konteks wil aanspreek, veral met die oog op evangelisasie.

3. WAAROM NUWE GEMEENTES

Mense vra dikwels die *vraag waarom daar “nuwe” gemeentes gestig moet word terwyl die kerk eintlik krimp?* Hierop kan twee antwoorde gegee word.

- 3.1 “Nuwe” gemeentes is soms nodig om die radikale eise van 'n nuwe tyd en konteks aan te spreek. Dikwels is van die ouer gemeentes net nie in staat om dit genoegsaam te doen nie. In hul poging om dit wel te doen, word soveel konflik tussen die ou en nuwe beleef dat die oue en daarmee 'n mooi deel van die kerk, vernietig word.
- 3.2 Terselfdertyd is dit nie altyd nodig om splinternuwe gemeentes te stig nie, maar gaan dit inderdaad oor die geboorte van 'n *nuwe bediening* binne 'n ou gemeente. Onthou dat alle gemeentes 'n lewensiklus het en een of ander tyd sterf. Indien daar geboorte gegee is aan nuwe “kinders” bly die gemeente/tradisie egter voortleef.

4. AFSTIGTING, SAMESMELTING, SLUITING

4.1 Die woorde “*afstigting, samesmelting en sluiting*” was vir lank deel van ons woordeskat. Ons sou wou pleit dat dit vir eers op die ys geplaas word. Die wonderlike ontdekking wat gemaak is, is dat klein gemeentetjies, indien die saak reg aangepak word, steeds wonderlike geloofsgemeenskappe en aanbiddingsruimtes kan vorm.

4.2 Samesmelting werk in uiterste gevalle, maar moet beslis nie as 'n kortpad gesien word nie. Te dikwels sien ons dat die situasie slegter is na samesmelting in die sin dat talle lidmate net verdwyn het en die finansies steeds krimpend is. Die pyn en begrafnis word dus net uitgestel. Samesmelting wat nie ook gepaardgaan met dinamiese vernuwing nie is slegs 'n tydelike maatreël.

5. OPGELEIDE LEIERSKAP

Ons begin algaande besef dat die NG Kerk bitter min *opgeleide leierskap en vaardighede* het om goeie en sinvolle nuwe gemeente-ontwikkeling te doen. Mag ons langs hierdie weg 'n ernstige versoek aan ons kweekskole rig om aan die saak aandag te gee. Daar is geen manier waarop ons dit op die langtermyn kan aanspreek buite ons kweekskole om nie.

6. KONINKRYKSPERSPEKTIEF

Nuwe gemeente-ontwikkeling is 'n proses wat ten diepste gedryf en gemotiveer word deur 'n *koninkryksperspektief en missionêre* hart. Diegene wat dit om suiwer motiewe doen, lê altyd ook wakker oor hulle wat die kerk op die oomblik nog nie bereik nie. Dit is nie in die eerste plek 'n reddingsboei vir die NG Kerk nie. Dit gaan oor die uitbreiding van die Koninkryk.

7. FOKUSAREAS

Nuwe-gemeente-ontwikkeling fokus steeds op 'n verskeidenheid areas, naamlik:

7.1 *Uitbreidende stadsgebiede* wat veel vinniger ontwikkel as wat bestaande gemeentes met ouer bedieningspatrone kan bereik. Een van die grootste uitdagings vir die NG Kerk is om sinvolle nuwe bedieningsstrategieë vir die stad te ontwikkel. Verstedeliking is nie net maar nog 'n mooi woord nie. Dit is 'n werklikheid. Ook vir die NG kerk. Indien ons dit nie in die stad maak nie, gaan ons dit nie maak nie. Anders gestel : Ons integriteit hang daarvan af of ons sinvolle bediening kan ontwikkel daar waar 80% van ons lidmate woon.

7.2 *Multikulturele bedieningspunte* in die stad (veral middestad) asook kwynende landelike gebiede. Daar is nog steeds mense. Mag ons in Christus verstaan dat ook “ander mense van die kruis”, kerklik gesproke “ons mense” is.

7.3 *Bediening aan randgroepe en veral 'n jonger geslag* wat ons nie met ons hoofstroom bediening bereik nie. Wêreldwyd word dit duidelik dat die kerk velerlei gesigte het en op veel meer plekke bymekaar kom as net in kerkgeboue en katedrale.

8. DIE ABC VAN NGO

8.1 *Die ABC van NGO?* Kry die regte leier/drywer vir die projek. Bou 'n kernspan wat eienaarskap aanvaar en wat die groep verteenwoordig op wie die bediening gemik is en begin met 'n evangeliese ywer bedien.

8.2 Dink buite die kassie, maar *weet verseker dat “gimmicks” nie op die langtermyn werk nie.* Mense – ook buite-kerklikes soek geestelike integriteit. Hou dit dus eenvoudig, leef na aan God en sy Woord, bid baie en leef met 'n geloofsonderskeiding wat kom wanneer die Gees jou denke verlig.

9. GEMEENTEGRENSE

Nuwe gemeente-ontwikkeling forseer ons om nuut oor *gemeentegrense* te dink. Navorsing het getoon dat gemeentegrense goed werk wanneer 'n relatiewe homogene groepe mense werk aan die vestiging (eerste geslag) van 'n kerk of denominasie in 'n bepaalde gebied. Die probleem is dat daar algaande 'n situasie kan ontwikkel waar gemeentegrense nie meer ontwikkeling op sistematiese wyse aanhelp nie, maar in sommige gevalle 'n blokkasie daarvoor geword het.

[Vgl Bylaag 6 REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES]

10. MEER INLIGTING

Vir meer inligting sien die webblad: www.gokerk.co.za

REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES

1. VERMEERDERING/AFSTIGTING VAN GEMEENTES

1.1 ALGEMENE REËLINGS

1.1.1 Die uitbreiding van die kerk en die gevolglike vermeerdering van gemeentes is die roeping en plig van 'n groeiende en lewenskragtige kerk.

1.1.2 Indien ongesensureerde belydende lidmate oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente, moet hulle 'n skriftelike versoek tot die kerkraad rig. Die versoekskrif moet die volgende insluit : (1) 'n ondersoek na die lewensvatbaarheid van 'n nuwe gemeente, (2) moontlike plekke van aanbidding, (3) begroting, (4) voorstelle oor leierskorps vir die gemeente en die toerusting van leiers (5) wyse waarop die belange aan die kerkverband en gemeenskap gedien word.

1.1.3 Indien die kerkraad oordeel dat daar genoeg rede vir die stigting van 'n nuwe gemeente is, gee hy verlof dat die lidmate wat die nuwe gemeente wil vorm, mag oorgaan tot gemeentestigting. Dit beteken ook dat die betrokke lidmate 'n ooreenkoms met die kerkraad onderteken om die nuwe gemeente te stig.

1.1.3.1 Die ooreenkoms om die nuwe gemeente te stig, moet ook voorstelle bevat oor die wyse waarop die gemeente se bediening sal geskied en ook voorstelle oor die wyse waarop en wanneer 'n bedienaar van die Woord bekostig sal word.

1.1.3.2 Wanneer die kerkraad oortuig is van die wenslikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente en dat dit lewensvatbaar is, stuur die kerkraad die versoekskrif en die ooreenkoms kragtens Art. 31.4 saam met aanbevelings oor die volgende sake aan die skriba van die ringskommissie :

1.1.3.2.1 die voorgestelde naam en grense van die nuwe gemeente;

1.1.3.2.2 of, indien die gemeente nie geografies saamgestel word nie, die bedieningsfokus van die nuwe gemeente. (Die bedieningsfokus sluit die volgende moontlikhede in: kerkplanting in snelgroeiende gebiede of gebiede waar bestaande gemeentes nie meer aan bedieningsbehoefte kan voldoen nie; kerkplanting waar geen gemeente funksioneer nie; kerkplanting waar bestaande gemeente(s) kwynend is soos blyk uit 'n dramatiese daling in lidmaatgetalle en 'n ernstige daling in finansiële vermoëns van gemeente(s).

1.1.3.2.3 die ooreenkoms tot gemeentestigting;

1.1.3.2.4 aanverwante sake wat die aandag van die ring moet geniet.

1.1.4 Wanneer by die ring aansoek gedoen word om die stigting van 'n gemeente, beoordeel die ring die ingekome stukke. Indien die ring oordeel dat die nuwe gemeente gestig behoort te word, word verlof tot afstigting gegee.

1.1.5 Die stigting van 'n nuwe gemeente geskied deur die ringskommissie op las van die ring op 'n vergadering waarvan vier (4) weke vooraf in Die Kerkbode kennis gegee is en waarheen die belanghebbendes uit die betrokke gemeente(s) opgeroep is. Die betrokke lidmate het deur die ondertekening van die ooreenkoms reeds die stigting van die gemeente goedgekeur en stem op hierdie vergadering nie weer oor die saak nie.

1.1.6 Op hierdie vergadering stel die ringskommissie die grense van die gemeente so duidelik moontlik vas en gee 'n noukeurige beskrywing van die grense van reeds bestaande gemeentes wat met die grense van die nuwe gemeente saamval. Indien die ringskommissie toestemming gee dat die nuwe gemeente nie geografies saamgestel word nie, word die bedieningsfokus van die nuwe gemeente so duidelik moontlik bepaal. (Sien 1.1.3.2.2 hierbo.)

1.1.7 Op hierdie vergadering wat onder leiding van die ringskommissie staan, word die kerkraadslede van die nuwe gemeente met opsteek van hande verkies en wel deur die belydende lidmate wat deur hul handtekening reeds tot die stigting van die gemeente ooreengekom het.

1.1.8 Die bevestiging van hierdie kerkraadslede geskied sonder afkondiging van hul name deur die konsulent of op sy versoek deur 'n ander bedienaar van die Woord binne die kerkverband. Indien daar teen 'n persoon wat verkies is, beswaar ingebring word, word sy/haar bevestiging uitgestel totdat die saak deur die kerkraad ondersoek is.

1.1.9 Die kerkraad benoem een van sy lede as die bewaarder van die boeke en dokumente van die gemeente totdat 'n skriba en/of kassier benoem is. 'n Inventaris van die boeke en dokumente moet opgestel word en 'n duplikaat aan die konsulent oorhandig word.

1.1.10 Indien die kerkraad op versoek van sy lidmate weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van 'n nuwe gemeente, het sodanige lidmate die reg om hulle na die ring met hul versoek te wend. 'n Afskrif van die versoekskrif met volle besonderhede moet minstens drie (3) weke voor die vergadering van die ring by die betrokke kerkraad vir kennisname ingedien word.

1.2 WANNEER MEER AS EEN GEMEENTE EN/OF RING BY DIE AFSTIGTING BETROKKE IS

1.2.1 Indien dit blyk dat die beoogde nuwe gemeente uit gedeeltes van meer as een gemeente moet bestaan, terwyl die saak slegs deur lidmate van een gemeente aanhangig gemaak is, het die betrokke kerkraad die reg om die ander kerkraad(e) regstreeks om hul medewerking te nader.

1.2.2 Indien die aangrensende kerkraad(e) wat genader is, weier om voorbereidende stappe te doen of te laat doen met die oog op die stigting van 'n nuwe gemeente, het die betrokke kerkraad die reg om sy versoek aan die ring voor te lê.

1.2.3 Die ring(e) het die reg om te besluit dat maatreëls in die betrokke wyke van die gemeente(s) in die ressort van daardie ring(e) met die oog op moontlike afstigting getref word.

1.2.4 Waar die nuwe gemeente met lidmate uit gemeentes van meer as een ring gestig word, moet die betrokke ringe onderling besluit watter ring die stigting moet waarneem.

1.2.5 Wanneer die ring 'n opdrag tot stigting gee, moet die kerkraad dadelik die versoekskrif en ooreenkoms laat onderteken deur die lidmate wat deel van die nuwe gemeente wil wees.

1.2.6 Die kerkraad van elke gemeente wat deel van die nuwe gemeente uitmaak, moet die versoekskrif en die ooreenkoms saam met sy aanbevelings daarvoor aan die ring voorlê.

1.3 DIE RING KAN SELF INISIATIEF NEEM

1.3.1 Waar 'n ring dit nodig ag, kan hy een of meer kerkrade opdrag gee om die stigting van 'n nuwe gemeente te ondersoek. Die ring kan ook aan sy ringskommissie opdrag gee om 'n kerkraad(e) te ontmoet en tot stigting van 'n nuwe gemeente(s) aan te spoor.

1.3.2 Ringe kan die stigting van 'n nuwe gemeente oor of binne bestaande gemeentegrense aanbeveel met inagneming van kategorieë, fokusgroepe, bedieningsverskeidenheid in omliggende gemeentes en bedieningsbehoefes.

1.3.3 In buitengewone omstandighede kan 'n ring, wanneer geen kerkraad gevind kan word om 'n nuwe gemeente te stig nie, self poog om lidmate te vind wat oortuig is van die noodsaaklikheid van die stigting van 'n nuwe gemeente. Die ooreenkoms tot nuwe gemeentestigting word in sulke buitengewone omstandighede met die ring gesluit.

1.3.4 In buitengewone omstandighede kan die sinodale verband aan die ring opdragte gee om die stigting van 'n nuwe gemeente te ondersoek. Die sinodale verband kan in sulke omstandighede 'n kerkraad(e) ontmoet en tot stigting van 'n nuwe gemeente(s) aanspoor.

1.4 KENNISGEWING VAN AFSTIGTING

1.4.1 Die skriba van die ringskommissie oorhandig aan die kerkraad van die nuwe gemeente 'n uittreksel uit die notule van die ringskommissie, bevattende die naam van die gemeente, beskrywing van die grense, name van kerkradslede, aanbevelings, genoem in punt 1.1.3.2, die naam van die konsulent en ander sake waarby die nuwe gemeente belang mag hê.

1.4.2 Die skriba van die ringskommissie gee aan die Sinode kennis van die stigting van die nuwe gemeente met vermelding van die grenslyne of indien van toepassing, omskrywing van die bedieningsfokus, asook die name van die eerste lede van die kerkraad met die oog op publikasie in Die Kerkbode.

1.4.3 Die Kerkraad van die nuwe gemeente gee kennis aan die Registrateur van Aktes van die oordrag van eiendom, indien nodig.

1.4.4 Die naam van die nuwe gemeente is : "Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente" en staan bekend as "....."

1.4.5 Indien dit by die vermeerdering van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens die nuwe gemeente vir doeleindes van uitvoering van stigting nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die ringskommissie van die ring in wie se gebied die te stigte gemeente geleë is.

2. KOMBINERING VAN GEMEENTES

Kombinasie beteken dat twee of meer gemeentes, wat selfstandig voortbestaan, kontraktueel ooreenkomste met mekaar aangaan ter wille van die effektiewe Evangeliebediening.

2.1 PROSEDURE VIR KOMBINERING

2.1.1 Die kerkraad stel ondersoek in na die moontlikheid van kombinasie as hy self oordeel dat dit nodig is of ook op versoek van 'n groep lidmate.

2.1.2 In alle gevalle van kombinasie word 'n geskrewe ooreenkoms opgestel en aan die betrokke kerkrade vir goedkeuring voorgelê. Indien van toepassing moet Artikel 13 van Die Kerkorde in ag geneem word. Ten minste 66% van die kerkradslede van elke betrokke kerkraad moet die ooreenkoms goedkeur.

2.1.3 Nadat die kerkrade die kombinasie-ooreenkoms goedgekeur het, word die ooreenkoms op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan elkeen van die betrokke gemeentes vir approbasie bekend gemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.

2.1.4 Nadat die gemeente approbasie verleen het, word die kombinasie-ooreenkoms aan die betrokke Ring/Ringskommissie vir goedkeuring en bekragtiging voorgelê. Nadat die Ring die ooreenkoms bekragtig het, word dié ooreenkoms van krag of op 'n datum wat in die ooreenkoms bepaal word.

2.1.5 Die koste van die Ring(e) of Ringskommissie(s) met betrekking tot die kombinasie van gemeentes, word deur die Sinodale Fonds gedra.

2.1.6 Indien die kerkraad weier om op versoek van 'n groep lidmate die moontlikheid van kombinasie te ondersoek, het die lidmate die reg om hulle tot die Ring met hulle versoek te wend. 'n Afskrif van die versoekskrif moet minstens drie (3) weke voor die vergadering van die Ring by die betrokke kerkraad vir kennisname deur die skriba van die ringskommissie ingedien word.

2.1.7 Wanneer meer as een Ring by kombinasie betrokke is, moet vooraf, na ooreenkoms deur die ringe, by die sinode aansoek gedoen word vir hergroepering van die betrokke gemeentes wat wil kombineer.

2.1.8 Die Ring kan self die inisiatief neem en waar hy dit nodig ag, aan twee of meer kerkrade opdrag gee om kombinasie te ondersoek. Die Ring kan ook aan sy ringskommissie opdrag gee om die betrokke kerkrade te ontmoet en tot kombinasie aan te spoor.

2.1.9 Die kombinasie-ooreenkoms kan in beraad met die ringe en approbasie van die gemeentes na wedersydse kennisgewing en ooreenkoms gewysig of beëindig word as al die betrokke kerkrade in hulle aparte vergaderings hulle goedkeuring daaraan heg.

2.1.10 Wanneer die gemeentes wat wil kombineer nie vakant is nie, kan daar nie tot kombinasie oorgegaan word voordat die betrokke bedienaar van die Woord en die Ring/Ringskommissie tevrede is dat daar billike voorsiening vir die betrokke leraar gemaak is nie.

2.1.11 Die beroeping en demittering van 'n bedienaar van die Woord vir kombinasie-gemeentes geskied op 'n gesamentlike vergadering van die betrokke kerkrade onder voorsitterskap van die konsulent van die gemeente waar die vergadering plaasvind. Vir die gemeentes in die kombinasie word 'n konsulent benoem. Die naam van die beroepene word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens vir approbasie aan elke gemeente van die kombinasie bekend gemaak.

2.1.12 'n Bedienaar van die Woord moet in een van die kombinasie-gemeentes bevestig word.

2.1.13 'n Bedienaar van die Woord in kombinasie-gemeentes, word deur die gemeente wat hom/haar beroep en bevestig het afgevaardig na meerdere vergaderings. Hy/Sy het egter as afgevaardigde net een stem. Elke kombinasie-gemeente verkies en vaardig volgens voorskrif van Die Kerkorde ook 'n ouderling/diaken af.

2.1.14 Die kombinasie-gemeentes is verplig om gesamentlik 'n aandeel in die Sinodale Pensioenfonds vir die bedienaar van die Woord te hou. Alle ander koste met betrekking tot die bedienaar van die Woord moet in die ooreenkoms van kombinasie gereël word.

2.1.15 Die ooreenkoms met die leraar kan, na wedersydse kennisgewing, gewysig of beëindig word indien al die betrokke kerkrade, in hul aparte vergaderinge, hul goedkeuring daaraan heg.

2.1.16 Indien dit by die kombinerende van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens die gemeentes vir doeleindes van uitvoering van ooreenkomste nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die Ringskommissie van die Ring in wie se gebied die kombinerende gemeentes geleë is.

3. EENWORDING VAN GEMEENTES

Eenwording beteken dat 'n gemeente wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, ontbind en dat die betrokke lidmate by 'n ander bestaande gemeente(s) ingelyf word.

3.1 PROSEDURE VIR EENWORDING

3.1.1 Die kerkraad van die gemeente wat wil ontbind, moet 'n besluit tot ontbinding neem en die kerkraad(e) van die gemeente(s) waarby die betrokke lidmate ingelyf word, moet toestemming tot inlywing gee. Ten minste 66% van die dienende kerkraadslede van elke betrokke kerkraad moet ten gunste van eenwording besluit.

3.1.2 Die betrokke kerkrade moet oor die voorwaardes vir ontbinding en inlywing ooreenkom. Indien van toepassing moet Artikel 12b 2.3 van Die Kerkorde in ag geneem word.

3.1.3 Die ooreenkoms waartoe die kerkrade gekom het, moet vir approbasie op twee agtereenvolgende Sondae by al die openbare erediens van die betrokke gemeentes bekend gemaak word, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.

3.1.4 Nadat die approbasie van die ongesensureerde belydende lidmate op dié wyse verkry is, word die ooreenkoms aan die betrokke Ring(e) vir goedkeuring voorgelê. Nadat hierdie goedkeuring verkry is of op 'n datum wat in die ooreenkoms bepaal word, word die ooreenkoms van krag.

3.1.5 Aangesien hiermee 'n verandering van gemeentegrense geïmpliseer word, moet die ooreenkoms 'n duidelike omskrywing van grenslyne bevat.

3.1.6 Die betrokke ringskriba gee aan die Skriba van die Sinode en aan die Saakgelastigde van die Sinode kennis van die ontbinding van die gemeente, asook van die nuwe grenslyne van die inlywende gemeente(s). Die Skriba van die Sinode sorg vir die publikasie van bostaande feite in Die Kerkbode.

3.1.7 'n Afskrif van die ooreenkoms tussen die gemeentes word aan die Saakgelastigde van die Sinode op papier soos deur die argief voorgeskryf en in tweevoud gestuur.

3.1.8 Die kerkraad van die gemeente wat ontbind gee aan die Registrateur van Aktes kennis van die ontbinding en van die oordrag van sy eiendomme.

3.1.9 Die dienende kerkslede van die gemeente wat ontbind, dien ook, indien dit so ooreengekom word, in die inlywende gemeente.

3.1.10 Die onroerende eiendomme van die ontbonde gemeente word, tensy anders ooreengekom, op die naam van die inlywende gemeente geregistreer en alle roerende goed van die ontbonde gemeente, met die regte en verpligtinge daaraan verbonde, gaan op die inlywende gemeente oor.

3.1.11 Die eenwording van gemeentes kan alleen plaasvind wanneer die gemeente wat ontbind, vakant is of indien nie, as daar vir die bedienaar van die Woord, na die oordeel van die ring, billike voorsiening gemaak is.

3.1.12 Indien dit by die eenwording van gemeentes sou blyk dat verteenwoordigers nie aangewys is vir die ondertekening van dokumente en stukke namens 'n gemeente wat ontbind het vir doeleindes van uitvoering van ooreenkomste nie, moet sulke dokumente of stukke geteken word deur die voorsitter en skriba van die ringskommissie van die ring in wie se gebied die ontbinde gemeente geleë was.

4. SAMESMELTING VAN GEMEENTES

Samesmelting beteken dat twee of meer gemeentes, wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, afsonderlik ontbind om saam een totaal nuwe gemeente te stig binne dieselfde geografiese gebied as waarbinne die onderskeie samestellende gemeentes aanvanklik voor ontbinding bestaan het.

4.1 PROSEDURE

4.1.1 Die kerkrade van die onderskeie samesmeltende gemeentes neem afsonderlik 'n besluit tot samesmelting.

4.1.2 Aan alle ongesensureerde belydende lidmate van die onderskeie samesmeltende gemeentes word aan die hand van 'n vraelys-stembrief geleentheid gebied om skriftelik aan te dui of hulle ten gunste van die samesmelting is al dan nie.

4.1.2.1 Die genoemde vraelys-stembrief word persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die onderskeie kerkrade van die samesmeltende gemeentes aan elke ongesensureerde belydende lidmaat binne die bepaalde gemeente beskikbaar gestel.

4.1.2.2 Dit is elke lidmaat se eie verantwoordelikheid om toe te sien dat sy/haar voltooidde vraelys-stembrief die kerkkantoor van sy/haar gemeente bereik voor/op die sperdatum wat deur die kerkraad bepaal is.

4.1.2.3 Goedkeuring moet van 'n meerderheid van die lidmate wat vraelys-stembriewe ingehandig het, verkry word alvorens met die proses van samesmelting voortgegaan kan word.

4.1.3 Nadat die goedkeuring van die lidmate volgens prosedure 4.1.2. hierbo verkry is, kom die kerkrade afsonderlik én gesamentlik ooreen tot 'n Samesmeltingsakte bevattende onder andere 'n duidelike grensbeskrywing van die nuwe gemeente, die posisie van die leraar/s en kerkslede in die nuwe saamgestelde gemeente en reëlins in verband met die hantering van die onderskeie gemeentes se bates (roerend en onroerend), en elke kerkraad benoem 2 (twee) persone om namens hom alle nodige dokumentasie te onderteken.

4.1.4 Die ooreenkoms (Samesmeltingsakte) word vir approbasie op 2 (twee) agtereenvolgende Sondae by al die openbare eredienste van die betrokke gemeentes bekend gemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.

4.1.4.1 Lidmate wat wil beswaar maak, moet dit skriftelik met gemotiveerde opgaaf van redes doen voor verstryking van die week eindigend na die tweede afkondiging.

4.1.4.2 Besware word aan die Ringskommissie voorgelê vir oorweging van die geldigheid daarvan.

4.1.5 Nadat approbasie verkry is, word die ooreenkoms aan die Ring voorgelê vir goedkeuring.

4.1.5.1 Die Ringskriba gee kennis aan die Skriba en Saakgelastigde van die betrokke Sinode.

4.1.5.2 Die Kerkraad van die nuwe gemeente gee kennis aan die Registrateur van Aktes van die oordrag van eiendomme.

5. KOMBINASIE VAN WERKSAAMHEDE VAN GEMEENTES, RINGE EN SINODES/ KOMMISSIES VAN SINODES UIT VERSKILLENDE KERKVERBANDE

Kombinasie beteken hier dat twee of meer kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, of kommissies van kerkvergaderinge, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede.

5.1 PRAKTIESE EN KERKREGTELIKE RIGLYNE

5.1.1 Die aspekte of saak ten opsigte waarvan die partye 'n kombinasie beoog, moet duidelik omskryf word.

5.1.2 'n Skriftelike ooreenkoms word opgestel wat alle regte, pligte en verantwoordelikhede (insluitende finansies) van die partye duidelik omskryf.

5.1.3 Die bestaande Reglement 9 wat handel oor Kerklike Eiendomme, Goedere en Fondse, moet by die opstel van die ooreenkoms in berekening gebring word.

5.1.4 Waar die standplaas of ander pos van 'n leraar kragtens die beoogde kontrak in gedrang kan kom, moet Artikel 12 van die Kerkorde in ag geneem word.

5.1.5 Indien dit die bedoeling is dat die gekombineerde liggaam die reg sal hê om sake te hanteer soos die beroep en indiensstelling van 'n leraar, moet aspekte soos konstituering, kworumvereistes, wyse van besluitneming, stemreg, befondsing, verantwoordelikheid vir die standplaas of aanstelling, pensioen, medies, administrasie ens. noukeurig uitgeklaar word.

5.1.6 Die kontrak moet dit duidelik stel dat die daarstelling van die gemeenskaplike doelwitte kragtens die kontraktuele ooreenkoms, nie die regte en verantwoordelikhede van die kontrakterende kerkvergadering/kommissies kan ophef of tot niet verklaar nie.

5.1.7 Die ooreenkoms kan voor die verstryking van die vasgestelde termyn gewysig of beëindig word indien die betrokke partye, na wedersydse kennisgewing, in hulle afsonderlike vergadering hulle goedkeuring daaraan heg.

5.1.8 Die kontrakterende party val steeds onder die regering, opsig en tug van sy/haar verantwoordelike kerkvergadering.

5.2 WERKSWYSE

5.2.1 Die betrokke kerkvergadering/kommissies moet die skriftelike ooreenkoms afsonderlik in hulle onderskeie vergadering goedkeur.

5.2.2 Nadat die instansies onderling tot 'n ooreenkoms gekom het, moet die liggaam wat vir die opsig/toesig verantwoordelik is die ooreenkoms finaal bekragtig. In die geval van 'n kerkraad is dit die ring. By 'n ring of by 'n kommissie van 'n sinode, is dit die sinode/sinodale kommissie, en by 'n sinode is dit die Algemene Sinode/Moderamen.

A.1.3 VERSLAG VAN DIE ALGEMENE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS: ROEPING EN IDENTITEIT

1. OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP “DIENS EN GETUIENIS”

1.1 DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK

In die Verklaring van 2002 verbind die NG Kerk haar opnuut daartoe om 'n missionêre kerk te wees wat “die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig en orals getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.” In die gesprek oor die identiteit van die kerk as missionêre kerk behoort die praxis vir die missionêre kerk altyd deel van die diskoers te wees.

1.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP “DIENS EN GETUIENIS”

1.2.1 Een van die eerste take van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis was om saam met die ander drie kerke weer te besin oor 'n gesamentlike verstaan van die konsep “Diens en Getuienis”. Die teologiese begroning vir missionêre diakonaat (Diens en Getuienis) wat deel was van die vorige gesamentlike verslag van die AKDB, ASKG en AKGA aan die sinode (AS 2004: A.4 punt11.4.1) het as basis vir die gesprek gedien. Die resultaat van die gesprek waarby verteenwoordigers van al vier kerke in die NG Kerk Familie teenwoordig was, is soos volg:

Die verstaan van ons roeping tot diens en getuienis in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Reformed Church in Africa en die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider Afrika is gebou op 'n geskiedenis van samewerking in en gesamentlike besinning oor ons roeping. Belangrike bakens op hierdie weg was die volgende: die artikels en beleide oor sending en barmhartigheidsdiens in die kerkordes van die onderskeie kerke, die Belydenis van Belhar (1986), die gesamentlike werksdefinisie van sending in die NG kerkfamilie (1986), die Laudium Verklaring van die RCA (1990), die Verklaring van Intensie (AKDB/ASKDD - 2004), die Verklaring oor sending en ons roeping tot getuienis in en vanuit Afrika (2004), die NG Kerk se roepingsverklarings (2002, 2004), ensovoorts.

In Augustus 2006 het die leierskap van hierdie familiekerke hul opnuut in 'n verbondsverbintenis verbind tot die hereniging van die familiekerke. Hierdie verbintenis hou ook 'n herverbintenis tot 'n eenheidsroeping van diens en getuienis in en vanuit Suider Afrika in.

Ons getuig oor:

1. DIE SENDING VAN GOD DRIE-ENIG:

1.1 Die kerk se roeping tot diens en getuienis in eenheid vloei voort uit die wese van die Drie-enige God. Die diepste wese van God word gekenmerk deur verbond, uitreik, selfopenbaring, wederkerigheid, verhouding, eenheid - God is liefde en deernis (*Deus caritas est*), immer soekende na gemeenskap. Die handeling van God, soos geopenbaar in die skepping, die Skrif en die geskiedenis, word gestempel deur God se liefde vir die wêreld. God rig 'n uitnodiging tot mense om toe te tree tot 'n nuwe wêreld - 'n Trinitariese ruimte, waarin die Drie-enige God van gemeenskap se genade en sorg betoon en alles nuut-en heilgemaak word (*Missio Trinitatis Dei*)

1.2 Die sending van diens en getuienis is 'n uitdrukking van die Drie-enige God se liefde en deernis, waarin die omvattende heil (shalom) na alle mense en die hele skepping gebring word.

(Eks 3:7-8, Eks 5-6, Eks 34:6-9, Ps 146:6-10, Luk 4:18-19, Jn 17:11, 17, 20-23, Mt 28:18-20, Hd 1:8, 1 Jn 4:7-14, Ef 4:17, Open 21:5)

2. CHRISTUS SE SENDING:

2.1 Die Vader het die Seun na die wêreld gestuur om God se kerk te versamel uit alle nasies en om ons in die krag van die Heilige Gees uit te stuur na die wêreld. (Jn 3:16-17, Jn 20:21-22)

2.2 Die heil wat Christus bewerk is alles-omvattend. Dit sluit in die vergewing van ons sondes, ons verlossing op alle lewensterreine, sowel as die bevryding van die skepping. God se verlossing van die wêreld kry gestalte in die koms (aanbreek) van God se koninkryk, hier en nou. Hierdie koninkryk sal egter eers volledig aanbreek met die wederkoms van Christus, wanneer alles nuutgemaak word en alle nasies God sal verheerlik (Eseg 47:12, Openb 22:2, 21:1-5).

3. IN DIE KRAG VAN DIE HEILIGE GEES WORD DIE KERK GESTUUR:

3.1 Dit is 'n wesenskenmerk van die kerk as die liggaam van Christus ons Here en Verlosser, om deel te wees van God se sending in die wêreld (*missio ecclesiae*). Die gemeente, as plaaslike gestalte van die kerk en primêre instrument van God se sending, maar ook die kerk as geheel en elke lidmaat daarvan, is deur God gestuur. Afhanklik van en gelei deur die Heilige Gees, is ons as profete, priesters en konings geroep:

- * tot 'n lewe in die teenwoordigheid van God (coram Dei), in gehoorsaamheid aan die Woord
- * tot 'n bediening waarin ons God aanbid en intree vir die wêreld (*leitourgia*)
- * om die evangelie van God se verlossing aan almal te bedien, deur woorde (*kerugma*), deur daad (*diakonia*) en in 'n verhouding van liefde en eenheid (*koinonia*).
- * om te streef na geregtigheid, versoening en heling en te getuig van die hoop waarin ons lewe,
- * en om die skepping te bewaar en te bewerk tot eer van God en terwille van almal en alles wat daarin lewe.

Ons doen dit met die diepste motief om God te verheerlik en diensbaar te wees in die koms van die koninkryk (Rom 12:1-2, Ef 1:10 ev).

(Mt 4:23-25, 5:13-16, 9:35-38, 10:7-8, 28:18-20, Lk 6:17-19, 9:1-6, 10:25 - 37 Jn 20:19-22, Hand 1:8, Heb 3;1, 1 Pet 2:9-10, 1 Pet 3:15)

3.2 Die sending van diens en getuienis vind plaas waar ons as kerk, deur die krag van die Heilige Gees, in geloofwaardigheid, gehoorsaamheid en in navolging van Christus, met deernis en in dienslewering, in nederigheid, maar ook met 'n vaste oortuiging, getuig van God se liefde vir die wêreld. In die uitreik na alle mense word telkens nuwe grense oorgesteek en is diens en getuienis nie van mekaar los te maak nie.

3.3 Ons is geroep tot diens en getuienis in en vanuit Suider Afrika, om:

- * dit waartoe God ons in en vanuit hierdie konteks roep, biddende en saam met ander te onderskei en te gehoorsaam.
- * met deernis te luister na al die stemme wat uitroep om verlossing van sondes en bevryding van verslawing, vrees, honger, siekte, pyn, geweld, en onreg - lyding in alle dimensies,
- * 'n profetiese stem te laat hoor en priesterlik diensbaar in die verligting van die nood van mense in al ons gemeenskappe te wees.
- * ons ryk en diverse erfenis - tale, kulture, gawes, bydraes en die groot potensiaal van al die mense in Suider Afrika - te respekteer, uit te bou en te vier.
- * in betekenisvolle vennootskapsverhoudinge met ander kerke, ekumeniese liggame en regerings- en nie-regeringsinstansies te tree
- * en deur middel van respekvolle dialoog met mense van ander gelowe en oortuigings oor ons geloof in die Drie-enige God te getuig.

3.4 As geloofwaardige draer van hierdie Goeie Nuus (Evangelie) is die kerk tot eenheid geroep - om in dieselfde eenheidsgestalte as die Drie-enige God, Vader Seun en Heilige Gees, te leef en te werk: "*Ek druk dit julle op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal en in almal woon.*" (Ef 4:1-6)

1.2.2 AANBEVELING: OMSKRYWING DIENS EN GETUIENIS

Die Algemene Sinode

1.2.2.1 Keur die verdere teologiese besinning oor die konsep "Diens en Getuienis" goed en versoek sinodes om die besinning na hulle kommissies en diensgroepe vir Diens van Barmhartigheid en Getuienis te verwys vir bespreking en kommentaar.

1.2.2.2 Versoek die Diensgroep om met die teologiese besinning voort te gaan in samewerking met die ander drie kerke in die NG Kerk familie.

2. OMSKRYWING VAN MISSIONÊR-DIAKONALE GEMEENTES

2.1 VERDERE OMSKRYWING VAN MISSIONÊR-DIAKONALE GEMEENTES

2.1.1 Die herontdekking van die teologiese begroning vir diens en getuienis as een bediening, het die Diensgroep ook genoodsaak om weer na te besin oor hoe die benadering tot die kerk se diens en getuienis op die diskoers oor 'n praktiese gemeentelike ekklesiologie wat tans in die kerk gevoer word, impakteer. In die verband wil die Diensgroep die volgende tot die gesprek bydra:

DIENS EN GETUIENIS, DIE WESENSTAAK VAN DIE KERK

GOD SE SENDING EN ONS SENDING

Een van die mees inspirerende ontdekkings – *herontdekkings* sou waarskynlik ‘n beter woord wees – van ons tyd is dat sending nie in die eerste plek die verantwoordelikheid van van mense of selfs kerke is nie, maar van *God* self. Sending moet eerstens as *missio Dei*, God se sending, gesien word. Dis die drie-enige God wat die eerste inisiatief geneem het, leer die Bybel ons. Die *Vader* het in liefde na die mensdom uitgereik en sy *Seun* gestuur. Die *Seun* het as eerste Gestuurde na die aarde gekom om God se heilsplan bekend te maak en in werking te stel. En toe Jesus se werk voltooi is, het die *Vader* en die *Seun* die *Heilige Gees* na die wêreld gestuur om God se heilswerk te bevestig.

Vir baie eeue het die kerk dit nie raakgesien nie. Diens en getuienis is as die werk van die kerk gesien – óf van individue, óf organisasies – wat die verlossingsboodskap na al die nasies moes uitdra. Die verantwoordelikheid het op ons skouers gerus om dit te doen. Soms, skryf David Bosch, is sending in *soteriologiese* terme verstaan – ons moes uitgaan om, mense van ‘n ewige verdoemenis te red. Ander kere was sending as ‘n *kultuuraksie* gesien – om die “seëninge” van die Weste aan mense van die Suide en Ooste deur te gee. In baie kringe is sending *ekkesiologies* beskou, as die uitbreiding van die kerk oor ses kontinente, of *heilshistories*, as ons bouwerk aan God se komende ryk.

Dit was Karl Barth wat reeds in 1932 by ‘n sendingkonferensie daarop gewys het dat sending nie in die eerste plek uit ons menslike aktiwiteit bestaan nie, maar dat dit God se werk is. Gaandeweg het meer missioloë en teoloë met Barth begin saamstem, totdat daar vandag onder vrywel alle kerke en tradisies eenstemmigheid oor die saak is. Sending is bowe-al *missio Dei*. Jare gelede reeds het die NG Kerk die oortuiging in sy Sendingreglement (18:1) ingeskryf:

“Sending is die heilshandeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy deur uit die ganse menslike geslag vir Hom ‘n gemeente deur sy Woord en Gees vergader”.

Maar as sending God se werk is, wat van ons? Sluit die *missio Dei* die *missio ecclesiae*, die sending van die kerk, uit? Natuurlik nie! Die sending van God mond uit in die sending van die kerk. God maak ons sy *medewerkers* in die saak. “Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle”, was Jesus se woorde aan sy dissipels ná sy opstanding (Joh 20:21). Met sy afskeid van sy dissipels Hy dit duidelik gestel: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels” (Mat 28:18v). Volgens Lukas het die Here die *missio ecclesiae* as ‘n eenvoudige stelling geponeer: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees...” (Hand 1:8). Die getuienistaak van die kerk is ‘n *omvattende* taak wat op die nood van die wêreld in al sy dimensies gerig moet wees. Die liefde van die Here moet in woord en daad verkondig word, én in die lewe van die kerk gedemonstreer word. Daarom vervolg die sendingreglement met die volgende woorde:

Deur die gemeente

- * laat God sy Woord aan die gevalle wêreld verkondig (*kerugma*)
- * bring Hy die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand (*koinonia*)
- * laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer (*diakonia*),
- * laat Hy sy opdag om die skepping te bewaar en te bewerk sigbaar tot uitdrukking kom,
- * en word sy geregtigheid aan die samelewing en die wêreld verkondig.

So laat Hy sy koninkryk kom tot by die voleinding van die wêreld.

GETUIENIS, DIE BESTAANSREDE VAN DIE KERK

Kerk en sending kan nooit van mekaar geskei word nie. Die kerk leef vir die sending; dit is die bestaansrede van die kerk. Dit het baie eeue geduur voordat die sentrale Bybelse gedagte herontdek is dat die kerk nie ter wille van homself leef nie, maar ter wille van die wêreld, dat God sy gemeente roep en bemagtig om sy verteenwoordiger op aarde te wees.

“Julle is ‘n uitverkore volk, ‘n koninklike priesterdom, ‘n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, sodat julle die verlossingsdade van God sal verkondig...”, was Petrus se woorde aan die gemeentes in Klein-Asië (1 Pet 2:9,10, vgl die Griekse teks).

Natuurlik is die *opbou* van die gemeente – eredienste, kategeese, pastorale versorging, ensovoorts – van groot belang. Maar dit alles moet in diens staan van die *uitbou* van die kerk, om die gelowiges te inspireer en toe te rus vir hulle getuienis in die wêreld. Die kerk is alleen die kerk van Christus as dit vir ander mense, vir die wêreld, bestaan, het Dietrich Bonhoeffer ons vanuit sy tronksel geleer. En, het aartsbiskop William Temple bygevoeg, die kerk is die enigste maatskappy op aarde wat ter wille van diegene wat *nie* aandeelhouers is nie, funksioneer.

Die oortuiging dat die kerk *van nature missionêr* is, het sedert die Tweede Wêreldoorlog veld gewen. Een teoloog na die ander het dit beklemtoon. In ekumeniese diskussies en besluite is dit met dik hale onderstreep. Die afgelope jare het die oortuiging vanuit die VSA nuwe stukrag gekry deur verskillende publikasies oor “the missional church”. Indrukwekkende programme om gemeentes te motiveer om na *buite* te leef, om hul verantwoordelikheid teenoor die wêreld as hoogste prioriteit te aanvaar, is van stapel gestuur. In ons eie land, ook in die kring van die NG Kerk, word heelwat in die verband gedoen.

PLAASLIKE GEMEENTES

Maar wie is die kerk wat die opdrag ontvang het? Met die Bybel in die hand is dit duidelik dat die kerk primêr op *plaaslike vlak* bestaan. Natuurlik is denominasionele en sinodale strukture belangrik, maar die *eintlike* gestalte van die kerk is die plaaslike gemeente. Al die mooi beelde wat in die Nuwe Testament vir die kerk gebruik word (volk van God, uitverkore geslag, liggaam van Christus, lig, sout, aangename geur, briewe van Christus, ensovoorts) verwys in die eerste plek na plaaslike gemeentes. Paulus se briewe is na gemeentes op spesifieke plekke geskrywe. Die plaaslike gemeente is die belangrikste rolspeler in die getuienistaak, wat deur God as sy agent in die gemeenskap aangestel is.

ELKE LIDMAAT

Daarby moet dit duidelik gestel word dat *elke lidmaat* ‘n verantwoordelikheid het. In die kerk is daar altyd ‘n behoefte aan voltydse sendelinge, professionele gemeenskapswerkers, tentmaker-sendelinge en korttermyn-sendelinge. Maar hulle staan *tweede* in die ry. Die algemene amp van alle gelowiges staan *eerste*. Elke Christen, elkeen wat Jesus as verlosser leer ken het, word geroep om ‘n getuie te wees, om sy naam met woord en daad te bely – tuis, in die huwelik, by die werkplek, in jou vriendekring, in elke sfeer van die samelewing.

DIMENSIE EN INTENSIE

Wanneer daar oor die verantwoordelikheid van gemeentes om Diens en Getuienis te lewer gepraat word, is dit nodig om tussen ‘n *missionêre dimensie* en ‘n *missionêre intensie* te onderskei. As die kerk dáár is vir die wêreld, as die kerk in alles wat hy doen die liefde van die Here wil uitstraal, spreek dit vanself dat elke aksie van die kerk ‘n *missionêre dimensie* moet hê. Of daar eredienste gehou word of kategetiese bedryf word, of pastorale sorg aan die orde is of die kerkbouprogram, of daar kermis gehou word of oor die jaarlikse begroting besluit word, oor alles wat gedoen word, moet die vraag gevra word: dien dit ons getuienis? Lok dit mense na Christus - of stoot dit af? Maar die kerk het nog meer as dit nodig: ‘n *missionêre intensie*. In die program van die gemeente moet voortdurend plek gemaak word vir spesifieke getuienis- en diensaksies en projekte. Die evangelie-liefde van die Here moet verkondig word en ook gedemonstreer word. En daarvoor is planne en strukture nodig.

MISSIONÊRE STRUKTURE

Dit alles bring mee dat elke gemeente eerlik voor die spieël van die Here sal moet gaan staan en vra: watter dinge verhoed ons om ons taak behoorlik na te kom? Dra die gemeentelike strukture ons *missionêre aksie*, of pootjie ons tradisionele strukture ons? Is die gemeente hoofsaaklik na binne gerig, bo alles op hul eie oorlewing ingestel? Of lewe dié gemeente na buite, na die wêreld, waarheen die Here hul geroep het om as Sy getuies op te tree? In die verlede het die kerk met reg teen ketterse *leerstellings* gewaak, wat dit vir mense onmoontlik gemaak het om die evangelie behoorlik te hoor en te aanvaar. Met net soveel erns moet die kerk ook teen ketterse *strukture* waak, wat die vrye verkondiging van die evangelie kniehalter. Dit kan ‘n omgemaklike oefening wees, maar dis broodnodig!

* * * *

Vir die NG Kerk is sy roeping in die wêreld – veral in Suid-Afrika én in Afrika met hul geweldige uitdagings en probleme – sy erns. Daarvoor is dit nodig dat ons met nuwe moed en oortuiging aanmeld, dat gemeentes in elke sinode opgeroep word om in die lig van die *missio Dei* en die *missio ecclesiae* hul verantwoordelikheid raak te sien en na te kom. As ons werklik deel uitmaak van die kerk van die Here, sal dit ook nie anders kan nie. Emil Brunner, die Switserse teoloog, het dit rég gesê: “Soos ‘n vlam nie anders kan as om te brand nie, kan ‘n gemeente nie anders as om te getuig nie”.

2.1.2 AANBEVELING: VERDERE OMSKRYWING MISSIONÊRE-DIAKONALE GEMEENTES

Die Algemene Sinode wys ‘n ad hoc taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om ‘n geïntegreerde, praktiese gemeentelike ekklesiologie daar te stel.

A.1.4 VERSLAG VAN DIE ALGEMENE DIENSGROEP ONDERSTEUNINGSDIENSTE: ROEPING EN IDENTITEIT

A.1.4.1 BYBELVERTALING, -VERKLARING EN -VERSPREIDING

1. BYBELVERTALING

1.1 OPDRAG

Adviseer die Algemene Sinode in verband met die aanwysing van Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word (KO Art 43.1.2).

1.2 UITVOERING

1.2.1 Die projek *Afrikaanse Bybel vir Dowes* (ABD) (sien 3.1) (waaraan lede van die ATBV meegewerk het) is voltooi. Daar word beplan dat dit gedurende 2007 sal verskyn.

1.2.2 Die lede van die ATBV verteenwoordig die NG Kerk by 'n *Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans)* van die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* (BSA) wat die Bybelgenootskap adviseer in sake die Bybelvertaling in Afrikaans. Die *Kerklike Advieskomitee* het in Oktober 2004 die BSA in die lig van die versoeke van twaalf kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, versoek om met 'n volgende Afrikaanse vertaling van die Bybel te begin. Hierdie versoek is gerig wel wetende van die talle privaat-geïnisieerde publikasies van die Bybel in Afrikaans wat voortdurend verskyn.

1.2.3 Die *Nasionale Raad van die BSA* het in Februarie 2005 besluit dat aan die versoek van die kerke voldoen word en ook versoek dat die vertalingsproses so inklusief moontlik moet wees van al die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik. Die Deuterokanonieke Boeke sal ook vertaal word. Daar is 'n Begeleidingskomitee en 'n Projekleier (Prof Bernard Combrink) vir hierdie vertaalprojek (Afrikaanse Bybelvertalingsprojek - ABV) aangewys (sien 3.1).

1.2.4 Die kerke is gevra om vertalers te nomineer waarna die BSA meer as 'n 100 eksegete en brontaalkenners aangewys het. Daar word meestal van spesialiste op 'n bepaalde boek as eksegete gebruik gemaak. Verder is daar meer as 40 erkende Afrikaanse skrywers/digters en opgeleide vertalers wat by die formulering van die Bybelteks in Afrikaans betrokke sal wees, asook uitgebreide Literêre en Taalkundige Adviespanele wat die BSA kan adviseer.

1.2.5 Die projek het in 2006 begin met twee opleidingseminare in die Noorde en die Suide, waarna al die boekspanne een hoofstuk as 'n proeflopie moes vertaal. Verder is 'n omvattende *Vertaalopdrag en Werkboek* vir die medewerkers saamgestel.

1.3 BEVINDING

1.3.1 Dat die *Afrikaanse Bybel vir Dowes* waarskynlik gedurende 2007 gepubliseer sal word.

1.3.2 Dat die *Bybelgenootskap* (op versoek van twaalf kerke) in Februarie 2005 besluit het dat daar met 'n volgende ekumeniese *Afrikaanse Bybelvertalingsprojek* (ABV) voortgegaan moet word en dat die werk hieraan gedurende 2006 'n aanvang geneem het. Die **vertaalopdrag** lui: Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.

1.3.3 Dat 'n groot aantal NG Kerk eksegete en brontaalkenners betrokke is by die ABV, en dat daar verder 'n groot aantal NG lidmate as skrywers/digters, opgeleide vertalers, taal- en letterkundiges sal saamwerk.

1.3.4 Dat die BSA oordeel dat dit 'n tienjaarprojek sal wees, en vol vertroue is dat die BSA die nodige fondse sal kan insamel, mits die betrokke kerke mede-eienaarskap vir die projek aanvaar en hulle lidmate aanmoedig om die projek finansiële te ondersteun. Dit beteken egter dat die BSA nie die verskillende kerke sal vra om spesifieke ondernemings te maak nie.

1.3.5 Dat dit belangrik is dat – anders as by vorige vertalings – tans werklik alle denominasies met Afrikaanse lesers van die Bybel, op die *Kerklike Advieskomitee* verteenwoordig is en by die projek betrokke is. Dit sluit in benewens die NGK, NHK, GKSA ook die VGKSA, APK, AGS, PPK, VEK, Metodiste, Lutherane, Rooms-Katolieke en Anglikane.

1.3.6 Dat daar by die *Kerklike Advieskomitee* groot entoesiasme heers vir die nuwe vertaalopdrag omdat daar 'n wye behoefte aan juis so 'n Bybelvertaling is. Dit is verder belangrik dat so 'n vertaling nie in opposisie of ter vervanging van die NAV (1983-vertaling) gesien moet word, maar om in 'n wydgevoelde behoefte te voorsien.

1.3.7 Dat hierdie projek baie sentraal staan ten opsigte van die *prioriteit* wat die netwerk van kerke (ekumene) in ons *visie* behoort te beklee.

1.4 AANBEVELINGS: BYBELVERTALING

1.4.1 Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* en die betrokke vertaalspan vir die voltooiing van die *Afrikaanse Bybel vir Dowes* en doen 'n beroep om lidmate om die gebruik hiervan wyd aan te moedig.

1.4.2 Die Algemene Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA besluit het om op versoek van die *Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans)* voort te gaan met 'n volgende Afrikaanse vertaling van die Bybel (ABV).

1.4.3 Die Algemene Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA geen direkte bydrae van onderskeie kerke vra nie, maar moedig ons eie lidmate en gemeentes aan om die projek finansiëel te ondersteun.

1.4.4 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot aantal lidmate wat as teoloë, brontaal- en doeltaalkenners en medewerkers betrokke is by die ABV. As sameroeper van so 'n groot en belangrike projek word prof Combrink insig en krag toegebied.

1.4.5 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATBV om steeds sy volle medewerking aan die BSA te verleen vir hierdie groot projek.

2. BYBELVERKLARING

2.1 OPDRAG

Neem inisiatief en adviseer die Algemene Sinode in verband met die publikasie van Bybelverklarings na aanleiding van die behoefte van lidmate (KO Art 43)

2.2 UITVOERING

2.2.1 Sedert 2002 het die Taakspan voortgegaan om die voortbestaan van die reeks *Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente* te fasiliteer.

2.2.2 Die saamgesmelte Lux Verbi-Bybelmedia het onderneem om die publikasie van die orige dele in die re SBG-reeks te behartig. In die lig daarvan is medewerkers genooi om die Ou-Testamentiese gedeelte van die reeks te voltooi, nou spesifiek met die oog op die elektroniese beskikbaarstelling op die webtuiste www.christene.co.za. By hierdie webtuiste sal die verklarings gratis beskikbaar wees vir enige lidmaat om self te raadpleeg. Terselfdertyd sal sulke verklarings ook mettertyd in die Lux Verbi-BM CD opgeneem word. Aan die outeur word ook 'n beperkte aantal "druk-op-aanvraag" harde kopieë beskikbaar gestel ter wille van 'n ISBN nommer. Lidmate sou dit ook op versoek in dié formaat van Lux Verbi-BM kon verkry. Die elektroniese weergawes van verklarings gaan waarskynlik op LV-BM se webwerf geplaas word.

2.2.3 Lux Verbi-BM het onderneem om tot agt manuskripte per jaar op hierdie wyse te publiseer.

2.2.4 Dit word in die vooruitsig gestel om – na voltooiing van die Ou-Testamentiese verklarings – opnuut die Nuwe-Testamentiese boeke te laat verklaar in die verkorte nuwe formaat.

2.2.5 Die verklarings van Josua (D N Pienaar), Sefanja (P Nel), Hosea (W Vosloo), Nahum (P A Verhoef) en Numeri (P A Verhoef) is gedurende die verslagtyd gepubliseer. Die verklarings van Levitikus (B Oberholzer) en Matteus (H J B Combrink) is in die proses van publikasie.

2.2.6 Die Taakspan het ook - in lyn met verskillende ander Kommissies - tov Bybelvertaling en –verklaring nouer saamgewerk met die VGKSA. Buiten die verteenwoordiging van twee lede van die VGKSA op die Taakspan is ook hartlik saamgewerk aan projekte.

2.3 BEVINDING

2.3.1 Dat die SBG-reeks weer op dreef is en dat die OT hopelik binne die afsienbare toekoms voltooi sal wees.

2.3.2 Dat die ondersteuning van die SBG-reeks deur Lux Verbi-Bybelmedia, 'n onbaatsugtige diens aan die verstaan van Skrif deur gewone lidmate is.

2.3.3 Dat die beskikbaarstelling van verklarings in elektroniese formaat op die webtuiste www.christene.co.za van besondere hulp behoort te wees om uitvoering te gee aan die prioriteit in ons visie van *geloofsvorming en fokus op God*.

2.3.4 Dat die samewerking met die VGKSA in 'n nuwe gesamentlike struktuur op die terrein van Bybelvertaling en –verklaring verder uitgebou word.

2.4 AANBEVELING: BYBELVERKLARING

2.4.1 Die Algemene Sinode versoek die ATBV om voort te gaan met die SGB-reeks en dit tot voltooiing te bring.

2.4.2 Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor Lux Verbi-Bybelmedia vir die diens wat gelewer word ten opsigte van die elektroniese en ander vorme van publikasie van die SBG-reeks.

2.4.3 Die Algemene Sinode ondersteun die beoogde nouer samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en –verklaring

3. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

Geagte Voorsitter en lede van die Algemene Sinode

3.1 INLEIDING

Om werklik relevant te bly in 'n vinnig veranderende Suid-Afrika, ondergaan die Bybelgenootskap (BSA) tans 'n proses van radikale transformasie en herstrukturering - "die geboorte van 'n nuwe Bybelgenootskap". Tekens soos die verhoogde verspreiding van Bybels en donasie-inkomste bevestig dat die nuwe herposisionering reeds die gewenste resultate tot gevolg het, en dit maak ons baie opgewonde!

Omdat kerke binne die Bybelgenootskap saam ekumenies mobiliseer ter wille van die verspreiding van die Woord, kan met dankbaarheid gerapporteer word dat dit die afgelope jare goed gegaan het met die Bybelgenootskap se vertaal- en verspreidingsprojekte.

3.2 RELEVANTE BYBELS EN BYBELGEDEELTES VIR VANDAG

3.2.1 Gedrukte Bybels bly steeds ons kernbesigheid

Ongeveer 600 000 Bybels word jaarliks versprei in bykans 100 tale - van Afrikaans tot Viënamees - waarvan ongeveer 90% die Standaardbybel is wat moontlik gemaak word deur donasies en boedels. Hierdie Bybels word ook nou aan kerke teen slegs R38, soos aan die handel, beskikbaar gestel. Met nuwe strategieë in plek, is die doelwit om 1 miljoen Bybels per jaar te versprei.

3.2.2 Oudio: Geloof kom deur Gehoor-projek (Rom.10:14) vir luistergroepe en ongeletterdes.

Ons is opgewonde oor 'n nuwe program waarmee sopas begin is en gemik is op luistergroepe in gemeentes, gevangnisse, skole, hospitale ens., maar ook vir diegene in Suid-Afrika wat nie die Bybel kan lees nie (tussen 12 en 20 miljoen mense!). Hierdie groepe luister gereeld (bv. weekliks) totdat die hele Nuwe Testament (gedramatiseerd) "deurgeluister" is. Engels, Swati, Tsonga en Zoeloe is reeds beskikbaar en ons hoop om binnekort ook Tswana, Xhosa en Afrikaans te hê. Hierdie is 'n uiters geslaagde projek by talle ander Bybelgenootskappe.

3.2.3 Sosiale vraagstukke en die Bybel

Dit is ook die Bybelgenootskap se taak om brandende sosiale vraagstukke en spesifieke behoeftes met relevante publikasies (Bybelgedeeltes) aan te spreek. *Leef in Hoop* (MIV/VIGS), *Called to Care* (versorgers), *Ek is Sy* (vroue), *Saam met God by die Werk* (werkgewers en werknemers, korrupsie) is voorbeelde van hierdie gewilde en suksesvolle publikasies wat teen baie billik pryse (soms gratis) versprei word.

3.2.4 Die Bybel elektronies

3.2.4.1 Die Bybel op selfoon - 'n wêrelderste

Verlede jaar is die volledige Bybel op selfoon bekend gestel wat, nadat 'n SMS versoek gestuur is, direk op die selfoon afgelaai kan word. Dit was 'n eerste in die wêreld! Tans is die twee Afrikaanse en drie Engelse vertalings beskikbaar en mettertyd sal ons ander tale volg. Die prys per Bybel is slegs R40. (SMS 83bybel of 53bybel na 31990).

3.2.4.2 Die Bybel op Internet

Die volledige Bybelteks van beide die 1953 en 1983 Afrikaanse vertalings is op ons webbladsy www.bybel.co.za beskikbaar. Dit word beplan om ons ander tale ook later op die Internet bekend te stel.

3.3 VERTAALWERK

3.3.1 Afrikaans

Nadat NG Kerk die Bybelgenootskap in 1994 versoek het "om die moontlikheid te oorweeg om toepaslike Bybelvertalings vir dowes beskikbaar te stel" kan ons met groot vreugde noem dat die vertaling en proeflees van die **Afrikaanse Bybel vir Dowes** voltooi is en dat dit later vanjaar bekendgestel sal word. Daar is ook amptelik begin met die vertaalwerk aan 'n **volgende Afrikaanse vertaling** van die Bybel soos deur die Sinode in 2004 (en die ander Afrikaanse kerke) versoek is. Die vertaalopdrag lui: Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik. Prof Bernard Combrink is Projekleier van hierdie vertaalprojek.

3.3.2 Ook ander tale

Vertaalwerk aan die Suid-Ndebele Ou Testament gaan voort. Dit is ons enigste amptelike taal wat nog nie oor 'n volledige Bybel beskik nie. 'n Zoeloe Ou Testament (die NT het in 1986 verskyn) asook 'n ortografiese hersiening van die Tsongabybel geniet beide hoë prioriteit. Jaarliks ontvang Bybeltekste in ongeveer 16 tale aandag van die BSA.

In 2007 word die 150-jarige bestaan van die Tswana (die oudste Bybelvertaling van Suid-Afrika) en die 100-jarige bestaan van die Tsonga Bybels herdenk!

3.4 MEER STREKE BETEKEN GROTER KERKLIKE BETROKKENHEID

Die Bybelgenootskap dien alle kerke en tans is meer as 50 kerke op 8 Streekrade verteenwoordig wat dit een van die grootste ekumeniese organisasies maak. Die netwerk van verskillende kerke word ook weerspieël in die samestelling van die Nasionale Raad asook personeelsamestelling van die Bybelgenootskap.

Ons is in die proses om (in die noorde) meer streke te vestig om nog groter kerklike betrokkenheid tot gevolg te hê. Daar word beoog om uiteindelik 11 streke te hê.

3.5 INTERNASIONALE DIENS

Die BSA is baie nou by Bybelwerk in Afrika betrokke. Bybels word na verskeie Bybelgenootskappe versend; hulp word met die versorging van Bybelteks gegee en kundigheid word gedeel waar nodig. Die BSA gaan ook die kernrol speel in 'n beoogde Bybelverspreidingstrategie vir die hele vasteland.

Die Uitvoerende Hoof dien ook op die Afrikaraad van Bybelgenootskappe. Hy is ook in 2005 verkies tot voorsitter van die Wêreldraad van Bybelgenootskappe.

3.6 DANK

Die NG Kerk kan tereg beskryf word as die BSA se grootste vennoot. Daarom wil ons ons opregte dank uitspreek teenoor die NG Kerk vir sy besondere en volgehoue gebeds- en finansiële ondersteuning van Bybelwerk in Suid-Afrika. Verskeie NG Kerk teoloë en lidmate is ook by van ons Bybelvertalingsprojekte betrokke.

Nege NG Kerk predikante is ook tans in voltydse diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en een in diens van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe.

3.7 AANBEVELING : BYBELGENOOTSKAP

Die Algemene Sinode wil alle lidmate aanmoedig om deur volgehoue gebeds- en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende projekte van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika betrokke te raak.

4. ALGEMEEN

4.1 UITVOERING

Die Kommissie is in 2005 soos volg saamgestel:

4.1.1 Deur NG Kerk Dosenterade aanbeveel: Ou Testamentici: prof HL Bosman (US), prof DJ Human (UP), prof SD Snyman (UV); Nuwe Testamentici: prof HJB Combrink (US) (Voors), prof JG van der Watt (UP), prof HC van Zyl (UV)

4.1.2 Verteenwoordigend van die VGKSA: prof PJJS Els (OT) en G D Cloete (NT)

4.1.3 Namens die Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Ds GS Kritzinger en ds HJ Geyer

4.1.4 Vakkundiges: prof CHJ van der Merwe (OT), prof JA du Rand (NT) (Skriba), prof JA Naudé (vertaalkundige/OT), prof A B du Toit (NT)

4.2 AANBEVELINGS: FUNKSIONERING VAN TAAKSPAN ATBV ONDER ALGEMENE DIENSGROEP ONDERSTEUNING

4.2.1 Personeel

4.2.1.1 Die Algemene Sinode bedank prof A B du Toit wat op sy besondere manier agtien jaar lank onbaatsugtige diens gelewer het op die Taakspan.

4.2.1.2 Die Algemene Sinode wys die volgende lede aan om vir die volgende termyn in die Taakspan ATBV te dien:

* Deur NG Kerk Dosenterade aanbeveel:

Ou Testamentici: prof HL Bosman (US), prof DJ Human (UP), prof SD Snyman (UV)

Nuwe Testamentici: prof HJB Combrink (US), prof JG van der Watt (UP), prof HC van Zyl (UV)

* Deur VGKSA aanbeveel: prof PJJS Els (OT), prof GD Cloete (NT)

* Deur Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel: ds GS Kritzinger en ds HJ Geyer

* Vakkundiges deur ATBV aanbeveel: prof JA Naudé (Hebreeus/Vertaalkunde), prof CHJ van der Merwe (Hebreeus/Vertaalkunde), prof JA du Rand (NT), prof DF Tolmie (NT).

4.2.2 Begroting

Die Algemene Sinode begroot vir die werksaamhede van die Taakspan ATBV